

**'N INTERDISSIPLINÊRE ARGEOLOGIESE NAVORSING VAN
MUSIEKINSTRUMENTE IN ANTIEKE ISRAEL/PALESTINA
GEDURENDE DIE YSTERTYDPERK**

MANA SIEBERHAGEN

'N INTERDISSIPLINÊRE ARGEOLOGIESE NAVORSING VAN
MUSIEKINSTRUMENTE IN ANTIEKE ISRAEL/PALESTINA GEDURENDE
DIE YSTERTYDPERK

AN INTERDISCIPLINARY ARCHAEOLOGICAL RESEARCH OF MUSICAL
INSTRUMENTS IN ANCIENT ISRAEL/PALESTINE DURING THE IRON
AGE

deur

MANA SIEBERHAGEN

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir
die graad

MAGISTER ARTIUM

in die vak

BYBELSE ARGEOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROF CLWV SCHEEPERS

FEBRUARIE 2011

Opsomming

In hierdie verhandeling word navorsing gedoen of 'n interdisiplinêre benadering daaraan kan voldoen om meer kennis, insig en begrip van die musiekkultuur in die algemeen en musiekinstrumente in die besonder gedurende die Ystertydperk in Israel/Palestina te verkry. Die sosio-historiese agtergrond en kulturele ontwikkeling van Egipte, Kanaän, Filistea en Fenisië vorm die raamwerk waarbinne antieke Israel as 'n volk ontwikkel het. Die invloed van transkulturele kontak kulmineer in die oorname, toewening en toepassing van sekere kulturele en godsdienstige gebruike soos dit duidelik word uit argeologiese en tekstuele bronne.

Die ontleding en bespreking van musiekartefakte en musiek-ikonografie plaas die gebruik van musiekinstrumente binne die leefwêreld van die hoëlui sowel as gewone mense. Musiekinstrumente word ook verbind aan godsdienste en kulturele sinkretisme wat deel was van Israel/Palestina van die Ystertydperk.

Interdisiplinêre navorsing kan aantoon in watter mate antieke Israel uit die musiekkultuur van omringende volke elemente geneem het en dit aangepas het tot 'n eiesoortige musiekkultuur.

INHOUDSOPGAWE

Lys van illustrasies	iv
Erkenning	v
Opedra aan	vi
Hoofstuk 1. Inleiding	1
1.1 Beperkte bronne vir die Israelse musiekkultuur	11
1.2 Argeologie en navorsing oor musiek	13
1.3 Kulturele kontak en beïnvloeding	13
1.4 Probleemstelling	15
1.5 Werkswyse	15
1.6 Inligtingsbronne tot die studieveld van die musiekkultuur in die algemeen en die musiekinstrumente in die besonder	17
1.7 Slotsom	19
Hoofstuk 2. Historiese perspektief op die gebeure in die Oostelike Mediterreense streek in die oorgangsfase van die Laat-Bronstydperk tot die Ystertydperk	20
2.1 Inleiding	20
2.2 Die Laat-Bronstydperk in die Oostelike Mediterreense gebied	21
2.3 Verbokkeling van internasionalisme en gesagstrukture van moondhede	22
2.3.1 Gebeure in die oorgangsfase van die Bronstydperk tot die Ystertydperk	22
2.4 Slotsom	26
Hoofstuk 3. Historiese perspektief op Egipte, Kanaän, Filistea en Fenisië	27
3.1 Inleiding	27
3.2 Egipte	29
3.2.1 Inleiding	30
3.2.2 Dinastië, farao's en veldtogte	30
3.2.3 Kultus	34
3.2.4 Opsomming	35
3.3 Kanaän	37
3.3.1 Herkoms en vestiging	37
3.3.2 Laat-Bronstydperk en die oorgangperiode in Kanaän	38

3.3.3	Geo-politiese grense	39
3.3.4	Sosio-politiese agtergrond	40
3.3.4.1	Regeringstelsel	40
3.3.4.2	Egiptiese beheer in Kanaän	41
3.3.5	Sosio-ekonomiese agtergrond in Kanaän	43
3.3.6	Inligtingsbronne	44
3.3.6.1	Tekstuele data wat verband hou met Kanaän	44
3.3.6.2	Argeologiese data	46
3.3.7	Die Kultus	48
3.3.8	Die impak van Egiptiese beheer in Kanaän	50
3.3.9	Kulturele diversiteit in Kanaän	51
3.3.10	Nuwe bedeling in Palestina	53
3.3.11	Slotsom	54
3.4	Die Filistyne - Immigrante Stedelike koloniste Landsburgers	55
3.4.1	Inleiding	55
3.4.2	Historiese perspektief	56
3.4.2.1	Herkoms	56
3.4.2.2	Aankoms en vestiging	57
3.4.3	Histories sosio-politiese agtergrond	59
3.4.3.1	Regeringstelsel	60
3.4.4	Inligtingsbronne	60
3.4.4.1	Tekstuele bronne en inskripsies	60
3.4.4.2	Argeologiese data	62
3.4.5	Godsdiens, kultus en musiekkultuur	65
3.4.6	Impak van Filistynse vestiging in Filistea , Palestina	67
3.4.7	Slotsom	68
3.5	Die Fenisiërs – Kolonialiseerders Handelaars Kunstenaars	69
3.5.1	Inleiding	69
3.5.2	Herkoms en vestiging	70
3.5.3	Sosio-politiese agtergrond	71
3.5.4	Handel en ekonomie	72
3.5.5	Inligtingsbronne	75

3.5.6	Materiële oorblyfsels	76
3.5.7	Fenisiëse kulturele invloed	77
3.5.8	Die kultus	78
3.5.9	Slotsom	79
Hoofstuk 4	Israel - Uitverkore volk in 'n beloofde land	80
4.1	Inleiding	80
4.2	Historiese agtergrond	82
4.2.1	Teorieë, modelle en menings	82
4.2.2	Argeo-historiese data van Israel	84
4.3	Sosio-politieke agtergrond	86
4.4	Historiese agtergrond van die koninkryke van Israel en Juda	88
4.4.1	Sosio-historiese agtergrond van die noordelike ryk, Israel	89
4.4.2	Sosio-historiese agtergrond van die suidelike ryk, Juda	93
4.5	Inligtingsbronne	96
4.5.1	Buitebybelse inskripsies	96
4.5.2	Argeologiese data	100
4.6	Die kultus	102
4.7	Slotsom	107
Hoofstuk 5	Die Boek van Psalms	111
5.1	Inleiding	111
5.2	Historiese agtergrond van die Boek van Psalms <i>Sefer Tehillim</i>	112
5.2.1	Die psalm as literêre vorm	112
5.2.2	Die psalm as uitdrukkingsvorm	113
5.3	Samestelling van die Boek van Psalms	116
5.3.1	Indeling van die Boek van Psalms	117
5.3.1.1	Indeling van die psalms	117
5.3.2	Temas van die psalms	118
5.3.3	Die historiese psalm as didaktiese psalm	118
5.4	Slotsom	119
Hoofstuk 6	Musiek en musiekinstrumente in antieke Israel/Palestina gedurende die Ystertydperk	120
6.1	Inleiding	120

6.2	Historiese agtergrond van die studie van die antieke musiekkultuur en instrumente	121
6.3	Argeologiese vondste as inligtingsbron	122
6.3.1	Ikonografie as inligtingsbron	123
6.4	Musiek- ikonografie en argeologiese tydperke	125
6.5	Klassifisering van musiekinstrumente	126
6.6	Tekstuele verwysings en aanduidings van musiekinstrumente	127
6.7	Musiek-artefakte en –ikonografie	129
6.7.1	Idiofone	129
6.7.1.1	Klappers <i>se b rosim</i>	130
6.7.1.2	Ratels <i>Mena'anayimi/mena'anim</i>	131
6.7.1.3	Klokkies <i>paaman</i>	134
6.7.1.4	Simbale <i>tsetselim/tziltzilim</i>	135
6.7.2	Membranofone	138
6.7.2.1	Tamboeryne <i>timbrel tabret</i>	138
6.7.2.2	Raam/handtrommel <i>tōp</i>	139
	a) Argeologiese data	139
	b) <i>Tōp</i> ikonografie	141
	i) Klokvorm terra-cotta <i>tōp</i> musikante	142
	ii) Terra-cotta reliëfplakette van vroulike <i>tōp</i> musikante	144
	iii) Die <i>tōp</i> in konteks	147
6.7.3	Chordofone	149
6.7.3.1	Die luit	149
6.7.3.2	Die <i>nebēl</i>	153
6.7.3.3	Die <i>kinnôr</i>	155
	a) Tekstuele verwysings	156
	b) Beskrywing van die <i>kinnôr</i> /lier	159
	c) Argeo-ikonografiese data	161
	i) Die Megiddo ivoorplaket	162
	ii) Die Beni- hasan fresko	164
	iii) Assiriese relief-uitbeelding van lierspelers	166
	iv) Die Megiddo kruik (1150-1000 v.C.)	167

v)	Die Kutillet A'jrud <i>pithoi</i> tekeninge	170
vi	Die <i>Kinnôr</i> musikant van Asdod	173
vii	Kultiese terra-cotta wierookstaander van Asdod	173
d)	Gebruike	176
e)	Simboliek	176
6.7.4	Aerofone/blaasinstrumente	177
6.7.4.1	Fluite	177
6.7.4.2	Ramshoring/sjofar en trompet <i>chatsotsrah</i>	179
a)	<i>Shofarot</i> /sjofar	179
b)	<i>Chatsotsrah</i> /trompet	180
c)	Skulptrompet	182
6.7.4.3	<i>Halil double-pipe/double-reedpipe</i>	183
a)	Tekstuele verwysings	184
b)	Argeologiese data	185
c)	Ikonografiese uitbeelding van drie <i>Halil-artefak groepe</i>	185
i	Egipties-Kanaänitiese kultustradisie	185
ii	Terra-cotta klokvorm <i>halil</i> musikante	188
iii	Terra-cotta <i>halil</i> musikante	189
d)	Opsomming	193
6.8	Seëls as musiek-ikonografie	194
6.8.1	Musiekinstrument uitbeeldings op seëls	195
6.8.2	Kulturele invloede	196
6.8.3	Seëls met musiekinstrumente en simbole	198
6.8.4	Opsomming	202
6.9	Musiekinstrumente: solo-instrumente, duo's en ensembles	202
6.10	Opsomming	205
Hoofstuk 7.	Gevolgtrekking en slot	206

BIBLIOGRAFIE

LYS VAN ILLUSTRASIES**BLADSY**

Kaart 1	Die Antieke Nabye Ooste	23
Kaart 2	Die Antieke Nabye Ooste en Palestina	27
Fig. 1 (a)	Horus, Egiptiese beskermgod van farao's	29
Fig. 1 (b)	Farao Akkenaten (1363-1347 v.C.) en koningin Nefretiti bring offers aan Aten, die Son-god	29
Kaart 3	Antieke Palestina vanaf Kades-Barnea in die suide tot Tirus en Sidon in die noorde	36
Fig. 2	Kanaänitiese gevangene van Sirië uitgebeeld op 'n Egiptiese kleiteël	45
Fig. 3	Antieke Kanaäniet met kenmerkende voorkoms, op 'n muur-reliëf in Egipte	46
Fig. 4	Bronsbeeld van El, Kanaänitiese hoofgod	49
Fig. 5 (a)	Silwer bulkalf van Askelon (ongeveer 600 v.C.)	49
Fig. 5 (b)	Silwer bulkalf voor terra-cotta heiligdom	49
Kaart 4	Stede van die Pentapoleis in Filistea	55
Kaart 5	Ystertydperk Levant met geo-politiese aanduidings van vestigings	59
Fig. 6	Filistynse erdeware - laat Helladies IIIC Egeïse keramiek-tradisie	64
Fig. 7	Filistynse bichroom erdeware	64
Fig. 8	Filistynse tuitsif-kruik van Megiddo (1150-1000 v.C.)	65
Fig. 9	<i>Ashdoda</i> – godsbeeldjie van Asdod (12de eeu v.C.)	66
Fig. 10	Terra-cotta kultiese staander van Asdod (11de-10de eeu v.C.)	67
Kaart 6	Fenisië gedurende die Ystertydperk	69
Fig. 11	Ivoorplaket van Samaria	74
Fig. 12	Fenisiëse ivoor van Salamis	74
Kaart 7	Koninkryke van Israel en Juda (924-722 v.C.)	88
Fig. 13	Die Moabitiese swart basalt stela van koning Mesa (840 v.C.) by Diban	97
Fig. 14	Die "Huis van Dawid" inskripsie op die Tel Dan stele (9de eeu v.C.)	98
Fig. 15	Die Swart Obelisk van Salmaneser III (857-824 v.C.)	99
Fig. 16	Judese terra-cotta godsbeeldjies (7-6de eeu v.C.)	105
Fig. 17	Kirbet el-Qôm Inskripsie wat verwys na 'Yahweh (and) his Ashera'	105
Fig. 18	Bankettoneel van Nebamum (1552 v.C.)	124
Fig. 19	Ivoorklapper, Tel Shiqmona	131
Fig. 20	Terra-cotta ratels, Hasor en Geser	133

Fig. 21	Godsbeeldjie van Qitmit, kultiese sentrum in Negev (7de eeu v.C)	134
Fig. 22	Bronssimbale van Meggido (12-11de eeu v.C.- Vroeg-Ystertydperk)	137
Fig. 23	Terra-cotta beeldjie van vroulike musikant met <i>tōp</i>	140
Fig. 24	Nebo. Klokvorm beeldjie van musikant (11de eeu v.C.)	142
Fig. 25	Tel Shiqmona godsbeeldjie-musikant met <i>tōp</i> (8ste eeu v.C.)	143
Fig. 26	Aksib ensemble van Fenisiese godsbeeldjie-musikante met halil en <i>tōp</i> (740 v.C.)	144
Fig. 27	Beth-Shean. Reliëfplakiet van vroulike musikant met <i>tōp</i> (11de eeu v.C.)	145
Fig. 28	Ta'anach. Terra-cotta reliëfplakiet van vroulike musikant met <i>tōp</i> (10-7de eeu v.C.)	146
Fig. 29	Tel el-Far'a-N. Terra-cotta reliëfplakiet. Vroulike musikant (9-8ste eeu v.C.)	147
Fig. 30	Luitspeler van Tell el Ajjûl (eerste helfte van 16de eeu v.C.)	151
Fig. 31	'Danser van Dan'. Terra-cotta plakiet van lierspeler.. Laat-Bronstydperk	153
Fig. 32	Koninklike lier van Ur. Vroeg-Dinastie III (25ste eeu v.C.)	158
Fig. 33	Mesopotamiese lier met goue bulkop (ongeveer 2250 v.C.)	159
Fig. 34 (a)	Ivoorplakiet van Megiddo. Musikant met 'n <i>kinnör</i> in 'n prosesie	164
Fig. 34 (b)	Pentekening van Megiddo ivoorplakiet	164
Fig. 35	Beni-hasan fresco in 'n graftombe van Khnum-hotep	165
Fig. 36	Assiriese relief- uitbeelding van lierspelers - muur van 'n paleis in Nineve	167
Fig. 37 (a)	Megiddo kruik (1150-1000 v.C.) geskilderde diere en musikant met <i>kinnör</i>	169
Fig. 37 (b)	Skets van besonderhede op kruik	169
Fig. 38	Tekeninge op stoorpot A van Kuntillet A'jrud	172
Fig. 39	Asdod. Musikant met klein simmetriese lier (8ste eeu v.C.)	173
Fig. 40	Asdod. Terra-cotta wierookstaander met musikante (11-10de eeu v.C.)	174
Fig. 41 (a)	Megiddo. Enkelfluit met twee toonhoogtes.(Derde millennium v.C.)	178
Fig. 41 (b)	En-Gedi. Megiddo-tipe fluit met versierings	178
Fig. 42	Beth-Shean. Tekening van trompetspeler	181
Fig. 43	Megiddo. Brons <i>halil</i> -musikant (12-10de eeu v.C.)	186
Fig. 44	Tel el Fa'ra-N. Faience <i>hamadryad</i> met 'n <i>halil</i>	187
Fig. 45	Aksib. Klokvormige beeld van vroulike musikant met 'n <i>halil</i>	188
Fig. 46	Shiqmona. Terra-cotta fragment van musikant met <i>halil</i>	189
Fig. 47	Beth-Shean. Reliëfplakiet van <i>halil</i> - musikant (10-7de eeu v.C.)	190
Fig. 48	Qitmit. Plakiet van <i>halil</i> -musikant uit Edom/Judese gebied (10-7de eeu v.C.)	191

Fig. 49	Tel Malhata. Terra-cotta musikant met <i>zamr/zurna</i> (ongeveer 600 v.C.)	192
Fig. 50 (a)	Tel Batash seël. Sittende musikant met <i>kinnôr</i> (12-10de eeu v.C.)	196
Fig. 50 (b)	Asdod leiklip-seël. Sittende musikant met U-vormige, simmetriese <i>kinnôr</i>	196
Fig. 51	Brons <i>scaraboid</i> van Haifa (10-8ste eeu v.C.). Sittende musikant met <i>kinnôr</i> en begelei 'n danseres met 'n <i>tõp</i>	198
Fig. 52	Kalksteen silinderseël van Nebo met musikante met halil en <i>kinnôr</i> en simboliese tekens	199
Fig. 53	Stempelseël van Tel Aviv (beide kante)- musikante met halil en <i>kinnôr</i> en simboliese tekens	200
Fig. 54	Tel Keisan-seël. Staande musikant met <i>kinnôr</i> en simboliese tekens (9-7de eeu v.C.)	201
Fig. 55	Graveerde ivoorkissie van Sirië. Vroue ensemble. Nimrud (9de eeu v.C.)	205

ERKENNING

Hiermee net my groot waardering vir die liefde, belangstelling en aanmoediging en hulp van al my kinders en kleinkinders tydens my studies. Hulle was altyd daar – net 'n foonoproep of SMS weg. My rekenaarvaardigheid regverdig 'n besondere dankie aan Francois, Mathilda, Philip en Carl vir hulp en praktiese raad.

Die vriendelike belangstelling, aanmoediging, vertrouwe en praktiese raad van my studieleier, prof Coenie Scheepers, het baie bygedra tot die genot wat ek uit my navorsing gekry het in die wonderlike vakgebied.

Graag gee ek erkenning aan UNISA, wat dit moontlik gemaak het dat ek die navorsing kan voltooi.

Mana Sieberhagen

Beaufort-Wes

Opgedra aan...

Dit is met waardering dat die studiestuk opdra word aan al my kinders en kleinkinders.

Soli Deo Gloria.

HOOFSTUK 1

1. Inleiding

Vanaf die vroegste tye in die bestaan van die primitiewe mens is aan verskillende emosies op verskillende vokale maniere uiting gegee deur uitroepe, liefdesklanke, oorwinningskrete, weeklaag en liggaamsbewegings. Volgens die Talmud en nabybelse legendes, het sang weerklink voor die mens se bestaan waar engele die lof van God besing het. Mettertyd is die stem en voet- en handbewegings aangevul deur begeleiding van eenvoudige voorwerpe soos klappers en ratels. Met die sosiale en kulturele ontwikkeling van die mens het ook dié uitdrukkingsvorme geleidelik ontwikkel tot 'n musiekkultuur met 'n eiesoortige karakter (Braun 2002:2; Sachs 1940:25).

Sedert die laat-twintigste eeu onderskryf 'n nuwe benadering in die veld van etnomusikologie die idee dat kultuur belangrik is en derhalwe moet musiek bestudeer word binne die kulturele konteks. Tereg word geredeneer dat musiek meer is as klank, note en komposisies. Die definisie van kultuur word gesien as die inherente geestelike eienskappe van die mens soos dit manifesteer in die totaliteit van die lewe. Dit is 'n universele eienskap van die mensdom en verskillende volke se kulture word gekenmerk deur 'n spesifieke leefwyse. Elke kultuur het 'n eie identiteit, 'n nasionale 'siel' waarbinne 'n eiesoortige politieke mag en gesag funksioneer. Die wortels van 'n volk se kultuur wat voortgedra word, word gevind in dit wat aangeleer en ontwikkel is en nie net uit gene wat ge-erf is nie. Volgens die evolusionêre sielkunde is kultuur die dimensie waarbinne die mens hul bedrywighede, instellings en waardes vir hulself interpreteer. Die eiesoortige kultuur van 'n volk omvat dus die 'eie alles' binne die konteks van ander kulture. Die musiekkultuur, as deel van volkskultuur, word binne die volle omvang van komposisie en uitvoering (instrumente, sang en dansbewegings) gesien as universele menslike gedrag, deel van die menslike natuur en onvervreembaar deel van elke gemeenskap (Cross in Clayton, Herbert & Middleton (ed) 2003:2,3,5).

Burgh is van mening dat musiekkultuur van 'n volk, of dit antiek of modern is, 'n mikro-kosmos is van die groter sosio-kultuur. Dit bevat ook die elemente van aangeleerde gedrag, waardes, gesindhede en ideale wat eienskappe is van 'n gemeenskap of bevolking. Interaksie vind plaas tussen gemeenskap en

musiekkultuur en die gevolge daarvan word weerspieël in die essensiële kenmerke van beide, hoewel musiek eiesoortige eienskappe het. Die musiekkultuur is 'n weerspieëling van die dag tot dag leefwêreld van 'n gemeenskap en kennis van die musiekkultuur bied kennis van die kultuur waaruit dit kom. Soos deur studies in die argeo-musikologie gevind is, vervaardig die mens instrumente uit 'n verskeidenheid materiale soos hout, been, metaal, snare, klei en ander materiale met die spesifieke doel om musiek te maak, maar maak ook innoverend gebruik van alledaagse gebruiksvorwerpe en voorwerpe om klank/musiek te skep en melodië te vorm (2006:1,2,3).

Die gebruik van musiekinstrumente, liedere, sang en dans as uitdrukkingsvorme in die kultus en alledaagse lewe, vorm dus 'n belangrike en onmisbare deel van die kultuurgoedere van 'n volk, en was en is musiek nog steeds 'n belangrike deel van menslike handeling en bedrywighede. Navorsing oor die musiekinstrumente van die Ystertydperk Israel/Palestina sou dus ook die historiese en kulturele agtergrond van die verskillende etniese groepe en volke omvang omdat geen volk waarskynlik in isolasie leef, werk en ontwikkel nie. Binne 'n klein geografiese gebied sou interaksie en kulturele wisselwerking tussen etniese groepe ongetwyfeld plaasvind.

Binne die kulturele erfgoed van die volk Israel, sou die musiekkultuur 'n eiesoortige betekenis hê en spesifieke funksies verrig. Vanuit bybelse verwysings in die verhalende literatuur, en in die besonder die Boek van Psalms, was musiek die middel waardeur uitdrukking gegee is aan die volk se wese, hul spiritualiteit, die verhale van die verlede, die realiteit van daaglikse lief en leed en hul toekomsverwagting. So was dit ook 'n integrale deel van Israel se gewone alledaagse leefwyse en deel van hul verwysingsraamwerk. Die eentonige, ritmiese aksie van druiwetrapp in die parskuip tot die moeisame hande-arbeid van puttegrawe, kanale bou en bouwerk verrig, was met reëlmaat gedoen. Die profeet Jeremia vergelyk 'n vreugderoep met: '...soos dié wat druiwe trap...' (Jeremia 25:30) en Numeri 21:17-18 verwys na putwater en Israel se reaksie: '... en ons sal daarvan sing!'

Evelyn Glennie gee 'n aanduiding van dit wat musiek in die lewe van die mens is:

'Music is our everyday language – there is no such thing as being 'unmusical'. To play an instrument is but one small aspect, albeit an important one, of what music really is. Every moment of the day presents for us a kaleidoscope of tempo, rhythm, pitch, texture, and dynamics which connects every living soul. ... but how we choose to relate to it is something that only we ourselves can control'.

Sy sien dit as 'n lewende kunsvorm wat deur almal gedeel en geniet word sonder taal en klassieke skeiding (in Miell, MacDonald & Hargreaves (ed) 2005:vi,vii).

Die vraag kan met reg gevra word waarom musiek so belangrik is in die lewe van die individu en 'n gemeenskap. Waarom maak die mens musiek? Wat word oorgedra deur musiek, sang en dans? Het dit enige waarde? Vrae waaraan aandag gegee sal word omdat dit ten nouste verband hou met die onderwerp van die studie.

Volgens Ian Cross, 'n etno-musikoloog, het die mens die unieke vermoë van kognitiewe en sosiale soepelheid om in 'n taal te kan kommunikeer. 'n Unieke eienskap wat die mens onderskei van ander hoër-orde diere soos byvoorbeeld ape. Soos taal, word musiek gesien as 'n middel waardeur kommunikasie plaasvind. Die meeste moderne musikoloë en etno-musikoloë sien musiek nie net as soniese inligting (klanke) wat oorgedra word van uitvoerder (musikant) na luisteraar nie. Musiek behels ook aksie in die uitvoering wat lei tot interaksie, en gevolglike reaksie van die hoorder soos die meelewing met die klap van die ritme, voetklop of kopbewegings. Toenemende navorsing in sosiale sielkunde van musiek toon hoe spesifieke sosiale of institusionele kontekste 'n baie sterk invloed kan uitoefen op musiek binne die konteks waar dit plaasvind (in Miell et al (ed) 2005:27,29). Die sang van ondersteuners by sportgeleenthede en die musiek van die moderne jeug sal duidelik verskil van die nostalgiese kabaretmusiek of emosionele opera-arias in 'n konsertgebou.

Moderne navorsing en die resultate daarvan kan nie voetstoots toegepas word op musiek en musiekpraktyke van antieke tye wat onbekend is aan die moderne navorser nie. Die resultate van moderne studies kan wel van algemene waarde wees. In die plegtige atmosfeer van die Tempel of heiligdom sou die Israelitiese kultiese lied 'n besondere emosionele element van toewyding en aanbidding

weerspieël en die terugkerende soldaat se verwelkomingslied sou jubelend die oorwinning besing of die jong meisies sou op vrolike maat in die wingerde sing en dans. Die lokaal of omstandighede sou die aard en uitvoering van die musiek bepaal.

Gegronde studies in moderne kontemporêre gemeenskappe is gevind dat musiek gebruik word as 'n middel om beheer uit te oefen op spesifieke situasies en emosionele toestande. Musiek word doelbewus gebruik om doelwitte te bereik (Glennie in Miell et al (ed) 2005:10,12). Marsmusiek word aangewend tot 'n bewuswording en opskerpings van paraatheid en strelende melodië verseker rustigheid. Vrolike, vinnige musiek verhoog die feesstemming en skep positiewe gevoelens en in die moderne handelsopset word 'n koper in sy inkopiesessie deur gepaste agtergrondmusiek onbewustelik gestimuleer tot groter besteding.

As musiek dus gesien word as 'n kommunikasie middel moet onderskei word wat oorgedra word in die proses. Volgens Juslin word dit algemeen aanvaar dat musiek uitdrukking gee aan emosies en dit oordra. Musiek word definieer as 'n kunsvorm wat klanke kombineer met die doel om skoonheid van vorm en uitdrukking van emosies oor te dra, soos onder andere blydschap, hartseer, swarmoedigheid of rou (Juslin & Laukka 2003:774). Hoewel musiek as die 'taal' van emosies nie semantiese eienskappe het nie, is dit 'n baie geslaagde manier om emosies op te wek en oor te dra. Deur die kommunikasie proses, wat dan ook 'n transmissieproses is, word betekenis van een of ander aard oorgedra van die een persoon na die ander. Dit is egter nie die enigste waarde van musiek nie en emosie kan een van baie komponente van uitdrukking in musiekuitvoerings wees. Musiek kan ook 'n boodskap/inligting oordra wat 'n sekere betekenis dra wat lei tot 'n spesifieke gedrag. Juslin is van mening dat dit belangrik is dat daar 'n gedeelde kode tussen sender en ontvanger moet wees (in Miell et al (ed) 2005:85,86,95).

Volgens Josua 6:20 was die klank van die ramshoring 'n duidelike boodskap tot aksie vir die antieke Israeliet. Die sing van bekende volksballades wat heldedade in herinnering oproep, sal die gevoel van nasietrots verstewig en eenheidsbande versterk.

Musiekinstrumente kan as simbole gebruik word om die onderskeie musiekkulture en musiek van die verskillende geografiese streke te identifiseer. In moderne tye het instrumente as gevolg van die belangstelling in musiekstyle en unieke instrument-kombinasies, deel geword van musiekkulture wêreldwyd. Sekere musiekinstrumente word nog sterk simbolies verbind met spesifieke geografiese gebiede en kulture waarin dit hoofsaaklik gebruik word, soos die siter met Indië en Indiese musiek. Musiekinstrumente gee inligting deur oor die soort musiek wat in 'n sekere kultuur gespeel word en deeglike kennis van 'n kultuur of om deel te vorm van 'n gemeenskap, lei tot 'n dieper begrip van die betekenis van die musiekinstrument (Burgh 2006:42,43) Die Afrika drom word die simbool van eeue oue ritmiese Afrika musiek met al die simboliese betekenis.

Burgh onderskryf ook die mening dat musiek gesien word as 'n vorm van aangeleerde gedrag. Musiek in antieke en moderne tye is klank wat georganiseerd is in sosiaal aanvaarde patrone, en mense is geleer om hierdie aanvaarde klanke en patrone te skep deur mondelingse en geskrewe kommunikasie (2006:2). Die kennis kan vasgevang word in komposisies wat, onder andere, die emosies van komponis, uitvoerder en hoorder vertolk. Die komposisies van groot musici van die verlede soos Bach, Beethoven, Mozart, Mahler, Verdi en Dvorak kan steeds oorgedra en vertolk word deur musikante en orkeste deur middel van bladmusiek en partituur.

In die dissipline van argeo-musikologie of musiek argeologie word veral gekonsentreer op die antieke musiekkulture deur onder andere, die bestudering van argeologiese artefakte, musiek ikonografie en tekste wat daarmee verband hou. Die studie bied 'n unieke metode waardeur navorsing gedoen kan word, en veral 'n begrip gevorm kan word, oor vorige en antieke gemeenskappe en hul eiesoortige leefwyses.

Musiek word reeds lank gesien as 'n gespesialiseerde vaardigheid wat beteken dat daar aanvraag, vervaardiging, beskikbaarheid en verbruik betrokke is by hierdie kommoditeit wat gevind word in sowel die antieke as huidige kulture. Die bestudering van die antieke musiekkultuur bied nie net kennis oor die musiekpraktyke van 'n spesifieke periode en plek nie, maar kan lig werp op sekere aspekte van die groter sosio-kulture (Burgh 2006:2).

Die besonderhede van die items van Koning Hiskia van Juda se verpligte belasting aan Koning Sanherib van Assirië, sluit musikante en sangers in wat nie net die estetiese en belangrike sosiale waarde van musiek aantoon nie, maar ook die belangrikheid daarvan as handelskommoditeit beklemtoon.

Volgens Sendrey gee alle hoër-orde diere uitdrukking aan emosies deur beweging. Dit is waarskynlik slegs die mens wat sy emosionele bewegings so kan reguleer en kontroleer dat dit tot 'n bewustelike ritme lei. Dit manifesteer dan in hoorbare ritmiese bewegings soos dans, voetestamp, handeklap en slaan teen verskillende liggaamsdele om 'n variasie van klank voort te bring (1969:25).

Argeologie het aangetoon dat musikaliteit deel van die mens is en musiek reeds vroeg 'n verskyning gemaak het in die pre-historiese tydperk van die mens. Die oudste musiekinstrument wat nog geïdentifiseer is, is 'n beenfluit wat dateer word as 36000 *BP* (Voor Huidige Jaar) wat by Geissenklösterle, in die suide van Duitsland gevind is in 'n konteks wat verbind word met moderne *Homo sapiens sapiens*. Die beenfluit pre-dateer bykans alle bekende visuele kuns. Die vermoë tot musikaliteit, waarskynlik stemgebruik, sou die beenfluit lank vooruit dateer het. Die feit dat musiek so vroeg in die teenwoordigheid van *Homo sapiens sapiens* in Europa verskyn het, bied goeie grond vir 'n aanname dat musiek saam met die *Homo sapiens sapiens* uit Afrika gekom het. Cross verwys na Blacking (1995:236) wat die stelling gemaak het dat musiek nie net antiek is nie, maar mag moontlik universeel wees vir alle lede van die menslike spesie. Die bewering word gemaak dat musikale vermoë 'n algemene eienskap is van die menslike spesie, eerder as 'n buitengewone talent (in Miell et al (ed) 2005:39).

Sedert antieke tye, en deur die geskiedenis, is die onskeibare elemente van beweging en klank kenmerkende eienskappe van musiek in gemeenskappe. Verskillende kruiskulturele studies het getoon dat verskillende betekenis en verwysings daarin opgeneem is, en in die geval van die Kaluli van Papau New Guinea, is dit 'n vorm van kommunikasie met die dooies (Cross 2001:100,102).

Die enkele bogenoemde navorsingbevindings kan slegs gedeeltelik die rol van musiek, van watter aard ookal, in die lewe van die mens verklaar. Aanhalings van

beroemde musici vanuit die moderne era kan moontlik 'n vae idee gee van die misterie wat opgesluit is in die ontwykende antwoord op die vraag waarom die mens musiek maak, en wat musiekbelewenis behels.

Volgens Richard Baker (1972), Britse komponis en dirigent, het die ontdekking van sang en die skepping van musiekinstrumente, die oorsprong te danke aan 'n menslike impuls wat baie dieper gesetel is as die bewustelike bedoeling en aksie, naamlik 'n behoefte aan ritme in die lewe. Die dieper gesetelde behoefte oortref denke met volkome veronagsaming van die risiko wat daaraan verbonde is (<http://www.quotegarden.com/music.html>)

' Joy, sorrow, tears, lamentation, laughter – to all these music gives voices, but in such a way that we are transported from the world of unrest to a world of peace, and see reality in a new way, as if we were sitting by a mountain lake and contemplating hills and woods and clouds in the tranquil and fathomless water.'

Albert Schweitzer (1875-1965)

<http://www.goodreads.com/author/quotes/47146.Albert>

Die Amerikaanse komponis, Aaron Copland (1900-1990) het onomwonde bevestigend 'Ja' geantwoord op die vraag of musiek waarde en betekenis het. Op die vraag of hy in net so min woorde kon weergee wat die betekenis van musiek is, het hy slegs 'Nee' geantwoord. Dit is ongetwyfeld die mening van elke individu.

<http://quotesandpoem.com/quotes/listquotes/author/aaron-copland>

Burgh is van mening dat, deur die studie van musiekinstrumente 'n ander perspektief op die musiekkultuur van 'n volk gebied word, want musiekinstrumente was die sleutelkomponente tot die lewe in antieke Israel/Palestina. Die Ystertydperk word veral gesien as 'n kulturele hoogtepunt in die geografiese streek, en argeologiese en tekstuele bronne toon dat musiek 'n belangrike deel van al die kulture in die streek gevorm het (2006:2,43). Binne die kulturele erfgoed van die volk Israel, sou die musiekkultuur dus ook 'n eiesoortige veelvoudige betekenis hê, en spesifieke funksies verrig, want soos aangetoon sal word, was die musiekkultuur onlosmaaklik deel van die antieke Israelitiese leefwyse en 'n belangrike uitdrukkingsvorm van hul eiesoortige identiteit. Deur die kennis van die geskiedenis van die antieke musiek en musiekinstrumente kan moontlik meer te

wete gekom word oor die aard en wese van die leefwyse van die bybelse volk, binne die groter sosio-kulturele antieke beskawings van die Mediterreense gebied.

Antieke tekste is 'n belangrike bron van inligting oor musiekinstrumente en die konteks waarin dit gebruik is. So is liedere gekomponeer vir gode en godsdienstige rituele, heersers en helde en met instrument-begeleiding voorgedra. Die name en die beskrywing van die instrumente kan 'n aanduiding gee hoe dit gebruik is, die konteks waarin dit gebruik is en die musikante of persone wat die instrument bespeel het (Burgh 2006:10).

Die Bybel, die middel/bron waardeur die heilsgeskiedenis openbaar gemaak word, bied nie veel inligting oor die musiekkultuur van die mense wat, as die bybelse uitverkore volk, deel was van antieke Israel/Palestina van die Ystertydperk nie. Hoewel die besonderhede en inligting oor musiekinstrumente in antieke Israel baie beperk is in die Hebreeuse Bybel en die instrumente slegs genoem word, loop die verwysing na musiek en musiekinstrumente, sang en dans soos 'n goue draad deur die boeke van die Ou-Testament. In die prosa en verhalende gedeeltes word dit duidelik dat musiek deel was van die Israelitiese leefwyse. Musiek was teenwoordig in die alledaagse roetine van fisieke werk maar ook by verskillende feesgeleenthede en gebeure soos byvoorbeeld die verwelkomingsmusiek as jubelende vreugdeutinge na 'n suksesvolle veldslag soos 1 Samuel 18:6 dit beskryf, die vrolike feesvierings van die huweliksfees en die liedere wat gesing word waarna Psalm 78:63 verwys en die meisies van Silo wat dans na die oes, volgens Rigters 21:20. Jeremia profeteer van tamboeryn-spel en danse saam met die wat bly is in Jeremia 31:4-5. Die koning word juigend met musiekspel verwelkom en die Psalmskrywer jubel oor die magtige God in Psalm 147 en bevestig die lofsang met die uitnodiging... 'sing tot eer van ons God met begeleiding van die lier.'

Psalm 68:25-27 toon dat musiek deel gevorm het van die aanbidding en lofprijsing gedurende groot feesoptogte en godsdienstige feeste waar die Verbond in herinnering geroep is. Priesters, hoëlui, vooraanstaande persone, raadgewers en stamhoofde het deur die strate marsjeer met sangers, vroue met raamdromme en musikante met snaarinstrumente. Amos 5:23 verwys na harpspel by offerandes en die Kroniekeskrywer beskryf in fyn besonderhede die rol van sang en musiek in die

tempeldiens in 1Kronieke 25:1-31. Mistieke eienskappe is in antieke tye aan musiek toegedig en is dit geglo dat gebede, voorspellings en skrifgedeeltes, wat onder musiekbegeleiding voorgedra is, 'n kragtige werking het (Van Dyk 1991:379). Musiek was ingesluit in die misterie van die geesteswêreld en deur die stimulasie van musiek is 'n toestand van vervoering geskep waarin profesie uitgespreek is. Volgens 1Samuel 16:16, 23 bring lierklanke kalmte vir Saul en vorm lierspel deel van die profetiese ekstase in 1Samuel 10:5. Die ramshoring word 'n simbool van magiese krag as die muur van Jerigo ineenstort, volgens Josua 6:4,5 en die weeklaag van rouklaers vertolk die mineurklanke van rou by dood en verlies. Bybelgedeeltes en lied-tekste, in veral die ouer gedeeltes van die Ou-Testament, toon strukturele en ritmiese vorms, herhalings of herhaling van 'n poëtiese motief. Geen ikonografiese bewyse is egter gevind wat ooreenstem met bogenoemde voorbeelde van die kultiese en sekulêre musiekuitvoerings in die Ou-Testament nie, en is daar slegs die tekstuele verwysings. Vir die moderne mens sal die antieke melodië en klank van musiekbegeleiding vir altyd onbekend bly.

In die voor tegnologiese, voor-moderne gemeenskappe was godsdiens deurtastend teenwoordig en het godsdiensbeoefening nie net plaasgevind op kultiese plekke nie. Die verwysing na 'n priester in Rigters 18:19 dui op die stam as kultiese eenheid en 1Samuel 20:6,29 verwys na 'n familieoffer wat gebring word. Deuteronomium 17:2-3 verwys na die kultiese praktyk van ook die individu. Deuteronomium 13:13-16 wys daarop dat selfs 'n stad 'n kulties eenheid kan wees. In die studie van die Israelse stamstruktuur kom Zevit tot die gevolgtrekking, dat al Israel se kultiese aktiwiteite in die post-eksiliese Juda binne die sosiale konteks van die stamstruktuur plaasgevind het (Zevit 2001:643,644).

Die Israeliete se kreatiewe eienskappe, religieuse aanbidding en meditasies het tot uiting gekom in die poësie, lofprysing en verheerliking van die onsigbare God. Met koordanse, snaar en stem, die klank van simbaal, trompet, lier, fluit en harp word lof gebring en die Verbond van *JHWH* met Sy volk in herinnering geroep.

Psalm 150 vat hierdie totale betrokkenheid by lofuitinge mooi saam: 'Laat alles wat asem het die Here prys'.

Die Israelitiese musiek word gesien as baie emosioneel en aanbiddingsplegtighede en religieuse seremonies was primêre geleenthede vir georganiseerde sang. Dus was sang en dans 'n plegtige uitdrukkingsvorm in die kultus. Musiek, in diens van die kultus, word vir die eerste keer in Levitikus 23:24 en Numeri 10:2-4 as 'n opdrag genoem. Die musikale kenmerk van die Israelitiese volk het reeds vroeg in hul geskiedenis in liedere manifesteer wat volksbesit was en deur almal gesing is (Sendrey 1969:159). Kultus, in Hebreeus, *abodah*, is 'n diens aan 'n koning. Aan *JHWH* word deur Sy uitverkore volk sigbare diens gelewer wat musiek, sang en dans ingesluit het (De Vaux 1973:272). Die psalmdigter, vol van dankbare erkentlikheid vir verlossing uit die hand van die vyand, rig in Psalm 34:2-4 'n ope uitnodiging tot almal om deel te wees van gesamentlike sang en lofprysing oor die grootheid van die Here. Die musiekinstrument sou 'n onmisbare deel van hierdie betrokkenheid wees.

Onder ander antieke kulture word musiekinstrumente as uitvindings van die gode gesien soos die Griekse panfluit, en die lier deur die mitiese gode, Pan en Mercurius (Sachs 1940:25). In die Bybel word die oorsprong van musiekinstrumente aan die aartsvaders uit antieke tye toegeken. Die skrifverwysing in Genesis 4:20-22 verwys na die beroepe van die herders, metaalwerkers en musikante, en dit is die enigste bybelse tradisie oor die oorsprong van musiekinstrumente. Jubal word in Genesis 4:21 genoem as die stamvader van dié wat op die lier *kînnôr* en die fluit *halil* speel. Verdere verwysings na musiekinstrumente dui slegs op die gebruik daarvan by sekere geleenthede (Freedman 1985:3).

Die skrifverwysing na Jubal en die breedvoerige lys van musiekinstrumente in die Boek van Psalms, veral Psalm 150, asook verwysings na instrumente in die prosa gedeeltes van die Hebreeuse Bybel, lig die belangrikheid uit van musiekinstrumente in die musiekkultuur in die kultus en alledaagse leefwyse van die antieke Israelitiese volk. Die tema van musiekinstrument en goddelike teenwoordigheid word deurgevoer tot in Openbaring 4:1; 8:1,7; 9:13; 11:15 van die Nuwe-Testament. Openbaring 18:21-23 verwys in die uitspraak oor Babilon na die stilswye van stem en instrument, siter, fluite, en trompette, as aanduiders van die ondergang van 'n beskawing.

1.1 *Beperkte bronne vir die Israelse musiekkultuur.*

Belangstelling in die geskiedenis van musiek in antieke Israel, genoem die *musiek in die Bybel* strek reeds oor 'n lang tydperk en argeo-musikoloë het die Bybel beskou as die primêre bron vir die inligting oor die musiekinstrumente en kennis van die geskiedenis van die musiekkultuur van antieke Israel en dit as sulks bestudeer.

'n Probleem in die navorsing van musiekinstrumente in die antieke Israelse musiekkultuur, is die gebrek aan objektiewe bewyse. Die inligting oor musiekinstrumente in die Israelse musiekkultuur is hoofsaaklik aangewys op tekstuele data en vergelykende studies van bekende instrumente van die naburige volke, asook 'n analogie met huidige instrumente in Israel/Palestina. Die verskillende vertalings, soos die Griekse *Septuaginta*, die Siriese *Peshitta*, die oudste Siriese weergawe van die Bybel saamgestel vir die Christene van die eerste eeu en die *Vulgaat*, die vertaling uit Grieks in Latyn deur St. Jerome (390-405) is egter nie eenvormig in die vertaling van die name en terme van die musiek en die instrumente nie en dit skep probleme met die juiste betekenis van die name en of daar na 'n instrument of term verwys word. Die traktate van die Misjna en die Babiloniese Talmud (600 n.C) as bronne vir inligting, was ook merendeels vanuit 'n kontemporêre perspektief saamgestel en baseer op mondelingse tradisies. Bydraes van Romeinse skrywers soos Flavius Josephus, Philo van Alexandrië, Plutarch en Tacitus het vanuit die perspektief en kennis van die Romeinse tydperk, wat uiteraard eeue verwyder was van die Ystertydperk, kommentaar gelewer oor die Israelitiese musiek (Braun 2002:2). Dit is duidelik dat verskeie probleme kan ontstaan met verwarrende en weersprekende identifikasies van sekere instrumente en die gebruik daarvan in spesifieke kontekste.

Ten spyte daarvan dat die inligting oor die Israelse musiekkultuur egter baie beperk is in die Hebreeuse Bybel, is dit die belangrikste en die rykste bron van kennis van die musieklewe van antieke Israel, tot 'n periode na die terugkeer uit die Babiloniese ballingskap. Hoewel kennis van musiek in die antieke Nabye Ooste teruggevoer kan word tot ongeveer 3000 v.C. word eers tydens die regerings van

Dawid en Salomo in bybelse skrifgedeeltes na professionele musikante in antieke Israel verwys (King & Stager 2001:285).

Die Boek van Psalms, en veral Psalm 150, gee slegs 'n aanduiding van die verskeidenheid musiekinstrumente en die verband waarin dit gebruik is, maar nie die beskrywing van die instrument self nie (Burgh 2006:7). Die beskrywing van die instrument is blykbaar ondergeskik aan die geheel van die aksie wat beskryf word en word net genoem. Faktore soos die elemente, tydsverloop, materiaal waarvan instrumente gemaak is en sosio-politieke gebeurtenisse soos oorloë, sou die bewaring van argeologiese musiekartefakte duidelik beïnvloed. Daar sal dus in hierdie studiestuk ook van ander buite-bybelse tekstuele en argeologiese data gebruik gemaak moet word om meer inligting oor die voorkoms en gebruik van musiek en musiekinstrumente van Ystertydperk Israel te kry.

Om 'n ware kronologiese ordening van bybelse gegewens oor die ontwikkeling van musiek en musiekinstrumente in antieke Israel te maak, is problematies omdat 'n relatief laat bron dikwels sekere gebeure toeskryf aan 'n vroeëre periode waar dit nie kon voorgekom het nie. As voorbeeld is Kronieke se weergawe oor die organisering van die tempelmusiek deur Koning Dawid, waar aan die Levitiese sangers 'n belangriker rol as aan die priesters gegee is. Dit kan waarskynlik 'n projeksie wees vanuit die Kroniekeskrywers se eie tyd na die verlede. Skrifgedeeltes kan ook verwys na instrumente wat reeds bekend was tydens die periode van die ontstaan van die mondeling tradisie, soos die harp en die luit (Braun 2002: 9; Paul & Dever 1973:242).

Tot so onlangs as die twintigste eeu was die inligting oor die aard van die musiekkultuur van antieke Israel feitlik beperk tot die Bybel. Vanaf die negentiende eeu veral, het argeologie 'n reuse bydrae gelewer tot 'n beter begrip en kennis van die antieke geskiedenis en het die interdissiplinêre benadering tot argeologiese vondste in die Siro-Palestynse argeologie ook in Israel/Palestina gelei tot 'n beter kennis en begrip van die Bybelse leefwêreld (Braun 2002:1,6).

Vir die navorsing oor die gebruik van musiekinstrumente in antieke Israel/Palestina is kennis van die groter kulturele opset van die omringende volke, waarvan musiekkultuur 'n belangrike deel gevorm het, dus van groot belang. Die historiese gebeure in die antieke Nabye Ooste, en die historiese agtergrond en vlak van

kulturele ontwikkeling van volksgroepe/entiteite in veral Israel/Palestina, vorm dus die agtergrond van hierdie studie.

1.2 *Argeologie en navorsing oor musiek.*

Argeologie kan 'n redelike beskrywing en verduideliking bied van hoe mense geleef, gewerk, godsdiens beoefen en musiek gemaak het. Die beperkings van argeologie is egter geleë in die lang tydsverloop (millenniums, eeue) soos byvoorbeeld Megiddo wat bewoon was vanaf ongeveer 6000-500 v.C. (Scheepers & Scheffler 2000:95,101); verskeie bewaringsprobleme, klimaatsomstandighede; opgrawingsmetodes en die groot areas van die argeologiese tereine. 'n Terrein word gewoonlik slegs gedeeltelik opgegrawe en daar kan sodoende nie 'n volledige beeld verkry word van die omstandighede ten tye van die bewoning, of van historiese gebeure wat moontlik plaasgevind het, en wat die uitwerking daarvan op die bewoners was nie (Currid 1999:37-41,90). Die konteks waarin 'n musiekverwante artefak gebruik was, kan dikwels nie vasgestel word, soos dit in die besprekings wat volg, duidelik word.

Argeologiese data kan wel gebruik word om hipoteses te vorm vir historiese gebeure, maar kan nooit werklik bevestig hoe dinge gebeur het nie (Scheepers & Scheffler 2000:160). Argeoloë moet soms veronderstellings maak wat op bestaande kennis gebaseer is wat steeds bevraagteken kan word, soos die verskillende menings in die navorsing oor die funksies en identiteite van die terracotta godsbeeldjies in Israel en Juda, in die agste tot die sesde eeu v.C. (Moorey 2003:67). Opvattinge wat al lank aanvaarbaar was kan ook later as verkeerd bewys word, soos die ses-kamer poort van Megiddo en Garstang se datering van Jerigo se mure (Illustrated Bible Dictionary Vol. I 1980:92; Scheepers & Scheffler 2000:107). Soortgelyke probleme kan ook ondervind word in navorsing oor die musiekkultuur en gebruik van musiekinstrumente in 'n spesifieke volkskultuur, soos die interpretasie van en die vertaling van bybelse terme van instrumente. Deur die argeologiese benadering in die studie van musiekartefakte, en om gebruik te maak van argeo-ikonografie, kan die leemte in die kennis van musiekkultuur en kulturele ontwikkeling van 'n volk/etniese groep tot 'n mate verminder word.

1.3 *Kulturele kontak en beïnvloeding*

Datering vir die oorsprong van die Israeliete is baie onseker. Wat wel seker is, is dat Israel as volk nie in isolasie ontwikkel het nie en hulle oorsprong ten nouste vervleg is met die Egiptiese en Mesopotamiese beskawings van die Bronstydperk, asook hulle kontak met die Kanaäniete, Filistyne, Fenisiërs en moondhede soos Assirië en Babilonië (Dever 2003:8; Finkelstein & Silberman 2001:107; Killebrew 2005:13,185; Miller 2005:97). Gegee die geografiese ligging van antieke Israel/Palestina in die Nabye Ooste, en die voortdurende politieke magstryd en wisseling van beheer deur die groot moondhede oor die plaaslike en internasionale verkeer- en handelsroetes deur die gebied, was die beïnvloeding van buite voor die hand liggend.

Die Hebreërs as Semiete, se naaste kulturele kontak was met die Asiatiese Nabye Ooste, maar hulle het op kulturele kruispaaie gebly wat dikwels beheer en deurlopend beïnvloed was deur nie-Semitiese volke soos die Egiptenare, Hetiete, die Horiëte, die Assiriërs en Perse. Die Egiptiese reisverslag van *Wenamun* na Fenisië, toon 'n siening van kruis-kulturalisme ten tye van die disintegrasie van die Nuwe Ryk in Egipte (ongeveer 1100 v.C.). In die teks word Semitiese en nie-Semitiese name en woorde gebruik wat daarop kan dui dat Egiptenare interaksie of minstens kennis van Semitiese mense gehad het.

Die beskrywing van die verloop van die antieke geskiedenis lê klem op kruis-kulturele verhoudinge, en die uitwerking daarvan binne die bestaansfeer van die volke. Al die bogenoemde volke het in hul kontak met antieke Israel/Palestina op watter manier ookal, kulturele diversiteit na Kanaän gebring. Volgens die Bybelse verwysing van Genesis 31:47 het persone wat daar gevestig het, die Kanaänitiese taal aangeneem, soos Abraham uit Ur van die land van die Galdeers. Uit die Tel el-Amarna briewe is dit duidelik dat in die mid-tweede millenium, Babilonies die *lingua franca* was. Teen die agste eeu v.C. het Aramees toenemend die handelsgebruikstaal geword, soos 2Konings 18:26 en Jesaja 36:11 aantoon. Kruiskulturele kontak en die uitwerking daarvan was dus 'n realiteit vir die bewoners van Palestina en die antieke Israeliete, vanaf die patriargale periode dwarsdeur hul geskiedenis (Smick 1989:3,4). Die Ystertydperk (1200-586 v.C.) was 'n kulturele hoogtepunt in die antieke Nabye Ooste en argeologiese bronne en tekste toon dat

musiek 'n baie belangrike deel gevorm het van die kultuur van al die naburige volke, en die aanname kan gemaak word dat dit ook die geval was van die volk Israel (Burgh 2006:2).

1.4 *Probleemstelling.*

Teen die agtergrond van die voorafgaande uiteensetting van antieke Israel se posisie tussen die naburige kulture in die antieke Nabye Ooste, is dit duidelik dat kruiskulturele kontak noodwendig 'n uitwerking sou toon op al die fasette van antieke Israel se ontwikkeling as 'n staat, en derhalwe ook op die godsdiens en kulturele lewe. Soos vroeër uitgelig is, was die musiekkultuur onlosmaaklik deel van ook die antieke Israelitiese leefwyse en 'n belangrike uitdrukkingsvorm van hul eiesoortige identiteit.

Die Hebreeuse Bybel gee egter baie min inligting oor die musiekkultuur van antieke Israel/Palestina en van die musiekinstrumente in die besonder. Die meeste inligting word deur die Kroniekeskrywers deurgegee en die poëtiese inhoud van die Psalms sluit aan by die aanduidings van die musiekbegeleiding in die voordrag van die liedere.

Die vraag kan dus gevra word: Tot watter mate bied 'n interdisiplinêre argeologiese navorsing meer kennis, insig en begrip oor die Israelse musiekkultuur in die algemeen en die gebruik van musiek-instrumente in die besonder. Verder, kan sodanige navorsing bepaal in watter mate die gebruik van musiekinstrumente in die eiesoortige musiekkultuur van Israel deur kontak met die naburige volke beïnvloed is. Dus: eiesoortig of transkulturele erfgoed. Hierdie vrae sal indringend aandag geniet in die werk wat volg.

1.5 *Werkswyse*

Beplande klank, die unieke eienskappe van toonhoogte, musikaliteit, toonkleur en harmonie in die kombinasie van musiekinstrumente kan opsigself nie vanuit die argeologiese rekord geneem word nie en tekstuele aanduidings oor die gebruik daarvan of die klankkwaliteit is dikwels dubbelsinnig of is net as soetklinkend, ernstig of aangenaam beskryf. Oor die klankrykheid en musikaliteit van die

instrumente kan slegs vae voorstellings gemaak word (Scarre & Lawson 2006:11; Sendrey 1969:263).

Min is egter bekend van die kulture van die antieke wêreld en 'n studie van die musiekkultuur, en in die besonder die gebruik van musiekinstrumente, kan lei tot 'n beter begrip van die gemeenskappe waar dit gebruik was (Burgh 2006:2). Weens die leemte in, en gebrek aan volledige Bybelse inligting en materiële bewyse van die Israelse musiekkultuur, en in die besonder die musiekinstrumente, sal in die werkswyse gebruik gemaak word van bestaande argeologiese navorsingsdata van die Ystertydperk in Palestina. In die navorsing sal aandag gegee word aan die statistiek en beskrywings van die onderskeie musiekinstrumente soos dit gevind word in die tipes musiekartefakte, buitebybelse bronne, relevante tekstuele en argeologiese data van naburige kulture. Burgh dui daarop dat artefakte en voorstellings van musiekaktiwiteite, wat tot die Ystertydperk in Israel/Palestina behoort, min is. Die meeste belangrike musiekinstrumente oorspan die Laat-Bronstydperk en Ystertydperk tot in die Hellenistiese tydperk en bronne van hierdie tydperke voorsien data om die verskillende aspekte van die musiekkultuur van antieke Israel/Palestina na te vors (2006:85).

Die ryk, geskakeerde historiese leefwêreld van die naburige volke in die antieke Nabye Ooste bied die agtergrond waarteen Israel as volk ontwikkel het, en waaruit hulle sekere elemente sou oorgeneem het, ontwikkel het en 'n eiesoortige karakter daaraan gegee het. Teen hierdie historiese agtergrond van die naburige volke in die antieke Nabye Ooste, sal probeer word om aan te dui dat die ontwikkeling van antieke Israel se kultuur, en in die besonder die musiekkultuur, in die groter konteks van internasionale betrokkenheid plaasgevind het en beïnvloed was deur transkulturele kontak.

Volgens Ziony Zevit is daar drie soorte data wat gesamentlik in berekening gebring moet word om 'n historiese, drie dimensionele begrip van die godsdienst van antieke Israel, wat ook die musiekkultuur insluit, te vorm en moontlike antwoorde te kry. Literêre data word verkry deur die histories-filologiese studie van die Bybel en die antieke tekste in die Nabye Oosterse konteks. Data van artefakte word verkry deur die onderskeie werksywes en wetenskaplik gegronde bevindings van argeologie. Die gespesialiseerde benaderings in die suiwer akademiese studie van

die godsdiens bied data vir godsdiensleer (in Gittlen 2002:37). Hierdie bevinding sal, waar moontlik, gevolg word.

1.6 *Inligtingsbronne tot die studieveld van die musiekkultuur in die algemeen en die musiekinstrumente in die besonder.*

Waar die bybelse verwysings na musiekinstrumente slegs die name en die konteks meld, word met enkele uitsonderings (die aantal snare van die harp en lier en die beskrywing van die silwer trompette) byna geen fisiese besonderhede van die instrumente gegee nie. Die enigste outentieke bron vir die antieke Israelse musiekkultuur is die oorspronklike Hebreeuse teks, en dus is filologie en tekskritiek belangrike elemente in die studie van die musiekkultuur en veral die instrumente. Buite-bybelse geskrewe bronne soos die Misjna, Jerusalem-Babiloniese Talmud, kan lig werp op die gebruike van instrumente.

Volgens Braun was die afwesigheid van ikonografiese bewyse van die musiekkultuur van antieke Israel tot onlangs hoofsaaklik gekoppel aan die Ou Testamentiese verbod op die maak van voorstellings. Navorsing van argeologies-ikonografiese materiaal en Ou-Testamentiese historiografie het egter getoon dat beide die antieke Israelitiese kultuur en Israelse godsdiens nie altyd en orals ikonoklasties was waar voorstellings vernietig is nie. Argeo-ikonografie is dus beskikbaar, maar moet beoordeel en tipologies klassifiseer word teen die sosiokulturele agtergrond van die streek. Braun maan tot versigtigheid met die keuse van argeo-ikonografiese bronne en is van mening dat kennis van historiese en sosio-politiese toestande, in byvoorbeeld Israel/Palestina en Mesopotamië, in ag geneem moet word, voordat ooreenkomste in die gebruik van musiekinstrumente aangedui word of veralgemening plaasvind. Slegs histories-geografies relevante argeologiese bewyse kan gebruik word in die navorsing (2002:6,8).

Burgh is van mening dat vergelykende studies van ikonografie bydra tot die studie van artistiese stilering, vakmanskap, vervaardigingsproses en onderwerp-materiaal in ikonografiese uitbeeldings en beeldjies (2006:20). Vergelykende studies is ook, volgens Braun se mening, onmisbaar by enige musikologiese bestudering van antieke Israel/Palestina waar sommige bybelse terminologie teruggevoer kan word

tot die derde millennium v.C. Vergelykende studies soos die Sumeriese navorsing deur Langdon in 1921 en die navorsing in Ugarit, het aanvullende inligting verskaf vir die inventaris van instrumente in die vorm van instrument name wat terug dateer tot die veertiende en dertiende eeu v.C., soos *knr*, *lier* en *tp*, handtrommel. (Braun 2002:7). Die studies bied belangrike bykomende inligting tot die moontlike verband en oorsprong van instrumente. Argeologiese materiaal van die naburige volke en vergelykende studies van tekstuele, etnografiese, argeologies/ikonografiese en etimologiese data kan bydra tot 'n meer noukeurige kennis van die musiekinstrumente. Moontlike ooreenkomste kan gevind word in musiekterme, maar ook van kenmerke van eiesoortigheid, soos die gepubliseerde navorsing van Anne Caubet in 1994 getoon het (Braun 2002:2,7,8,9). Burgh beklemtoon die belangrikheid van soveel moontlike beskikbare argeologiese data om 'n kulturele konteks vas te stel, maar is van mening dat vergelykende studies baie kan bydra tot navorsing van artistieke stilering, vakmanskap, materiale en onderwerpe in die ikonografiese voorstellings van figure, musikante en musiekinstrumente (2006:20).

Volgens Braun is die betroubaarste primêre bron van die musiekkultuur van antieke Siro-Palestina, die plaaslike argeo/ikonografiese bewyse en is van mening dat die musiekkultuur van Israel/Palestina as 'n plaaslike ontwikkeling gesien moet word. 'n Mening wat baseer is op bevindings van geleerdes, dat die belangrikste streeksveranderinge van die 13de-11de eeu v.C. die gevolg was van lang-termyn sosio-ekonomiese transformasie wat die ineenstorting van die stad-staatstelsel voorafgegaan het, en slegs gedeeltelik as gevolg van verowerings en infiltrasie. Bestudering van die ikonografie dra by tot kennis en insig in die tegniese, sosio-antropologiese en simboliese aspekte van die verlore musiekkultuur. Braun wys op die identifisering van die politeïstiese aard van die eerste millennium v.C. antieke Israel/Palestina wat waarskynlik gelei het tot die skepping of ontwikkeling van 'n politeïstiese musiekkultuur. Hierdie bewering kan slegs getoets word op grond van die plaaslike argeologiese bewyse (Braun 2002:5,6).

Historiese perspektiewe van Egipte, Kanaän, die Filistyne, Fenisiërs en Assiriërs, die volke wat vanuit die Bybelse perspektief deel was van Vroeë Israel, en die latere Israelse volk se bestaansgeskiedenis en lotgevalle, kan die nodige

agtergrondinligting verskaf vir die vasstelling van kruiskulturele kontak. Meer inligting en insig oor die voorkoms, gebruike en moontlike aanpassings van die instrumente, soos dit in die verskillende kontekste in die bybelse tekste genoem word, kan ook so verkry word. Kruiskulturele kontak kan vasgestel word soos dit duidelik word in die verskeidenheid van manifestasies soos handel en handels- en kommunikasie roetes, politieke beheer, militêre offensiewe, politieke verbintenisse, sosiale en godsdienstige gebruike en die implikasies daarvan op die bewoners van antieke Palestina/Israel. Deur die plek, tyd en omstandighede van die bestaan van die volke in die Nabye Ooste uit te lig, kan gedateerde argeologiese musiekartefakte as deel van die kenmerkende materiële kultuur van 'n volk, moontlik in verband gebring word met historiese gebeure wat as aanvullende verduideliking kan dien en sodoende betekenis aan die vonds kan gee – die artefak in historiese konteks.

1.7 *Slotsom.*

Die voorafgaande gedeeltes het aangetoon dat musiek en musiekinstrumente onlosmaaklik deel is van die bestaan van die mens. Die rol en betekenis van musiek in die verskeidenheid van instrument, uitvoering en funksie, vorm 'n belangrike deel van die somtotaal van 'n volk se kulturele erfgoed. Die sin en betekenis daarvan omvang die hele menswees in sy psige, ideologië, wêreldbeskouing, godsdiens en alledaagse leef-en-werkopset. Na millennia bly die volle wese van musiek steeds 'n enigma.

Inligting in die Hebreeuse Bybel oor die musiekkultuur en musiekinstrumente van die Ystertydperk is baie beperk. Die bespreking van die moontlike inligtingsbronne het aangedui dat inligting vir die navorsing van die gebruik van musiekinstrumente in die Ystertydperkse Israel/Palestina, gevind kan word in beskikbare buite-bybelse tekstuele en argeologiese data, vergelykende studies maar veral in musiek-ikonografie. Kennis van die sosio-kulturele ontwikkeling, geleenthede en gebruike wat met musiekinstrumente verband het, dra by tot kennis van die gebruik van die instrument en die status daarvan in die gemeenskap. Die waarde van historiese perspektiewe en aanduidings van kulturele kontak en beïnvloeding, word uitgelig as 'n moontlike middel tot 'n beter begrip en kennis van die gebruik van

musiekinstrumente in die musiekkultuur van Israel/Palestina en veral van die volk Israel.

HOOFSTUK 2

HISTORIESE PERSPEKTIEF OP DIE GEBEURE IN DIE OOSTELIKE MEDITERREENSE STREEK IN DIE OORGANGSFASE VAN DIE LAAT BRONSTYDPERK TOT DIE YSTERTYDPERK.

2.1 *Inleiding*

Die gebruik van die musiekinstrument gedurende die Ystertydperk vorm, volgens bybelse tekstuele verwysings, 'n belangrike deel van Israel se musiekkultuur. Dit word aanvaar dat die bybelse volk, Israel, nie in isolasie ontwikkel het nie, en volgens sommige navorsingbevindings, uit die omstandighede van die oorgangsperiode van die Laat-Bronstydperk ontwikkel het. Soos aangedui sal word, is sommige musiekinstrumente reeds vir millennia deel van die musiekkultuur. In die navorsing van die musiekinstrument word kennis gemaak met elemente wat dateer uit vroeë tydperke. Om dan 'n geheelbeeld te kry van die agtergrond waarteen die musiekkultuur in antieke Israel/Palestina, en veral die musiekinstrument ontwikkel het, is dit nodig om dit te plaas in die groter raamwerk van internasionale toestande.

Kennis van die internasionale politieke, sosio-ekonomiese toestande en historiese gebeure in die geskiedenis van die volke in die antieke Nabye Ooste kan beter begryp word teen die agtergrond van die veranderde omstandighede gedurende die laaste eeue van die Laat-Bronstydperk, wat ook as die ontstaansperiode van die bybelsevolk, Israel, beskou kan word (Killebrew 2005:149). Die tweede helfte van die tweede millennium v.C. was deur uitsonderlike hoë vlakke van ontwikkeling gekenmerk. Dit word tradisioneel in twee periodes, die mid-tweede millennium tot 1200 v.C. (Laat-Bronstydperk) en Ystertydperk I (1200-1000 v.C.) opgedeel (Mazar 1992:11).

2.2 *Laat-Bronstydperk in die Oostelike Mediterreense gebied.*

Die Laat-Bronstydperk, 'n periode van ongeveer 1400-1200 v.C. word gesien as die era van internasionalisme. Dit was gekenmerk deur 'n tydperk van ontwikkeling met ontwikkelde kulture en groot politieke en ekonomiese magte wat verbind was aan die opkoms van ryke en streek-imperialisme. Die Hetitiese, Babiloniese, Assiriese en Egiptiese ryke word hieraan verbind terwyl die Griekse vasteland en Ciprus 'n belangrike rol vervul het in internasionale sake. Die verskyning van die gesentraliseerde administrasie in die paleisstelsel het 'n kenmerkende ekonomiese, monopolistiese produksie en 'n intensiewe interstreek handel meegebring (Killebrew 2005:25).

Die massa-produksie van gestandaardiseerde erdeware, soos veral te sien is in die homogene keramiek versameling van Kanaän en die wisseling van luukse voorwerpe, weerspieël die gekoppelde politieke en ekonomiese strukture gedurende die tydperk.

Totale mag was gesentreer in die heersende dinastië, konings en prinse van elke politieke streek, wat onder beheer van die sterk moondhede regeer het. Die balans in die verhouding van die groot moondhede met die vasalstate en naburige volke is bevestig met vasal-verdrae en in stand gehou met 'n sterk militêre mag en 'n hierargie en amptenary vir beheer en kontrole en die insameling van die skatpligtige bydraes. In die Egiptiese beheerde gebied, Kanaän was ook 'n stadstaatstelsel gevestig en die manifestasie van die imperialistiese regeringstyl van Egipte is in die argeologiese rekord, soos die keramiek en argitektuur, bevestig. Internasionale verhoudinge is gekenmerk deur 'n goed ontwikkelde diplomatie en goeie kulturele- en handelsbetrekkinge. Die tydperk van relatiewe stabiliteit en vooruitgang was gekenmerk deur florerende handel en hoogstaande vakmanskap in die vervaardiging van kunsvoorwerpe en handelware. Hierdie hoogtepunt word duidelik uitgelig deur die ruim bron van argeologiese data en die geskrewe materiaal soos die spykerskrif argiewe van Ugarit, El-Amarna en Hattusa asook die materiaal van die Kretensiese Lineêre B dokumente van die Miceense Ryk. In die politieke en ekonomiese onderhandelinge was Akkadies die *lingua franca*. Gedurende die laaste deel van die dertiende eeu v.C. het hierdie internasionale kontakte begin verbrokkel as gevolg van onomkeerbare gebeure en

onderlinge krisisse (Finkelstein & Silberman 2001:86; Killebrew 2005:21,24,25,51; Mazar 1992:11,12).

2.3 *Verbrokkeling van internasionalisme en gesagstrukture*

Die oorgang van die Bronstydperk na Ystertydperk I in die Oostelike-Mediterreense gebied het teen ongeveer die einde van die dertiende eeu, begin twaalfde eeu v.C. plaasgevind. Die laaste eeue van die tweede millennium v.C. word gesien as die draaipunt in die geskiedenis wat die hele Mediterreense gebied en die westelike deel van Asië ingesluit het. Die oorgang was gekenmerk deur ingrypende gebeurtenisse met verreikende gevolge in die geskiedenis van die onderskeie volke in die gebied. Die Hetitiese Ryk was vernietig en die gesentraliseerde paleissisteem van die Miceense wêreld was besig om te verbrokkel terwyl Egipte 'n ekonomiese en politieke krisis beleef het (Killebrew 2005:33).

2.3.1 *Gebeure tydens die oorgangsfase van die Bronstydperk tot die Ystertydperk.*

Verbrokkeling van die sterk heersermagte in die veertiende en dertiende eeue van die Bronstydperk is gevolg deur uitgebreide transformasie en veranderinge in die politieke, etniese, sosiale, en kulturele karakter van bevolkings dwarsdeur die westelike deel van Asië. Groot moondhede is deur klein koninkryke vervang (Mazar 1992:11). Die agteruitgang en verbrokkeling van die voorheen verbonde wêreldsisteem lei tot die vorming en ontwikkeling van verskillende plaaslike kulture en etniese groepe in die gebiede. Egipte, die eens sterk imperiale mag se veranderde rol as 'n heerser met verswakte politieke beheer in Kanaän, lei veral tot die opkoms van nuwe ideologië en etniese identiteite wat kenmerkend was van die eerste millennium v.C. leefwêreld. (Killebrew 2005:42,149).



Kaart 1: Die Antieke Nabye Ooste (Dothan, T 1982. *The Philistines and their material culture*).

Gedurende die Laat-Bronstydperk was die Oostelike-Mediterreense streek onder beheer van twee sterk moondhede, Egipte met die groot provinsie Kanaän en die Anatoliese-Hetitiese moondheid wat, sedert die El-Amarna-periode in die veertiende eeu v.C., Noord-Sirië beheer het. Die bykans honderdjarige konflik oor Sentraal-Sirië is met die sluit van 'n vredesverdrag en die vorming van 'n alliansie tussen Egipte en die Hetiete in die een-en twintigste regeringsjaar van Ramesses II (1253 v.C.) beëindig (Mazar 1992:11,12).

Soos genoem is, het die oorgangsfase van die Laat Bronsperiode tot die Ystertydperk in die Mediterreense gebied ingrypende veranderinge op alle gebiede met verreikende gevolge ingehou vir die bewoners van die hele gebied. Teen die laat dertiende en vroeg twaalfde eeu v.C. het die Egeïese en oostelike streke vinnig onverwagte veranderinge ondergaan. Die Miceense maritieme ryk, met die gesentraliseerde paleis-sisteem, was besig was om te disintegreer en die Hetitiese

ryk het ineengestort en is vernietig. Klaarblyklik was beide ryke nie oorgeneem of ingeval deur vreemde moondhede nie (Killebrew 2005:33).

Die Twintigste Dinastie in die Egiptiese Ryk toon ekonomiese en politieke agteruitgang en die oorheersing in die Egiptiese provinsie Kanaän verswak en verdwyn later. Die verslegtende omstandighede word duidelik uit die veertiende eeu v.C. el-Amarna briewe in Akkadies wat aan die faraos van Egipte gerig is. Dit is veral briewe van die Kanaänitiese prinse wat militêre hulp soek, teen onder andere die 'Apiru aanvallers soos blyk uit El Amarna brief 75 en El Amarna brief 151 (Moran 1992:145,238). Kanaän beleef op diè stadium 'n oorgangsperiode terwyl sentrums verwoes word en agteruitgang sigbaar is.

Argeologiese bewyse oor 'n wye gebied toon dat hierdie oorgangsfase gekenmerk is deur totale verwoesting van groot stede soos Hattusa, Ugarit, Qatna, Kadesh op die Orontes, die Miceense sentrums in die Peloponnese asook stede aan die westkus van Anatolië. Megiddo en Hasor in die binneland word verlate ruïnes en die Kanaänitiese stad, Lagis, is aan die brand gestee en verlate gelaat. Verwoesting van gebiede en ontvolking van groot gebiede en massa migrasie van etniese groepe het wydverspreid plaasgevind.

Daar is gevind dat slegs enkele dokumente van Hattusa en Ugarit, wat uit die voorafgaande periode dateer, sowel as inskripsies in die Egiptiese tempel van Ramesses III by Medinet Habu, 'n aanduiding gegee het van die naderende katastrofe.

Die oorsake van die katastrofiese historiese gebeure bly 'n raaisel en verskeie hipoteses word gestel om dit rasioneel te verduidelik. Moontlike oorsake, elk met unieke impak en gevolge, word aangevoer soos tegnologiese ontwikkeling met wapenvervaardiging, ineenstorting van sisteme asook die sikliese opkoms en ondergang van stedelike kulture, sosiale rewolusies en invalle deur migreerende of roofgroepe en natuurrampe ens. Dit blyk egter dat uiters gekompliseerde magte verantwoordelik was vir die transformasie gedurende die dertiende en twaalfde eeue v.C. (Killebrew 2005:34-37; Mazar 1992:13).

Teen 1130 v.C. was 'n veranderde ekonomiese en sosiale struktuur al deel van die bewoners van die streke se leefwyse. In die noorde van die streek was die

transformasiefase reeds teen 1175 v.C. verby (Finkelstein & Silberman 2001:86,87,90; Killebrew 2005:33; Mazar 1992:12,13).

Die agteruitgang van die internasionale Laat-Bronstydperk ryke was egter 'n langsame proses oor tyd heen met 'n geleidelike agteruitgang op alle gebiede. Argeologiese opgrawings het getoon dat die agteruitgang en verwoesting van die Kanaänitiese gemeenskap 'n lang en geleidelike proses was. Argeologiese getuienis gegrond op erdeware afkomstig van Laat-Bronstydperk Hasor, toon aan dat kenmerkende eienskappe van die dertiende eeu v.C. ontbreek. Hazor was vermoedelik reeds vroeër verwoes terwyl Megiddo in die tweede helfte van die twaalfde eeu v.C. verwoes is (Finkelstein & Silberman 2001; Killebrew 2005:37).

Soos die magsbasis verskuif het van die ouer gevestigde sentrums vanwaar kontrole uitgeoefen is, is gevind dat wydverspreide verwoesting of opstande voorgekom het by terreine asook 'n beweging of migrasie van gemeenskappe. Daarteenoor is ook gevind dat ekonomiese voorspoed en uitbreiding ondervind is in sommige dele, veral die kusstreke van Anatolië. Die transformasie, in besonder die randstreke van die Laat-Bronstydperk wêreld het, met veral Egipte se veranderde rol in Kanaän, gelei tot die opkoms van nuwe ideologië en etniese identiteite wat kenmerkend was van die eerste millennium bybelsewêreld van Ystertydperk Israel/Palestina. Volgens Braun was die ontwikkeling van die streek se musiek baie duidelik deur hierdie politieke bewuswording en konsolidasie van staatvorm en nasionale identiteit beïnvloed. Die gevolglike toename in kontak en handel met vroeëre kontakte, soos die ouer Babiloniese dinastië en die Nuwe Egiptiese Ryk, het gelei tot kulturele uitruiling en die verskyning van nuwe musiektradisies in Israel /Palestina (2002:80,115; Killebrew 2005:44)

Gedurende die dertiende en groot deel van die twaalfde eeu v.C. tot die regering van Ramesses VI (1143-1136 VHJ), is Egiptiese militêre en administratiewe betrokkenheid in Kanaän aangedui deur voortgaande ontwikkeling van stede in die suidelike en sentrale dele. Die Laat-Bronstydperk stedelike kultuurverval was 'n geleidelike proses van meer as 'n eeu, soos bevestig deur die vernietiging van Hasor (mid-dertiende eeu v.C.) en Lagis (laaste deel van die twaalfde eeu v.C.) (Na'aman in Finkelstein & Na'aman 1994:223).

Hoewel die krisis in die Laat-Bronstydperk gekenmerk was deur agteruitgang, verlatings en verwoesting van terreine, was daar tog ook kontinuïteit, soos Egipte se invloed in Kanaän wat argeologies merkbaar was gedurende 'n groot deel van die twaalfde eeu v.C. Teen die middel van die twaalfde eeu v.C. het Egipte se invloed egter 'n duidelike agteruitgang getoon (Killebrew 2005:37).

Bewyse van voortgesette Egiptiese teenwoordigheid is gevind by Megiddo, Beth-Shean, en Lagis tot ongeveer 1150 v.C. Volgens argeologiese data is aanpassing en integrasie van Egiptiese motiewe in Siriese kunstradisies gevind, soos die luukse ivoorvoorwerpe by Megiddo en die basalt-beelde by Hasor (Zevit 2001:97).

Wat veral van belang is in hierdie periode, is die groot migrasie van die sogenaamde 'See Volke', waaronder ook die Filistyne as een van die groep genoem word, vanaf die Balkan en die gebied van die Miceense ryk na die kus van Anatolië en die Levant asook na die westelike eilande van die Mediterreense gebied (Mazar 1992:13). Migrasie vanaf die tuislande en vestiging in nuwe gebiede word gesien as die gevolg van die ingrypende veranderinge met die gepaardgaande politieke en ekonomiese implikasies en nie as die oorsaak daarvan nie (Finkelstein & Silberman 2001:89). Die Egiptiese farao, Merenptah (1237/1226 -1227/1216 v.C.) loods veldtogte (1226-1223 v.C.) in Kanaän en veg teen die See Volke, die nie-Semitiese immigrante wat later langs die kus vestig en gevolglik die kusvlakte beheer het (Zevit 2001:96).

2.4 *Slotsom.*

In die voorafgaande gedeeltes word die ingrypende gebeure in die Oostelike-Mediterreense streek gedurende die oorgangsperiode tussen die Laat-Bronstydperk en die Ystertydperk uitgelig, en die implikasie van die ontwingting aangedui. Dit was gekenmerk deur verbrokkeling van internasionalisme en gesagsstrukture, magswisseling, verwoesting van stede en massa migrasie van etniese groepe. Die geleidelike transformasie, wat ook gekenmerk was deur ekonomiese voorspoed en uitbreiding, het gelei tot die opkoms van nuwe ideologieë en etniese identiteite, waaronder ook Vroeë Israel. Faktore wat ook die ontwikkeling van die musiekkultuur van die streek sou beïnvloed. Die

migrasie/koms van die Seevolke, met hul eiesoortige kultuur, sou 'n duidelike invloed laat geld.

HOOFSTUK 3

HISTORIESE PERSPEKTIEF OP EGIPTE, KANAËN, FILISTEA EN FENISIË.



Kaart 2: Die Antieke Nabye Ooste en Palestina.

http://www.bible-history.com/geography/maps/map_ancient_near_east.html

3.1 Inleiding

In die voorafgaande hoofstuk is gewys op die gebeure in die Oos-Mediterreense streek en die implikasie daarvan, veral in Palestina. Vroeë Israel is identifiseer as een van die etniese groepe wat ontwikkel het uit die veranderde omstandighede. Die aanname kan waarskynlik gemaak word dat gedurende die proses van ontwinging, massamigrasie en groeppvorming, kontak gemaak is met verskeie kulturele invloede. Kontak met verskillende sosio-politieke groepe en hul kultuur sou 'n besliste invloed uitoefen op 'n ontwikkelende entiteit en latere etniese groep se kultuur, kultuurgoodere en leefwyse.

Volgens tekstuele verwysings in die Hebreeuse Bybel is die geskiedenis van die volk Israel nou verweef met naburige Egipte, die inwoners van Kanaän, die Filistyne en Fenisiërs aan die kusstreke. Vanuit bybelseperspektief word die rolspelers in die ontwikkelingsgeskiedenis van die Israeliete geteken as die Kanaänitiese afgode-aanbidders, die ongenadige Egiptenare met slawediens, die militante Filistyne en die Israeliete as aanbidders van *Yahweh*. Elkeen van hierdie groepe sou implisiet en eksplisiet, invloed uitgeoefen op die ontwikkeling van die latere volk Israel op politieke, sosio-ekonomiese, kulturele en godsdienstige gebied. Deur die historiese agtergrondkennis van die onderskeie volksgroepe kan die gedateerde spesifieke artefak of ikonografiese voorbeeld in verband gebring word met sosio-politieke gebeure van die tyd en dus ook inligting verskaf van die ontwikkeling van die musiekkultuur van die periode, tyd of plek.

Die buite-bybelse data wat bestaan uit onder andere musiek-artefakte, musiek-ikonografie en tekstuele bronne sal waardevolle inligting kan bied oor die musiekkultuur van antieke Israel/Palestina en die verhouding tot die groter sosio-kulturele opset in die gebied. In die bespreking van musiekinstrumente, argeologiese data en musiek-ikonografie sal verwys word na die gebruik daarvan in die antieke Israel/Palestina konteks en moontlike verband met die naburige kulture. Historiese agtergrondkennis van naburige volke sal die gebruik van musiekinstrumente in Israel/Palestina gedurende die Ystertydperk in konteks tot die ander kulture plaas.

3.2 EGIPTE

Hymn to Osiris and a legend of the origin of Horus.

1. Homage to thee, Osiris, Lord of eternity, King of the gods, whose names are manifold, whose transformations are sublime, whose form is hidden in the temples whose KA is holy, the Governor of Tetut, 1 the mighty one of possessions (?) 2 in the shrine, 2 the Lord of praises 3 in the nome of Anetch, 4 President of the tcheffa food in Anu, 5 Lord who art commemorated in [the town of] Maati, 6 the mysterious (or, hidden) Soul, the Lord of Qerret, 7 the sublime one in White Wall, 8 the Soul of Ra [and] his very body, who hast thy dwelling in 3 Henensu, 9 the beneficent one, who art praised in Nart, 10 who makest to rise up thy Soul, Lord of the Great House in the city 11 of the Eight Gods, 12 [who inspirest]

Lied gewy aan Osiris en die legende van die oorsprong van Horus.

<http://www.sacred-texts.com/egy/leg/leg22.htm>



Fig. 1(a): Horus - die Egiptiese god wat gesien is as die beskermegod van die Farao's van Egipte. http://www.reshafim.org.il/ad/egypt/egyptian_mythology.htm

Fig. 1(b): Reliëfuitbeelding (43 cm hoog) van Farao Akhenaten (1363-1347 v.C.) en Koningin Nfretiti wat offers bring aan Aten, die Son-god wat hulle aanbid. Die son met die afwaartse strale verteenwoordig die Son-god Aten (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 3:1494).

3.2.1 *Inleiding.* 'n Voëlvlug oor die geskiedenis van farao's en ontwikkeling in die land van die faraos, kan bydra tot 'n beter insig van die omstandighede waartydens transkulturele kontak kon plaasgevind het. 'n Gevolglike kulturele beïnvloeding wat ook merkbaar sou wees in die musiekkultuur van Israel en die gebruik van musiekinstrumente.

In die voorafgaande hoofstuk word verwys na die rol van Egipte in die internasionale politiek van die Laat-Bronstydperk en is dit ook duidelik dat Egipte reeds die hoogtepunt van die volk se glorieryke politieke en kulturele hoogtepunt bereik het teen 1200 v.C. Vanaf die daeraad van die ontstaan in die Vroeë-Bronstydperk, 3100 v.C. tot aan die einde van die dertigste dinastie teen 332 v.C., was die onderskeie ryke en dinastië se geskiedenis gekenmerk deur laagtepunte met tye van ekonomiese probleme, politieke onrus, staatkundige verval, stryd teen vreemde invallers maar ook van internasionale mag en aansien, suksesvolle veldtogte, voorspoed en kulturele hoogtepunte (Hoffmeier in Hoerth, Mattingly & Yamauchi (ed) 1994:270,282; Illustrated Bible Dictionary Vol. 1 1980: 417).

Egipte, met die ideale strategiese ligging tussen die kulture van Wes-Asië en Afrika, het met die wedersydse interaksie 'n groot impak op die geskiedenis en kulture oor 'n groot gebied uitgeoefen. In Genesis 10:6 se lys van nasies word verwys na Egipte as die seun van Gam in die lys van afstammelingen van Noag (Hoffmeier in Hoerth et al (ed) 1994:252).

3.2.2 *Dinastië, farao's en veldtogte.* Materiële oorblyfsels soos monumentale bouwerke, oorwinningsuile, stelae, reliëfwerke en uitbeeldings teen tempel- en graftombe-mure en keramiekvoorwerpe en tekstuele bronne, is 'n belangrike bron van inligting oor die leefwyse, prestasies, en kultus van die Egiptiese farao's en die mense asook die rol van die onderskeie regerings in die internasionale politiek van die antieke Nabye Ooste.

Die voor-dinastiese Egipte was verdeel in Laer-Egipte, die noordelike deel met die Nyl-delta en Bo-Egipte, die suidelike deel, stroom op met die vrugbare Nylrivier grondgebied. Uit die drie opeenvolgende voor-dinastie-vestigings het die historiese Egiptiese gemeenskappe ontwikkel met eiesoortige kultiese heiligdomme en geloof in 'n na-doodse bestaan soos blyk uit die grafgebruike en *mastabas*.

In die laaste periode in die finale pre-historiese fase, voor die derde millennium v.C., Naqada II, (4000-3100 v.C.) het kontak met Sumeriese Mesopotamië reeds bestaan, wat duidelik blyk uit die sterk invloed op die ontwikkelende Egiptiese kultuur. Gedurende die laaste fase van die vierde millennium v.C. het die hiëroglief-skryfwyse ontwikkel en het die Egiptiese kuns kenmerkende eienskappe begin ontwikkel.

Die politieke unifikasie van Laer en Bo-Egipte was die begin van politieke beheer in die land deur die daaropvolgende dinastië van die farao's en het geëindig met die een-en-dertigste dinastie (332 v.C.). Kontak tussen Egipte en Palestina word bevestig deur potskerwe wat so vroeg dateer as Dinastie 1 (3100-2680 v.C.) wat by Tell Arad en Tell Arani gevind is. Hoewel die konsep van die heilige koningskap reeds in die pre-dinastiese periode gevorm is, is die koning se naam vanaf Dinastie 1 (ongeveer 3100 v.C.) aan *Horus*, die seun van die songod, *Re (Ra)* gekoppel. Die titel *Son of Re* het later 'n blywende titel geword. Volgens Hoffmeier het die rol as soldaat en inkarnasie van die god *Horus*, en as hoëpriester van die belangrikste kultiese sentrums, aan die farao's uitermate mag besorg, veral in die Ou Ryk (2700-2200 v.C.). Die mag is veral gebruik om massiewe bouprojekte deur te voer vir die verering van die gode en hulself (Hoffmeier in Hoerth et al (ed) 1994:252,254,256).

Die hoogtepunt van die absolute mag van die farao op alle terreine word weerspieël deur die heersers van Dinastie 4 (Illustrated Bible Dictionary Vol. 1 1980:419).

Die Ou Ryk of Piramiede-periode, Dinastië 3 en 4 (2680-2180 v.C.) toon 'n groot oplewing op alle gebiede; ekonomie en handel, literatuur soos wysheidsgeskrifte, kuns, beeldhouwerk, geverfde reliëfwerke, meubels en juwele. Hoffmeier toon aan dat Koning Djoser, Farao Netjerkhet, se *mastaba* ontwikkel is tot 'n ses-trappe piramied in gekapte kalkklip, 'n eerste in die geskiedenis (2650 v.C.). Die Groot Piramied van die Cheopskompleks van Farao Khufu (Dinastie 4) toon die hoë vlak van argitektoniese kundigheid in die bou van die piramiedekomplekse as grafte vir die faraos. Khafre se piramiedekompleks, deel van die Giza-groep, het die toets van die tyd die beste weerstaan. Die valleitempel, gebou met reuse rooi granietblokke afkomstig van Aswan, is in die skadu van 'n sfinks gebou. Die

standbeelde van die konings weerspieël die uitstaande vakmanskap van die kunstenaars (Hoffmeier in Hoerth et al (ed) 1994:256,257,259; Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 1:419).

Die tweede Intermediêre periode, Dinastië 14-17 (1700-1540 v.C.) was gekenmerk deur politieke onrus en het die honderjarige regering van die Hyksos, waarskynlik Semitiese farao's (Dinastië 15-17) ingesluit. Die Hyksos is teen 1540 v.C. finaal verdryf. Die verhaal van Josef word gekoppel aan die periode van die Hyksos-dinastië (Hoffmeier in Hoerth et al (ed) 1994:270,286; Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 1:420).

Die Nuwe Ryk met Dinastië 18-20 (ongeveer 1552-1069 v.C.) in beheer, verteenwoordig die derde groot periode in die Egiptiese beskawing asook die hoogtepunt van die Egiptiese politieke mag. Hierdie era word gekenmerk deur die grootste vertoon van weelde en rykdom na buite. Die einde van die era was egter gekenmerk deur die agteruitgang van die ou Egiptiese karakter teen die Laat-Bronstydperk met die uiteindelijke ontnugtering met die Egiptiese leefwyse en beskawing (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 1:422). Egipte se oppermag in die antieke Nabye Ooste, en veral die veldtogte in die Levant en Wes-Asië, word argeologies bevestig met uitbeeldings op die mure van die *Great Hypostyle Hall* te Karnak en die stele van Beth-Shean. Die 'Israel' stele van Merenptah (negentiende dinastie) is 'n uitbeelding van sy suksesvolle veldtogte in Libië en Kanaän en is die vroegste buitebybelse verwysing na Israel. Die inskripsie van sy verowering van Geser word gevind by Amada. Tuthmosis II kry beheer oor Palestina/Sirië en Kanaänitiese en Amoritiese stadstate word belastingpligtig aan die regering van Amenophis III (1360 v.C.).

Die negentiende dinastie (ongeveer 1295-1187 v.C.) was blykbaar die mees kosmopolitiese periode in die land se geskiedenis. Op kulturele en godsdienstige gebied het groot veranderinge plaasgevind. Die gebruik van talle Hebreeuse en Kanaänitiese leenwoorde neem toe in die Egiptiese taal en literatuur terwyl Egiptiese amptenare Kanaänities as gebruikstaal in Kanaän gebruik. Die Semitiese gode, Baäl, Anath, Astarte of Ashtaroth word in Egipte aanvaar en saam met die Egiptiese godedom vereer. Hierdie periode word ook in verband gebring met die tydperk van die Israelse eksodusverhaal.

Ramesses II die Grote, 'n uitstaande heerser, het gedurende sy beheer uitsonderlike bouprojekte onderneem. Na twintig jaar van goed gedokumenteerde veldtogte teen veral die Hetiete, wat ook die geveg van Qadesh ingesluit het, is 'n blywende vredesverdrag met Hattushil III gesluit. Die opkomende gesag van die Assiriese ryk was veral 'n faktor in die sluiting van die verdrag. Hiermee is Egiptiese gesag opnuut weer in Sirië gevestig.

Ramesses III van die twintigste dinastie in die vroeg twaalfde eeu v.C. is Egipte se laaste imperiale heerser en beleef die katastrofiese gebeure teen die einde van die Laat-Bronstydperk. Gedurende die eerste dekade van sy regering (1190-1180 v.C.) het die Hetitiese ryk verbrokkel en is Kanaänitiese en Amoritiese stadstate van Sirië en Palestina ook ontwrig. Die invalle vanuit Libië en Palestina, ook dié van die 'See Volke' teen ongeveer 1175 v.C., word suksesvol afgeweer (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 1:422,423). Ramesses III se militêre offensiewe, gedurende die agste jaar van sy regering, veral teen die 'See Volke', insluitend die Filistyne, is in detail uitgebeeld op die mure van sy graftempel by Medinet Habu in westelike Tebes. Die terrein is die bes bewaarde Nuwe Ryk-grafkompleks (Hoffmeier in Hoerth et al (ed) 1994:276,278,279; Killebrew 2005:56).

Egipte se imperialistiese politieke invloed was nog sterk merkbaar in Kanaän gedurende die grootste deel van die twaalfde eeu v.C. en sy teenwoordigheid in die streek word deur argeologiese materiële kultuur bevestig. Die plaaslik vervaardigde Egiptiese-styl keramiekversamelings met die kenmerkende tipologiese en tegnologiese eienskappe en Egiptiese-styl argitektuur, is by verskeie sleutelplekke soos Tel Beth-Shean en Deir el Balah gevind. Die teenwoordigheid van die Egiptiese materiële kultuur soos argitektuur, erdeware en begrafnisgebruike in Laat-Bronstydperk Kanaän, dui op Egiptiese militêre en administratiewe teenwoordigheid by strategiese terreine soos Beth-Shean, Tel Mor en Tell el-Far'ah (suid). Die teenwoordigheid was waarskynlik om orde te verseker onder die onderskeie heersers met hul onderlinge verskille en om belasting in te samel (Killebrew 2005:11,82,83).

Gedurende die regering van Ramesses IV (1143-1136 v.C.) het Egiptiese invloed afgeneem. Die aanduiding van die einde van Egipte se oppermag in die antieke Nabye Ooste word reflekteer in die Laat-Egiptiese reisverhaal van *Wenamun* wat

vertel van die minagting waarmee die afvaardiging, wat hout in Fenisië moes aankoop, in Byblos behandel is. Die kort periode van mag van die Israelse monargie word waarskynlik toegeskryf aan Egipte se verswakking as moondheid gedurende die periode.

Farao Shoshenq I, (bybelse Koning Sisak) verenig Egipte weer en val Palestina binne. 1Konings 14:25 verwys na die gebeure asook na die skatte wat uit die tempel-en paleisskatkamers van Koning Rehabeam van Juda gebuit is.

Die laaste periode, Dinastië 21-31 (1069-332 v.C.) was gekenmerk deur sporadiese herstel met lang periodes van agteruitgang. Gedurende Dinastië 24-25 heers 'n periode van kuns- en literêre-oplewing waar die piramide- en kistekste van die Ou- en Middel Ryk op kiste en graftombes van die periode gevind word. Die herlewing op kulturele gebied het ook wyer uitgekring: die biblioteek van Ashurbanipal in Assirië getuig daarvan terwyl Koning Hiskia die wysheidstekste van Salomo redigeer en byvoeg tot die Spreuke-geskrifte. Spreuke 25:1 word as voorbeeld genoem. Dinastië 28-30 was die laaste periode van Egipte se onafhanklikheid (Hoffmeier in Hoerth et al (ed) 1994:279,280,282).

3.2.3 *Kultus*. 'n Veelgodedom aanbidding was kenmerkend van die antieke Egiptenare soos dit duidelik word uit argeologiese data, die argitektuur, tekstuele bronne, liederen en digkuns en ikonografie en kuns. Vanuit die groot verskeidenheid van literatuur, beeldende kuns en tekstuele bronne is dit duidelik dat die Egiptiese godsdiens nooit 'n eenheidsgodsdiens was nie en verskeie gode, wat verbind was aan die natuur is vereer. In die geografiese gebied is plaaslike gode vereer terwyl sekere heersers voorkeur gegee het aan 'n spesifieke god. Farao Akhenatan het tydens sy beheer aan 'n monoteïstiese kultus voorkeur gegee met die verering van Aten, die son-god.

Enkele gode kan uitgesonder word soos Ptah, die Skepper-god, Thoth, die god van kennis en die maan by Hermopolis, Amun, god van Tebes en die amptelike god van die tweede millenium en Hathor, wat verbind word aan lewensvreugde. Die kosmiese orde is gesetel in Re/Aten die son-god, Nut, die godin van die hemelruim en Shu, Geb en Nu, gode van die lug, aarde en premordiale waters. Die kultus van Osiris en sy vrou Isis en Horus, het 'n belangrike rol in die waarskynlik nasionale

godsdien in die Egiptiese gemeenskap vervul met die Egiptenare se vereenselwiging met die mite van Osiris, die siklus van dood en herlewing en die hoop op 'n lewe na die dood. Die jaarlikse vloed van die Nyl, en daarmee saam die nuwe lewe en groei, word mitologies aan Osiris verbind (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. I:419).

Daar word 'n groot verskil aangedui tussen die godsdien van Egipte en Semitiese, veral Hebreeuse aanbidding. Binne die Verbond van *YHWH* met sy uitverkore volk sou 'n persoonlike verhouding bestaan wat gebed, sang, musiekinstrumentbegeleiding, koorsang en rituele met offers in die tempel deur die priesters sou insluit. Egiptiese tempeldien was gerig op diens deur die amptelike priesterdom wat met rituele en offers, sang en gebede die gode soos 'n aardse koning gedien het. Slegs gedurende feesdae sou die gemeenskap deelneem aan die vierings ter ere van die god. Die universele wêreldperspektief van die Egiptenare van die tyd word illustreer deur epiese liedere wat aan Amun gewy is en Akhenatan se lied aan Aten. Die geloof in die hiernamaals word illustreer in tekstuele bronne en uitbeeldings van 'n glorieryke bo-aardse Egipte wat deur Osiris regeer word. Die 'Boek van die Dooies van die Ryk' het magiese spreuke bevat vir die beskerming van die dooies asook godsdien- en wysheidsliteratuur. Die talle uitbeeldings van die gode, die mummifikasie van die afgestorwenes, tonele van die lewe na die dood in fresko's en die inhoud van die graftombes toon duidelik die Egiptiese siening omtrent die dood en 'n voortsetting van 'n nadoodse bestaan. Die siening sou ook 'n invloed uitoefen in Israel/Palestina (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. I:429).

3.2.4 *Opsomming.* Egipte se onttrekking uit Kanaän het gelei tot verswakte beheer oor die hoof handel- en militêre roetes en die gepaardgaande verswakte invloed in die streek is gevolg deur uiteindelijke verlies van mag. Volgens Killebrew het die politieke vakuum wat so gelaat is, gelei tot 'n fragmenteerde sosiale en kulturele opset waaruit uiteindelik die Israelse volk ontstaan het (Killebrew 2005:83). Musiek, sang en danse sou, net soos in ander kulture, 'n belangrike rol speel in die kulturelelewe en kultus van Egipte en talle uitbeeldings van instrumente en die konteks waarbinne dit gebruik is, is 'n bewys daarvan. In die bespreking van die ikonografie sal relevante besonderhede van hul ryk kulturele invloed uitgelig word,

waar 'n verband met die musiek in Israel/Palestina gevind is. Die verowering van Egipte deur Aleksander die Grote in 334 v.C., (Dinastie 31) bring 'n einde aan 'n glorieryke geskiedenis van 'n eeue-oue heersergroep en beskawing wat 'n ryk erfenis van argitektuur, kuns- en musiekkultuur nagelaat het. Die Egiptiese godsdiens is egter, tenspyte van Griekse en vreemde kulturele invloede en beheer, nie vernietig nie (Hoffmeier in Hoerth et al (ed) 1994:282).

Volgens Davies (Rogerson & Davies 1989:72) was die hoofbevolkingsgroepe in antieke Siro/Palestina; die Kanaäniete/Fenisiërs, Filistyne en die Arameërs/Siriërs. In die bespreking wat volg sal die invloed van die invloedryke kultuurstad, Ugarit ook uitgelig word. Israel het as 'n volk binne die invloedseer van die onderskeie volke as 'n staat ontwikkel en funksioneer. 'n Kort oorsig oor die onderskeie groepe in antieke Palestina kan waarskynlik meer duidelikheid gee oor die omstandighede van die Ystertydperk waarbinne Israel polities, ekonomies en kultureel ontwikkel en floreer het, maar ook vernietig is.



Kaart 3: Antieke Palestina (met die hoofhandelsroetes) vanaf Kades-Barnea in die suide tot Tirus en Sidon in die noorde (<http://www.bible-history.com>)

3.3 KANAÄN.

*The princes are prostrate, saying: "Mercy!"
Not one raises his head among the Nine Bows [5].
Desolation is for Tehenu [1]; Hatti [2] is pacified;
Plundered is the Canaan with every evil;
Carried off is Ashkelon; seized upon is Gezer;
Yanoam is made as that which does not exist;
Israel [3] is laid waste, his seed is not;
Hurru [4] is become a widow for Egypt!
All lands together, they are pacified;*

Source: James B. Pritchard, *Ancient Near Eastern Texts*. Princeton, 1969, pp. 376-378

http://www.reshafim.org.il/ad/egypt/merneptah_hymn.htm.

‘n Gedeelte van die inskripsie op die oorwinningstela van Faraο Merneptah (1212-1202 v.C.) verwys na die plundering van Kanaän en die verwoesting van die Kanaänitiese stede, Askelon, Geser en Yeno’am gedurende ‘n veldtog van Faraο Merneptah van Egipte in Kanaän. Bevestiging van die bestaan van ‘n geografiese gebied.

Volgens die aanduiding in Eksodus 3:9,17 sluit die bybelse *Beloofde Land* van Abraham, Isak, Jakob, Moses en Josua die land van die Kanaäniete, die Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete in, ‘n *Land van melk en heuning*. Die plek waar, volgens Genesis 15:5,18-21, die belofte van nageslag en land wat JHWH met Abraham in ‘n verbond bevestig het, vir die uitverkore volk in vervulling sou kom. Die geografiese gebied wat die agtergrond sou vorm vir die latere verowering-en vestigingverhale van Josua en Rigters, en ‘n kortstondige glorieryke monargieperiode. Die tuiste van ‘n volk, Israel, wat oor ‘n tydperk van ongeveer 600 jaar ontwikkel het, hoogtepunte van sukses op politieke, sosio-ekonomiese, kulturele en godsdienstige gebied sou ervaar, maar ook uiteindelik ‘n verpletterende wegvoering en verstooiing sou beleef.

3.3.1 *Herkoms en vestiging*. Meningsverskille bestaan oor die oorsprong en aankoms van die Kanaäniete in Palestina. Argeologie en antieke tekste kan nie bevestig of hulle inheems tot die geografiese streek is of immigrante is en van waar nie. Volgens Schoville is dit duidelik dat die etniese identiteit van die latere Kanaäniete reeds bevestig was nie later as die vierde millennium v.C. nie. ‘n Uitspraak wat hy baseer het op die groot aantal gevestigde stede teen 3000 v.C. met Semitiese name soos Beth-yerah, Megiddo, Jerigo en Arad (Schoville in Hoerth, Mattingly & Yamauchi 1994:162). Kanaäniete en Amoriete was klaarblyklik

reeds goed gevestig in Siro-Palestina teen 2000 v.C. en was reeds teen 2300 v.C. 'n Noord-Wes Semitiese element in Ebla, Noord-Sirië (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 1:232). *Kanaän* met die byvoeging van die bepalende lidwoord, *P3-Kn'n*, verskyn vanaf die negentiende dinastie met dubbele betekenis; die naam van die land as geheel en ook as aanduiding van Gasa as hoofstad van die Egiptiese provinsie (Singer in Finkelstein & Na'aman 1994:330).

'n Algemene konsensus is onder geleerdes bereik dat die etniese groepe wat in Eksodus 3:8 genoem word, teen die einde van die Laat-Bronstydperk (ongeveer 1200 v.C.) voorgekom het in die Egiptiese provinsie Kanaän wat min of meer die bybelseland Kanaän aangedui het (Schoville in Hoerth et al (ed) 1994:158). Volgens Killebrew dui die groot verskeidenheid in grafgebruike en kultiese strukture, wat sensitiewe aanduiders is van etnisiteit, asook kontemporêre geskrewe tekste daarop dat Laat-Bronstydperk Kanaän nie uit 'n enkel etniese groep bestaan het nie. Tereg word Kanaän 'n etniese mosaïek genoem (Killebrew 2005:13,138).

3.3.2 *Laat-Bronstydperk en die oorgangsperiode in Kanaän.* Kanaän het gedurende die Middel-Bronstydperk II 'n kulturele en ekonomiese hoogtepunt bereik in die eiesoortige manifestasie van welvaart, kultuurgoedere en materiële kultuur, waarna in die Laat-Bronstydperk I, 'n geleidelike agteruitgang gevolg het. Die agteruitgang word onder andere aangetoon deur kleiner en minder vestigingplekke. Hierdie verskynsel word toegeskryf aan die Egiptiese politieke- en ekonomiese beheer vanaf die veertiende- tot die vroeg twaalfde eeu v.C. en die komplekse stelsel van internasionale handel in die oostelike Mediterreense gebied (Killebrew 2005:32).

Vanaf die middel twaalfde eeu v.C. tot die begin van die tiende eeu v.C. het die belangrikste rewolusionêre veranderinge in Palestina op politieke gebied plaasgevind. Die belangrikste rolspelers was Egipte met ongeveer vierhonderd jaar van beheer oor die Kanaäniete, die Amoriëte, die vroeë, hoofsaaklik Laagland bewoners en die Filistyne en ander Seevolke, die Sikila en die Sherdani, wat vanaf die noordweste aangekom het en in die kusvlakte gevestig het. Israelitiese stamgroepe het meestal in die sentrale bergland gevestig. Die veranderinge het onder andere die terugtrekking van Egiptiese beheer ingesluit met die gevolglike

oorgang van 'n Egipties-Kanaänitiese provinsie tot die kristallisering van gebiedsgroepe. Vanuit die latere Israelse stamgroep-ontwikkeling het die Israelse nasionale staat gegroei (Singer in Finkelstein & Na'aman 1994:282). Die verwoesting van verskeie Kanaänitiese stede soos Beth-Shean, Megiddo, Asdod, Tel Sera' en Tell el-Far'ah aan die kusstreke, die Sjefela en die noordelike vlaktes na Egipte se onttrekking, was die laaste fase van die Laat-Bronstydperk in Kanaän (Na'aman in Finkelstein & Na'aman 1994:223).

3.3.3 *Geopolitiese grense*. Kanaän in Palestina het deel gevorm van die landbrug tussen Egipte en Mesopotamië in Wes-Asië. Strategies geleë tussen Egipte aan die noord-westekant van die Afrika kontinent en die Oos-Mediterreense streek, het Kanaän die geografiese gebied van Siro-Palestina, die kusgebied van Sidon tot by Gasa en die gedeelte tot aan die Dooie See ingesluit (Illustrated Bible Dictionary Vol I 1980:230).

Bybelse verwysings soos Numeri 34:3-12 en die lys van nasies in Genesis 10;15-20 dui op 'n kleiner geografiese gebied en die bewoners '*...met hul eie stamme en tale in hul eie lande en onder hul eie nasies*'. Die geografiese raamwerk van die lys van nasies stem ooreen met die etniese groepering van die agste tot die sewende eeu v.C. (Perego 1999:14).

Mesopotamiese inskripsies van die derde en tweede millennium v.C. verwys na 'n land wes van die Eufraat so ver as die Mediterreense see '*...the sea of the Amurru* en *...the land of the Amurru...*' wat moontlik die hele Sirië/Palestina ingesluit het (Schoville in Hoerth et al (ed)1994:160).

Zevit onderskei 'n politieke invloedssfeer wat teen die einde van die tweede millennium v.C. noordwaarts gestrek het tot suid van Qatna en noordwes tot suid van Alalakh en Ugarit. Ugarit het deel gevorm van die groter Wes-Semitiese Laat-Bronstydperk, maar nie deel gevorm van die Kanaänitiese kerngebied (*proper*) nie. Gebaseer op die veertiende eeu v.C. El Amarna tekste van die Egiptiese Nuwe Ryk-periode, het die kulturele betekenis van Kanaän in sommige kontekste verder gestrek as die politieke gebied wat gekenmerk was deur Kanaänitiese kultuur (Killebrew 2005:96,139; Zevit 2001:686).

3.3.4 *Sosio-politieke agtergrond.* Gedurende die tweede millennium v.C. was Sirië-Palestina verdeel in 'n wisselende getal Kanaänitiese/Amoritiese stadstate wat teen ongeveer 1500-1380 v.C. deel van die Egipties-Asiatiese ryk gevorm het. Teen die veertiende eeu v.C. was die noordelike deel van Sirië-Palestina en teen die dertiende eeu v.C. ook die Siriese binneland onder Hetitiese beheer (Illustrated Bible Dictionary Vol. I 1980:232).

Schoville dui daarop dat territoriale gebiede gewissel het met verloop van tyd en in verhouding tot die magte van die heersende moondhede van die antieke Naby Ooste soos Egipte en Mesopotamië. In die uitvoering van Egipte se imperiale beleid was die Siro-Palestynse landbrug met die handelsroetes na die Noorde tussen die Mediterreense gebied en die woestyn, van uiterste belang vir internasionale handel, veldtogte en diplomatieke kontak (Schoville in Hoerth et al (ed) 1994:160). Argeologiese opgrawings bevestig die Egiptiese beheer soos die fort wat by Afek op die ruïnes van 'n Kanaänitiese tempel gebou is. Die anneksasie van Afek in die Sharon vlakte, strategies geleë vir die deurgang tussen die Yarkon en die heuwels van Efraim, was belangrik vir die beskerming van die roetes na Trans-Jordanië en die Arabiese kopermyne (Singer in Finkelstein & Na'aman 1994:285).

3.3.4.1 *Regeringstelsel.* Die stadstaatstelsel, wat reeds in 2600 v.C. in Ebla gevestig was, was kenmerkend van die Kanaänitiese regeringstelsel. Die meeste Kanaänitiese stadstate was gedurende die Laat-Bronstydperk ekonomies- en politieke-beheerde belastingpligtige Egiptiese vasalstate, beheer deur 'n plaaslike Egiptiese bevelvoerder en 'n garnisoen. Die stadstaat is regeer deur 'n monarg of prins met uitvoerende gesag. Die stad was die kern van die administratiewe, politieke- en ekonomiese beheer en godsdienstige mag. Die Kanaänitiese gemeenskappe was hoofsaaklik gegroepeer rondom die stadstaatsentrums soos byvoorbeeld Hasor in die Bo-Jordaanvallei, Kadesh op die Bo-Orontes, Tunip in Sentraal-Sirië en Ugarit aan die kus. Megiddo by die Jisreëlvlakte het onder Kanaänitiese heersers en Egiptiese regeringstelsel funksioneer tot LB IIB (1250-1140 v.C.) (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. I:232-234; Redford 1992:193).

Killebrew verwys na A Alt se bevindings dat twee verskillende, saamlopende politieke-territoriale groeperings in Laat-Brons Kanaän gevind is; 'n netwerk van

stadstate in die vlaktes en groter territoriale koninkryke in die bergagtige streke. Die Egiptiese oorheersing en beheer oor die streek het die raamwerk gevorm vir die funksionering van die stadstate binne die groter wêreld sisteem (Killebrew 2005:99,100).

3.3.4.2 Egiptiese beheer in Kanaän. Vanaf die dertiende eeu v.C. het Egipte die suide beheer en sy kontrole verstewig in Palestina en die Siriese kusstreke. Volgens historiese tekste van die periode en duidelike politieke en materiële kulturele aanduiders, het direkte Egiptiese invloed gedurende die laat negentiende en twintigste dinastie gestrek tot Beth-Shean en weswaarts met die Jisreëlvallei, wat 'n geografiese grens tussen Noord- en Suid Kanaän gevorm het (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol I.:94,232-334; Killebrew 2005:101,138; Perego 1998:16; Scheepers & Scheffler 2000:98,99,133).

Volgens Singer het Egipte waarskynlik teen die einde van die beheer in Kanaän nie meer algehele beheer uitgeoefen oor die noordelike valleie nie, maar slegs by sekere garnisoene soos Beth-Shean, Megiddo, Gezer en Joppe. Die geleidelike oornome van die areas in die gebied deur ander elemente, sou Egiptiese militêre mobiliteit beperk met gevolglike afsnyding van toegang tot die onontbeerlike handelsroetes vir die voortbestaan van die Egiptiese imperiale stelsel (Singer in Finkelstein & Na'aman 1994:294).

Onlangse navorsing toon dat daar tot die finale terugtrekking van Egipte, merkbare deurlopende vestiging en hernude bouaktiwiteite en kulturele voorspoed was in talle sentrale terreine in die noordelike valleie en die Sefela (Bunimovitch in Finkelstein & Na'aman 1994:195) Die teenwoordigheid van Egiptiese invloed op die materiële kultuur bevestig die voortgaande stedelike ontwikkeling in die suidelike en sentrale dele van die laagland gedurende Egipte se voortgesette militêre en administratiewe beheer. Argeologiese vondste van Stratum VIIA, en veral hieroglyef-inskripsies toon dat Megiddo gedurende die twintigste en waarskynlik reeds teen die einde van die negentiende dinastie, moontlik die belangrikse Egiptiese administratiewe sentrum in Noord-Palestina was. Die afleiding word ook baseer op die vonds van 'n inskripsie op 'n bronsvoetstuk van 'n beeld van Ramesses VI, die enigste belangrike Egiptiese artefak wat gevind is in Kanaän wat later dateer as Ramesses III (Singer in Finkelstein & Na'aman

1994:292). Egiptiese betrokkenheid het geduur tot die regering van Ramesses VI (1143-1136 v.C.) (Na'aman in Finkelstein & Na'aman 1994:223).

Argeologiese oorblyfsels weerspieël Egiptiese beheer in Kanaän op twee vlakke, administratiewe en administratief/militêre vlakke. Volgens Killebrew was Egiptiese betrokkenheid in Kanaän vanuit die perspektief van 'n imperiale mag tot sy ontwikkelde randgebied met 'n politieke en ekonomiese beheer en invloed wat 'n redelike stabiele sosiale omgewing voorsien het. Aanvanklike bewyse dui daarop dat Egiptiese invloed en belange gedurende die Nuwe-Ryk periode gewissel het. Aanvanklik was Egipte se beheer in die Kanaänitiese provinsie gerig op die toegang tot en beheer van die internasionale handelsroetes in Palestina en die invordering van belasting van die vasalstate. Argeologiese en tekstuele bewyse toon Egipte se toenemende betrokkenheid en beleidsverandering gedurende die finale fase van beheer gedurende die Negentiende en Twintigste Dinastië. Tydens Ramesses III (1182-1151 v.C.) se beheer was beperkte militêre besetting en direkte administratiewe beheer uitgeoefen by garnisoene en sekere goewerneurswonings. Gedurende die dertiende eeu v.C. en die eerste deel van die twaalfde eeu v.C. was die aandag verder gevestig op die opstandige elemente in die heuwelgebiede en uitbreiding van belasting-invordering in die vrugbare Sefelavlake en die kusvlakte (Killebrew 2005:81-83).

Gedurende die twee dekades na Farao Merenptah se beheer, het Egipte se aandag aan interne probleme daartoe gelei dat feitlik geen inligting oor die regering in Kanaän beskikbaar is nie (Singer in Finkelstein & Na'aman 1994:290).

Die anneksasie van groot gebiede in die finale fase van toenemende direkte Egiptiese beheer, veral langs die suidelike kus van Palestina, is 'n groot afwyking van die Egiptiese beleid van honderde jare van plaaslike stadstaat-regering en administratiewe distrikte. Hierdie beleidsverandering word gesien as 'n moontlike reaksie weens die druk van toenemende aktiwiteite van verskeie stamgroepe in die heuwelgebiede en woestynrandstreke. Direkte Egiptiese beheer in die uitgebreide gebied het ook groter beweeglikheid aan troepe verleen asook uiters belangrike beheer oor die internasionale roetes in Kanaän. Nie veel hulp kon verkry word van die Kanaänitiese stadstate wat verswak was as gevolg van onderlinge twiste soos

waarvan die el-Amarna briewe getuig (Singer in Finkelstein & Na'aman 1994:284,286,289).

Tydens die ontwrigtende politieke gebeure en veranderinge in die hele Oos-Mediterreense gebied, het Egiptiese beheer in Kanaän teen die einde van die dertiende eeu v.C. geleidelik afgeneem en is teen die laaste deel van die twaalfde eeu v.C. onttrek.

3.3.5 *Sosio-ekonomiese agtergrond in Kanaän.* Die veertiende eeu v.C. Amarna argief van ongeveer 400 kleitablette word gesien as die belangrikste bron van inligting oor die sosio-ekonomiese en politieke struktuur asook die demografiese omstandighede van daardie periode in Kanaän (Finkelstein & Silberman 2001:57; Killebrew 2005:55,95). Die el-Amarna briewe, wat hoofsaaklik korrespondensie uit die vassalstate was aan die faraos van die agtiende dinastie, is 'n belangrike bron van inligting van die administrasie in die gebiede in Sirië en Palestina. Dit reflekteer die komplekse sosiale, ekonomiese en politieke verhoudinge van die korrespondente en die gebruike en ideologie wat daarmee saamgegaan het. Die korrespondensie uit die vasalstate het veral interne sake aangespreek soos administratiewe verslaggewing, klagtes van terrorisering van lojale leiers en anti-Egiptiese bedrywighede, versoeke en verslaggewing van die uitvoering van opdragte. Minder inligting is gegee oor internasionale spanning. Die briewe het 'n toneel geskets van konstante kompetisie, wisselende koalisies en aanvalle en teenaanvalle tussen kleiner stadstate. (Moran 1992:xxxiii,xxxiv). Die omstandighede en politieke toestand in Kanaän word veral duidelik uit die el-Amarna briewe (voortaan aangedui as EA) waar EA75 die politieke chaos aandui as gevolg van 'Apiru aanvallers wat vasalstate ingeneem het en EA68 dui op die aanval op Byblos. In EA151 word wagte vir die stad aangevra en die benarde situasie van die stad sonder water en hout aangedui. 'n Sekere Abi-Milku rapporteer die brand wat Ugarit verwoes het (Moran 1992:137-138,145,238). Volgens Singer het die Kanaänitiese stede nie altyd die Egiptiese voorskrifte gevolg nie en selfs die Egiptiese gesag ondermyn (Singer in Finkelstein en Na'aman 1992:283).

Megiddo, die strategies geleë Egiptiese vasal stadstaat in die Jisreël vallei was tot die twaalfde eeu v.C. deur plaaslike Kanaänitiese konings regeer. Volgens

Rigters1:27-28 het Kanaänitese bewoning nog voortgeduur tydens die Rigtersperiode (1200-1020 v.C.) (Scheepers & Scheffler 2000:133).

3.3.6 *Inligtingsbronne*. Bronne vir die rekonstruering van nie-Israelse aspekte van die oorgangsperiode in Kanaän is baie min, slegs 'n paar swak inskripsies en beskikbare bybelsedata vanuit die pro-Israelse perspektief van die bybelskrywers. Die terugtrekking van die Egiptiese magte word slegs implisiet aangedui deur die vermindering van Egiptiese bronne oor Kanaän en die afwesigheid van kenmerkende Egiptiese argeologiese artefakte by terreine. Beide Kanaän en die Filistyne het nie, soos Israel, 'n nasionale epos agtergelaat wat as 'n historiese bron kan dien nie (Singer 1994:283 in Finkelstein & Na'aman).

3.3.6.1 Tekstuele data wat verband hou met Kanaän. Die term *Kanaän* verskyn in verskillende kontekste in Hebreeuse, Ugaritiese, Fenisiese en Egiptiese tekste asook in Akkadiese kuneiform as 'n plek of gebied in die Suidelike Levant en *Kanaäniet* as 'n persoon.

Moontlik die vroegste verwysings na Kanaän word gevind in kleitablette, dateer as ongeveer 2250 v.C. wat by Ebla, Sentraal-Sirië gevind is en 'n lys bevat van offers aan gode en aan die god Dagon, *Heer van Kanaän*. Verwysings vanaf Ebla (ongeveer 2300 v.C.), meld reeds plekke wat later sou bekend staan as Lagis, Hasor, Megiddo en Gaza (Illustrated Bible Dictionary Vol. I 1980:94).

'n Brief van die koning van Mari, Yasmah-Adad, wat dateer uit die agtiende eeu v.C. bevat 'n frase wat verwys na die ewe en *Kanaäniete* en die land van *Kanaän* (Killebrew 2005:95; Schoville in Hoerth (ed) 1994:158). Inskripsies op die vyftiende eeu v.C. Akkadiese spykerskrif kleitablette wat gevind is in stratum IV van Alalakh en as deel van staatsargief-tekste identifiseer is, verwys na *man* of *seun van Kanaän*. Die inskripsie op die standbeeld van Idrimi, koning van Alalakh, verwys na sy vlug na die *land van Kanaän* tydens 'n revolusie in sy land (Killebrew 2005:95; Redford 1992:144).

Egiptiese bronne bied verdere bewyse van die teenwoordigheid van 'n spesifieke groep mense in die gebied. 'n Stele van Farao Amenophis II (1440 v.C.) by Memphis, bevat 'n lys van buit na 'n suksesvolle veldtog wat onder andere verwys na 640 *Kn'nw./Ki-na-'nu* (Kanaänitese) gevangenes. Van die veertiende eeu v.C.

spykerskrif kleitablette in die Egiptiese argief wat by Amarna gevind is, is korrespondensie gevind in Akkadies tussen Egiptiese faraos en heersers uit die verskillende streke in die Oos-Mediterreense streek en antieke Nabye Ooste. EA30 verwys na die koning van Mitanni se skrywe aan die konings van die land Kanaän. Babiloniese verwysings na die Egiptiesbeheerde Siriese gebied as 'Kanaän', is onder die El Amarna klei tablette gevind.

Die Egiptiese *Papyrus Anastasi* van die dertiende eeu v.C. meld Kanaänitiese slawe van Hurru, die gebied wat algemeen aanvaar was as Sirië-Palestina (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. I:231; Killebrew 2005:94,95). 'n Belangrike bron van inligting van Egiptiese veldtogte is die *'Israel Stele'* dateer as ongeveer 1209 v.C. van Farao Merneptah (1212-1202 v.C.). Die gedenksuil bevat inskripsies oor die oorwinning oor die Libiërs en die laaste gedeelte van die inskripsies beskryf die plundering van Kanaän en oorgawe van Askelon, Geser en Yeno'am asook 'n verwysing na 'Israel', wat ook die enigste vermelding van Israel is in 'n Egiptiese bron (Singer 1994:287 in Finkelstein & Na'aman).

Verwysings in tekste van Mari, Alalakh, Egipte en Ugarit asook die latere bybeltekste, dien as inligtingsbronne vir die agtergrond en leefwyse van die bewoners van die streek (Killebrew 2005:94). Stede soos Megiddo, Hasor en Sigem, wat van die grootste stede in die geografiese gebied van Kanaän was, was reeds bekend in die internasionale opset van die antieke Nabye Ooste.



Fig. 2: 'n Elegant geklede Kanaänitiese gevangene van Sirië, uitgebeeld op 'n Egiptiese kleiteël wat dateer uit die tydperk van Ramesses III (1195-1164 v.C.) (25.5 sentimeter hoog). (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 1:231).



Fig. 3: Afbeelding van 'n antieke Kanaäniet met kenmerkende voorkoms op 'n muurreliëf in Egipte. <http://www.bible-history.com/archaeology/peoples/2-ancient-bb.html>

Verwysings in talle gedeeltes in die Hebreuse Bybel verwys na Kanaän en die Kanaäniete. Die boeke bevat geslagsregisters, die verbond-, eksodus- en veral die veroweringstradisies wat die agtergrond vorm waarteen die verhaal van die ontwikkeling en vestiging van die volk Israel ontplooi word. Genesis 50:4,11,12 verwys na Kanaän en Jakob se graf en Rigters 1:3 dui op die verhouding met die inheemse inwoners van die Kanaäniete as die vyand wat oorwin moet word.

Sekere skrifgedeeltes van die Bybel gee 'n aanduiding van enkele besonderhede van die struktuur van die Kanaänitiese stadstate. 1Kronieke 7:29 en Rigters 1:27 verwys na die stede soos Dor, Beth-Shean, Megiddo en Ta'anach, elkeen met sy dorpies. Geen besonderhede word egter gegee van Egiptiese beheer in Kanaän nie, hoewel die vestiging van die Israeliete begin en voortgesit is vir ten minste 'n eeu gedurende Egiptiese beheer (Singer 1994:294 in Finkelstein & Na'aman).

3.3.6.2 Argeologiese data. Argeologiese opnames is 'n belangrike bron van inligting oor die sosio-kulturele aspek van die Kanaänitiese bevolking van die Middel-Brons- en Laat-Bronstydperk en word verkry deur die studie van vestigingpatrone wat baseer word op argeologie en data van opnames. Argitektuur,

grafgebruike en erdeware word volgens Killebrew beskou as die beste aanduider van die teenwoordigheid van etniese diversiteit (Killebrew 2005:97).

Volgens vestigingpatrone het die vestiging in die randgebiede van Kanaän gelyktydig met die verwoesting van die stedelike kultuur in die hele Egeïese-Anatoliese-, Siriese- en Palestynsegebied plaasgevind. Gedurende hierdie periode het groot bevolkingsgroepe na afgeleë areas migreer (Na'aman in Finkelstein & Na'aman 1994:235).

Oppervlakopnames het aangetoon dat vestigings 'n sikliese patroon vertoon en daar is gevind dat die tweede millennium v.C. gekenmerk was deur twee goedgegedokumenteerde verskuiwings van die bewoners gedurende die vestiging. Gedurende die Middel-Bronstydperk was 'n geleidelike ontwikkeling van groot stedelike sentra. 'n Afname in vestiging-groottes en stedelike bevolkings was ondervind tydens die oorgangsperiode tot die Laat-Bronstydperk. Die Laat-Bronstydperk toon 'n toename in die vestiging met 'n hoogtepunt gedurende die dertiende eeu v.C. Die meeste vestigingsterreine word gevind in die kusvlakte en die vrugbare valleie van Kanaän.

Die Laat-Brons- tot Vroeg-Ystertydperkverskuiwing was gekenmerk deur toename in die getal klein dorpieë in die vorige grensgebiede soos die heuwellandstreke. Voortgesette bewoning van die talle Laat-Bronstydperk stedelike sentrums en die vestiging in veral die suidelike kusvlakte word in verband gebring met die verskyning van die See Volke.

Die tweede millennium vestigingpatrone met kulturele en sosiale grensaanduiding toon dat die kenmerke van die Kanaänitiese materiële kultuur ononderbroke gebly het tanspys van die wisseling in grootte en getal van die bewoningsplekke. Die transformasie gedurende die dertiende tot twaalfde eeu v.C. toon 'n dramatiese verskuiwing in die vestigingpatrone asook die verskyning van streekmateriële kultuur wat nuwe sosiale grense aandui. Hoewel 'n algemene afname en agteruitgang van die materiële welvaart van die streek gedurende die mid-tweede millennium tot die Laat-Bronstydperk aangedui word, word 'n groot mate van deurlopendheid in die materiële kultuur en algemene gebiedsgrense gevind. Hierdie verskynsel word toegeskryf aan die waarskynlike verandering in getalle van

die semi-nomade en die randgroepe buite die Laat-Bronstydperk gevestigde Kanaänitiese gemeenskappe (Killebrew 2005:97-99).

Die argitektoniese data behels die uitleg van die strukture van die stadstaatstelsel soos die paleise, woon-en administratiewe eenhede en tempels. Stratum VIIB van Megiddo toon dertiende eeu v.C. strukture soos die stadspoort en paleis (Area AA), 'n tempel (Area BB) en 'n groot struktuur, 'n moontlike huis met 'n binnehof. Die paleis en stadspoort toon die kenmerkende Laat-Bronstydperk argitektoniese eienskappe (Killebrew 2005:101). Die Kanaänitiese paleise van Megiddo, wat dateer uit die Bronstydperk, word beskou as die bes gedokumenteerde strukture en bied 'n insig in die rykdom en luukse leefstyl van die Kanaänitiese bewoners (Scheepers & Scheffler 2000:112).

3.3.7 *Die kultus.* Kenmerkend van die Laat-Bronstydperk tempels en kultiese plekke wat hoofsaaklik in stedelike omgewings opgegrawe is, is die verskeidenheid in plan en grootte. Volgens Killebrew dui die verskeidenheid op die ryk en diverse kultiese nalatenskap van 'n Kanaänitiese politeïstiese ideologie wat duidelik blyk uit die Ugaritiese tekste oor mitologie en kultiese praktyke (Killebrew 2005:101-105). Die oorblyfsels van die tempels en heilige plekke, by onder andere Hasor, Lagis, Megiddo en Arad asook die altare, offertafels en kultiese gebruiksvoorwerpe bevestig die belangrikheid van die kultus en die aanbidding van Kanaänitiese gode soos die belangrike bul-god wat met El verbind word en die bulkalf met Ba'al. Ashtoreth/Astarte en Asjera, die Moedergodin, soos sy in die Ras Shamra tekste genoem word, word veral aan die verering deur die vroue verbind (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 1:94,131). Die invloed van die stewig gevestigde Kanaänitiese Hathor kultus van die Laat Bronstydperk het in Palestina voortgeduur tot die Persiese tydperk, soos die vonds van 'n bronsfiguur van die kat-godin Bastet by Askelon getuig, en selfs moontlik voortgeduur het tot die Romeinse tydperk soos aangedui word deur die brons sistrum in graf 201 by Beth-Shean (Braun 2002:88).



Fig. 4: Bronsbeeldjie met goudblad oorgetrek, sittende op 'n troon – waarskynlik El die Kanaänitiese hoofgod van die godedom. Gevind in Sratum VII of VI in tempelruïnes by Megiddo. Laat-Bronstydperk (ongeveer 1350-1200 v.C.) 25.4cm hoog. (Bible History online) http://oi.uchicago.edu/OI/MUS/HIGH/OIM_A18316_c_72dpi.html

(a)



Fig. 5(a): Die silwer bulkalf van Askelon, (ongeveer 1600 v.C) (4.5 x 4 duim) <http://www.bib-arch.org/e-features/canaanites-and-philistines>

(b)



Fig. 5(b): Die silwer bulkalf van Askelon voor die terra-cotta heiligdom. Waarkynlik die storm god, Ba'al Saphon of Ba'al Hadad, die god van die seevaarders (King & Stager 2001:173. Ill. 84).

Askelon beleef 'n bloeitydperk gedurende die eerste helfte van die tweede millennium v.C. as een van die grootste en rykste seehawens in die Mediterreense gebied en was omring met 'n massiewe verdedigingsmuur om die ongeveer 15 000 inwoners te beskerm. Die bene en kop van die brons bulkalf van Askelon wat gevind is in opvullingsrommel van die antieke verdedigingswal van die Middel-Bronstydperk (2000-1550 v.C.), toon nog tekens van die oorspronklike elf silwerplate waarmee dit bedek was. Die kalf het gepas in die byekorfvormige terracotta modelheiligdom met 'n deuropening wat in 'n klein tempel of heiligdom buite die stadsmure van Askelon gevind is. Die struktuur dateer uit die periode net voor die verwoesting van Askelon in ongeveer 1550 v.C. en die silwer kalf is waarskynlik 'n godsdienstige ikoon verbind aan die verering van El of die Kanaänitiese storm-god, Ba'al Saphon of Ba'al Hadad, god van die seevaarders en waarskynlik later aan die Israelitiese god, *YHWH*. Die kalf is 'n baie vroeë en skaars voorbeeld van bees-ikonografie in metaal.

Hierdie periode word gesien as die hoogbloei van die Kanaänitiese kultuur in die Levant. Die vormingsperiode van die vroeë Israeliete, voor ongeveer 1200 v.C. is sterk beïnvloed deur die Kanaänitiese kultuur hoewel sekere kulturele en godsdienstige elemente nie opgeneem is in die Israelse eiesoortige identiteit nie. Die Hebreeuse Bybel verwys na die goue kalf van die Israeliete (Eksodus 32:4) en die goue kalwers wat die eerste Israelse koning, Jeroboam I, opgerig het tydens die verdeling van die Verenigde Ryk (925 v.C.) in die heiligdomme van Dan en Betel. Waarskynlik was die doel daarvan om die bevolking van die Noordelike Ryk te ontmoedig om in Jerusalem te aanbid, soos I Konings 12:26-33 daarna verwys (King & Stager 2001:173; Stager 2010:4).

3.3.8 Die impak van Egiptiese beheer in Kanaän. 'n Volledige bespreking van die uitwerking van Egiptiese politieke- en administratiewe beheer in Kanaän oor 'n tydperk van eeue val buite die omvang van hierdie studie. Enkele gegewens kan egter kortliks genoem word om 'n agtergrond te skets waarteen die bewoners van die land geleef en gewerk het.

Gedurende die eeue lange Egiptiese politieke en ekonomiese beheer in Kanaän was die bevolking verenig in 'n stabiele sosiale omgewing en sosio-ekonomiese stelsel van 'n stadstaat-stelsel wat weerspieël is in die Laat-Bronstydperk

Kanaänitiese materiële kultuur en tekste soos die Amarna briewe. Die relatiewe stabiele ekonomiese klimaat was bevorderlik vir internasionale handel en kontrole oor internasionale handel op die handelsroetes in Kanaän. Dit het ook bygedra tot die ontwikkeling van 'n homogene materiële kultuur, veral die versamelings erdeware, wat geleidelik ontwikkel het vanaf die Middel-Bronstydperk (Killebrew 2005:138).

Tydens die kulturele en ekonomiese opbloei in Egipte tydens Ramesses III se bewind (1182-1151 v.C.) en die verskerpte beheer in Kanaän, het 'n periode van ongekende toename in rykdom en mag van die koninklike tempels en priesterlike groepe in Egipte ontwikkel. 'n Verskynsel wat na die Asiatiese provinsies en ook Kanaän oorgevloei het. 'n Gedokumenteerde aanduiding van hierdie ekonomiese voorspoed word gevind in die *Papyrus Harris I* wat meld van die bou van 'n tempel vir die god Amon in Gaza (*'P3-Canaan*) waar die plaaslike bevolking geoffer het (Singer in Finkelstein & Na'aman (ed) 1994:290).

3.3.9 *Kulturele diversiteit in Kanaän.* Die ivoorversameling van 382 ivoorvoorwerpe en ander kosbare voorwerpe (1150 v.C.) wat by Megiddo (LB IIB, stratum VII) gevind is, weerspieël in die kunstige ontwerpe, kerfwerk en reliëfwerk die invloed van nie net die inheemse Kanaänitiese volk nie maar ook van die kulture van die omringende volke in die antieke Nabye Ooste soos die van Egipte, Mikene, Griekeland, Noord Sirië en Hetitiese Anatolië. Die vonds van die skat in die paleis van die Kanaänitiese prins, bevestig die welvarendheid van die heerser van Megiddo (Scheepers & Scheffler 2000:112,124). Die voorwerpe getuig van uitmuntende vakmanskap.

Voorbeelde van ten minste 6 verskillende skryfwyses is in Laat-Bronstydperk terreine van Kanaän gevind: Babiloniese spykerskrif, Egiptiese hierogliewe en hiëratiese-skrif (priesterskrif), die Kanaänitiese lineêre alfabet, wat die voorloper van die Hebreeuse en Griekse alfabet is en 'n alfabet van 25-30 spykerskrif tekens wat verwant is aan die van Ugarit. Voorbeelde is ook gevind van sillabiese skrif van Byblos en 'n Cipriotiese- of Kretensiese soort skrif (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 1:94).

Braun dui daarop dat die musiekkultuur van Kanaän gedurende die Bronstydperk 'n besondere hoogtepunt bereik het wat 'n uitvloeisel was van die ontwikkeling op sosio-ekonomiese gebied en die gepaardgaande ontwikkeling en demografiese veranderinge tydens hierdie tydperk. Twee verskynsels, 'n sterk Kanaänitiese kulturele erflating en die merkwaardige ongelyksoortige plaaslike kulturele tradisie wat slegs gedeeltelik beïnvloed was deur die immigrante, word gekoppel aan hierdie tydperk. Die uitwerking van die ryk inheemse musiektradisie en die gebruik van talle musiekinstrumente het ook uitgekring na naburige lande, soos die verwysings na musiek van Israel/Palestina getuig in dokumente van die naburige streke van die antieke Nabye Ooste. Volgens vergelykende argeologiese data is bevind dat antieke Israel/Palestina in eie reg ook in eie omgewing invloed uitgeoefen het. 'n Onlangse ontdekte dokument uit die Manatân versameling spykerskrif tablette aan die laaste koning van Mari, Simri-Lim (1774-1761 v.C.) verwys daarna. Die tablet (M5117) bevat 'n brief in Akkadies wat die koning in kennis stel van 'n besoek van 'n afvaardiging vanaf Hasor na Mesopotamië. Daar word genoem dat drie *lú-nar-mes*, geleerde, uiters bekwame professionele sangers/voordragkunstenaars van die Weste, *mat-tu*, in die afvaardiging ingesluit is. Die uitgelese groep musici aan die koninklike hof van Mari het ook lede van Hasor ingesluit. Gedurende die Bronstydperk was Hasor en Ugarit as van die belangrikste musieksentrums beskou. Volgens Braun was die Kanaäniete ook vertrouwd met die gebruik van bykans elke bekende musiekinstrument van die antieke Nabye Ooste wat dui op die gevorderde vlak van hul kulturele ontwikkeling. Braun verwys na die mening van Cyrus Gordon (1996:2784-85) dat Kanaänitiese invloed, veral vanaf Ugarit, op latere Nabye Oosterse ontwikkeling nie net 'n rol gespeel het in die beïnvloeding van die alfabet en die literatuur nie, maar ook in die musiekkultuur. Die musiekkultuur het reeds vir eeue lank as 'n kuns in Kanaän ontwikkel, eers as volksmusiek maar veral as 'n akademiese dissipline soos by Hasor. Klaarblyklik is die vormgewing van die bybelse psalms en die tekening van Dawid as musikant die resultaat van 'n tradisie wat vanuit die musiekakademies oor 'n lang tydperk ontwikkel het, ten minste oor drie eeue voor Dawid. Braun is van mening dat musiek, soos die Ugaritiese taal en letterkundige poëtiese strukture, oorgeneem is deur die Hebreërs wat daarop voortgebou het tot 'n eiesoortige kenmerkende uitdrukking. Vergelykings is deur geleerdes getref tussen Ugarities/Babiloniese melodië en Israelities/Babiloniese psalms om 'n moontlike

verband vas te stel. Elemente van Kanaänitiese musiektradisie is geïdentifiseer in die Ou-Testament en die verband word gevind in die parallelle verse van 2 Samuel 6:5 en 1 Kronieke 13:8 waar die eerste keer 'n kultiese geleentheid met musiekbegeleiding beskryf word. Die eerste verwysing toon 'n harde orgiastiese orkesklank met hoofsaaklik slaginstrumente en dromme. Die latere Kronieketekste toon 'n duidelike uitskakeling of ignorering van die elemente van die ouer Kanaänitiese tradisie en die name van die instrumente dui op 'n goed georganiseerde ritueel met sang, liere, harpe, tamboeryne, simbale en trompette (Braun 2002:67,69,70,71,116,117).

3.3.10 *Nuwe bedeling in Palestina*. Gedurende die katastrofiese proses van veranderinge en die ineenstorting van eens magtige imperiale ryke het Kanaänitiese/Amoritiese stadstate ook ineengestort en verbrokkel. Die verwoesting van talle Kanaänitiese stede soos Beth-Shean, Megiddo, Asdod, Tel Sera' en Tell el-Far'ah na die Egiptiese onttrekking, het die einde van die Laat-Bronstydperk in Kanaän aangedui. Die beëindiging van Egiptiese beheer van ongeveer vierhonderd tot vyfhonderd jaar in Kanaän het gelei tot 'n politieke en ekonomiese vakuum. Die veranderinge wat plaasgevind het, het 'n kulturele klimaat en omstandighede geskep wat gelei het tot die vestiging van Semitiese en nie-Semitiese groepe, die Filistyne en ander Seevolke aan die kusstreke en die ontstaan van 'n vroeë Israel (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 1:232,234; Killebrew 2005:82,93; Na'aman in Finkelstein & Na'aman (ed) 1994:223). Singer in Finkelstein & Na'aman (ed) 1994:331). Twee kenmerke van hierdie historiese situasie, die sterk Kanaänitiese kulturele nalatenskap en 'n besondere ongelyksoortige plaaslike kulturele tradisie het die ontwikkeling van musiek in die gebied beslissend beïnvloed. Die plaaslike kulturele tradisie is slegs gedeeltelik beïnvloed deur immigrante (Braun 2002:70).

Die opkoms van nuwe sentrums van mag na die onttrekking van Egiptiese beheer in Palestina het geleidelik oor 'n periode van dekades ontwikkel en die rekonstruksie van die antieke geskiedenis word baseer op 'n analise van die bybelse bronne en die moontlike verband of teenoorstelling met argeologiese data (Singer in Finkelstein & Na'aman (ed) 1994:295).

Argeologiese data toon dat met die veranderinge wat plaasgevind het en die latere Israelse besetting van Kanaän, die Kanaäniete nie meteens uitgewis is nie. Hulle

was later nie meer 'n bedreiging vir die Israeliete nie en het waarskynlik voortbestaan in die gebied noord-oos van die Lagisgebied gedurende Ystertydperk I (1150-900 v.C.) en is geleidelik opgeneem in die Israelse volk (Scheepers & Scheffler 2000:134; Singer in Finkelstein & Na 'aman (ed) 1994:306). Volgens Rigters 1:27-33 was daar 'n periode waartydens die Israeliete en Kanaäniete saam gewoon het, hoewel die beklemtoning van verpligte dwangarbeid 'n aanduiding is van Israelse beheer.

Sommige stede het die Kanaänitiese karakter vir 'n geruime tyd bly behou. Gedurende die periode van die Verenigde Ryk, *United Monarchy* (1000-925 v.C.) is politieke en ekonomiese bande behou met Tirus wat al was wat oorgebly het van die gebied wat bewoon is deur die Kanaäniete. Die inwoners van die gebied sou verder aan as Fenisiërs bekend staan. Volgens Stern het die vier groot Fenisiëse stede Aradus, Byblos, Sidon en Tirus die kennis en kundigheid van die Kanaäniete van die tweede millenium v.C. behou. Die nalatenskap het 'n breë spektrum gedek; kuns, bouwerke, metaalwerk, seëlgraving, meubelvervaardiging, spin en weef, purperkleurproses tot skeepsbou en seevaartkennis (Stern 2000:105). Die vlak van ontwikkeling sou ongetwyfeld ook op kulturele vlakke merkbaar wees wat musiek, musiekinstrumente en die kultus insluit. Volgens Braun sou die uitwerking van Kanaän se musiek-kultuur, soos die van die mitologie wees waar sekere eienskappe of elemente van elk óf deur die Ou-Testament verwerp is óf opgeneem is en aldus deur die Bybel sou voortgedra word (2002:116).

3.3.11 *Slotsom*. Uit die voorafgaande gedeelte het dit duidelik geword dat die Kanaänitiese volk in Palestina 'n hoogsontwikkelde bevolkingsgroep was. Die ontwikkelde politieke stelsel, sosio-ekonomiese ontwikkeling en ryk kulturele en godsdienstige nalatenskap sou 'n duidelike impak uitoefen op die bewoners van Israel/Palestina gedurende die Ystertydperk. Argeologiese data dui op tegnologiese vaardighede en kontak met naburige kulture en die teenwoordigheid en invloed van magsbeheer deur Egipte. Die ontwikkelende volk, Israel, sou neem wat nodig was uit die Kanaänitiese erflating en daarop bou.

3.4 FILISTYNE – IMMIGRANTE, STEDELIKE KOLONISTE, LANDSBURGERS.

Die leiers van die Filistyne het bymeekaargekom om 'n groot offer te bring vir hulle god Dagon en om fees te vier. Hulle het gesê: "Ons god het ons vyand Simson in ons mag oorgegee." Toe die Filistyne hom sien, het hulle hulle god geprys en gesê: "Ons god het ons vyand in ons mag oorgegee, ons vyand wat ons land verwoes het, hy wat so baie van ons doodgemaak het!" Rigters 18:23,24



Kaart 4: Ligging van die stede van die Pentapoleis in Filistea; hartland van die Filistynse kultuur (Bible History OnLine).

[http://www.bible-](http://www.bible-history.com/maps/philistines.html)

[history.com/maps/philistines.html](http://www.bible-history.com/maps/philistines.html)

3.4.1 *Inleiding.* Soos reeds genoem, het die veranderinge op politieke en sosio-ekonomiese vlak gedurende die oorgangsperiode in die antieke Nabye Ooste gelei tot ingrypende beïnvloeding van die leefwyse regdeur die antieke Nabye Ooste. Dit het bygedra het tot die verskynsel van groepe wat gevestig het aan die suidelike kus van Kanaän en wat ook deel gevorm het van die bybelse agtergrond (Killebrew 2005:185). Die periode van verandering was ook gekenmerk deur die groeiende opkoms van semi-nomadiese groepe soos die vroeë Israëliete in Palestina en die Arameërs in Sirië. Die aankoms van die konfederasie van Seevolke met onder andere die *Sherden*, *Tjekker*, *Danaoi* en veral die *Peleset* (Filistyne) aan die kus van Palestina, sou ook 'n belangrike rol speel in die geskiedenis van die Israëliete gedurende die Ystertydperk (Braun 2002:165; Markoe 2000:23; Stager in Levy (ed) 1995:336). Die tydperk van die aanvalle van die Seevolke teen die einde van die

dertiende eeu v.C. het die aanvang van die Ystertydperk ingelui (Redford 1992:253).

Daar sal vervolgens aandag gegee word aan die Filistyne wat as een van die groepe van die Seevolke identifiseer is en wat, volgens bybelseverwysings betrokke was by die Israelitiese ontwikkelingsgeskiedenis. Deur kortliks die geskiedenis van die Filistyne, soos dit deur tekstuele bronne en argeologiese navorsing blootlê is, in oënskou te neem, sal probeer word om 'n relatiewe skets te gee van wie die Filistyne was en wat die uitstaande elemente was wat hulle kulturele ontwikkeling en vaardighede aangedui het. Die vraag kan dan tereg gevra word of kennis van die Filistynse eiesoortige kultuur en bydraes op watter wyse ookal, moontlik sal kan bydra tot 'n beter begrip van die gebruik van musiekinstrumente soos dit later bespreek sal word. Soos in moderne tye het musiekinstrumente in antieke tye nie in isolasie voorgekom nie maar was 'n belangrike deel van die kultus en gewone leefwêreld van mense en dus ook van die Filistyne en die Israeliete in Palestina in die Ystertydperk.

3.4.2 *Historiese perspektief.*

3.4.2.1 *Herkoms.* Volgens bestaande inligting, argeologiese oorblyfsels en buitebybelse tekste of inskripsies, is daar geen bevestiging gevind dat die Filistyne gedurende die Middel-Bron of Laat-Bronstydperk, dus van voor die twaalfde eeu v.C. in Kanaän was nie (Finkelstein & Silberman 2001:324). Geen vermelding van Filistyne word gevind in Egiptiese bronne voor vroeg in die twaalfde eeu v.C. nie en die inhoud van bekende inskripsies toon duidelik dat die Filistyne nie as 'n nasionale entiteit voor die eerste gedeelte van die twaalfde eeu v.C. in Palestina gevestig kon wees nie (Freedman in Seymour, Giten & Wright (ed) 2006:297). Egiptiese bronne soos die *Onomasticon* van Amenemope (ongeveer 11de eeu v.C.) en argeologiese data bevestig wel dat vroeë Seevolke/Filistyne in die twaalfde eeu v.C. aan die suidelike kus van Palestina gevestig het (Dothan 1982:4; Killebrew 2005:202).

Debatte duur egter voort onder geleerdes oor die oorsprong van die Seevolke en die rede vir die migrasie. Killebrew sien kolonialisasie as die dryfveer agter die verskyning van die Filistyne by terreine in die kusstreke van Palestina en Filistea

(Killebrew 2005:200). Lipinski is van mening dat die detail van vroue, kinders en oskarre op die Medinet Habu reliëfs van die land- en seegevegte teen die Seevolke, daarop dui dat die invallers immigrante was en nie net militante aanvallers nie (2006:45).

Verskillende teorieë word genoem in verband met die moontlike plekke van herkoms; 'n aanvanklike beweging vanaf Illyria via die Balkanstate; die westelike Egeïse streek, spesifiek die Griekse vasteland en Kreta, 'n mening wat baseer is op die ooreenkomste tussen die Egeïse en Filistynse materiële kultuur, asook die bybelse verwysing in Amos 9:7 en Jeremia 47:4 na Kaftor (Hebreeuse naam vir Kreta) as plek van oorsprong; die oostelike Egeïse gebied en Westelike Anatolië, wat veral verbind word met die Seevolkgroepe, *Shardana* en *Shekelesh* met Klein Asië as tuisgebied van die Filistyne. Killebrew stel Ciprus voor, en moontlik die omringende gebied met erkenning van die invloed van die Egeïse-styl materiële kultuur in die ooste en in Filistea. Killebrew sien die Filistyne as die afstammeling en erfgename van die hoogs ontwikkelde kosmopolitaanse kultuur van die Laat-Bronstydperk Egeïse werêld (Killebrew 2005:230,231,234).

3.4.2.2 Aankoms en vestiging. Volgens Egiptiese tekste en muurreliëfs teen die graftempelmure van Ramesses III by Medinet Habu (1175 v.C.) wat die konflik van Ramesses III (1198-1166 v.C.) met die Seevolke uitbeeld, word die afleiding gemaak dat die migrasie van die Seevolke plaasgevind het met oorlog- en transportbote met Egeïse kenmerke soos die voëlvormige boegpunt (Redford 1992:253; Stager in Levy (ed) 1995:338). Waar soortgelyke innames van gebiede plaasgevind het deur ander Seevolk-groepe, is bevind dat die immigrasie en vestiging van die Filistyne in die suidelike vlakte van Palestina nie 'n kommersiële verskynsel was nie - hulle wou vestig op nuwe grondgebied (Lipinski 2006:49).

Bybelse verwysings dui die vestigingsarea van die Filistyne aan as die suidelike kusgebied tot by die Jarkonrivier met, teen die mid-twaalfde eeu v.C. as noordelike grens, die florerende Filistynsgevestigde stad, Tell Qasile (Stager in Levy (ed) 1995:347; Stern 2000:88). Filistea, as kerngebied van die vestiging van die Filistyne het die kusstrook suid van Karmel tot by die voetheuwels van Juda ingesluit. Vestiging deur gebiedsuitbreiding het ook plaasgevind tot in die noordelike valleie van die Sefela met naasbestaan met die Kanaäniete (Finkelstein

1988:27). Gedurende die 21ste dinastie het van die Seevolke ook begin vestig in die Esdraelon vlakte en met die Jordaanvallei verder tot by Tell Deir Alla (Redford 1992:292). Volgens argeologiese opnames is slegs enkele Ystertydperk vestigings op die platteland gevind met 'n hoofsaaklike bewoning van die vyf stede van die Pentapoleis en die sateliet landbougebiede van elke stad (Stager in Levy (ed) 1995:344).

Volgens argeologiese data afkomstig van Filistynse stede soos Asdod en Ekron, welvarende Egipties-Kanaänitiese stede uit die dertiende eeu v.C. het die Filistynse immigrante teen ongeveer 1130 v.C. groter welvarende stede op die ruïnes van hierdie verwoeste stede gebou. Die stede was gekenmerk deur 'n nuwe materiële kultuur (Finkelstein & Silberman 2001:89). Vir bykans die grootste gedeelte van die Ystertydperk en die seshonderd jaar van Filistynse teenwoordigheid in Palestina, het Asdod, Askelon, Ekron (Tel Miqne), Gasa en Gad, (Tell es-Safi), die Filistynse Pentapoleis op die suidelike vrugbare kusvlakte van Palestina, die kern van die Filistynse kultuur, die hartland van Filistea gevorm. Die Filistynse geskiedenis in Ystertydperk II is die geskiedenis van individuele stadstate in plaas van 'n eenheidsinstelling van die Pentapoleis. Die Filistyne het spoedig hul militêre vaardighede, gevorderde militêre tegnologie asook ekonomiese en politieke potensiaal ontwikkel en suksesvol gevestig (Lipinsky 2006:70; Stager in Levy (ed) 1995:333,345). Na die verswakking van die Egiptiese beheer het die Filistyne klaarblyklik vanaf hul vestiging aan die kus van suidelike Palestina tot ongeveer die middel-elfde eeu v.C. nie verder uitgebrei as hul eie grondgebied nie, wat volgens Rigters 15:11, net die stamgebied van Juda ingesluit het. Teen 1100 v.C. het die Filistyne en verwante groepe die sentrale hoogland omring (Redford 1992:292).



Kaart 5: Ystertydperk I Levant (Palestina) met geo-politiese aanduidings van vestiging (Rainey. *Biblical Archaeological Review* Vol.34 (6):46 2008).

3.4.3 *Histories sosio-politiese agtergrond.* Ongeveer 150 jaar na die Egiptiese onttrekking uit Kanaän, was die Filistyne die sterkste element in westelike Palestina, maar het eers beheer oor die streek gedurende die laaste vyftig jaar gevestig. Gedurende die tweede helfte van die elfde eeu (1150-1000 v.C.) het die Filistynse-oormag in die suidelike deel van Palestina, 'n hoogtepunt bereik met beheer oor die valleie en stede van Jisreël en Beth-Shean (Dothan 1982:16,17). Die Filistyne het aanvanklik vir meer as 'n eeu in vrede met die bure geleef, maar die behoefte aan grondgebieduitbreiding, mag en heerskappy het gelei tot konflik en sporadiese botsings met die Israelitiese stamgroepe, soos blyk uit die Rigtersverhale en die argeologie. Die Filistyne het met hul militêre kundigheid, gevegsvaardighede en die gebruik van ysterwapens en wapenrusting die oormag gevoer en was vir dekades lank Israel se belangrikste vyand (Howard in Hoerth et al (ed) 1994:239; Singer in Finkelstein & Na'aman (ed) 1994: 331).

Die enigste hindernis in Dawid van Juda se pad tot oorwinning oor die Filistyne, was die argeologies bevestigde versterkte stede (Mazar in Finkelstein & Na'aman (ed) 1994:165). 2 Samuel beskryf die uiteindelijke onderwerping van die Filistyne deur Dawid. Gedurende die tydperk van die verdeelde ryke van Israel en Juda het die Filistyne slegs sporadies aggressief opgetree. Die stede van die Pentapoleis

het as lojale vasalstate, steeds onafhanklik funksioneer tydens die opeenvolgende beheer deur die onderskeie magsgroepe, Egipte en Assirië, tot en met die wegvoering deur die Babiloniërs in die sesde eeu v.C.

3.4.3.1 Regeringstelsel. As erfgename van die Kanaänitiese stadstaat-stelsel, was die vyf stede, Gasa, Askelon, Asdod, Ekron en Gad, die bybelse Pentapoleis, gedurende die aanvanklike vestigingsperiode in Filistea, beheer deur heersers, die *seranim*, in 'n waarskynlike alliansie van die hoof stede. Teen die elfde eeu v.C. het Filistea ontwikkel in 'n sterk handelskonfederasie van die vyf stede (Markoe 2000:35). Gedurende Ystertydperk II, wat gekenmerk was deur individuele stadstaat-regeringstelsel, was die Filistyne alreeds goed ingeskakel by die Kanaänitiese bevolking en is die *seranim* vervang met 'n stelsel van dinastie heersers soos in die Fenisiese stadstate gevind is. Die onderskeie stadstate het ook nog met relatiewe mag onafhanklik funksioneer in hul verdediging teen onder andere moontlike Judese aanvalle van buite. 1 Konings 15:17 verwys na Gibbeton, 'n Filistynse versterkte stad, geleë naby die grens van Filistea en Israel wat 'n teiken van Egipte en Israel se aanvalle was vanweë die strategiese ligging daarvan (Lipinsky 2006:70,72,88). Beheer in Filistea was gegrond op die Egiptiese administratiewe en militêre model terwyl die noordelike, sentrale en suidelike gebiede van Palestina onderwerp was aan die gesag van die onderskeie stadstate (Singer in Finkelstein & Na'aman (ed) 1994:331). Die kenmerkende eienskappe van die Filistynse mag, soos die militêre vaardighede en administratiewe beheer van gebiede het egter verswak tot latere bykans totale assimilasië met die ander volke in Kanaän (Perego 1998:32).

3.4.4 *Inligtingsbronne*

3.4.4.1 Tekstuele bronne en inskripsies. Buitebybelse verwysings na die Filistyne is min en fragmentaries (Howard in Hoerth et al (ed) 1994:238). Geen Filistynse tekste het behoue gebly nie maar klipseëls met kriptiese tekens wat gevind is, kan moontlik verband hou met die onontsyferde Cipro-Miceense skrif (Lipinski 2006:57). Die sogenaamde 'Goliat' inskripsie op 'n potskerf wat by Gad, *Tell es-Sefi* in 2005 gevind is, is die vroegste bekende ontsyferde Filistynse inskripsie en bevat twee nie-Semitiese name wat moontlik verbind kan word aan Goliat (Internet: Biblical Archaeology Review: Find a dig 2011). Egiptiese bronne soos die

Onomasticon van Amenemope (ongeveer 1100 v.C.) lys die plekname van Filistynse stede in die kusvlakte van Filistea; Askelon, Asdod, Gaza en die Filistyne, *Peleset*, as een van die Seevolk-groepe (Redford 1992:292). Die ontleding van 'n seël, dateer as agste tot sewende eeu v.C. wat by Tell Gemneh gevind is en deur W Petrie in 1928 publiseer is, toon 'n verband met 'n Filistynse familie wat 'n Anatoliese tradisie deur die jare behou het. Die eerste duidelike verwysing na Filistea in Assiriese bronne is 'n belastinginskrywing wat dateer uit die tydperk van Adad-nirari III (810-783 v.C) (Lipinski 2006:66, 72).

Soos reeds genoem, word die inskripsies en uitbeelding van die Egiptiese gevegte teen die invallende Seevolke op die muurreliëfs by Medinet Habu (1175 v.C.) gesien as die mees bekende en belangrikste bron van inligting en die datum as die enigste absolute aanduiding van die koms van die Seevolkgroepe (Hoffmeier in Hoerth et al (ed) 1994:279). Inskrywings in die *Papyrus Harris I* dokument bevestig die Filistyne se teenwoordigheid soos dit in die reliëf-inskripsies van Medinet Habu uitgebeeld word (Killebrew 2005:204). Volgens Ussishkin is die hoof kronologiese aanduiding van die koms van die Filistyne na Palestina, die tydperk na die finale vernietigingslaag van Lagis vlak VI. Die mening is baseer op die teenwoordigheid van Filistynse erdeware ná ongeveer 1130 v.C. (in Williamson (ed) 2007:136). Die reisverhaal van Wen-Amon (14de eeu v.C.) toon suksesvolle handelsbetrekkinge tussen Tirus van Fenisië en Askelon. Delikate houers en fyn Samaria erdeware sowel as rooi en roomkleurige poleerde tafelware was deel van die handelskommoditeite (Stager 2009:).

Bybelse verwysings. Die Hebreeuse Bybel bied die meeste verwysings en mees volledige rekords van die Filistyne, maar vanuit 'n redelike negatiewe perspektief. Volgens Genesis 10:13-14 word die Filistynse plek van oorsprong as Egipte aangegee terwyl Amos 9:7 en Jeremia 47 Kaftor as tuisland aandui. Rigters 3:31, as die eerste historiese verwysing na die Filistyne as sulks, gee aanduiding van 'n konfliktsituasie tussen die Filistyne en Israel. Die Simsonverhale van Rigters 13-16 dui op wedersydse kontak terwyl 1Samuel: 4, 5 verdere vyandighede beskryf waar die ark buitgemaak is deur die Filistyne. Volgens 1Samuel 17:11 was die Israelitiese stamgroepe oorweldig deur die intimiderende teenwoordigheid van Goliat en die militêre mag van die Filistyne maar Dawid se oorwinning oor Goliat lei

tot die neerlaag van die Filistyne. 1Samuel 13:16-21 teken die Filistyne as vegters, ystersmede en werkers.

3.4.4.2 Argeologiese data. Die Filistyne sou waarskynlik ook, soos ander migrerende volksgroepe, hulle eiesoortige kulturele-erfgoed saamgeneem het. Navorsing het die bydrae en invloed van verskillende kultuurgroepe in die Filistynse materiële kultuur identifiseer wat dui op kontak gedurende een of ander stadium met verskillende bevolkingsgroepe (Howard in Hoerth et al (ed) 1994:231). Die ontwikkelde kultuur en die hoogtepunt van die mag van die Filistyne gedurende die twaalfde en elfde eeue v.C. word duidelik uit argeologiese vondste van hul materiële kultuur (Perego 1998:32). Volgens Stager kan ook die bedrywighede van 'n diverse gemeenskap van soldate, boere, handelaars, heersers, sjamaans, priesters, ambagsmanne en argitekte vaagweg waargeneem word in die argeologiese reste van die Pentapoleis (in Levy (ed) 1995:334,335). Opgrawings wat gedoen is in Ystertydperk II-vlakke by Gad (Tell es-Safi) het bewyse gelewer van 'n verwoesting van dié welvarende Filistynse stad, waarskynlik deur Koning Hasael van Damaskus in die laat 9de eeu v.C. Die massiewe beleëringstelsel is gebruik om die terrein te verower en is die oudste bekende stelsel van sy soort in die wêreld (Maier 2010:).

Volgens argitektoniese data was die gevorderde vlak van stadsbeplanning en uitleg kenmerkend van die Seevolke se vestiging. Dit word veral duidelik by Asdod, Ekron, Askalon en Tell Qasile met ruimtes vir industriële soos wewerye en ander kommersiële bedrywighede. Indrukwekkende stedelike versterkings is in die negende en agste eeue v.C. opgerig. Die vier-kamer huisplan wat by Tel Qasile gevind is, het gedurende Ystertydperk II ook in die Noordelike Ryk van Israel en soms in Juda voorgekom (Lipinsky 2006:88).

Die vuurherde van verskillende groottes en vorm wat gevind is by Ekron (Tel Miqne), Asdod en Askalon is uitstekende voorbeelde van die Seevolke en Filistynse eiesoortige kulturele kenmerke en bande met die Egeïse wêreld. Die vuurherd was 'n sentrale voorwerp in die Miceense paleise – die fokus van burgelike- en kultiese sentrums en aanduiders van huislike en sosiale lewe. By Tell Qasile (mid-twaalfde eeu v.C) is in die middel van 'n groot saal 'n verhoogde sleutelgatvorm vuurherd gevind. Sitplekke om die mure dui dit aan as waarskynlik

‘n plek van samekoms (Mazar in Schloen (ed) 2009:320; Stager in Levy (ed) 1995:347). Die vonds van ‘n ronde vuurherd met klipuitlegwerk (*pebbled*) by Gad, (Tell es-Safi) is waarskynlik die jongste bewys van dié besondere eienskap in die Filistynse kultuur gedurende Ystertydperk 11A (*Maier 2010*). Egeïse verband word ook gesien in die voorkoms van baddens en talle klei weefgewigte by Ystertydperk 1 Filistynse terreine (Killebrew 2005:216).

Die duidelikste kronologiese kriterium tans vir datering van Filistynse inname van grondgebied en die gevolge daarvan, is die onderbreking van seehandel en kontak met die Egeïse volke en Ciprus. Dit word verbind aan die verdwyning van die teenwoordigheid van ingevoerde delikate Laat-Bronstydperk Miceense IIIB en Cipriotiese erdeware by terreine (Lipinski 2006:49). Filistynse erdeware, Miceens IIIC:Ib of Miceens IIIC (ook die Seevolke se monochroom erdeware genoem), wat beïnvloed was deur die verskillende style van die Miceense, Cipriotiese, Egiptiese en Kanaänitiese erdeware, word gesien as aanduider van teenwoordigheid en vestiging by terreine soos Asdod en Tell Qasile. Dit is dan ook die duidelikste onderskeidende deel van die Filistynse materiële kultuur en het floreer vanaf ongeveer 1150 tot 1000 v.C. Die Kanaänitiese invloed het met verloop van tyd versterk en die kenmerkende Filistynse ware het mettertyd verdwyn en was verplaas deur plaaslike style soos die pelgrimsfles en klein en groot bekere (Howard in Hoerth et al (ed) 1994:244 245 246). Tydens opgrawings by Kanaänitiese Lagis, vlak VI is geen Filistynse erdeware gevind nie en die kenmerkende geverfde erdeware was waarskynlik eers na 1130 v.C. ná die verwoesting van Lagis ingebring (Ussishkin in Williamson (ed) 2007:136).

Stager deel die vestiging, en latere gebiedsuitbreiding van die Filistyne in volgens fases wat baseer is op die voorkoms van erdeware-tipes by terreine. Fase 1 met bewoning veral in die stedelike gebiede, word identifiseer deur die kenmerkende voorkoms van die plaaslik vervaardigde erdeware, Miceens IIIC:Ib. of Miceens IIIC wat veral met die teenwoordigheid van die eerste geslag Filistyne in verband gebring word. Die erdeware, bakke, kraters, *stirrup jars*, houers en bekere met tuitsiwe, (*spout jars*), is versier met eenvoudige swart geverfde vorms en patrone. Die kenmerkende rooi en swart bichroom versiering op erdeware van Fase 2 verteenwoordig ‘n streekstyl in erdeware wat oor ‘n periode ontwikkel het, vanaf

Miceense IIIC erdeware tot die rooi en swart geverfde bichroom erdeware met afwyking van die oorspronklike ontwerpe. Die volgehoue gebruik van slegs die kunstig versierde bichroom met geleidelike veranderings, het die invloed van verskillende erdeware tradisies van die onderskeie groepe in die land getoon tydens die voortgaande akkulturasie proses van die Filistynse geskiedenis (Stager in Levy (ed) 1995:334,335).




Fig. 6: Filistynse erdeware met patroonversierings afkomstig van die Laat Helladies IIIC Egeïse keramiektradisie met Cipriotiese invloed (Redford 1992:293. Fig 8).



Fig. 7: Voorbeelde van Filistynse Bichroom erdeware (King & Stager 2001:140. III.65).



Fig 8: Filistynse 'Orpheus' tuitsif-kruik van Megiddo (str IVA) (1150-1000 v.C.) tydens Kanaänitiese bewoning. Geskilderde prosessie van diere en 'n lierspeler (King & Stager 2001:293. Ill.163). Die Megiddo-kruik is die vroegste voorbeeld van tekeninge op erdeware (Braun 2002:147).

3.4.5 *Godsdiens, kultus en musiekkultuur.* Min inligting bestaan oor die kultusbedrywighede van die Filistyne. Bybelse verwysings soos Jesaja 2:6 verbind die Filistyne aan die okkulte met waarsêery en towery. 2Konings 1:2 verwys na Baäl-Sebub as die god van Ekron. Volgens Stager kan die vondste van klei weefgewigte en kultiese voorwerpe in kamers langs die vuurherdlokaal by Ekron, moontlik verbind word met die Miceense Moeder-godin. Dit kan waarskynlik ook 'n verband toon met 'n soortgelyke voorbeeld waar 2Konings 23: 7 verwys na die weef van klere vir Asjera in die kamers by die Tempel in Jerusalem (Stager in Levy (ed) 1995:347). In die verwoestinglaag van Askelon is die eerste voorbeelde van die klein dak-altare gevind waarop waarskynlik wierook en mirre gebrand is as offers vir Baal, soos Jeremia 32:29 daarna verwys (Stager 2009:10).

Die vonds van talle vroulike godsbeeldjies by Filistynse terreine van Ystertydperk I dui op die belangrike rol van die godin in die kultus. 'n Volledige bichroomversierde onbekende godsbeeldjie, *Ashdoda* genoem, is in 'n groot saal langs 'n heiligdom in Asdod gevind. By die godsbeeldjie en fragmente van soortgelyke beeldjies op ander Filistynse terreine soos Askelon, Ekron en Tell Qasile, word baie duidelike Egeïese, Anatoliese en Cipriotiese style en invloed onderskei: kenmerkende eienskappe soos die vorm van die beeldjie en die verlengde nek met bichroomversiering (Killebrew 2005:218).



Fig. 9: Die 'Ashdoda' vrugbaarheids-godsbeeldjie van Asdod (12de eeu v.C.) in die vorm van die moeder-godin en 'n bed (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 1:130).

Volgens Braun word die musiekkultuur van die Filistyne die beste weerspieël deur argeologiese bewyse van Asdod, as van enige ander Filistynse stad. 'n Terra-cotta wierookstaander, 'n beeldjie van 'n lierspeler en 'n seël wat 'n lierspeler uitbeeld vorm saam met twintig ander Filistynse musiekverwante voorwerpe een van die grootste en rykste versamelings van argeologiese bewyse van inheemse musiek van enige Ystertydperk bevolkingsgroep (2002:165,166). Deur die bestudering van artefakte wat by Filistynse terreine gevind is, is gevind dat daar 'n moontlike verband is met die musiekkultuur van Israel/Palestina. Twee artefakte van Asdod word in hierdie verband uitgesonder, 'n terra-cotta wierookstaander en die Asdod lierspeler. Die Asdod musiekstaander toon dat die Filistynse musiekkultuur van die periode vier of vyf instrumente ingesluit het wat algemeen gebruik was in die musiekkultuur van Israel (Burgh 2006:19).

Die terracotta kultiese wierookstaander met musikante wat by Asdod gevind is, dateer as 11-10de eeu v.C. toon die belangrikheid van en die plek van musiek in die kultus. Hierdie prototipe Filistyns/Kanaänitiese wierookstaander toon die figure van vier staande musikante wat verskillende instrumente bespeel; 'n dubbelfluit *halil*, 'n raam/handdrom *top*, 'n klein simmetriese lier *kinnôr* en klein simbale. Die vyfde sentrale figuur met 'n *halil* is waarskynlik die leier of 'n sanger. Geen ander soortgelyke voorbeeld van musiek-ensemble groepering is in Egipte of Assirië gevind nie, hoewel die groepering algemeen voorgekom het binne die Filistynse gebied. Die uitbeelding van die groteske gesigte toon 'n duidelike verband met die kultus van Cybille (Braun 2002:166).



Fig. 10: Terracotta kultiese staander van Asdod met 'n groep van vyf musikante (11-10 de eeu v.C.) waarvan slegs drie op die afdruk gesien kan word (King & Stager 2001:290. III. 161)

3.4.6 *Impak van Filistynse vestiging in Filistea, Palestina.* 'n Meer volledige weergawe van Filistynse betrokkenheid in Palestina van die Ystertydperk val buite die fokus van hierdie studie. Soos duidelik blyk uit die voorafgaande gedeeltes het die verskillende dissiplines in argeologiese navorsing getoon dat, met die koms en vestiging van die Filistyne 'n nuwe kulturele invloed in Palestina van die Ystertydperk verskyn het. Ekonomiese kundigheid, seehandel en handelsverbintenisse het duidelik getoon dat 'n spesifieke geografiese gebied Filistea van die Filistyne was.

Kontak met die bevolking van Palestina het gelei tot die wedersydse oornames van sekere eienskappe, vaardighede en tradisies. Die Filistyne het vinnig aangepas by die omgewing en binne 'n bestek van 150 jaar het hulle byna geheel en al ingeskakel by die omringende kulture. Ontwikkelde gevegsvaardighede met gevorderde wapens en die goed toegeruste gevegseenhede van hulle gevegsmag, waarvan die vondste van die strydwa onderdele by Ekron, Tell Miqne en Askelon getuig, het die Filistyne gedugte teenstanders tydens die hoogbloei van hulle mag gemaak (Redford 1992:247; Stager in Levy (ed) 1995:171).

Beheer oor die handel en kommunikasieroetes in Filistea was belangrik in die vestiging van mag. Hoewel die Filistynse militêremag verminder het, het die

welvarendheid en lewenskragtigheid van die ekonomie van Filistea, wat uit die stedelike renaissance ontwikkel het, tot byna die sewende eeu v.C. voortgeduur. Dit word bevestig deur die opgrawings in die industriële gebiede van Asdod, Timna Bet-Semes en Ekron. Olyfolieprodukte afkomstig van Ekron en Timna is gedurende die sewende eeu v.C. uitgevoer, waarskynlik vanaf Ekron se hawe aan die kus (Lipinsky 2006:88,89).

Die hoogs begeerde handels- en karavaanroetes wat Palestina die brandpunt van twiste van mededingende volke gemaak het, het Palestina deurkruis vanaf Suid-Arabië tot by die Mediterreense hawens van Filistea met handelsentrums by onder andere Gaza (Lipinsky 2006:74). Die gevestigde en eeu-oue handelsroete, die Via Maris vanaf Egipte, het deur Filistea gegaan. Die dinamiese aard van onderlinge binnelandse handel, internasionale handelskontak en politieke verbintenisse sou ongetwyfeld baie bydra om kulturele kontak en oordrag van musiektradisies bevorder.

3.4.7 *Slotsom.* Ten spyte van 'n sterk neiging om te assimileer met die bevolking van die land, het die Filistyne hulle politieke en nasionale identiteit en 'n kenmerkende materiële kultuur behou tot aan die einde van die Ystertydperk. Die bevolkingsgetal in die agste eeu v.C. was egter die helfte van wat Juda s'n was in dieselfde tydperk (50 000) (Lipinsky 2006:51; Singer in Finkelstein & Na'aman 1994:299). Die Filistyne, 'n nie-Semitiese groep wat in Kanaän teen ongeveer 1200 v.C. verskyn het, vir 'n wyle in Palestina die botoon gevoer het, met die Israeliete in konflik was en gedurende die laaste deel van die sewende eeu v.C. onder Egiptiese oppermag was, is gedurende Sargon II (772-705 v.C.) se veldtogte oorwin. Die Babiloniese verwoesting van die Filistynse stadstate en die wegvoering van die werkersgroepkern teen ongeveer 604 V.H.J., was 'n onherstelbare slag vir die Filistynse kultuur en het finaal 'n einde gebring aan die 600 jaar van die volk se bestaan. Die glorie en hoogtepunt van die Filistyne in die Nabye Ooste en Palestina se geskiedenis was kort – slegs 150 jaar, maar het 'n duidelike impak gemaak op die Israeliete en die geskiedenis van die tyd. Die Israeliete kon nie verdryf word nie, maar die aanvanklike Filistynse bedreiging word gesien as 'n rede waarom die Israelse stamgroepe gehunker het na 'n koning soos *al die nasies* (I Samuel 8:5,19-20) (Howard in Hoerth, Mattingly & Yamauchi (ed) 1994:249,250;

Singer in Finkelstein & Na'aman (ed) 1994:331). Die Filistynse nalatenskap is opgesluit in die naam *Palestina* wat bestaan het tot die gebiedsverdeling in 1948 en die staat 'Israel' gevorm is (Meyers in Seymour, Giten, Wright & Dessel (ed) 2006:259).

3.5 FENISIËRS: KOLONIALISEERDERS, HANDELAARS, KUNSTENAARS.



Kaart: 6: Fenisië gedurende die Ystertydperk (Bible History Online).

<http://www.bible.history.com/maps/phoenicia.html>

3.5.1 *Inleiding.* Soos reeds aangetoon is, het 'n kristaliseringsproses in die gebiede waar die gesag van die imperiale ryke verswak en verdwyn het, gelei tot nuwe etno-politiese entiteite onder migreerende groepe en streekbewoners. Gedurende die tydperk vanaf ongeveer 1200-900 v.C. was daar nie 'n sterk militêremag in Mesopotamië teenwoordig nie en het kleiner state soos die Israelse monargie, Filistea en Fenisië floreer. Langs die Siro-Fenisiëse kus het die

Fenisiëse kultuur en die stadstaatbestel van die Laat-Bronstydperk egter voortgegaan en het die stede klaarblyklik vinnig herstel na die aanvalle van die Seevolke in die twaalfde eeu v.C. (Lipinsky 2006:12,163).

Die Fenisiërs, as een van die bevolkingsgroepe in Palestina en hoofsaaklik handelaars en kunstenaars, het 'n belangrike rol gespeel veral in die internasionale seevaarhandel en ekonomie, maar sou ook op godsdienstige en kulturele gebied 'n impak hê in en buite die gebiedsgrense van die streek. Waar in hierdie navorsingstuk gefokus word op musiekinstrumente en die gebruik daarvan in Israel/Palestina, teen die historiese agtergrond van bevolkingsgroepe in Israel/Palestina, kan beskikbare relevante inligting oor Fenisië bydra tot die studie en moontlik aantoon waar en op watter manier die bydrae gemaak was. Daar sal slegs kortliks en oorsigtelik gekyk word na die historiese agtergrond en leefwêreld van die Fenisiërs gedurende die Ystertydperk om 'n algemene verwysingsraamwerk te vorm.

3.5.2 Herkoms en vestiging. Die beperkte beskikbare inligting oor Fenisië bied min duidelikheid oor die bewoners van die gebied en hulle as 'n volksgroep bly argeologies en histories 'n enigma. Die vroegste argeologiese teken van hul teenwoordigheid word in verband gebring met die proto-Fenisiëse vondste by Byblos, antieke Gebal, dateer as ongeveer 3000 v.C. Volgens Herodotus, Griekse historikus (ongeveer 484-425 v.C.) is die omgewing van die Persiese Golf die gebied van oorsprong van die stigters van Sidon aan die Mediterreense kus. Waar die antieke naam van Fenisië/Fenisiërs tans nog onbekend is, was die Fenisiërs histories waarskynlik as Kanaäniete gesien. Etimologies kan *Kanaän* verwys na die Akkadiese term *kinahhu*, die kosbare rooi-pers kleurstof wat verkry word van die *Murex*-skulp, afkomstig van die kusstrook aan die Mediterreense See noord van Akko. Die woord kan ook dui op *handelaars in gekleurde materiaal*. Die betekenis word ook reflekteer in bybeltekste soos Jesaja 23:2,3 wat verwys na handel met Tirus en Sidon. Hoewel die etniese identiteit van die Fenisiërs onbekend is, word 'n duidelike Semitiese afkoms aangedui en in antieke tye is in die algemeen na enige Semitiese seehandelaar as *Fenisiër* verwys. Die benaming Fenisiërs is 'n latere Griekse woordskepping wat verband hou met *land van palmbome* (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 3:1223; Markoe 2000:10; Rogerson & Davies 1989:72).

Volgens Markoe (2000:11) begin die Fenisiese geskiedenis teen ongeveer 1550 v.C. toe Fenisiese stede, uitsluitend Byblos wat reeds eeue bestaan het, as stadstate ontwikkel en onafhanklik voortbestaan het tot die Hellenistiese Tydperk, ongeveer 300 v.C. Die volle onafhanklikheid van Fenisië se stadstate het egter met die opkoms van die Assiriese ryk ge-eindig (Perego 1998:42). Fenisië se hawens het steeds 'n belangrike rol vervul in die voortgesette handel tydens die agtereenvolgende politieke beheer van die Babiloniërs en die Perse. Die Hellenistiese Tydperk wat in 332 v.C. deur Alexander die Grote se oorwinnings ingelei is, en die latere Romeinse Tydperk, was voorspoedige tye vir voortgesette handel met die Mediterreense streek. Deur die proses van Hellenisering het Fenisië later die eie etniese karakter asook die erkenning van hul taal verloor (Markoe 2000:190).

Die stede van Fenisië, en in die besonder Tirus en Sidon, het deur die eeue innames en oornames beleef met verwoesting van stede, wegvoering van die inwoners en die onvermydelike belastings aan die veroweraars.

3.5.3 Sosio-politiese agtergrond. Die Fenisiese geskiedenis in Ystertydperk II kan gesien word as die geskiedenis van die finansieel sterk, onafhanklike en mededingende versterkte stadstate van Sidon en Tirus, Byblos en Arwad en die kleiner stede langs die Fenisiese kus asook van die suksesvolle Fenisiese uitbreidings in die Mediterreense gebied vroeg 9de eeu v.C. (Lipinski 2006:165,183; Markoe 2000:10). Markoe sien Fenisië as 'n konfederasie van wydverspreide handelaarsgemeenskappe wat elk onafhanklik funksioneer het van Tirus en Sidon eerder as 'n enkel nasionale entiteit wat aangedui word deur geografiese gebiedsgrense. Die geografiese hartland van Fenisië was die smal kusstrook tussen die Mediterreense see en die Libanon bergreeks, 'n gebied vanaf Noord-Palestina tot Suid-Sirië. Die seehandel het nie die Fenisiërs beperk tot 'n geografiese gebied nie maar slegs die sfeer aangedui waarin hulle baie suksesvol beweeg en bekendheid verwerf het. Die progressiewe tegnologiese dinamiese mobiele kultuur wat geskep is, was kenmerkend van die Fenisiërs se vermoë om aan voortdurende nuwe internasionale behoeftes en eise in die handel te voldoen (2000:26).

Die Fenisiërs was bekend vir hulle gevestigde reputasie as seevaart-ingenieurs, navigators, uitmuntende vakmanskap en innoverende kunstenaars. Met 'n florerende skeepsbouïndustrie, suksesvolle seehandel met uitgebreide handelsverbintenisse en goeie diplomatieke verhoudinge, was hulle deel van die florerende Mediterreense seehandel. Die regering van Koning Hiram I van Tirus het in Fenisië 'n goue era van politieke beheer, ekonomiese opbloei, kommersiële voorspoed en suksesvolle gebiedsuitbreiding ingelui. Die uitbreidingsbeleid van Fenisië was gerig op kolonialisasie gedurende die eerste dekades van die eerste millennium en vanaf 900 v.C. het Ciprus, Sicilië, Sardinië, Spanje en Noord-Afrika onder Fenisiese beheer gekom. Die vestiging van kolonies het plaasgevind teen die agtergrond van die beheer oor Fenisië deur die Neo-Assiriese ryk. Karthago, wat teen die vroeg-agste eeu v.C. gestig is, was die argeologies bevestigde oudste stad en belangrikste van die Fenisiese kolonies. Die stad het tot 'n onafhanklike staat ontwikkel teen ongeveer die regeringstydperk van Tiglath-pileser III (744-727 v.C.) as gevolg van die verandering van Assirië se beleid en die inkorting van die Fenisiese stede se, tot dusver relatiewe onafhanklikheid (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 3:1224; Lipinsky 2006:182,183; Markoe 2000:10).

Die Assiriese beleid teenoor die Fenisiese stadstate wat gedurende Assirië se uitbreidingsveldtogte onderwerp is, was baseer op die effektiewe uitbuiting van die ekonomiese potensiaal van die klein stadstate wie se betrokkenheid grootliks bygedra het tot die uitgebreide handel in die Mediterreense gebied (Lipinsky 2006:181). Assirië het deur die hawes aan die Fenisiese kus toegang verkry tot die seeroetes en die ryk mediterreense handel. Waardevolle metale, goud en silwer, vervaardigde items en kosbare sederhout het deel gevorm van die swaar belasting wat van die kusstate ingevorder was. Deur magsbeheer is verhoed dat kleinstate koninkryke 'n bedreiging vir Assirië se grensveiligheid sou wees (Ward in Hoerth et al (ed) 1994:188,189). Die Fenisiese betrokkenheid by opstande teen Assirië en deelname aan die gevegte by Qarqar (853 v.C.) lei tot strafmaatreëls deur Sanherib (704-681 v.C.) en Tirus, Sidon, Aksib en Akko word verwoes (Ward in Hoerth et al (ed) 1994:187).

3.5.4 *Handel en ekonomie.* Argeologiese en geskrewe rekords toon dat die Fenisiese kusstate in die Laat-Bronstydperk relatief voorspoedig was met 'n

diverse ekonomie wat gehandhaaf was, veral in buitelandse handel in hout en metaal. Die teenwoordigheid van dertiende eeuse v.C. Miceense IIIB geveerde erdeware wat by Sarepta, noord van Tirus en by die Levantynse kusstede gevind is, word direk verbind aan buitelandse handel tussen Ciprus en die Fenisiese vasteland (Markoe 2006:21,22). Die gebieds- en gepaargaande handelsuitbreiding van Fenisië in die 9de eeu v.C. weswaarts tot by Spanje en die Atlantiese kus van Morocco, was ingestel op kolonialisering van gebiede, gemotiveerd deur die groeiende behoefte aan nuwe bronne vir silwer en goud en meer rou materiale soos ivoor, lood, tin, yster en koper asook deur die eise van die swaar belasting aan Assirië. Groeiende handelsbetrekkinge gedurende die agste eeu v.C. het die Fenisiërs in kontak gebring met die Arameese en Neo-Hetitiese state van Sirië, suid-oos Anatolië en ook met die Assiriese politieke en militêre vernuwingbeleid tydens Assurbanipal II se beheer. Kontak met Filistea het toegang tot die goud van Ofir deur die hawe van Tell Qasile moontlik gemaak. 'n Voorbeeld van die reikwydte van Fenisiese kontak en invloed in Palestina is 'n kruik met Fenisiese inskripsies en tekeninge van figure en 'n lierspeler wat by Kuntillet 'Ajrud, die karavaan oornagplek op die roete vanaf Filistea na die Golf van Akaba, gevind is (Braun 2002:151; Lipinsky 2006:181,182, 184).

Die belangrikste uitvoerprodukte was sy, wol, glas, plaaslik gekleurde, geweefde en geborduurde materiale. Sederhout uit die Libanonbergreeks was 'n gesogte kommoditeit vir skeepsbou en bouwerke. 'n Uitsonderlike produk was die Tiriese *faience*, 'n glasagtige pasta van grond en sand waarvan voorwerpe vervaardig is. Fenisië was gedurende die Ystertydperk die mark vir gesogte luukse goedere (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 3:1226; Markoe 2000:22). Die gevorderde vakmanskap en uitmuntende standaard van kunsontwikkeling van die Fenisiese vakmense word duidelik uit houtsneewerk en die talle panele met ivoor- kerf en inlegwerk wat gevind is by die paleise van Samaria en Nimrud (Ward in Hoerth et al 1994:188,189). Die beeldhouwerk op die sarkofaag van Ahiiram in Byblos (900 v.C.), toon die vaardigheid van die klipwerkers (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 3:1226)




Fig. 11: Ivoorplaket van Samaria. Bo regs: Gevleuelde sfinks in 'n gewyde tuin. Onder regs: Leeu en 'n bul in 'n geveg. Links: Heilige dwergpalmmotief. Dateer as 8ste eeu v.C. (King & Stager 2001:332. Ill. 196).



Fig. 12: Fenisiese ivoor van Salamis. 'n Ivoorpaneel van 'n troon met 'n voorstelling van 'n gevleuelde sfinks en heilige dwergpalm in vergulde en oop inlegwerk. 8ste eeu v.C. (King & Stager 2001:333. Ill. 198).

1Konings 16:29-33 verwys na die huwelik van Agab (874-853 v.C.) in die hoofstad, Samaria, met die Fenisiese prinses. Isebel, dogter van Koning Etbaäl van Tirus. Huwelike van die aard was gebruiklik om staatkundige alliansies te vorm en diplomatieke en handelsverbintenisse te verstewig asook militêre bystand teen vyande te verseker. Israel verkry aldus toegang tot die kus en vir Fenisië is deurgang deur die berglandgebied van Israel verseker na Trans-Jordanië en die

besige binnelandse Koningsroete wat vanaf die Golf van Akaba uit die suide aansluit by Damaskus in die noorde (Markoe 2000:37).

3.5.5 *Inligtingsbronne*. Waarskynlik die vroegste tekstuele vermelding van die Fenisiërs is 'n inskripsie oor 'n ekspedisie van Tiglath-pileser I (1114-1076 v.C.) na die Mediterreense kus waar hy vanaf Arwad kuslangs gevaar het en belasting in die vorm van geskenke van Byblos, Sidon en Arwad ontvang het asook 'n groot voorraad sederhout van die Libanonberge. Fragmentariese inligting uit die Assiriese annale verwys onder andere na Fenisiese stede soos Arwad, Byblos, Sidon en Tirus en ander stede wat belastingpligtig was aan Assurbanipal II (883-859 v.C.). 'n Paar Fenisiese inskripsies, en verwysings in Hebreeuse en Griekse geskrifte bied weinig duidelikheid oor wie die Fenisiërs was. Die omstandighede in Byblos gedurende die tiende eeu v.C. kan afgelei word uit ou Babiloniese koninklike geskrifte maar direkte gegewens oor politieke of ander verhoudings na buite is nie duidelik nie.

Die reisverhaal van Wen-amon (ongeveer 1065 v.C.) bied insiggewende inligting oor die Fenisiese seevaartbedrywighede van die periode, die handelsverbintenisse en sterkte van die handelsvloot. Die besonderhede gee ook 'n aanduiding van Fenisië se gevestigde handelsverbintenisse en belangrike rol in die seevaartbeheer op die Oos-Mediterreense handelsroete. 'n Fenisiese seehandel in volle swang

In die Joodse historikus, Josephus Flavius se werk *Against Apion* (95 n.C.) is dele uit die tien- tot negende eeu v.C. Tireense Koningslys, die *Codex Laurentianus*, in Grieks oorgeneem. Dit bied 'n betroubare kronologiese raamwerk vir Ystertydperk II maar ook vir die verhoudings van Fenisië met die buurlande. Die lys bevat die name en regeringstye van Tireense konings vanaf Koning Hiram I (ongeveer 773-761 v.C.) tot die stigting van Karthago (ongeveer 814 v.C.) (Lipinsky 2006:163,165,166,201; Markoe 2000:26).

Ou-Testamentiese tekste soos Jesaja 23:2,3,4, en Sagaria 9:2,3 verwys na die beroepe van inwoners van stede soos Tirus en Sidon en nie na een of ander federasie of staat wanneer na Fenisië verwys word nie. Jesaja 23:8 en Sagaria 9:3 verwys na die uitsonderlike status van die handelaars en die rykdom van die

onderskeie stede word duidelik uitgelig. 1Konings 5:1-10 verwys na die verhouding tussen Koning Hiram I en Koning Dawid en beskryf Salomo van die Israel Monargie se handelsooreenkoms met Koning Hiram. Seder en sipreshout van Libanon en vakmanne soos skrynwerkers en klipwerkers vir die Tempel wat gebou moet word in ruil vir landbouprodukte. 1Konings 7:13 verwys na die dienste van 'n kunstige en kundige vakman, Hiram, 'n bronswerker van Tirus, vir die werk aan Salomo se paleis. Amos 1:9 verwys na politieke verhoudinge van Tirus met Edom.

3.5.6 *Materiële oorblyfsels*. Geen Fenisiese historiese annale het behoue gebly nie en argeologiese vondste is waarskynlik die hoofbron van inligting oor Fenisië en die handelsryk gedurende die Ystertydperk. Klein, gereelde argeologiese opgrawings word in die kern van die Fenisiese gebied, tussen die see en die Libanonberge gedoen, maar daar word blykbaar min oplewer. Die opgrawings by Sarepta het getoon dat dit nie verwoes was nie en alles dui op min ontwinging tydens die invalle van die Seevolke. Die argeologiese opgrawings in die tans vernietigde deel van Beiroet is van groter omvang. Van die vroegste vondste van die kenmerkende Fenisiese kultuur is by Aksib, Tel Keisan en Tell Abu Hawam in die vlakte van Akko gevind wat waarskynlik deur Hiram I in die 10de eeu v.C. tydens 'n veldtog onderwerp is, na versuim is om belasting te betaal (Lipinsky 2006:164,165,176; Markoe 2000:11).

Opgrawings by *Horvat Rosh Zayit* het versterkte terreinkonstruksies blootgelê met die kenmerkende Fenisiese koplans-sylans (*header-stretcher*) en arduinsteen (*ashlar*) bouwerkmetode. Die groot gebou met kelders is met 'n massiewe wal omring en is as 'n fort identifiseer. Verskil van mening bestaan oor die tydperk van bewoning wat baseer word op die erdeware. Enersyds word dit aangedui as 10-9de eeu v.C. en die fort word met Koning Hiram I van Tirus verbind ten tye van sy beheer oor die streek, wat die Land van Kabul genoem is, soos ook 1Kon 9:10-14 daarna verwys. Die teenwoordigheid van die *Hippo* kruike, wat slegs by Noord-Israelitiese terreine gevind is, dui andersins op 'n datering voor 840 v.C. tydens Koning Omri of sy seun Koning Agab van Israel se regering, voor die verwoesting van die fort tydens die Arameese veldtogte van Koning Hasael van Damaskus. Die erdeware wat gevind is bevat, afgesien van stoorpote, 'n groot versameling van Fenisiese en Cipriotiese bakke. Dit sluit in die Swart-op-Rooi erdeware, wit

Cipriotiese geveerde erdeware, Fenisiese bichroom erdeware, gewone erdeware en Rooi-slib erdeware (Lipinsky 2006:176,177). Die Rooi Slib erdeware wat beskou word as 'n duidelike aanduider van Fenisiese teenwoordigheid in die weste, is afkomstig van 'n 9de eeu v.C. erdewaretradisie in die ooste. Die eiovormige *Hippo* stoorkruike was slegs vir 'n kort tydperk vervaardig. Die Rooi-op-Swart erdeware het weinig voor 875/850 v.C. in Fenisië en Ciprus verskyn (Lipinsky 2006:182).

3.5.7 *Fenisiese kulturele invloed*. Tenspyte van die beïnvloeding deur interaksie met ander beskawings en die aanneming van sekere kulturele eienskappe en gebruike van ander kulture, was die Fenisiese kultuur steeds gewortel in ouer Kanaänitiese tradisies. Ontleding van die Fenisiese kultuur en kuns toon 'n sintese van elemente van die omringende oosterse kulture en die kus (Ward in Hoerth et al (ed) 1994:197).

Die Ystertydperk se buitengewoon ryk Fenisiese kunstradisie was 'n voortsetting van die werk van Kanaänitiese kunstenaars. Dit het beslag gevind in die vervaardiging van luukse items soos fyn juweliersware, ivoor-graveerwerk, vervaardiging van metaalhouers, veelkleurige glas asook die bewerking van goud, silwer en brons. 'n Besondere eienskap van die Fenisiese kuns was die samevatting van al die vreemde tradisies waarmee Fenisiese kunstenaars in aanraking gekom het en die uitbouing daarvan tot 'n unieke konsep. Ward beskryf die Fenisiese kunsvorm as 'n skeppende sinkretisme van vryvloeiende sirkelbewegings van die Minoïese en Miceense kuns met die statiese kubisme van Egipte (Ward in Hoerth et al (ed) 1994:199,200). Die tekeninge op die *pithoi* stoorpotte (dateer ongeveer 800 v.C.) wat by Kuntillet A'jrud in noord-oos Sinai gevind is, toon bekende Fenisiese kunsmotiewe soos die Bes motief, die heilige bome en leeus (Zevit 2001:376).

Die suiwerste vorm van Fenisiese invloed in Israel/Palestina word slegs noord van die Karmelberge gevind, 'n area wat 'n klein deel vorm van die Fenisiese kulturele sfeer. In hierdie grensgebied het 'n baie duidelike musiekkultuur ontwikkel vanuit beide Fenisiese en antieke Israelitiese elemente. Die invloed daarvan het later versprei tot in Ciprus. In die studie van musiekinstrumente het Braun bevind dat die sosiale karakter van die Fenisiese musiekverwante artefakte heeltemal verskil van die van die Filistyne. Die Fenisiese voorbeelde vertoon die gelykmakende

uitwerking van massa-produksie tegnieke. Die voorwerpe was in elke sosiale klas en etniese groep in die land gevind. Die Filistynse voorbeelde weer vertoon die artistiese verskynsels wat met die hoëlui verbind word, en wat 'n individuele etniese betekenis oordra. Dit was ook histories belangrik as prototipes vir latere kunsontwikkelings (Braun 2002:113,179). In die latere bespreking van musiekinstrumente sal die onderskeidende elemente van die Fenisiese instrumente aangedui en bespreek word.

Fenisiese gebiedsuitbreidings en handelsbedrywighede het gelei tot die verspreiding van onder andere die Fenisiese kultuur, kultus, taal en skryfwyse, die eerste alfabet en kenmerkende argitektuur. Ivoorinleg en –kerfwerk, kunstige kunsvoorwerpe, juwele en luukse goedere was gesog buite die grense van die land. Hierdie aanduiders van die Fenisiese kultuur het, soos die handelsnetwerk uitgebrei het, verskyn in noordelike Sirië, suid-oos Anatolië en Palestina (Lipinsky 2006:184).

3.5.8 *Die kultus.* Verskeie gode het deel gevorm van die godedom van die Fenisiese kultus soos Tanit/Tinnit, Melqart, Eshmun, Shed, met plaaslike variasie van die Ba'al naam soos Ba'al-Tirus en Ba'al van Libanon. Zevit dui daarop dat Asjera nie in die Fenisies-Puniese lys van godename voorkom nie (Zevit 2001:609 onderskrif no 99).

Onderskeie gode was aan 'n stad verbind soos Melqart en Astarte aan Tirus, Ba'al en Ba'alat aan Byblos en Astarte en Eshmun (die god van genesing) aan Sidon. Gedurende die Fenisiese Ystertydperk het die kultusse van Osiris en Isis ook deel gevorm van die godsdienst. Die hoofgod en hoofgodin was egter Ba'al en Ba'alat (Markoe 2000:115). In die kultus is 'n ikonografiese assosiasie geskep met die moedergodin, Astarte, in die vorm van offergawes waarvan die talle godsbeeldjies wat gevind is, getuig. Dit was klaarblyklik deel van 'n persoonlike huishoudelike kultus wat gerig was op die vroue, kinders en vrugbaarheid (Markoe 2000:124).

Die sinkritistiese aard van die Fenisiese godsdienste word weerspieël deur die gekombineerde Semitiese, Horitiese en Egiptiese elemente in die kuns. Internasionale kulturele- en handelskontak sowel as die geografiese ligging het bygedra tot die ontwikkeling (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 3:1226). Diens

aan die Fenisiese god, Ba'al is in Samaria in Israel ingestel na die huwelikverbintenis van Koning Agab met die Fenisiese prinses, Isebel. Agab het 'n altaar opgerig in die tempel wat hy vir Ba'al gebou het waarin Ba'al priesters diens gedoen het. Die Israelse profete het egter veelgode diens verdoem en die volk se deelname aan godediens sterk veroordeel. 1Konings 16: 30-33 verwys na die gebeure.

Volgens Fenisiese inskripsies het monarge op grond van hul godsdienstige gesag tempels gebou, nuwe voorstellings van gode gewy en verantwoordelik gewees vir die instandhouding van kultiese sentrums (Zevit 2001:452). In Tirus het Hiram I 'n sierlike tempel opgerig vir diens aan Melqart en Astarte.

3.5.9 *Slotsom.* Gedokumenteerde geskiedenis van die Fenisiërs van die Ystertydperk het nie behoue gebly nie maar deur hul ekonomiese welvaart, handelsinisiatiewe en vaardighede is 'n ryk skat van kuns en kultuurelemente nagelaat waarvan spore gevind word in die annale van volke en argeologiese vondste. Die Fenisiese invloed en kulturele geestesgoedere het tot buite die landsgrense gestrek. Die besondere elemente van die Fenisiese kultuur word saamgevat in die volgende aanhaling uit die werk van Dyonysius van Susiana:

“ Upon the Tsurian sea the people live
Who style themselves Phoenicians...
These were the first great founders of the world
Founders of cities and mighty states—
Who showed a path through seas before unknown.
In the first ages, when the sons of men
Knew not which way to turn them, they assigned
To each his first department; they bestowed
Of land a portion and of sea a lot,
And sent each wandering tribe far off to shore
A different soil and climate. Hence arose
The great diversity, so plainly seen,
' Mid nations widely severed ”.

Dyonysius of Susiana

Bron: <http://phoenicia.org/index.shtml>

HOOFSTUK 4

ISRAEL. UITVERKORE VOLK IN 'N BELOOFDE LAND

*Maar jy, my dienaar, Israel,
Jakob vir wie Ek uitverkies het,
afstammeling van Abraham
vir wie Ek liefhet,
jy, vir wie Ek van die uiteindes
van die aarde af gegryp het,
van sy uithoeke af geroep het,
vir jou het Ek gesê: Jy is my dienaar,
Ek het jou uitverkies, Ek het jou nie verwerp nie
Jesaja 41 vers 8,9.*

4.1 Inleiding

Byeengebring uit die skemer van vervloë tye is die bybelse ontstaan- en vestigingsgeskiedenis van antieke Israel en die uiteindelijke volksvorming, 'n uitsonderlike epiëse verhaal van 'n bybelse uitverkore volk soos dit deur antieke bybelskrywers opgeteken is. 'n Mosaïek-meesterstuk van mites en legendes, volksverhale en oorlewerings, tradisies, poësie en liedere, profesieë, wette en voorskrifte maar ook van politieke agendas, magstryd, beheer en wedywering, voorspoed en die uiteindelijke tragiese verhaal van 'n volk in wegvoering en ballingskap. Mense wie se lewens nou verweef was met die teokratiese boodskap van uitverkiesing, straf en uitredding, verlossing en hoop en die finale erkenning van *YHWH* as die enigste God.

Met interdisiplinêre benaderings word die hoogs komplekse aard van die ontstaansgeskiedenis van die Israeliete as etniese groep steeds nagevors wat weer aanleiding gee tot verskillende ontstaanmodelle as antwoord op die steeds tergende vraag, ' Wie was die Israeliete en waar het hulle vandaan gekom? '.

Volgens die Bybelse siening van die herkoms van die vroeë Israeliete, soos gevind in Genesis 46:31-34; 47:3-4 en Deuteronomium 26:5, was dit landelike nomade

vanaf die oostelike Jordaan gebied. Navorsing deur bybelgeleerdes en argeoloë het egter aanleiding gegee tot meningsverskille en 'n verskeidenheid van teorieë oor die ontstaan van die volk Israel soos onder andere deur Finkelstein (1994) en (Dever 2001).

Die definisie van Vroeë Israel en die vestiging bly steeds 'n belangrike onderwerp van bespreking onder bybelgeleerdes en argeoloë om dit histories te plaas in die argeologiese en tekstuele rekords. Vanuit die geleedere van die akademici en argeoloë kan William Dever en Israel Finkelstein as van die hoof rolspelers in hierdie debat genoem word soos dit onder andere blyk uit die publikasies van *Who were the Israelites and where did they come from?* (Dever WG 2003) en *The quest for the historical Israel. Debating archaeology and the history of early Israel.* (Finkelstein in Schmidt (ed) 2007).

Aanvanklik was die bekende inskripsie op die Merneptah stele van die Egiptiese farao (ongeveer 1210 v.C.) waar die woord *Israel* voorkom, die mees beduidenste buite-bybelse datum en bron van die teenwoordigheid van so 'n entiteit in Kanaän. Studiepogings word tans aangewend om hierdie bekende inskripsie met die steeds groeiende argeologiese opname- en opgrawingsdata van die meer as 300 dertiende en twaalfde eeu v.C. se vestigingsterreine in die sentrale bergland van Palestina te korreleer (Dever in Schloen (ed) 2009:89).

Binne die konteks van die veranderinge in die groter Mediterreense gebied gedurende die begin van die eerste millennium word die proses van Israel se *ethnogenesis* nie as uniek gesien nie (Killebrew 2005:42,149). Volgens Redford moet antieke Israel binne die ware Nabye Oosterse konteks gesien word vir 'n onpartydige benadering (1992:263). Soos reeds aangetoon is, is die geskiedenis van Israel ten nouste verbind met die lotgevalle van die ander volke in die strategies geleë Palestina – die landbrug en handelskruispunt tussen die ooste en die weste.

Waar die gebruik van musiek en musiekinstrumente in die Israel/Palestina van die Ystertydperk die onderwerp van hierdie werkstuk is, sal gepoog word om ook enkele aspekte van die volk Israel uit te lig ten einde die konteks aan te toon

waarbinne musiek ook in antieke Israel gedurende die Ystertydperk funksioneer het.

4.2 *Historiese agtergrond*

4.2.1 *Teorieë, Modelle en menings.* Toenemende beskikbare buitebybelse tekstuele en argeologiese data van die afgelope meer as tagtig jaar het met verloop van tyd aanleiding gegee tot verskeie denkrigtings tot die vraagstuk oor die ontstaan van die bybelsevolk, Israel. Vrae word reeds vanaf die laat negentiende eeu deur moderne literêr-kritiese bybelgeleerdes gestel rondom die betroubaarheid van die bybelse verhalende stof as middel tot die historisiteit van die vroeë Israeliete en die volk Israel (Redford 1992:263). Klaarblyklik word die historisiteit van die Eksodus tradisie bevraagteken deur bybelgeleerdes. Bybelgeleerdes, historici en argeoloë benader die onderwerp vanuit hul onderskeie navorsingsperspektiewe. W F Dever is een van die geleerdes wat die onderwerp aanspreek in een van sy publikasies, *What did the Biblical writers know and when did they know it?* (2003). Amihai Mazar, saam met verskeie geleerdes, se navorsing word benader vanuit die perspektief dat bybelse bronne belangrike historiese kerninligting bevat tenspyte van 'n laat skrywe daarvan. Die agste tot die sewende eeu v.C. word aangedui vir die Pentateug, die Deuteronomistiese geskiedenis asook die profetiese- en wysheidsliteratuur. Die finale redaksie, byvoegings en veranderinge aan die materiaal word dateer as in die eksiliese en voor na-eksiliese tydperk in die vierde eeu v.C. (Mazar in Williamson (ed) 2007:144).

Die volgende modelle benader die ontstaan en vestiging van die vroeë Israel vanuit verskillende perspektiewe. Die *Verenigde militêre veroweringsteorie* voorgestel deur WF Albright, is baseer op die bybelseverhale en -tradisies in Josua terwyl die *Vreedsame infiltrasiemodel* van A Alt dui op die vestiging van rondbewegende landelike boerebevolking, pastorale nomade, wat baseer is op die verhale in Rigters. Die *Sosiale revolusie of opstand model*, voorgestel deur G Mendenhall in 1962, is verder gevoer deur Gottwald, en word baseer op 'n teorie van ontevrede inheemse werkersgroepe se beweging van die Laagland stadstate tot in die bergland. Die toepassing van 'n moderne sosiologiese benadering tot 'n Laat-Bronstydperkgemeenskap. Die *landelik (pastoral) Kanaänitiese* teorie,

voorgestel deur I Finkelstein benader die ontstaan van Israel vanuit 'n langtermyn historiese perspektief wat nie gegrond is op bybelse materiaal nie, maar byna geheel op argeologiese getuienis. Sodanige getuienis is afkomstig van uitgebreide oppervlakopnames en verskeie opgrawings van die afgelope dekades, veral in die berglandgebied. Die klem word geplaas op die inheemse oorsprong van die berglandbewoners. Volgens Killebrew is nie een van die modelle ten volle bevredigend nie en stel sy 'n *Gemengde menigte* model voor wat die bybelse- en argeologiese bewyse interpreteer as 'n weerspieëling van die heterogeniese, veelvlakkige en komplekse proses van die Israelitiese *ethnogenesis* vanuit 'n hoofsaaklik inheemse oorsprong, binne die konteks van die oostelike Mediterreense gebeure (Killebrew 2005:149,182-185). Dever sien die ontwikkelende unieke kultuurelement van die twaalfde eeu v.C. wat hy *proto-Israeliete* noem, ook as nie-homogenies en weerspieëling van 'n etniese vermenging (Dever 2003:154).

Teenoor die *Sosiale revolusiemodel* met die oorsprong uit die Laaglande, stel Anson Rainey die Transjordaniese gebied as die gebied waar die vroeë Israeliete vandaan kom. Hy verwys na W Dever se mening dat die erdewaretradisies van Ystertydperk I berglandvestings ontwikkel het uit die Laat-Bronstydperk Kanaänitiese kusvlakte areas. Die stelling is baseer op Dever (2003) se vergelykende studie van die erdewerk van die twaalfde eeu v.C. terreine, Izbet Sartah en Silo, met Gezer, Megiddo en Lagis se dertiende eeu v.C. Laat-Bronstydperk erdewerk. Rainey betoog egter dat dieselfde keramiektradisie onlangs oos van die Jordaan by Tall al- 'Umayri gevind is, wat getuig van 'n erdewaretradisie van bewoners op die Transjordaniese plato. Dit is moontlik die konteks waarbinne die ontstaan van Israel gesoek kan word. Die nuwe immigrante na die bergland van Galilea, Samaria en Judea het die bewussyn van 'n eie identiteit saamgebring. Volgens Rainey is die aanname van die bybelse tradisies daarop gegrond dat antieke Israel as landelike bewoners migreer het, vanaf Oos Jordaan na die sentrale berglandgebied (Rainey 2008: 45,46).

Bogenoemde modelle vorm deel van die interdisiplinêre soeke na die ontstaan van die entiteit wat later as Israel sou bekend staan. Debatte, wat ook gekleur word deur die minimalistiese, maksimalistiese en revisionistiese sienings van geleerdes soos Lemche, Dever en Finkelstein, sal nog lank gevoer word oor die

komplekse onderwerp. Die bespreking van die verskillende argumente en hipoteses oor die ontwikkeling van die vroeë Israel tot 'n monargie en die verdeling in 'n noordelike ryk, Israel en suidelike ryk Juda, val buite die omvang van hierdie studie. Daar sal egter gekyk word na data wat insig bied tot die sosio-politieke omstandighede van die volk van Israel en aspekte van die ekonomie, kultuur en kultus in die onderskeie ryke asook trans-kulturele kontak aangesien die insigte en data bepalend is vir die onderwerp van hierdie hoofstuk.

4.2.2 *Argeo-historiese data van Israel.* Die Hebreeuse Bybel was aanvanklik die enigste bron van inligting vir die geskiedenis en ontwikkeling van die bewoners van die smal en klein sentrale berglandgebied in Palestina tot 'n latere volk. Met die opkoms van moderne historiese en geografiese studies het 'n nuwe studieveld ontwikkel. Deur navorsing en studie het tekstuele insigte, argeologiese getuies en topografiese opnames gesamentlik bygedra tot die onderskeiding tussen die mag en poësie van bybelse sage en die meer praktiese gebeure en prosesse van die antieke Nabye Oosterse geskiedenis. Met verloop van tyd, gevorm deur die eise van 'n oorlewingsbestaan in 'n ruwe berglandterrein, politieke bedreiging, konflik en oorlogvoering, het verbonde groepe van die berglandgebiede geleidelik begin ontwikkel in die pre-monargale periode tot 'n politieke eenheid met 'n latere monargie. Argeologiese data het 'n eenvoudige en arm materiële berglandkultuur getoon in vergelyking met die weelde en voorspoed van die naburige volke gedurende dieselfde tydperk (Dever 1990:83; Finkelstein & Silberman 2001:4,15).

Die resultate van noukeurige en uitgebreide oppervlak-opnames en opgrawings sedert die vroeë 1980's van die Israeli besette Wesbank het duidelik aangedui en konsensus is daarvoor bereik, dat in die hartland van antieke Israel meer as 300 klein, nuutgestigte bewoningsterreine gevestig is gedurende die laat dertiende en twaalfde eeu v.C. Terreine is hoofsaaklik gevind op die plato's van die suidelike Levant, die smal sentrale bergland gebied wat strek van noord na suid. Dit sluit in die bo gedeeltes van Bo-Galilea, Laer-Galilea, die vallei van Jisreël, die heuweland van Manasse en Efraim, die heuweland van Juda en suidwaarts tot by die noordelike Negev en die omgewing van Berseba (Dever 2003:110). Opnames aan die oostekant van die Jordaan het dieselfde verskynsel getoon. Volgens Rainey word redelik algemeen aanvaar dat dit 'n gebied kan wees waar vroeë

Israeliete gevestig het (Rainey 2008:47). Vestiging het van oos na wes plaasgevind.

Moderne argeologie bring ook duidelikheid oor die sosiologiese opset van die vestigingproses. Die stadige ontwikkeling van die berglandgebied was beïnvloed deur die sosio-ekonomiese situasie van die bevolking en die omgewingsinvloede. Teen die elfde eeu v.C. het van die berglandterreine reeds kenmerke getoon van koninklike konstruksies soos wat gevind is by belangrike Ystertydperk II sentrums. Tot tagtig persent voortgesette bewoning is by sommige terreine gevind en in Efraim is voortgesette bewoning vasgestel tot Ystertydperk II (Finkelstein 1988:260).

Die sosiale samestelling van Israelitiese gemeenskappe was 'n belangrike element in hul kultuur. Binne die antieke Israelitiese familie-gebaseerde gemeenskap het die uitgebreide gesin, die ouers, kinders en getroude kinders met hul families die kern gevorm met die vader as hoof. In die derde geslag huishouding was die grootvader die gesagsfiguur die *paterfamilias*, die familiehoof (Eksodus 6:14; Numeri 3:24; Genesis 7:7). Die huishouding is die '*huis van die vader, (bēyt 'āb)* genoem. Die sosiale eenheid van die uitgebreide familie was, volgens King, 'n baie belangrike sosiale opset met tot drie geslagte wat in 'n familie wooneenheid saamgroepeer is. 'n Verdere saamgroepering van uitgebreide familieverbintnisse het die familiegroep of *clan* gevorm, met verdere groepering van die *clans*, familiegroepe tot 'n stam. Die onderskeie familie-groeperings het deur hul leiers funksioneer. Gedurende Ystertydperk II het die staat die grootste familie-eenheid gevorm, soos die *huis van Omri* in die Noordelike Ryk en *huis van Juda (huis van Dawid)* in die Suidelike Ryk (King & Stager 2001:36; Zevit 2001:614,617). Volgens bybelse aanduidings het die samestelling van die onderskeie ryke bestaan uit die onderskeie stamme in hul geografiese vestiging-gebied, 'n verwysing wat ook gebruik is in die argeologiese oppervlakopnames.

In die periode na die Babiloniese verwoesting van terreine in die sesde eeu v.C. het 40% van die bevolking voortbestaan en het die gemeenskap nog steeds funksioneer, tenspyte van die gebrek aan oorhoofse administrasie. Dit word toegeskryf aan die sterk familieverbandings (King & Stager 2001:257). Die toenemende argeologiese opgrawings van terreine sedert die 1920s in Palestina,

het gelei tot die vondste van talle klei/terracotta vroulike godsbeeldjies. Die klein beeldjies, wat veral in pre-eksiliese Juda gevind is en as agste-sewende eeu v.C. dateer is, het aanleiding gegee tot debatte oor die betekenis en funksie daarvan en ook die aandag gevestig op die rol van die vrou in die gesins- of familiegodsdiens (Dever 2005: 176).

4.3 *Sosio-politieke agtergrond*

Die historiese data van die Hebreeuse Bybel teken die ontstaan van 'n monargie (10 de eeu v.C.) onder die leierskap van Saul, uit die stam van Benjamin, in die noordelike bergland. Die verdere ontwikkeling en beheer van die monargie deur Dawid en Salomo uit die suide van die land is dan die konteks waarbinne die volk Israel sou ontwikkel tot 'n glorieryke staat.

Volgens argeologiese en historiese data was geweld, dominansie en verraad deel van die stryd van Egiptenare, Filistyne en mededingende bergland-stamhoofde tot 'n nuwe bedeling vanaf die tiende eeu v.C. Binne die raamwerk van die oorlewingsstryd van die bewoners van die noordelike en suidelike berglandgebied van Kanaän, is die konsep van 'n gedeelde identiteit, die mense of volk van Israel, gebore (Finkelstein & Silberman 2006:89).

Na Salomo se dood het die verdeling van die monargie gelei tot die ontwikkeling van twee onafhanklike ryke, die noordelike ryk Israel en die suidelike ryk Juda. Van die regerings van die eerste konings, Jerobeam en Rehabeam kan duidelike kronologiese aanduidings gekry word, anders as van die konings, Saul, Dawid en Salomo van die Verenigde Monargie (Na'aman in Williamson (ed) 2007:404)

Gedurende die afgelope dekade is egter ernstige debatte onder geleerdes gevoer oor die bybelse weergawe van gebeure in die tiende en negende eeu v.C. 'n Periode van ongeveer 300 jaar het verloop vanaf die historiese gebeure tot die neerskryf van die Deuteronomistiese geskiedenis. Deur 'n dekonstruktiewe benadering word die historisiteit van die Verenigde Monargie van Dawid en Salomo bevraagteken asook die bestaan van 'n volwaardige staat met eienskappe, soos onder andere digbewoonde stedelike opsette met Jerusalem as 'n groot stedelike sentrum. Die debatte word gevoer op grond van gebrek aan bewyse dat so 'n staat

funksioneer het. Mazar bevestigte die dubbele standaard in die benadering van sommige bybelgeleerdes wat die historisiteit van die Verenigde Monargie en Juda in die negende eeu v.C. eendersyds betwyfel terwyl die bybelse tekening van die negende eeu v.C. se noordelike ryk, Israel, andersins wel aanvaar word (Mazar in Williamson (ed) 2007:145,146).

Die Deuteronomistiese geskiedenis, waarin die epiese Dawid en Salomo-verhale voorkom, kan moontlik gelees word as 'n politieke-ingestelde skrywe wat Josia se kultiese hervormingsstrategie en staats-ideologie moes bevorder. Die bybelskrywers se tekening van Dawid en Salomo se glorieryke geskiedenis bly egter die vaste basis van die Judese tradisie en staan sentraal tot God se betrokkenheid in die Israelitiese geskiedenis. Deur ontkenning of deur die bybelse historiese tradisie as onbelangrik te sien, sou miskennings van een van die belangrikste tradisies in Judaïsme wees (Finkelstein & Silberman 2007:203,248).

Gebrek aan buitebybelse bronne oor die Verenigde Monargie sedert die tiende eeu v.C. word grootliks toegeskryf aan die politieke vakuum in die internasionale politiek van die periode. Die enigste buitebybelse verwysing tans van hierdie periode is die inskripsie van Sisak I van Egipte in die groot tempel van Amun by Karnak, as herdenking van sy suksesvolle veldtog na die Land van Israel (925 v.C.). Die inskripsie kan moontlik dui op die bestaan van 'n politieke mag in die sentrale berglandgebied, wat as 'n potensiële bedreiging beskou kon word vir hervestiging van heerskappy oor Egiptiese-Kanaänitiese besittings, asook die beheer oor handelsroetes in die kusvlakte en deur die Jisreëlvlakte (Finkelstein & Silberman 2006:81; Mazar in Williamson (ed) 2007:149).

Die ontstaan van die Koninkryke van Israel en Juda kan beskryf word as die uitbreiding van die berglandgebiedsentiteite na die omliggende laaglande, wat 'n groter geografiese gebied insluit maar nie soseer vermeerdering van getalle beteken nie. Tekens hiervan is gevind in die verwoestinglae in die laaglandstede en die aanvanklike veranderings in die materiële kultuur. Die proses van verowering en geleidelike uitbreidings het geëindig met die verskyning van die Noordelike Ryk onder die Omriede op Palestina se politieke horison gedurende die eerste deel van die 9de eeu v.C. (Na'aman in Williamson (ed) 2007:401,404).

In die bespreking van die sosio-historiese agtergrond van die onderskeie koninkryke sal slegs sekere relevante data uitgelig word om 'n algemene beeld te gee van die sosio- politieke, ekonomiese en godsdienstige omstandighede van die Ystertydperk. Faktore wat 'n groot invloed sou uitoefen op kulturele ontwikkeling en musiek in die besonder.

4.4 Historiese agtergrond van die koninkryk van Israel en Juda



Kaart 7: Die koninkryke van Israel en Juda (924-722 v.C.).

<http://www.americanbible.org/brcpages/diggingin-maps-israel>

Die opgrawings en oppervlakopnames in die gebied van Israel en Juda het aangetoon dat die ontwikkeling van die twee ryke soortgelyk was aan die ontwikkeling van ander ryke in die Siro-Palestynse gebied. Kenmerkend is die geleidelike ontwikkeling en verskyning van stedelike sentrums, 'n hierargiese stelsel van vestings gevolg deur die paleisstrukture van die koninklike hof. Daarmee saam was 'n uitgebreide stelsel van administratiewe beheer in sentrums

en handelsbedrywighede waar handel- en kommunikasie roetes die onderskeie gebiede deurkruis het (Na'aman in Williamson (ed) 2007:401).

4.4.1 *Sosio-historiese agtergrond van die noordelike ryk - Israel.* Bronmateriaal vir die geskiedenis van die Ryk van Israel is klaarblyklik nie so volop nie. Die *Lied van Debora* in Rigters 5 en die interpretasie van die verhaal, beskryf 'n geveg tussen 'n koalisie van Kanaänitiese stadstate en 'n koalisie van berglandstamme. Na'aman sien die koalisie van mag van die berglandstamme as die aanvangsfase van die Noordelike Ryk se opkoms as 'n staat (Na'aman in Williamson (ed) 2007:403). Opgrawings in groter stede soos Dan, Hasor, Kinneret, Megiddo, Beth-Shean, Tel Rehov, Tell el-Far'ah (Tirsa), Tell en-Nasbeh asook oppervlakopnames in Galilea en Samaria het duidelike ontwikkeling gedurende die negende eeu v.C. in die gebied bevestig. Bewyse van bevolkingsgroei, digtheid van besetting en bewoning is gevind, asook tekens van handelverbintenisse (Mazar in Williamson ed 2007:159).

Die Noordelike Ryk het die sentrale berglandgebied tot by Bet-el, Ajalonvallei en die Saronkusvlakte tot by die berg Karmel domineer en waarskynlik die bergagtige Galilea, die gebied wes van die Jordaan, die See van Galilea, Gilead en noordelike Moab. 'n Multikulturele staat met strategies geleë administratiewe sentrums soos Gezer, Dor, Megiddo, Hasor en Dan met Samaria as hoofstad en Jisreël as militêre hoofkwartier (Na'aman in Williamson (ed) 2007:407).

'n Proses van stedelike vestiging in die tiende eeu v.C. word deur opgrawings by onder andere Hasor, Beth-Shean, Megiddo, Lagis en Tell Beit-Mirsim bevestig, 'n voortgaande proses wat tot laat in die agste eeu v.C. geduur het. Kulturele en handelskontak van die Noordelike Ryk met Fenisië en Ciprus, is deur opgrawings bevestig. Die groot verskeidenheid in die argeologiese vondste van Stratum IV van Tel Rehov (negende eeu v.C.) bevestig die kontak (Mazar in Williamson (ed) 2007:155,159).

Die bestaan van die Noordelike Ryk in die negende eeu v.C. is argeologies aangedui by Hazor deur monumentale argitektuur en administratiewe sentrums van die Omriede periode (Na'aman in Williamson (ed) 2007:407). Opgrawings by Samaria, die hoofstad van die noordelike ryk en die woonplekke van die Omriede

by Jisreel, het monumentale, goedbeplande negende eeu v.C. koninklike vestings blootgelê. Kenmerke van koninklike konstruksies is massiewe kalkvloere van die binnehowe, arduinsteen bouwerk en versierings wat waarskynlik Fenisiese invloed toon (Mazar in Williamson (ed) 2007:159). Die stalle van Agab uit stratum IVA by Samaria hou verband met die geveg van Qarqar waarna die inskripsies van Salmaneser III verwys (Mazar in Williamson (ed) 2007:160).

Deur 'n suksesvolle *coup d'état* het Omri (876-869 v.C.) beheer oor die ryk van Israel oorgeneem, 'n nuwe dinastie gevestig, 'n sentrale regering gevestig teen die invloed van stamgesag en die internasionale politiek betree deur diplomatieke alliansies aan te gaan met onder andere Fenisië, Juda en Aram-Damaskus. Diplomatieke verbintenisse tussen ryke is verstewig met huwelike tussen familie van die koningshuise. Die band met Fenisië is verstewig deur die huwelik van Agab met Isebel, die prinses van Tirus asook van familie van Koning Josafat van Juda met die koningshuis van Agab van Israel soos 2 Kronieke 18:1 daarna verwys (Na'aman in Williamson (ed) 2007:401,402; Perego 1998:42).

Die ekonomiese voorspoed van die Noordelike Ryk word weerspieël in die bybelse-verwysings en argeologiese data oor die vroeg-negende eeu v.C. luukse paleis van Omri in Samaria. Soos die koninklike wooneenheid, toon die omringende kasematmuur ook Fenisiese arduinsteen bouwerk. Die ivoor inlegwerk en dekoratiewe sneewerk van die agste en negende eeu v.C. deur Fenisiese vakmanne, wys op politieke en handels kontakte met naburige volke. Megiddo, wat in 923 v.C. verwoes is, is ook deur Omri en Agab herbou. Die weelderige leefstyl was steeds deel van die regering van Agab (King & Stager 2001:204). Die kritiek van die profeet in die agste eeu v.C. dui daarop dat die gewone man waarskynlik nie in die luukse leefstyl gedeel het nie (Amos 2:6-8;8:6).

Die ekonomiese voorspoed, materiële besittings en politieke stabiliteit met goeie diplomatieke verhoudinge van die noordelike ryk sou op godsdienstige en kulturele gebied besliste uitwerking toon. Amos, die agste eeu v.C. profeet verwys na die sorgvrye lewe van materiële welvaart van die hooggeplaastes maar beklemtoon ook die geestelike verval en uitbuiting van die armes deur belasting en swaar dwangarbeid (Amos 2; 3:9,10,12,15).

Assiriese, Moabitiese en Aramese koninklike inskripsies bevestig die leidende politieke rol van die Omridiese koningshuis in die Siries-Palestynse gebied. Pogings tot gebiedsuitbreiding van die Omriede het gelei tot militêre kontak en 'n periode van besetting van Moab en inname van Aram. Die Assiriese bedreiging van die onafhanklikheid van klein state soos Aram en Israel, lei later tot 'n alliansie teen wie Salmaneser III geveg het. 'n Alliansie van twaalf ryke onder Hadad-ezer van Damaskus het suksesvol weerstand gebied teen Assirië (853-854 v.C.). Israel, onder bevel van koning Agab, se militêre slaan krag word by die geveg van Qarqar gewys deur die groot aantal strydwaens en soldate (Na'aman in Williamson (ed) 2007:407-410).

Die Tel Dan fragmente gee 'n aanduiding van die onstuimige politieke omstandighede van die tyd en die gebiedskonflik tussen Israel en Damaskus. Die toenemende mag van Hasael (843-842 v.C.) van Damaskus en die weiering van Koning Joram van Israel en Ahasia, koning van Juda tot samewerking teen die Assiriese magte, lei tot gevegte tussen Aram en die twee ryke. Joram en Ahasia sterf in die geveg. In 841 v.C. word Damaskus ingeneem deur die Assiriërs maar Jehu (842-815 v.C.) koning van Israel, *seun van Omri* (Joram) verkies om as 'n vasalkoning belasting te betaal aan Assirië. Dit beteken die einde van Israel se relatiewe onafhanklikheid. 'n Reeks van vier tonele op die swart basalt obelisk van Salmaneser III (857-826 v.C.) is die enigste uitbeelding van 'n Israelse koning wat belasting aan heersers betaal het. Die lys van 'geskenke' soos dit genoem is, toon die hoë belasting wat betaal moes word uit die skatkamers van die land soos silwer, goud en goue voorwerpe (Finkelstein & Silberman 2006:265; Perego 1998:48).

Internasionale politiek het 'n belangrike rol gespeel in die Noordelike Ryk. Die ryk van Israel het 'n politieke hoogtepunt bereik in die agste eeu v.C. met daarna 'n drastiese verbrokkeling. Die diplomatieke verhoudings met Aram, Tirus en Sidon is deur Jehu (842-815 v.C.) se wreedaardige optrede verbreek. Isebel, die Fenisiese prinses word vermoor asook die priesters van die Ba'al kultus. Moord op lede van die koningshuis van Juda beëindig die onderlinge verhouding tussen die ryke.

Die eens sterk noordelike ryk word onderwerp deur Aram, en latere pogings deur heersers tot anti-Assiriese koalisies misluk. Koning Agas (735-715 v.C.) van Juda

weier deelname aan 'n beplande opstand en soek hulp by Assirië teen Resin, koning van Aram en Peka (737-732 v.C.), koning van Israel. Die opstand teen Assirië lei tot 'n katastrofiese neerlaag en Israel verloor die hele Galileagebied terwyl die heersersklas weggevoer word. Hosea (732-724 v.C.), die laaste koning van Israel weier weereens belastingverpligtinge aan Assirië, wat nou op die kruin van politieke heerskappy is. Die onsuksesvolle rebellie teen Assirië en twee jaar (drie jaar volgens 2 Konings 17:5) van weerstand lei tot die verwoesting van Samaria in 721 v.C. en Samaria word 'n provinsie van Assirië. Assiriese annale berig die wegvoering van duisende bewoners van Samaria na Mesopotamië (Na'aman in Williamson (ed) 2007:414; Perego 1998:48,49). Baie vlugtelinge uit die verwoeste Samaria het in Jerusalem op die westelike heuwel gaan vestig en so 'n groot bevolkingsgroei veroorsaak (King & Stager 2001:219).

Argeologiese en ekologiese studies het getoon dat die einde van Israel onvermydelik was. Dit was deel van Assirië se magsovername van die imperiale beplanning omdat die noordelike ryk van Samaria/Israel met die ryk bronne en produktiewe bevolking, 'n meer aantreklike teiken was as die ekonomies swakker, en moeilik bereikbare Juda in die bergland (Finkelstein & Silberman 2001:224). Samaria se ryk inkomstebronne en die strategiese ligging tot die belangrikste handel en kommunikasie roetes in Palestina sou 'n belangrike faktor wees in Assiriese beheer oor handelsroetes en toegang tot ryk inkomstebronne.

Volgens historiese en argeologiese aanduidings is 'n nuwe element hervestig in Samaria wat na die verowering in 721 v.C. slegs as 'n Assiriese provinsie sou funksioneer. Bannelinge wat sinkretistiese godsdienste beoefen het, is vanaf Mesopotamië ingebring en in Samaria, maar veral in strategiese plekke soos rondom Bet-el, gevestig. 2 Konings 17:24,25 verwys na die gebeure. Huwelike met vreemde vroue was waarskynlik 'n algemene praktyk onder die Israeliete wat oorleef het in gebiede van die Noordelike Ryk en woonagtig was tussen die vreemde bannelinge wat uit Assirië gebring is (Finkelstein & Silberman 2001:95, 220; Perego 1998:50)

Daar is geen bybelse verwysing na die betaling van belasting aan vreemde heersers deur die konings van Israel in die negende tot agste eeu v.C. nie, terwyl Assiriese inskripsies, soos die Swart Obelisk van die Assiriese koning, Salmaneser

III (858-824 v.C.) wel verwys na die belasting wat Jehu, koning van die Assiriese vasalstaat, Israel, bring. 1Konings 15:19 en 2 Konings 12:18 verwys na Judese belasting as 'geskenke' (Na'aman in Williamson (ed) 2007:400).

Die transkulturele kontak tussen die Noordelike ryk en Fenisië, Ciprus en ander volksgroepe is deur opgrawings by talle terreine aangewys deur die teenwoordigheid van kenmerkende erdeware. Die vondste van opgrawings by negende eeu v.C. Tel Rehov toon sterk Kanaänitiese invloed. Die kontak met naburige volke sou ook duidelik merkbaar wees op alle vlakke van kulturele en godsdienstige terreine.

4.4.2 *Sosio-historiese agtergrond van die suidelike ryk - Juda.* Die bestaan van Juda as volwaardige staat gedurende die tiende en negende eeu v.C. word steeds onder geleerdes debatteer. Mazar bevraagteken egter die meningsverskille en verwys na die vermelding van die Judese koning as van die 'huis van Dawid' op die Tel Dan Stele, die oorwinningsteele van Hasael, heerser van Aram-Damaskus en internasionale politieke leier in die laat negende eeu v.C. (in Williamson (ed) 2007:159,161). Rainer Albertz sien die inskripsie as erkenning dat Dawid die stigter van 'n dinastie was en dat Hasael moontlik die suidelike ryk van Juda gesien het as 'n staat (in Williamson (ed) 2007:357). Volgens Na'aman was Juda in die tyd van die Omriede 'n klein, swak bevolkte bergland koninkryk in die beginstadium van staatsontwikkeling met geleidelike vestiging van stedelike sentrums en die ontwikkeling van 'n eie ekonomie (Na'aman in Williamson (ed) 2007:412). Killebrew is van mening dat Jerusalem se klein terreingrootte en die min vestings in Juda tot die agste eeu v.C. die relatiewe onbelangrikheid van die suidelike sentrale berglandgebied teenoor Samaria, die noordelike sentrale berglandgebied beklemtoon (2005:165).

Vergelykings tussen erdewareversamelings van Lagis vlak III en erdeware wat uit dieselfde periode dateer wat in opgrawings in Jerusalem gevind is, toon egter dat Jerusalem van die laat-agste eeu v.C. 'n groot, swaar versterkte stad was met uitbreidings aan die westekant van die Stad van Dawid wat ook die westelike heuwel ingesluit het (Ussishkin in Williamson 2007:136).

Die Ryk van Juda het geleidelik ontwikkel vanaf die laat tiende eeu v.C. Kenmerkend van die suidelike ryk was voortgaande ontwikkeling en voorspoed deur die loop van die negende en agste eeu v.C. Die Judese erdeware-versameling het die deurlopendheid aangetoon. Die gebrek aan verwoestinglae sowel as die duursaamheid van die massiewe klipstrukture in die Judese heuwels en die Sefela, het argeologiese vergelyking van die materiële kultuur en datering bemoeilik. Stede en dorpe het ongehinderd voortbestaan vanaf die tiende tot die agste eeu v.C. By terreine soos Jerusalem, Bet-Semes, Lagis en Tell Beit Mirsim het slegs n paar strata die hele tydperk verteenwoordig. Die geografiese ligging van Juda in die bergland het die gebied gevrywaar van ernstige militêre aanvalle soos wat in die noordelike gebied ondervind is. Jerusalem was vanweë die afgesonderde ligging ook gevrywaar van die ramspoedige gevolge van die Assiriese invalle in 701 v.C. (Mazar in Williamson (ed) 2007:161). Juda was egter reeds 'n vasal van Assirië na die gebeure met Aram en Israel (Perego 1998:48).

Die Assiriese beleid van onderdrukking van die Judese volk was die totale verwoesting van 'n klein aantal goed versterkte en strategiese terreine soos Hasor en Lagis asook die vernietiging van stadspoorte en administratiewe geboue van plekke. Teen 701 v.C. het die Assiriërs die hoof versterkte forte van die Sefela en Negev, wat die toegangsroetes na Jerusalem moes beskerm, ingeneem (Bloch-Smith in Schloen (ed) 2009:35).

Teen die agtergrond van die Assiriese imperialistiese uitbreidings het Koning Hiskia van Juda (715-686 v.C.) waarskynlik pogings aangewend om die kultus te sentraliseer voor Koning Sanherib (704-681 v.C.) se veldtogte in die gebied. Sentralisasie van die kultus sou aan die Judese heerser volkome beheer oor die gemeenskap en inkomstebronne in Jerusalem gee.

Sanherib val in die veldtog van 701 v.C. al die vestingstede van Juda aan en verower almal behalwe Jerusalem. Lagis, 'n koninklike stad met 'n strategiese ligging op die hoofroete, wat die suidelike kusvlakte verbind met die hoogland van Jerusalem en Hebron, is gedurende die 701 v.C. veldtog verower en die inwoners weggevoer. Die gebeure is so belangrik beskou dat dit verewig is op die reliëfpanele van die paleis van Sanherib in Ninevé (King & Stager 2001:249,250).

Skatte uit die paleis en tempel skatkamers, as belasting het Jerusalem gered van verwoesting. Gedurende 'n periode van vyf en dertig jaar het Assiriese magte versterkte stede verwoes vanaf Dan in die noorde tot by die Berseba in die Suide in veldtogte wat in Assiriese annale beskryf word. Die las van swaar belastingverpligtinge het tot verarming van die suidelike ryk gelei (Bloch-Smith in Schloen (ed) 2009:35).

Jerusalem was die belangrikste politieke en administratiewe sentrum en dus die logiese plek vir die sentralisasie van die kultus en die enigste plek wees waar geoffer sou word. Sanherib se verwoestende veldtogte langs veral die hoofroetes, word gesien as 'n belangrike faktor in die sentralisasie van die kultus, meer as enige ander priesterlike, profetiese of koninklike inisiatief daarvoor of daarna (Bloch-Smith in Schloen (ed) 2009:35).

Volgens argeologiese data van verskeie terreine is bevind dat groot dele van Juda floreer het in die sewende eeu v.C. Die kruin van die vestiging is teen die agste eeu v.C. bereik maar die verwoestende Assiriese veldtogte het tot demografiese afnames gelei. Die herstel en opbou daarna het geleidelik plaasgevind in die periode van die Assiriese *pax Assyriaca* in die sewende eeu (704-631 v.C.) waar die vasalstate deel kon wees van 'n suksesvolle ekonomiese stelsel (Faust 2008:168,170). Dit het gelei tot 'n redelike herstel van die ekonomie van Juda. Die 7de eeu v.C. word egter ook gesien as 'n era van groot voorspoed vir Juda. Egipte, onder die beheer van Farao Psammetichus (664-610 v.C.) en sy seun, Neko (610-595 v.C.) van die 26ste dinastie, het in die 7de eeu v.C. die laaste periode van imperiale mag beleef. Assirië toon teen die einde van die 7de eeu v.C. na 100 jaar van wêreldoorheersing, ook 'n skielike afname in mag. Dit bied aan Juda die geleentheid tot verdere ontwikkeling op ekonomiese en politieke gebied (Finkelstein & Silberman 2001:66,281).

Die inname van Ninevé teen 612 v.C. deur die Babiloniërs, het die einde van die Assiriese ryk ingelui. Babiloniese beheer oor die vroeëre Assiriese gebied het aanleiding gegee tot verskeie veldtogte (609-586 v.C.) en strafmaatreëls teen rebellie van belastingpligtiges. Die veldtog teen Hamat, Sidon, Tirus en Jerusalem lei tot katastrofiese verwoestings. Lagis, as die tweede belangrikse stad in Juda, word deur Nebukadneser verwoes en die inwoners weggevoer. Die gevolge van

Juda se pro-Egiptiese beleid, teen die raad van die profeet Jeremia, lei tot die verwoesting van Juda in 586 v.C. en bring 'n einde aan die Eerste Tempelperiode. Die verwoestende einde van Askelon (604 v.C.) en daarna Jerusalem, het ook die einde van die Ystertydperk aangedui (Stager 2009:9,18,21).

4.5 *Inligtingsbronne* .

4.5.1 *Buitebybelse inskripsies*. Hoewel die bybelse skrywers vanuit die vooroordeel van die perspektief van latere Judese teologie en ideologie geskryf het, kan die historisiteit daarvan geplaas word langs buitebybelse geskrewe bronne en argeologiese vondste van die laat-tiende tot negende eeu v.C. Egiptiese, Assiriese, Arameese en Moabitiese koninklike inskripsies (Mazar 2007:144). Die historiese inligting van Israel in die boeke van Konings 1 en 2 is geskryf in die óf laat monargiese- óf vroeg eksiliese periode. 'n Tydsverloop van twee tot driehonderd jaar vanaf die gebeure tot die neerskryf daarvan (Na'aman in Williamson (ed) 2007:339).

Baie min is bekend van die historiese gebeure en leefwêreld van die voor-negende eeu v.C. Israel. Israel word in geen inskripsies of dokumente van die Hyksosperiode of latere Egiptiese tekste of in die El-Amarna briewe genoem nie. Volgens Meyers is dit waarskynlik as gevolg van die heelwat latere geleidelike opkoms van 'n spesifieke sosio-politieke groep in Kanaän teen die einde van die 13de eeu v.C. Ook is geen herkenbare argeologiese bewyse gevind van Israelitiese teenwoordigheid in Egipte gedurende die Hyksos periode (1570 v.C.) nie (Meyers in Gitin, Wright & Dessel (ed) 2006:257).

Geen ander buitebybelse vermelding van 'n groep wat as *Israel* aangedui word, is nog gevind behalwe die inskripsie op die *Merneptah Stele* (laat-dertiende eeu v.C.) en die laat negende eeu v.C. *Moabitiese Stele* van Koning Mesa van Moab.

Die inskripsies op die *Merneptah* of *Israel Stele*, die herdenkingsmonument van Farao Merneptah in die tempel by Tebes, dui op sy veldtogte in, onder andere Kanaän. Dit meld die vernietiging van stede in Kanaän maar ook van 'n entiteit of groep mense, Israel. '*Israel is stripped bare, his seed is not*'. Dit is die vroegste verskyning van die naam Israel in enige oorgeblewe antieke teks en 'n aanduiding dat daar waarskynlik 'n groep met die naam Israel, alreeds in die geografiese

gebied, Kanaän, was (Finkelstein & Silberman 2001:57). Dit is ook duidelik dat die genoemde *Israel* dus 'n mate van militêre mag sou hê (Meyers in Gitin & Wright (ed) 2006:257).

'n Paar laat tiende en negende eeu v.C. Egiptiese, Assiriese, Arameese en Moabitiese koninklike inskripsies verwys na verskillende insidente in die geskiedenis van die ryke van Israel en Juda (Na'aman in Williamson (ed) 2007:399).

* Inskripsies op twee negende eeu v.C. swart basalt stelae verwys na die oorwinning van naburige volke oor die Koninkryke van Israel en Juda. Die Mesa of die Moabitiese Stele van Dhiban (Dibon) se inskripsies in Moabities verwys na die oorwinning van Koning Mesa oor *Yahweh* en sy mense, 'n oorwinning wat toegeskryf word aan die Moabitiese god, *Kemos*. Dit was 'n erkende gebruik van heersers in antieke tye in gevegte met die vyand om die oorwinning aan die godheid toe te skryf. Die inskripsie is waarskynlik 'n eerste buitebybelse verwysing na *Yahweh*.



Fig. 13: Die Moabitiese swart basalt stela van Koning Mesa (840 v.C.) by Dhiban (Dibon) (King & Stager 2001:129. III.53).

* Fragmente van 'n swart basaltstela (835 v.C.) met inskripsies in Aramees, is tydens opgrawings (1993/1994) by Tel Dan gevind, Dit huldig die oorwinning van Koning Hasael van Damaskus oor *Yahweh* en Joram, koning van *Israel*, die seun van Agab en Ahasia, koning van *die huis van Dawid*, seun van Jehoram. Die oorwinning word aan die Arameese god, *Hadad*, toegeskryf. Die inskripsie is tans die eerste buitebybelse verwysing na Dawid en die dinastie (Finkelstein & Silberman 2006:265; King & Stager 2001:305).



Fig. 14: Die 'Huis van Dawid' inskripsie (byt dwd). Tel Dan stele (9de eeu v.C.).

<http://www.bible-history.com/archaeology/israel/tel-dan-stele.html>

* Die Swart Obelisk van Salmaneser III (857-824 v.C.).



Fig. 15: Een van vier panele op die Swart Obelisk toon Salmaneser III wat belasting ontvang van Jehu Koning van Israel, Jehu, seun van Omri <http://bible-history.com/black-obelisk/the-jehu-relief.html>



* Taylor se prisma. Die gedenksteen verwys na Sanherib van Assirië se veldtog (701 v.C.) langs die Mediterreense kus en die onderwerping en deportasie van die heersers. Die verowering van 46 versterkte Judese stede word genoem asook die weerstand van Hiskia (715-686 v.C.). Hiskia se keuse tot die betaling van die verpligte belasting aan Sanherib red Jerusalem van 'n aanval (Perego 1998:52).

4.5.2 *Argeologiese data*. Oppervlakopnames of *surveys* in die berglandgebied het vanaf 1967, na 'n politieke konflik-periode vanaf 1920 tot 1967, as 'n nuwe metode van ondersoek met intensiewe opnames, ontleding en kartering van die landskap van die berglandgebied, 'n nuwe benadering in argeo-historiese inligtingsbronne gebring (Finkelstein & Silberman 2001:106).

Volgens die opnames is die vestingplekke baie klein en die ekonomiese posisie word weerspieël in die materiële kultuur in die hartland van die Israelitiese volk, soos die tipe huisvesting en die gebrek aan publieke geboue asook 'n algemene gebrek aan verdediging strukture soos mure. Sekere elemente in die materiële kultuur wat gevind is, word as tiperend van die Ystertydperk I vestings beskou en word algemeen verbind aan landboubedrywigheide (Meyers in Gitin et al 2006:258).

Opgrawings by die klein onversterkte heuweldorpie et-Tell, die Bybelse Ai (12-11de eeu v.C.) naby Bet-el, het twintig viervertrek pilaarhuise met een of meer uitgekapte bakke of *cisterns*, min erdeware en die kenmerkende kraagrandstoorpote met in een huis, 'n vuurherd vir metaalbewerking, 'n brons beitel en 'n dolk opgelewer. Huise met 'n binnehof met waterbakke, vuurherde en silos is by Khirbet Raddana blootgelê. 'n *Ostrakon*, klei fragment met Proto-Kanaänities-Hebreeuse alfabet, is in een van die silos in 'Izbet Sartah stratum II (11de eeu v.C.) gevind (Dever 1990:62,74).

Kasematmure, as 'n verdedigingmaatreël, is by sommige terreine aangetref. Terreine soos Gibeon, Bet-el en Izbet Sartah was versterkte vestings in die 12-11de eeu v.C. sentrale bergland. Finkelstein verwys na Mazar se mening dat, volgens die aard van die rommel wat die dubbele verdedigingsmuur wat by Gilo gevind is, gevul het, die struktuur die oorsprong is van die latere 10de eeu v.C. kenmerkende kasemat verdedigingsmure (1988:261).

Die kenmerkende hoof argitektoniese eenheid van Ystertydperk I in die sentrale bergland terreine, is die tipiese viervertrek pilaarhuise wat as twaalfde eeu v.C. dateer is en vroeg in Ystertydperk I wydverspreid voorgekom het by onder andere Tel Masos, Kirbet Raddana, Tell en-Nasbeh, Izbeth-Sartah, Ai en stedelike terreine soos Tirsā (Tell el-Far'ah) en Ta'anach. Hierdie huisplan van onbekende oorsprong het spoedig versprei na die Berseba-vallei en Negev hooglande. Die argitektuur van Ystertydperk I het 'n duidelike uitwerking getoon op die Israelse argitektuur van Ystertydperk II (Finkelstein 1988:254,258,259). Zevit dui daarop dat die soortgelyke huisplan ook gevind is by nie-Israelse terreine soos Tel Qasile, Tell Kaysan en Tell Abu Huwam IV en is van mening dat dit nie uniek aan Israel is nie (2001:101 voetnota 32).

Gepleisterde watersilos met beskermende deksels, uitgekap in die berglandkalksteen, het as reservoirs vir die opvangwaters in die reënseisoen gedien en word as kenmerkend van vestiging in die gebied en van die tydperk gesien. Klip-uitgevoerde silos, soos wat by Khirbet Raddana gevind is, het waarskynlik as graanstooplek gedien. Terrasverbouing het maksimale benutting van beskikbare landbougond verseker (Killebrew 2005:175,176). Bogenoemde hulpmiddels het verder ontwikkel en is aangepas by die leefwyse van die bewoners van die land en die eise wat gestel is.

Die Ystertydperk I bergland-erdeware was 'n voortsetting van die Laat-Bronstydperk keramiektradisies maar baie beperk in die aantal vorms. Belangrike veranderinge in die materiële kultuur het saam met die tiende-eeu v.C. se verstedelikingsproses ontwikkel. Dit is aangedui deur die vervanging van die Kanaänitiese geverfde erdewaretradisie van die laat-elfde/vroeg-tiende eeu v.C. met nuwe tradisies van nuwe vorms en rooi slib en handpoleerde erdeware (Killebrew 2005:177; Mazar 2007:155). Volgens Zertal is die oos-wes patroon van vestiging gedurende Ystertydperk I aangedui deur die verspreiding van drie dateerbare tipes kookpot-handvatsels (Zevit 2001:102).

Die kraagrandstoorpotte *collared-rim pithoi* word beskou as tipies van die Ystertydperk I vestiging in die berglandgebied. Volgens Zevit is gevind dat die groot kruik met handvatsels 'n ontwikkeling is van die Laat-Bronstydperk en ook by nie-Israëlitiese terreine aan beide kante van die Jordaan gevind is. Hy verwys

daarna dat Finkelstein die kenmerkende verskyning in die berglandgebied voor die twaalfde eeu v.C. en die verdwyning na die tiende eeu v.C. koppel aan die ligging van woonplekke ver van die waterbron en die behoefte aan stoorfasiliteite vir voedselvoorrade (2001:107).

4.6 *Die Kultus*

Soos in die voorafgaande hoofstukke aangetoon is, het Israel/Juda nie in 'n kulturele en godsdienstige lugleegte funksioneer nie, maar volgens Karel van der Toorn was dit omring deur ander beskawings met moontlik gedeelde konsepte en waardes en praktyke wat in die materiële kultuur weerspieël is (in Gittlen 2002:46). Daar is 'n toenemende bewuswording dat die populêre godsdiens van antieke Israel moontlik verskil het van die amptelike staatsgodsdiens. In die uitgebreide studie van Israelse godsdienste verwys Z Zevit in die monumentale werk, *The Religions of ancient Israel* (2001) onder andere na kultiese gebruike soos die hoogtes, gewyde pale en afgodsbeeldjies, gesnede en gegote beelde. Argeologiese bewyse van strukture en kultiese strukture, soos tempels, altare, heiligdomme en die vondste van wierookaltare, kultusgereedskap en inskripsies bevestig die komplekse aard van die Israelitiese godsdiens. Die beskrywing van die godsdienshervormings van Hiskia, koning van Juda (715-686 v.C.) volgens 2 Konings 18:4 en 2 Kronieke 29-31 en die tweede hervorming deur Josia (640-609 v.C.) volgens 2 Kronieke 34-35, dui op die realiteit van ander godsdienspraktyke wat, behalwe die amptelike godsdiens van diens aan *Yahwe*, beoefen is in Juda. Waar die afwesigheid van antieke Israelse ikonografiese bewyse toegeskryf was aan die godsdiens fundeerde verbod op die maak van afbeeldings of voorstellings, het onlangse studies van argeo-ikonografie en Ou Testamentiese historiografie getoon dat die antieke Israelse kultuur en in die besonder die Israelse godsdiens, nie orals en altyd ikonoklasties was waar voorstellings en beeldjies vernietig is nie (Braun 2002:5,6). Van der Toorn is van mening dat die Israelitiese kultus tot ten minste die Deuteronomistiese hervorming nie anikonies was nie waar 'n voorwerp wat die god simboliseer maar nie verteenwoordig het nie, aanbid is (in Gittlen 2002:48). Mettinger is egter van mening dat die Israelse kultus anikonies was vanaf die vroegste tye en W Dever (1994:122) sien die pilaarbeeldjies van die agste en sewende eeu v.C. as moontlike verteenwoordiging van die godin Asjera (Hadley

2000:204). Talle vroulike kleibeeldjies, Judese pilaar godsbeeldjies (*Judean Pillar Figurines*) is wydverspreid in Juda, en veral in Jerusalem, in 'n wye konteks soos huise, publieke plekke, stoorgrotte, stortingsputte en graftombes gevind. Moorey verwys na Kletter se mening dat dit moontlik in 'n huishoudelike konteks gebruik was (2003:48).

Volgens Uehlinger se mening het die Assiriese verowerings van die laat agste-vroeg sewende eeu v.C. baie bygedra tot die verspreiding van die Arameense astrale kultusse, veral die verering van die maan-god van Harran, die hoof beskerm-god van die westerse uitbreidings. Die gemengde kulture van die hervestigde gemeenskappe in Israel/Palestina het gode soos Ishtar, Marduk en Nabû bekend gestel in Israel/Palestina en die *pax Assyriaca* het gelei tot die beïnvloeding van plaaslike kultusse. Verering van nie-antropomorfiese voorwerpe soos die sekelmaan staander van Sin en die graaf van Marduk, wat die gode simboliseer, was bekend. Die gebruik om gode van die astrale hemel of nie-antropomorfiese kultiese simbole in die plaaslike godsdienssimbool-stelsels op te neem, word duidelik illustreer deur die steengraving van die sewende eeu v.C. in Israel/Palestina (van der Toorn 1997:134). Die silinderseël van Nebo, wat later bespreek word, illustreer baie duidelik die verskynsel

Volgens 1 Konings 12:25 het Jerobeam (922-901 v.C.) na die stigting van die noordelike ryk (925 v.C.), uit vrees dat die volk na Rehabeam van Juda sal oorgaan as hulle voortgaan om in Jerusalem te gaan aanbid, twee goue kalwerbeelde in die amptelike godsdiens-heiligdomme by Bet-el en Dan opgerig waar aanbid kon word. Volgens Stager was voorstellings wat met YHWH verband gehou het waarskynlik aanvaarbaar gedurende die periode. Profete soos Hosea (Hosea 13:1,2) en priesters van Jerusalem, hoofstad van die suidelike ryk, het egter die kalf-simboliek veroordeel as afgodsdiens (Stager 2010:4). Albertz is van mening dat, volgens bybelsebronne, die hoof godsdienstige probleem in die bybelse historiese agtergrond van die negende eeu v.C. die beginstryd vir 'n meer toegewyde aanbidding van Yahweh in die noordelike ryk was (Albertz in Williamson (ed) 2007:359). 1 Konings 18:18 verwys na die diens aan die Baäls wat heftig deur die profete vanuit die perspektief van die amptelike godsdiens veroordeel is. Die profeet Jesaja (740-690 v.C.) se ernstige waarskuwings

beklemtoon die onaanvaarbare godsdienspraktyke van die volk vir die geestelike leiers (Jesaja 2:8-11; 2:19-21).

Volgens die Yahwistiese name van Agab se seuns, Ahasia en Joram was *Yahweh* ongetwyfeld die nasionale god van Israel en volgens argeologiese data is heiligdomme by Bet-el en Dan opgerig. Die bybelse weergawe van die konflik tussen *Yahweh* en *Ba'al* word deur Na'aman gesien as die teologiese siening van die bybelskrywers in die sewende-sesde eeue v.C. Na'aman is van mening dat die Ba'al-kultus waarna 1 Konings 16:32 verwys, vermoedelik verband hou met die bou van 'n kultiese sentrum vir Melqart, die nasionale god van Tirus, wat vereer is deur die Fenisiese prinses, Isebel. Die gebruik om kultiese plekke te bou vir vreemde prinsesse was klaarblyklik 'n aanvaarde gebruik in die politeïstiese antieke Nabye-Oosterse gemeenskappe om vreemde gode op te neem in die geleedere van die plaaslike godedom (Na'aman in Williamson (ed) 2007:413). Volgens Zevit was die teoforiese name van Ystertydperk II oorweldigend Yahwisties. Die verwysing van 1 Konings 19:18 dui op die klein getal Israëliete wat nie Ba'al aanbid het nie met die gevolglike afleiding dat die grootste meerderheid Israëliete Ba'al aanbid het maar ook vir *Yahweh* (Zevit 2001:649).

Die ontdekking van die talle terra cotta pilaarbeeldjies in die agste tot die sewende-eeuse pre-eksiliese Juda het aanleiding gegee tot talle debatte oor die betekenis van die klein vroulike godsbeeldjies. Dit word aan 'n waarskynlik huishoudelike kultus gekoppel wat 'n verband het met vrugbaarheid. Hulle word tereg deur Ziony Zevit as *prayers in clay* genoem (Dever 2006:66; Hadley 2000:204; Zevit 2001:272). Die ontdekking van die 8ste eeu v.C. materiële oorblyfsels te Khirbet-el Qôm (1960) en Kuntillet 'Ajrud (mid-1970s), en die inskripsies met die uitdrukking, *Yahweh (and) his ashera*, het bygedra tot nuwe belangstelling in die godsdiens en lei tot 'n herevaluering van bestaande idees oor die wese van die Israelse godsdiens. Navorsing is gerig op die vraag wat die betekenis van die uitdrukking vir die mense van antieke Israel veronderstel het. Sou dit verwys na 'n moontlike aanbidding van Asjera, een van die mees bekendste Kanaänitiese godinne as metgesel van *Yahweh* en 'n veronderstelde soort verhouding van God van die Ou Testament en die godin of 'n verwysing na 'n voorwerp van aanbidding? (Hadley 2000:4; Moorey 2003:3; Gittlen 2002:45).



Fig. 16: Judese terra-cotta godsbeeldjies (Ystertydperk 7-6de eeu v.C.). (<http://itwasjohnson.impioustdigest.com/asherah.jpg>).




Fig. 17: Inskripsie by Kirbet el-Qôm gevind wat verwys na 'Yahweh (and) his 'Asherah'. (<http://stehlici.us/andrew/displayimage.php?album=13&pos=4>)

Waar die stamstelsel 'n groot rol gespeel het in die samestelling van die onderskeie ryke, is Zevit van mening dat die stamopset die sosiale konteks was waar al die kultiese aktiwiteite van Israel plaasgevind het. Die gewone persoon het nie net na heiligdomme en kultiese plekke gegaan om hul godsdienste te beoefen nie, maar het enige tyd en op enige plek in persoonlike gebed tot die god in hul lewe genader (2001:643,668). Gillingham verwys na R Albertz (2002) se mening dat beoefening van persoonlike godsdienste in huise en by die heiligdomme, 'n

belangriker rol gespeel het as wat aanvanklik vermoed is. In die na-eksiliese periode is godsdiens beoefen in huise, sinagoges en die Tempel wat wys op die invloed van die Tempelpersoneel (Day (ed) 2005:312 voetnota18).

Feesvierings, sang en musiek in die kultus, maar ook as deel van die alledaagse leefwêreld, het 'n belangrike rol in die lewe van die Israeliete gespeel. Die sabbatviering met die verbod op handeldryf het met verloop van tyd ontwikkel. Die Nuwe Maan feesvierings het brandoffers van diere ingesluit. Die Fees van die ongesuurde brode met latere verband met die Paasfeesvierings, die Oesfees en die Fees van die Weke is mettertyd gekoppel aan historiese gebeure in die geskiedenis van die volk wat in herinnering gehou moes word. Tempeldiens het sang en musiek ingesluit terwyl danse met musiekbegeleiding gedoen is (King & Stager 2001:299,353,354). In die bespreking van die onderskeie musiekinstrumente sal aangedui word watter rol musiek vervul het in die leefwêreld van antieke Palestina.

Teen ongeveer die vierde eeu v.C. was die Tempel vir die skrywers van die Kroniekeboeke die kernbestaan van die Israeliete en onlosmaaklik deel van die Dinastie. Die fokus was nie meer 'n aardse Dawidiese koninkryk nie maar 'n koninkryk van God waar Yahweh gedien word deur die wette en rituele van die Jerusalem tempel. Die verwysing na die voorskriftelike priesterlike rituele en gebruik van musiekinstrumente in 1 Kronieke 15-16, toon die belangrike gesagsrol wat aan die priesters toegeken is en die heiligheid van die kultus. Dawid, as stigter van die koninklike dinastie, staan sentraal tot die perspektief, maar die priesterdom word nou die draers van die Dawidiese belofte van voortgesette koningskap in die plek van die koninklike heerserslyn wat geeindig het. Die Tempel en die rituele sou voortaan sentraal staan in die lewe van die na-eksiliese *Yehud* en alle gemeenskappe van *Yehudim* (Jode) in die antieke wêreld (Finkelstein & Silberman 2006:224,225).

4.7 *Slotsom*

Die voortgang van die volk Israel se geskiedenis is in die verhalende historiese uitbeelding van Konings en Kronieke byeengebring. 'n Beweging van tragiese onvermydelikheid, van eenheid tot skeuring en van skeuring tot nasionale katastrofe. 'n Geskiedenis van 200 jaar van verdeling en broedertwis tussen noord en suid, verhale van verraad en moord in onderskeie dinastië, vreemde kultusse en dan die wegvoering en die einde van landsbesit (Finkelstein & Silberman 2001:149). Volgens die historiese realiteit van die gebeure in die antieke Nabye Ooste was die volk van Israel vasgevang in die magstryd tussen groot moondhede, Egipte, Assirië en Babilonië in Mesopotamië. Argeologiese en historiese data vertel die verhaal van onderlinge gevegte met buurvolke, swak politieke keuses, onderdrukking, belastinglaste en die wrede werklikheid van 'n 'verskroeiende aarde' beleid, wegvoering en ontvolking. Argeologiese opgrawings en tekstuele bronne vertel egter ook die verhaal van voorspoed en ontwikkeling, van internasionale erkenning en ekonomiese opbloei, van kulturele ontwikkeling en kultiese praktyke. 'n Volk wat gegroei het en ook op die kruin van sukses kon ry.

Met die uiteindelijke assimilasië van baie Kanaänitiese gemeenskappe in die kristalliserende volk Israel, het die kragtige beeld van vryheid relevant geword vir 'n altyd wyer gemeenskap. Gedurende die tyd van die ryke van Israel en Juda is die Exodus verhaal uitgebou as 'n nasionale sage - 'n oproep tot nasionale eenheid in die aangesig van voortdurende dreigemente van groot moondhede. (Finkelstein & Silberman 2001:69).

Vanuit die bybelse perspektief het die terugkerende bannelinge uit Babel na 538 v.C. 'n nuwe bedeling betree, een van die mees kritieke periodes in die geskiedenis van die Joodse mense en die Joodse godsdiens. Die Tempel van Jerusalem is herbou as 'n kultiese sentrum soos Esra 6:15-16 dit verhaal maar Israel is nie meer 'n monargie nie maar 'n godsdienstige gemeenskap, gerig deur heilige wette en toegewy aan die korrekte uitvoering van die rituele voorgeskryf in die gemeenskap se heilige tekste. Dit sou die vrye keuse van mans en vroue wees om die heilige voorskrifte te onderhou of te oortree. Nie meer die gedrag van konings of die verbroekeling van ryke wat die koers van Israel se daaropvolgende geskiedenis sou bepaal nie (Finkelstein & Silberman 2001:10).

Juda was in hierdie periode 'n onbelangrike klein provinsie met 'n klein getal bewoners wat 'n bestaansleefwyse gevoer het. Na die ballingskap het Israel gedurende die tweede Tempelperiode voortgeleef as 'n vasal-volk onder die Perse, die Grieke en die Romeine. Vir slegs 'n kort periode gedurende die tweede en eerste eeue v.C. het hulle onafhanklik as 'n volk funksioneer. Nancy deClaissé-Walford dui daarop dat vele volke/state in die Antieke Nabye Ooste onder dieselfde omstandighede van die historiese toneel verdwyn het. Israel het egter bly voortbestaan, nie meer as 'n volk met selfregering en 'n nasionalistiese kultus nie maar as 'n verstrooide Judese gemeenskap. deClaissé is van mening dat die antwoord op die vraag hoe Israel oorleef het en stabiliteit gevind het daarin opgesluit is dat antieke Israel en Judaïsme oorleef het omdat hulle in 'n veranderde nuwe struktuur antwoorde vir hul bestaan en identiteit binne 'n veranderde wêreld gevind het. Die antwoorde op die basiese vrae van: "Wie is ons?" en "Wat moet ons doen?" waarmee die Jode gekonfronteer was, sien sy in die byeenbring, bestudering en redigering van die tradisies en die uitleef daarvan. Die antwoorde vir die probleme van die bestaansrealiteit van elke dag (1997:4,14).

Israel het nie in isolasie geleef nie maar was gedurig blootgestel aan aktiewe intellektuele uitruiling met die omringende wêreld. Vos verwys na Keel (1997) se mening dat dit daartoe gelei het dat Israel 'n vlak van volwasse rypheid bereik het wat duidelik na vore kom in die inhoud van die Boek van Psalm en gunstige vergelyk met die ander Nabye Oosterse gebedeboek-versamelings (Vos 2005:25).

Gemeenskappe en gemeenskapslewe het die basis gevorm het van die uiteindelijke kanonisering van tekste deur 'n lang proses van seleksie, herhaling en oordrag van tradisies. Die post-eksiliese gemeenskap het die *Tora* en ander kultiese en tradisionele materiaal van antieke Israel en vroeë Judaïsme byeen gebring in die Hebreeuse geskifte tot 'n gesagvolle handves van bestaansreg. Die liedere, psalms *tehillim* wat versamel, geredigeer en opgeneem is in die Boek van Psalms sou ook uitdrukking gee aan die kulturele, godsdienstige en kultiese tradisies wat die draers was van die nuwe betekenis van hul bestaansrealiteit. Dit het die verhaal vertel van hulle verlede, hul huidige omstandighede en hoop vir die toekoms (deClaissé-Walford 1997:2,15,29,30). Zevit sien in die redaksie van die psalms die voordeel dat die psalms herinterpreteer kon word deur latere geslagte

toe die oorspronklike Israelitiese politeïstiese *Sitz im Leben* nie meer herken is nie (Zevit 2001:678).

Dit bly steeds 'n belangrike vraag in hoe 'n mate daarin geslaag kan word om die ware storie van 'n volk se verlede, in hierdie geval die van antieke Israel, te skryf met die beskikbare data. Argeologiese navorsing het 'n belangrike bydrae gemaak deur die materiële data en vergelykende studies om die hedendaagse mens 'n kykie te gee in die leefwêreld van die antieke Israeliete. In die oordrag van die tradisies van 'n volk deur die gemeenskappe het nie net mondelingse verhale 'n belangrike rol gespeel nie maar was musiek, as inherente deel van die kultus en die alledaagse leefwêreld, 'n baie belangrike middel tot die verwoording en vasvang van die volk se geskiedenis. Musiek, soos dit in die lied, dans en klank van musiekinstrument gestalte gevind het, was onlosmaaklik verbind aan die wese/psige van die volk Israel. Die lied met musiekbegeleiding was die vertolker van hul diepste gevoelens van aanbidding, lof, pyn en smart maar ook vreugde en blydskap. In liriek en klank was hul dankbaarheid; teleurstelling, twyfel, vertrouwe en geloof verwoord. Musiek en danse was ook deel van hulle alledaagse bestaan van werk, gesinsbedrywighede en feesvreugde op arbeid en oes. Vir die hofhouding van konings en bevoorregtes was musiek die simbool van sosiale status en aansien.

Deur die lied en dans met musiekinstrument begeleiding word die verhaal van Israel se verlede voortgedra, die volk se stryd om voortbestaan uitgelig, heldedade in herinnering gebring, feesvreugde verwoord maar ook die middel waarmee die volk en individu se verhouding met Yahwe in die Tempel vertolk word met lofsang, klaaglied en tempelkoorsang. Die middel waarmee die mens van sy persoonlike verhouding met sy God kon getuig en aan sy diepste gevoelens en emosies uiting gee.

Onder musiekinstrumentbegeleiding sou profesië uitgespreek word, skuldbelydenis verwoord word, treursange gesing word, vrolik feesgevier word en oorwinningsliedere jubelend getuig van die roem van leiers en die almag van Jahweh. Musiek was die konteks waarbinne die volk en individu uitdrukking kon gee aan hul spiritualiteit, die betekenis van hul historiese verlede kon verwoord en

hul menswees met vreugde vier. Vir die Israeliet was die sin van die lewe opgesluit in die vermoë om God te prys.

*Ek wil tot u eer 'n nuwe lied sing,
O God
tot u eer wil ek sing
met begeleiding van die lier,
U wat aan konings die oorwinning skenk,
Wat u dienaar Dawid red.*

Psalm 144: 9,10.

HOOFSTUK 5

DIE BOEK VAN PSALMS

Psalm 68:5.

Vir die koorleier. Van Dawid

'n Psalm. 'n Lied.

Sing 'n lied tot eer van God

Sing tot eer van sy Naam...

5.1 *Inleiding*

In die voorafgaande gedeelte is die belangrikheid van en die plek van musiek in die lewe van antieke Israëliete uitgelig. Die Kronieke boek en die Boek van Psalms, 'n versameling van gedigte/liedere, bied heelwat inligting oor die ontwikkeling van Israelse musiek teen veral die post-eksiliese periode (na 538 VHJ) in die Persiese tydperk. Die Boek van Psalms, die Hebreeuse *tehillim*, liedere van lofprijsing of lofprijsings, bevat die meeste verwysings as enige ander bybelboek, na die uitvoering van musiek deur stem en instrument. Die meeste verwysings het betrekking op sang in die kultus en veral tempelsang (King & Stager 2001:285,286).

Die oudste Hebreeuse woord vir lied/sang is *shir* en *shirah* wat dui op enige gedig wat gesing word. Die sing van die Psalms word beskou as die belangrikste eienskap van die godsdienstige sang in antieke Israel en die hoogtepunt van die Joodse kultus-musiek (Sendrey 1969:93).

Volgens navorsing is dit onwaarskynlik dat van elke psalm 'n juiste datering en akkurate plasing in die oorspronklike kultiese opset gegee kan word. Die psalmopskrifte, as latere toevoegings, gee ook nie 'n aanduiding van die oorspronklike historiese of kultiese omstandighede en opset nie (Vos 2005:24).

Psalms is lofliedere tot God, en na aanleiding van die invloed van die Septuagint is die algemene benaming van die versameling gedigte/liedere, 'Boek van Psalms', (*psalmós* = lied) of *Psalter* (*psaltérion*= Hebreeus *nēbel*=snaarinstrument, die lier en harp). Die terme dui op musiekbegeleiding by die tekste en gebede wat gesing

was. Die Joodse tradisie gebruik die oorkoepelende titel, *Sefer Tehillim*, Boek van Lofprysings. Vos wys daarop dat die lof van God die onderwerp is van elke individuele psalm en die boek van psalms as geheel (Vos 2005:41).

Bybelse verwysings toon dat sang met instrument begeleiding, 'n integrale deel was van die voor-eksiliese sowel as die na-eksiliese kultus. Vanuit die na-eksiliese perspektief van die Kroniekeskrywer in 2 Kronieke 29:20-36, word die belangrikheid van geordende tempelaanbidding in Hiskia se tyd noukeurig weergegee. 2 Kronieke 29:25-30 verwys na wyding- en offerrituele met Levitiese sang, van solo- en ensemblespel van musiekinstrumente; simbale, harpe, liere en trompette. Aanbidding met musiek, lofliedere en kore wat in lofprysing tot YHWH weerklink het. Die talle bybelse verwysings na liedere, koorsang en gebruik van musiekinstrumente vanaf antieke tye in die alledaagse lewe van die mense van Israel/Palestina, getuig van die belangrike rol wat dit op kulturele vlak vervul het.

Waar min inligting bestaan oor die aard van die sekulêre musiek in Israel, is die Boek van Psalms ook 'n belangrike bron van inligting oor die gebruik van musiek en musiekinstrumente in die lewe van die individu en die gemeenskap van die antieke Israeliete (deClaissé-Walford 1997;31).

Waar die Boek van Psalms dus inligting bied oor die musiekkultuur van antieke Israel, is dit belangrik om meer te weet van die historiese agtergrond van die Boek van Psalms. Die ontleding van die onderskeie psalms en die betekenis daarvan val egter buite die omvang van hierdie studie en slegs algemene eienskappe sal uitgelig word wat direk betrekking het op die gebruik van musiekinstrumente, sang en koorsang.

5.2 *Historiese agtergrond van die Boek van Psalms – Sefer Tehillim*

5.2.1 *Die psalm as literêre vorm.* Die psalm of lied as literêre vorm of verskynsel is nie net tot die Hebreeuse Bybel en die Boek van Psalms beperk nie. Die ontdekking van die hoofsaaklik eptiese Ras Shamra tekste (14-12 de eeu v.C.) by Ugarit het getoon dat die lied of psalm 'n gevestigde tradisie was wat gebruik was deur die Babiloniërs en die inwoners van Ugarit. In navolging van ander volke het

die Hebreërs dan ook die vorm van digkuns reeds gebruik vanaf so vroeg as die Eksodus-periode, en soos die samestelling van die Boek van Psalms dan getuig, tot na die eksiliese periode (Illustrated Bible Dictionary 1980 Vol. 3:1294).

Filologiese navorsing het getoon dat in die psalms van die Hebreuse Bybel baie frases, metafore en selfs motiewe *motifs* ingesluit is wat paralelle het in antieke Nabye Oosterse kulture uit dieselfde tydperk as Israel. Die lied, smeekgebed, die klaaglied en danksegging is genres wat goed bekend is in die Mesopotamiese liturgiese digkuns. Die ooreenkoms van Psalm 13 met die Babiloniese klaagsang aan die godin Ishtar is goed bekend asook Psalm 104 met die Egiptiese Lied aan Aten, god van die Sonskyf. In Psalm 29 word ooreenkomste gevind wat verbind word met die Ugaritiese mitologiese storm-god, Ba'al en sy gesellin, Anat in die Ba'al siklus in die Ugaritiese tekste van 14-12de eeu v.C. Dit word egter algemeen aanvaar dat dit nie dui op 'n gewoonweg neem van die elemente vanuit die omringende kulture en oorplasing na die Jerusalem kultus nie. Dit was klaarblyklik 'n algemene gebruik in antieke kulture waar algemene antieke voorstellings geneem en verskillend ontwikkel was deur die onderskeie kulture sodat dit uiteindelik 'n ander betekenis vertolk en uitdra (Zevit 2001:668,669). Die oorneem of leen van liturgiese samestellings word illustreer deur die ooreenkomste wat gevind is in die Papyrus Amherst 63, 'n Arameese teks gerig aan die Egiptiese god, Horus en die politeïstiese teks van Psalm 20 wat *YHWH* aanspreek. Deur die bestudering van die tekste het dit duidelik geword dat beide afkomstig was van 'n vroeëre nie-Israelitiese gedig waarvan die geografiese verwysings en die name van die god verander is om binne elkeen se religieuse siening te pas (Zevit 2001:669,670.674).

Die aangepaste elemente sou bydra tot 'n spesifieke denkpatroon of wêreldbeskouing van die antieke Israëliete oor God, die mens, die skepping en die onderlinge verband en verhouding (Sabourin 1970:56). Die verwysing van die voor-eksiliese en ballingskap profeet, Esegel na die diversiteit in die samestelling van die volk Israel, onderskryf hierdie bevinding (Esegël 16:3).

5.2.2 *Die psalm as uitdrukkingsvorm.* Cas J A Vos gebruik die konsep van *theopoetry* waarin hy die aard van psalms as digkuns uitdruk. Die psalmskrywers beroep hul dikwels op God deur middel van die digkuns waarin beeldspraak die

primêre bron is. Dit gee 'n besondere klank en kleur aan die wyse waarop die psalmdigter praat oor God en met God. 'n Ander sentrale tema in die psalms is God in verhouding tot die mens en die heelal. Die kerngedagte van die psalms is om 'n begrip van God te vorm, saam met Hom in 'n lewende verhouding te staan, uit te reik na die onbereikbare en aan God vas te hou (2005:28,29). Die lewenservaring en geestelike insig van digters deur die eeue het beslag gevind in poëtiese verwoording van hul diepste belewenisse en emosies in gedigte wat in psalms/liedere voortbestaan het.

Vanuit die psalms is dit duidelik dat die Israeliete hulself as die uitverkore volk sien. God kies Israel as 'n gespreksgenoot en die psalms is 'n uitvloeisel van hierdie verhouding en gesprekke. In die dialoog staan Israel voor God as die 'ons' en individu 'ek' en vind dan antwoorde vir hul soeke na God en die geheimenis van God asook hoe hul hulself sien in verhouding tot God (Vos 2005:29).

'n Psalm is 'n lied en is veronderstel om gesing te word deur kore, as solosang en deur die liturg/kantor in die liturgie. Hoewel dit nie altyd aangedui word nie, word die lied gewoonlik met musiekbegeleiding gesing. Die Bybel bevat 'n groot verskeidenheid van liedere wat in die Boek van Psalms saamgroepeer is. Die psalms/ liedere, as 'n litirêre tipe in die Boek van Psalms, is hoofsaaklik lofliedere, kroningspsalms, klaagliedere en liedere van danksegging en gebede. Op verskeie ander plekke in die Hebreeuse Bybel is egter ook psalms en liedere aangeteken wat verbind word met verskillende periodes en geleenthede in die Hebreeuse geskiedenis. Vanuit die Eksodus-periode is die loflied van Moses en die Israeliete in Eksodus 15 opgeteken, terwyl Eksodus 15:20,21 verwys na die vreugdelied, tamboerynslag en danse van Mirjam en die vroue. Die twaalfde eeu v.C. oorwinningslied van Rigters 5, die Lied van Debora, is die vroegste Israelse lied bekend en besing Debora en Barak, waarskynlik in 'n duet, Israel se oorwinning oor die koalisie van Kanaänitiese konings onder Sisera. Die aangrypende jubelgebed van Hanna in 1 Samuel 2:1-10 sou waarskynlik ook gesing gewees het. In Jesaja 38:1-10 is Hiskia se dank en loflied vir genesing opgeteken. Die gebed van die profeet in Habakuk 3 word aangedui om op die wysie van 'n klaaglied gesing te word maar eindig tog in 'n triomfantelike lofpsalm oor die grootheid van God. Hoewel psalm *lied* beteken, is die klaaglied in die meerderheid in die Boek van Psalms. Die klaaglied/weeklaag van Dawid oor die dood van Saul en Jonatan

op Gilboaberg word gesien as een van die Bybel se eerste en mees bekendste klaagliedere (King & Stager 2001:285,286,287). By monde van die profeet Jeremia kom God se opdrag in Jeremia 9:17-21 aan die vroue wat klaagliedere sing om hul lied te sing oor die ontrou van die volk en ook hul dogters die klaagliedere te leer.

Voorbeelde van psalmsamestelling binne die prosa en verhalende gedeeltes van die onderskeie boeke van die Ou Testament, toon die gevestigde gebruik van die psalm as uitdrukkingsvorm in die voor-eksiliese profetegeskrifte. In Jesaja 2:2-4 wys die profeet Jesaja (740-690 v.C.) in sy toekomsvisie op die belangrikheid van Sion en Jerusalem hoewel die bedreiging van die Assiriese gevaar 'n werklikheid is. In Hosea se profetiese optrede (voor 721 v.C.) verkondig hy die oordele van God en roep die volk op tot toewyding (Hosea 6:1-3). Die profeet Jeremia (586 v.C.) vra in sy pleitbede in Jeremia 14:7-9 om God se bystand in die moeilike tye wat hulle as volk beleef. In Habakuk 3 word die profeet Habakuk se klaaglied en lofprijsing uitgevoer met koorsang en begeleiding van snaarinstrumente. Die na-eksiliese profetiese literatuur bevat onder andere die gebed van verootmoeding (Esra 9:6-15) wat Esra, die skrifgeleerde en priester, voor die tempel gebid het en in Nehemia 9:5-38 bring die Leviëte hul lofprijsing en herinner die volk aan gebeure uit hul verlede en eindig die lied met 'n belydenis en onderneming van trou aan God.

Volgens een van die oudste gedeeltes in die Misjna (Tamid 7:4) het die Leviëte elke dag van die week 'n psalm gesing. Die vyftien *Songs of Ascents*, pelgrimsliedere (Psalm 120-134) word gelykgestel met die vyftien trappe van die tempel volgens 'n ander gedeelte van die Misjna. Die sing van psalms het ook, volgens die Talmud deel gevorm van die tempeldienste vir die Nuwemaan, die Rosh Hashanah en Sukkoth feeste (deClaisé-Walford 1997:31).

Die Boek van Psalms kan ook beskryf word as 'n bundel musikale gebede. Liedere wat in die vorm van gebede die hele spektrum van menswees aanspreek in die gesprekke van die gemeenskap en die individu met God. Die temas behels lof en danksegging, versoeke, droefheid, troos in smart, belydenis, vrae en vertwyfeling, woede maar ook geloofsvertroue en totale afhanklikheid (Van Rensburg & Vosloo (ed) 1996:803).

In die Bybel is talle verwysings na gebed as die gesprek of kommunikasie middel met die godheid, en word as een van die mees algemeenste vorm van religieuse uitdrukking beskou. Die Boek van Psalms is die rykste bron van inligting oor die formele Israelse gebed. Zevit is van mening dat deur die bestudering van die woorde en inhoud van die gebed vasgestel kan word wat die bidder se veronderstelling is oor wie hy in gebed aanspreek. In die afwesigheid van werklike mites, kan dit tog 'n onvolledige en indirekte toegang wees tot die vertellings wat die Israelitiese wêreldbeskouing gevorm en onderhou het.

In die bybelse verhale en vertellings word prosagebede gevind wat getuig van spontane kommunikasie of gesprekke wat die bidder se spesifieke omstandighede uitdruk. Data oor informele gebede is egter min. Zevit wys daarop dat in die epiiese verhale van Israel en die bronmateriaal van die Deuteronomistiese geskiedenis aangetoon is dat gebed orals beoefen kon word en nie noodwendig by heiligdomme nie. Hierdie gesprekke tot 'n godheid was algemeen en was nie verbind aan offers en rituele nie (2001:668). Rigters 15:18 wys op die alledaagse behoeftes waar Simson bid vir water. 2 Samuel 24:10 verwys na Dawid se skuldbelydenis en gebed om vergiffenis na die volkstelling. 1Konings 19 9-18 beskryf die ontmoeting en gesprek tussen God en Elia in sy toestand van moedeloosheid.

Na aanleiding van die finale redaksie van die psalms om dit van toepassing te maak vir die veranderde omstandighede van die Jode, is Zevit van mening dat 'n aantal psalms oorspronklik aan ander gode as YHWH gerig was. 'n Mening wat baseer is op studies van onder andere Psalms 42-43; 52:3-11; 54:3-9; 67:2-8; 72:1-17 en 82. Al die gebede bevat egter die elemente van aanbidding, erkenning van afhanklikheid en emosionele diepte (2001:678,679).

5.3 *Samestelling van die Boek van Psalms.*

Vos is van mening dat die finale redaksie van die Boek van Psalms nie aanduiding gee van enige kultiese verbinding nie. Die Boek van Psalms het in die finale samestelling nie beslag gevind as 'n gebedeboek vir kultiese tempelgebruik of liturgiese gebruik in die sinagoge nie (2005:24).

'n Groot aantal psalms/liedere wat waarskynlik deel was van die Israelitiese psalmdigkuns en gebruik in die kultus is nie opgeneem in die versameling wat die

Boek van Psalms gevorm het nie. Die Septuagint en die Qumran boekrolle bevat psalms wat nie deel is van die Masoretiese teks van die Boek van Psalms nie. Aan Salomo word volgens 1 Konings 4:32 die getal van 1 005 psalms toegeskryf waar slegs twee in die Boek van Psalms ingesluit is, Psalms 72 en 127. Die keuse uit talle liedere, die aktualisering en byeenbring tot die Boek van Psalms het 'n lang evolusionêre proses deurgegaan, vanaf mondelingse oordrag oor 'n tydperk van meer as 'n duisend jaar tot die finale vorm bereik is waar die versameling gedigte die geskiedenis en psige van antieke Israel verwoord maar ook 'n universele vorm en betekenis het (deClaissé-Walford 1997:5,9,10,32).

Op grond van die bestudering en ontleding van die psalms wat versamel, redigeer en byeengebring is, is Zevit van mening dat die psalm-digkunstradisies van die Ystertydperk ongelyksoortig, vloeibaar en ingewikkeld is (Zevit 2001:678

5.3.1 *Indeling van die Boek van Psalms.* Die versameling liedere byeengebring in die Masoretiese teks as die Boek van Psalms, bestaan uit 150 psalms wat in vyf boeke verdeel is. Elke boek eindig met 'n kort doksologie, lofprijsing, aan die einde van die psalm. Die indeling is as volg; Boek 1 (Psalms 1-41:14), Boek 2 (Psalms 42-72:18,19), Boek 3 (Psalms 73-89:53), Boek 4 (Psalms 90-106:48), Boek 5 (Psalms 107-150). Psalm 150 is in geheel die doksologie van Boek 5. Dit is 'n jubelende lofprijsing met begeleiding van die volle orkes en die gepaste afsluiting van die Boek van Psalms. Die doksologie was waarskynlik in die liturgie gesing aan die einde van 'n psalm of 'n gedeelte van 'n psalm (Sabourin 1970:6).

Psalm 41:14 sluit Boek 1 af met die volgende lofprijsing:

'Aan die Here, die God van Israel, kom die lof toe tot in die allerverste toekoms. Amen, ja, amen'.

5.3.1.1 *Indeling van die psalms.* deClaissé-Walford verwys na Gerald Wilson (1985) se mening oor die indeling en vorm van die Boek van Psalms. Boeke 1 en 2 omvat die verhaal van die opkoms van antieke Israel onder leierskap van Koning Dawid en Salomo. Boek 3 dui op die agteruitgang van antieke Israel, die verwoesting van Jerusalem en die ballingskap. Boeke 4 en 5 vestig die aandag op die terugkeer na die land en die tyd wanneer YHWH die voorspoed van antieke Israel sal herstel. Die psalms van Boeke 1 tot 3 word gekenmerk deur die oorheersing van klaagliedere waar twee en vyftig psalms in die boeke klaagliedere

is terwyl slegs vier en twintig as liedere identifiseer word. Boeke 4 tot 5 bevat vyftien klaagpsalms en sewe en dertig liedere, *hymns*.

Kleiner groeperings of versamelings van psalms is aanvanklik deur die skribas of tempelpersoneel byeengebring wat later deur die redaktors saamgevoeg is tot die geheel in die Masoretiese teks Die versamelings wat identifiseer is, is onderskeidelik die van Dawid, die Koragiete, Elohiste. Asafiete, die Koningskap van God-psalms, loofpsalms, '*Songs of Ascent*', pelgrimsliedere, en *Hallelujas*, lofprysingpsalms (deClaissé-Walford 1997:33,34). Die verdeling van die psalms in genres het die indeling behels van individuele en groep klaagliedere, lofliedere/lofsange, dankliedere, wysheidpsalms, wraakpsalms, psalms van geloofsvertroue en koningspsalms (Vos 2005:23). 'n Verdere onderskeiding word gemaak in die indeling van die psalms as historiese psalms, koningspsalms, skeppingspsalms en Sionsliedere.

5.3.2 *Temas van die psalms*. Verskeie beskrywings is al in die verlede van die Boek van Psalms gegee om die wese daarvan vas te vat soos *mikrokosmos van die hele Ou Testament* en die *hoogtepunt van Israel se spiritualiteit*. Die groot temas van die Ou Testament is in die psalms vasgevang in die vorm van gebede. So ook die temas van die redding/verlossings geskiedenis vanaf die skepping tot die eksodusverhaal, die inname tot die herstel van die volk en die messiaanse hoop vir die vestiging van God se koninkryk (Sabourin 1970:4).

Die temas van berou oor sonde, sondebelydenis en vergiffenis word aangetref in veral Psalms 6, 14, 31, 32, 38, 41, 51, 102, 103, 143 waar Psalm 51 veral 'n historiese verband het met Dawid. (Van Rensburg & Vosloo (ed) 1996:800)

5.3.3 *Die historiese psalm as didaktiese psalm*. Waar veronderstel word dat 'n volk se verlede vervat kan word in vertellings, musiek en liriek, sal dit goed wees om die historiese psalms, wat beide maniere van oorlewering bevat, uit te sonder. Dit spreek vanself dat die psalmdigters historiese temas gebruik en nie juiste weergawes gee van gebeure nie. Die doel is om sekere fokusgebeure in Israel se geskiedenis vas te vang sodat dit emosioneel beleef kan word. Dit is ook lerend en wil sodoende God se wonderwerke uitlig sodat dit onthou sal word en as inspirasie sal dien vir die nageslag. God se koninklike heerlikheid, sy majesteit en genade word besing. Die geskiedenis is nie die belangrikste nie maar die lof aan God wat

deur sy dade in die geskiedenis teenwoordig is. Uit die vyftien historiese psalms gee Psalm 78 en 105, as ware historiese psalms, 'n samevatting van Israel se ontstaangeskiedenis (Van Rensburg & Vosloo (ed) 1996:793). Psalm 90, as deel van Boek 4, dui Moses aan as die skrywer en verrig die funksie om die volk aan hul verlede te herinner en hul afhanklikheid van God se sorg en bewaring.

5.4 *Slotsom*

Verskeie eienskappe van die Boek van Psalm word uitgelig in die bespreking; die psalm as literêre vorm met paralelle elemente in naburige kulture; die psalms/liedere as uitdrukkingsvorm; as gebede; lofsange en die historiese psalm in 'n didaktiese funksie. Verskillende temas uit die Ou Testament is onderskei asook die temas van die redding/verlossings geskiedenis, berou en sondevergifenis. Psalms/liedere het uitdrukking gegee het aan die wese van die volk Israel, hul diepste gevoelens en belewenis van hul spiritualiteit, maar ook gedien het as herinnering aan hul epiiese verlede en inspirasie en hoop vir die toekoms. 'n Bron waaruit geput kan word vir elke tydperk en faset van die mens se lewe.

*Dit is die dag
wat die Here gemaak het;
laat ons daarvoor juig en bly wees.
Psalm 118:24*

Die Boek van Psalms is nie net 'n versameling van gedigte en liedere nie maar is ook die belangrikste bybelse inligtingsbron van die musiekkultuur van antieke Israel, die musiekinstrumente, die gebruik daarvan, veral in die kultus, maar ook in 'n sekulêre verband in die elke dag se leefwêreld. In die hoofstuk wat volg sal die bespreking van die instrumente en die gebruik daarvan uitgelig word, soos dit duidelik word uit die onderskeie tekstuele en argeo-ikonografiese bronne.

HOOFSTUK 6

MUSIEK EN MUSIEKINSTRUMENTE IN ANTIEKE ISRAEL/PALESTINA GEDURENDE DIE YSTERTYDPERK.

Psalm 150:3-6

*Prys Hom met die ramshoring...met harp en lier...tamboeryn en koordanse...
...met snaarinstrumente en fluite...met simbale...met galmende simbale!*

*Laat alles wat asem haal,
die Here prys!
Prys die Here!*

*The aim and final end of all music should be none other than the glory of God and
the refreshment of the soul.*

Johann Sebastian Bach (1685-1750)

<http://www.thinkexist.com/quotations/music/3html>

6.1 *Inleiding*

In die voorafgaande hoofstukke is kortliks sekere relevante raakpunte uitgelig vanuit die historiese agtergrond van die mense van Egipte, Kanaän, Filistea, Fenisië en die sfeer identifiseer waarbinne antieke Israel as volk ontwikkel het. Die raamwerk wat gevorm was waarbinne die musiekkultuur van die Ystertydperk en in die besonder die van Israel sou ontwikkel.

Klank en melodie was deel van koninklike hofhoudings in paleise, swierige staatsbankette, feestelike etes van die hoëlui, tempelsang en vrolike feesvierings en inspirasie tot magiese woorde en profesieë en die gewone alledaagse bedrywighede van die mens.

Die klank van instrument, melodie en stem, soos dit deel was van die antieke leefwyse het egter onherroeplik verlore gegaan in die voortgang van die tyd. Die musiekinstrumente uit die antieke verlede wat genoem word in verskillende bronne en uitgebeeld word in die antieke ikonografie, fresko's, seëls, inskripsies en versierings asook kunsvoorwerpe en reliëfwerke, gee slegs 'n vae aanduiding van

die skoonheid van melodie en ritme, vorm en komposisie in die uitvoering en voordrag van die lied en koorsang. Die moderne mens kan met die kennis van die moderne musiekinstrumente slegs met 'n geestelike oor en mistieke aanvoeling 'luister' na die musiek uit die verlede.

Argeologiese data toon dat ikonografiese uitbeeldings van musiekinstrumente veral gevind word in drie soorte artefakte; die ikonografiese reliëfuitbeeldings, beeldjies en seëls en munte waar kustenaars grepe uit die werklike lewe vasgevang het (Burgh 2006:9).

In die bespreking van die onderskeie instrumente sal, waar moontlik, verwys word na kulturele invloede binne die raamwerk van naburige kulture soos Egipte en Nabye Oosterse kulture soos Assirië en Mesopotamië. Volgens Sendrey was die *aerophones*/blaasinstrumente van antieke Israel; fluite, oboes (dubbele-fluit), trompette asook die Idiofone, soortgelyk aan die wat geskilder en gemaak is deur die Egiptenare lank voordat die kroniekeskrywer dit genoem het. Slegs die *shofar* is van suiwer Semitiese oorsprong (Sendrey 1969:478).

6.2 *Historiese agtergrond van die studie van die antieke musiekkultuur en – instrumente.*

Ten einde die belangrikheid van musiekartefakte, ikonografie en ander bronne in die studie van die antieke Israel/Palestynse musiekkultuur uit te lig is dit nodig om as agtergrond 'n terugblik te gee op die ontwikkeling in die studie van musiekkultuur in antieke Israel/Palestina.

'n Sterk Augustiniaanse invloed het tot 'n Middel-eeuse, hoofsaaklik allegoriese perspektief van die musiekwetenskap gelei met toespitsing op 'n studie van die spirituele simboliek van die bybelse instrumente. Studies van musiekinstrumente het, volgens die Renaissance model, 'n tweedelige indeling van ses en dertig musiekinstrumente en musiekterminologie gedoen; die instrumente geskik vir kunsmusiek/uitvoerings en die wat nie geskik was vir uitvoerings nie as gevolg van die growwe en harde klankkwaliteit. Die geleerdes se besprekings sou dus aandag gee aan die toelaatbare en ontoelaatbare gebruik van die onderskeie instrumente onder verskillende daaglikse omstandighede en geleenthede.

Belangrike bydraes van argeo-musikoloë het deur die jare gelei tot 'n beter kennis van die musiekkultuur van antieke tye. Vanuit die Joods-Italiaanse Verligting (*Enlightenment*) en Duitse Hervorming het, onder andere Avraham Portaleone (1547-1612), historiografiese geskrifte oor musiek in antieke Israel laat verskyn wat baseer was op bybelse en Talmudiese tekste. Die aandag was veral gerig op die rekonstruksie van die geskiedenis van die Tempelmusiek en is in die besonder aandag gegee aan die musiekinstrumente soos dit in die Psalms genoem word. Michael Praetorius (1569-1612) se publikasie van die ensiklopediese *Syntagma musicum* (Vol. I & II 1614) het klaarblyklik die beste beskrywing van sy tyd gegee van die musiekinstrumente. Die leemte in die studies van hom sowel as talle na hom, was die gebruik van slegs bybelse tekste as hoofbron vir die studie van die geskiedenis van musiek, en weinig verwysing na argeologiese bronne in die pogings om meer duidelikheid te kry oor die antieke Israelitiese musiekkultuur as sulks. Die baanbrekerswerk van argeo-musikoloë soos Carl Engel, Curt Sachs (1940), O V Sellers, Sendrey (1969), Rimmer, Kilmer en veral Bathia Bayer (1963) en ander word verbind aan die gebruik van argeologiese materiaal in hul navorsing (Braun 2002:2,3). Joachim Braun (2002) benader die studie van die musiekkultuur en instrumente in antieke Israel/Palestina vanuit 'n multi-dissiplinêre perspektief binne die raamwerk van argeologiese tydperke en historiese periodes van kulture wat die musiekkultuur van Israel/Palestina ongetwyfeld sou beïnvloed het. Theodore Burgh (2006) plaas die plek van die musiekinstrument in die sosiale konteks van die gemeenskap onder die soeklig en lig onder andere die rol uit van die musikante se onderskeie geslagte/*gender* in die musiekkultuur asook die ruimtes waarbinne die uitvoerings plaasgevind het (Burgh 2006:5).

6.3 *Argeologiese vondste as inligtingsbron.*

Soos reeds genoem, is daar min inligting in die Hebreeuse Bybel oor die musiekinstrumente self wat deur die antieke Israeliete gebruik is, en dit is ook moeilik om 'n duidelike begrip te kry van die musiekkultuur van die bewoners van Israel/Palestina. Braun dui daarop dat geen ikonografiese bewyse gevind is wat ooreenstem met die kultiese en sekulêre musiekuitvoerings soos dit beskryf is in die Ou-Testament (2002:116).

Die organiese materiaal soos hout, riet, vel en snare van diere derms wat gebruik was vir die vervaardiging van die meeste instrumente van antieke tye was, soos dit duidelik is uit die argeologiese rekord, nie met verloop van tyd bestand teen verwerking en beskadiging deur gebruik, die uitwerking van die elemente en vernietiging deur menslike optredes soos oorloë en verwoesting van woonplekke nie. Vanuit naburige antieke kulture het verskillende voorbeelde van voorstellings van musiekinstrumente en die konteks waar dit gebruik is tog behoue gebly. Waar daar min of geen musiekinstrumente behoue gebly het nie, is die navorser dus aangewys op hoofsaaklik ikonografiese voorstellings, gedeeltelik behoue instrumente en tekstuele data as inligtingsbronne. Vanuit 'n argeo-musikologiese navorsing-perspektief is Braun van mening dat die ryk verskeidenheid van musiekartefakte en veral ikonografiese bewyse die betroubaarste primêre bron van inligting is van die musiekkultuur van antieke Kanaän/Israel/Palestina. Hierdie bronne voorsien inligting vir klassifikasie van die musiekinstrumente asook die kategorisering van die ikonografiese musiekartefakte volgens die soort, vorm, ontwerp en datering. Tipologiese indeling van die musiek artefakte behels musiekinstrumente, drie-dimensionele uitbeelding soos figuurtjies, terra-cotta en metaalbeeldjies van hoofsaaklik vrouefigure met musiekinstrumente en twee-dimensionele musiekverwante uitbeelding soos fresko's, tekeninge op erdeware, reliëfuitbeeldings, rots-en klipgravure, mosaïek wat opgegrawe is, seëls en munte (Braun 2002:xii; Burgh 2006:2,3).

6.3.1 *Ikonografie as inligtingsbron.* Enige uitbeelding hetsy 'n skildery, beeldhouwerk, keramiek/terra-cotta beeldjies, etse, grafiese tekeninge of fresko's is dikwels nie 'n presiese afbeelding in detail van die onderwerp nie. Dit is slegs 'n weergawe soos die kunstenaar dit sien, ervaar en sy interpretasie oordra in die komposisie van die kunswerk of die voorwerp/voorwerpe wat gemaak word. In die uitbeelding van 'n feesmaal of mitologiese voorstelling sal die besonderhede moontlik ondergeskik gestel word aan die groter geheel van die geleentheid. 'n Satiriese uitbeelding op papyrus wat dateer uit die Egiptiese Nuwe Ryk, toon 'n groep diere wat besig is met menslike bedrywighede soos onder andere 'n jakkals wat 'n dubbelfluit speel (King & Stager 2001:295,III.164). Die ronde voorwerpe in die arms van sommige van die talle beeldjies en godsbeeldjies wat gevind is, toon nie die fyner besonderhede van 'n raam/handtrommel nie, maar word meestal

geïdentifiseer as 'n handtrommel. Die Laat-Bronstydperk klei-plaket, die *'Danser van Dan'* beeld 'n waarskynlik manlike figuurtjie uit wat al dansende 'n luitagtige snaarinstrument bespeel (King & Stager 2001:299 III.168). Die uitbeelding van die idee van die geheel is belangriker as die fynere besonderhede. Die beperkings bemoelijk egter vir die navorser die vasstelling van die presiese voorkoms en gebruik van antieke musiekinstrumente waarvan die name gevind word in bybelse tekstuele verwysings.



III. 18: Bankettoneel van Nebamun, Thebes Egipte. Agtiende dinastie (1552 v.C.). Vroulike dansers wat 'n erotiese dans uitvoer onder begeleiding van 'n musikant met 'n dubbelfluit en die handklap van drie vroue (King & Stager 2001:300. III.169).

By die bestudering van verskillende musiekverwante ikonografië is dit dus belangrik dat verskeie aspekte in berekening gebring word. Die kunstenaar se stilistiese uitbeelding of persoonlike perspektief van die aktiwiteite wat uitgebeeld word, die materiaal waarmee die voorstelling gemaak is soos terra-cotta voorwerpe, fresko's, artistiese tekeninge op erdeware en gravure op voorwerpe en rotsmure, is alles faktore wat die eindproduk beïnvloed. Elke medium waarmee die antieke kunstenaar gewerk het, het eiesoortige beperkings getoon maar ook die unieke eienskappe van *coroplastic*: die elastisiteit van klei vir vormgewing en driedimensionele uitbeelding by keramiekvoorwerpe, godsbeeldjies en plakette; kleur en tegnologiese vaardigheid vir detail by fresko's, erdeware en metaal- en ivoorvoorwerpe en inskripsies.

By die navorsing van musiek-ikonografie vereis die kategorisering van die eienskappe van die instrumente, die vorm, ontwerp en vervaardiging noukeurige observasie en vergelykende ontleding waar moontlike streeks- en etniese eienskappe van instrumente identifiseer kan word en of dit ooreenstemming toon met instrumente uit ander kulture.

Die studie van die besondere styl en vervaardigingproses van die musiekartefakte, asook die gebruik van neutronaktivering-analise kan verder bepaal of 'n voorwerp van klei, soos die terracotta ratels, plaaslik vervaardig was. Volgens Currid kan met petrografiese analise data verkry word van die samestelling van die klei (1999:84). Sodoende kan die moontlike plek/terrein van oorsprong vasgestel word waar die voorwerp vervaardig is en help met die moontlike identifikasie van plaaslik vervaardigde instrumente in 'n sekere streek of vanwaar dit ingevoer was. Ontleding van die tegniek en ontwerpe op die erdeware van Kuntillet 'Ajrud het 'n verband aangetoon met waarskynlike Fenisiese vakmanskap gedurende 'n periode waar transkulturele kontak tussen Juda/Israel moontlik sou plaasgevind het (Burgh 2006:9,10). Bogenoemde is alles metodes wat identifikasie, datering en die moontlike plasing van 'n vonds binne 'n sekere sosio-historiese konteks en geografiese streek vergemaklik.

6.4 *Musiek-ikonografie en argeologiese tydperke*

Braun gee 'n baie noukeurige uiteensetting in tabelvorm van die tipologiese statistiek van antieke Israel/Palestina se musiek-ikonografie van die onderskeie argeologiese tydperke. Die tabel omvang die Steentydperk (voor 3200 v.C.), Bronstydperk (3200-1200 v.C.), Ystertydperk (1200-586 v.C.), Persiese tydperk (586-332 v.C.) en die Hellenisties-Romeinse tydperk (332-324 v.C.) (Braun 2002:xxix-xxii). Die tabel, gebaseer op beskikbare argeologiese en ikonografiese data, gee 'n aanduiding wanneer sekere instrumente alreeds deel was van die antieke leefwêreld en die getal van argeologiese vondste. In die bespreking wat volg sal na die relevante indelings verwys word en konsentreer word op veral die Ystertydperk met relevante verwysings na ander tydperke.

Die drie-delige tipologiese indeling van ikonografiese musiek-artefakte deur Braun is as volg: musiekinstrumente (MI); drie dimensionele items (3D) soos klein

beeldjies, *statuettes* en godsbeeldjies *figurines*; en twee-dimensionele items (2D) soos tekeninge, fresko's, gravure, reliëfs, mosaïek, seëls en munte (2002: xxviii). Die afwesigheid van ander instrumente of voorstellings daarvan in die lys van Braun beteken egter nie dat dit nie teenwoordig was in die spesifieke argeologiese periode nie maar dat argeologiese of argeo-ikonografiese bewyse nog nie gevind is van instrumente soos byvoorbeeld die harp in die Ystertydperk nie.

Cross verwys na die vonds van 'n beenfluit in Duitsland wat dateer as 36000 VHJ (*BP*) en verbind dit met die teenwoordigheid van *Homo sapiens sapiens* in Europa (in Miell, MacDonald & Hargreaves (ed) 2005:39). Kronologies kan die eerste musiekverwante argeologiese bewys in Israel/Palestina dateer word tot die tiende millennium v.C. en die mees onlangse tot die vroeg Bisantynse periode, vierde/vyfde eeu. Die datering van antieke historiese kulturele periodes is problematies aangesien kulturele veranderinge oor 'n lang tyd plaasgevind het en dit is veral duidelik in die musiekkultuur waar verandering in style en standaarde vroeër of later plaas vind. In Israel/Palestina het die geografie en historiese ontwikkeling van die kulturele sfeer van die bewoners, wat stedelinge, dorpenaars en nomade was, bygedra tot 'n eienaardige kronologies oneweredige ontwikkeling in die verskillende groepe. In die musiekkultuur het dit manifesteer in die gebruik van 'n mees primitiewe klankapparaat saam met snaarinstrumente in dieselfde historiese periode soos primitiewe ratels saam met die lier in die Ystertydperk. Sommige musiekinstrumente het egter min of meer onveranderd gebly gedurende die verskillende historiese periodes en het veranderinge net die styl van die spel of die aanbidding daarvan geraak, soos by die gebruik van simbale (Braun 2002:4,5).

6.5 Klassifisering van musiekinstrumente.

Musiekinstrumente soos die harp, luit en lier dateer sedert die vroegste tye en kan teruggevoer word tot die derde millennium v.C. Tot aan die begin van die twintigste eeu is die basiese indeling van musiekinstrumente in drie groepe, snaar-, blaas- en slaginstrumente gevolg. Moderne musikologie maak gebruik van die Hornbostel/Sachs-stelsel (1914) waarvolgens instrumente geklassifiseer word na aanleiding van die aard van die klank wat voortgebring word.

* *Idiophones*-idiofone sluit in alle perkussieinstrumente, slaginstrumente waarvan die materiaal waarvan die instrument vervaardig is, die klank voortbring soos hout-, ivoor- en metaalklappers, klei ratels wat geskud word en simbale, handtrommels en tamboeryne wat met die hand teenmekaar geklap, geskuif of geklop word.

* *Membranophones*/membranofone verwys na instrumente wat bestaan uit 'n raamwerk wat met 'n membraan of vel oor die opening getrek is en waarop met die hand geslaan word soos die handtrommel/raamdrom *frame drum*.

* *Chordophones*/chordofone verwys na instrumente waarvan snare van verskillende materiaal oor 'n oop oppervlak getrek is en met die hand of vingers gespeel word of waar 'n plektrum oor die snare getrek word soos by die harp, lier, luit en siter. As die snare aangeraak word vibreer dit om klank te produseer wat versterk word deur 'n klankkas.

* *Aerophones*/aerofone sluit alle blaasinstrumente in soos fluite, hobos, dubbelfluite, oboes en klarinette.

Moderne musikoloë erken 'n verdere kultuurverwante variasie in die indeling van die blaasinstrumente; horings en trompette en houtblaasinstrumente (Braun 2002:12).

Volgens die argeologies/tipologiese statistiektabel van die verskillende argeologiese tydperke word vyf-en-twintig musiekinstrumente genoem waarvan sommige eers in 'n later histories/argeologiese periode aangedui word soos die enkel fluit *single pipe* wat in die Hellenistiese/Romeinse periode in al die kategorie-tipes, instrumente, voorstellings en uitbeeldings gevind word (Braun 2002: xxviii).

6.6 *Tekstuele verwysings en aanduidings van musiekinstrumente.*

Verwysings na individuele musiekinstrumente of ensembles in die Ou-Testament word veral in die boskrifte van die Psalms gevind maar ook in die inhoud as deel van die gedig soos dit in Psalm 68:25-27 beskryf word. In die prosagedeeltes van die Bybel vorm die verwysing na die instrument of instrumente deel van die betekenis van die geleentheid. Mirjam en die vroue het hul vreugdedans op die maat van tamboeryne uitgevoer soos Eksodus 15:20 dit beskryf terwyl Rigters 11:34 verwys na Jefta se vreugdevolle verwelkoming met tamboerynslag en koordanse deur sy dogter na sy oorwinning op die slagveld. Verskillende

instrumente soos liere, harpe, tamboeryne handdromme, ratels en simbale word genoem in die prosesie wat 2 Samuel 6:5 beskryf terwyl 1 Kronieke 15:16,28 die inbring van die ark beskryf ‘...met feeskrete, ramshoring- en trompetgeskal, simbaalslae en die musiek van harpe en liere’. Die boskrifte van Psalm 4 verwys na begeleiding met snarespel en die koorsang van Psalm 5 en 51 word deur ‘n fluit begelei terwyl Psalm 150:3-5 die glorie en grootsheid van ‘n volle orkesuitvoering van al die musiekinstrumente beskryf.

Die verskillende snaar-, blaas-, slaginstrumente en dromme sou op verskillende maniere in antieke tye gekombineer word en die meeste sou waarskynlik ook as soloinstrumente gebruik word soos veral die lier *kinnôr* en dubbel-rietfluit *halil* (Burgh 2006:9).

Ongeveer 19 duidelik onderskeibare terme vir musiekinstrumente verskyn in die Hebreeuse Bybel terwyl daar onder bybelgeleerdes onsekerheid is oor die betekenis van verskeie ander terme, veral die opskrifte by die psalms wat moontlike aanduidings is vir die musikale uitvoering daarvan. Aan die koorleiers word aangedui dat die psalms met fluitbegeleiding uitgevoer word soos by Psalm 5 en vir Psalm 6 word begeleiding met snaarinstrumente en ‘n basstem voorgeskryf. Soos reeds genoem, is die verskillende vertalings soos die *Septuagint*, die *Vulgaat* en die *Peshita* ook nie eenvormig in die uitleg van die terme nie (Paul & Dever 1973: 244). Volgens Numeri 10:1-10 word die trompet verbind met *YHWH* en volg die voorskriftelike opdrag oor die maak van twee silwertrompette en die gebruik daarvan as seininstrumente en by godsdienstige geleenthede. 1 Kronieke 16:6 beklemtoon die belangrikheid dat priesters dit voor die Verbondsark moes blaas, die allerbelangrikste simbool van *YHWH* se verbond met die Israeliete.

Die melodie was reeds in bybelse tye goed ontwikkel, maar waarskynlik eentonig met enkele eenvoudige musikale motiewe wat herhaal word. Die vonds en ontsyfering van die ‘*Hurrian song*’, ‘n Horitiese kultiese lied (1400 v.C.), het getoon dat in bybelse tye mans en vroue reeds in verskillende toonaarde gesing en begelei is. Volgens Sachs (1943: 92) was n kenmerk van die sang dikwels antifonale sang of beurtsang van ‘n leier en koor wat suksesvol ingeskakel het by die parallelisme van Hebreeuse poësie (Van Dyk 1991).

6.7 *Musiek-artefakte en –ikonografie.*

Aan die hand van verskillende ikonografiese uitbeeldings sal in die bespreking wat volg, aandag gegee word aan die verskillende musiekinstrumente; die beskrywing, gebruike, waarskynlike verband en die moontlike betekenis daarvan in die breër sosio-kulturele opset van antieke Israel/Palestina. Die bespreking sal die Hornbostel/Sachs klassifikasie-stelsel van die musiekinstrumente volg. Volgens die artefak-tipologiese indeling van Braun (2002:xxviii) sal voorbeelde van verskillende tipes uitgelig word vir bespreking en verduideliking. Die kategorie behels die volgende: musiekinstrumente (M); drie-dimensionele voorwerpe (3D) soos gevormde figuurtjies en beeldjies; twee dimensionele items (2D) soos tekeninge, fresko's, gravure, reliëfuitbeeldings, seëls, munte en mosaïeke.

6.7.1 *Idiofone.* (M). Perkussie of slaginstrumente in antieke Israel was eenvoudig en volop met 'n meerdoelige gebruik. Die gebruik van idiofoniese musiekinstrumente wat 'geraas' maak word beskou as die oudste en mees wydverspreide tradisie, vanaf die Neolitiese tydperk tot die hede, veral in kultiese verband. Die doelbewuste hantering van die eenvoudige voorwerpe het hoofsaaklik klank/geluide sonder 'n definitiewe toonhoogte en klankonderhouding voortbring. Dit sluit slaginstrumente in waarvan die materiaal die aard van die klank bepaal of self die klank voortbring soos ratels, simbale, *bullroarers*, swaai/warreltoue en klokke/klokkies.

Slaginstrumente, tradisioneel van klei met eenvoudige vorms soos antropomorfiese figure, bekervorms en spoel/tolvorms was in die meeste van die kronologiese periodes gevind. Die perkussie-instrumente word gesien as die mees primitiefste instrumente in die kategorie-indeling van die musiekinstrumente maar is ook 'n musiektradisie wat in kultiese konteks die langste teenwoordig is in die Nabye Ooste. Dit strek vanaf die Neolitiese periode (jonger Steentydperk) in antieke Israel/Palestina tot selfs die hede in verskillende dele van die wêreld. Sekere musiekverwante voorwerpe van die Natufiaanse kultuur (12 000-8000 v.C.) het blykbaar vir millennia bestaan uit verskillende vorms maar geen voorbeelde is nog opgespoor nie. Teen die tiende tot die sewende millennium v.C. kom die mistieke warrel/swaaitoue *bullroarers* met 'n kultiese verband in omloop. 'n Tou was aan 'n plat stukkie versierde hout gebind wat vinnig in sirkels geswaai was om klank te

produseer. Gedurende hierdie periode verskyn idiofone (wat met beweging klank veroorsaak) in die vorm van hangende ratelende versierings met nuwe byvoegings van mossels en klip. 'n Kultiese betekenis asook persoonlike versiering en praktiese gebruik word aan die voorwerpe verbind (Braun 2002:49)

Die eerste argeologiese getuienis wat wys op doelbewuste musiek-aktiwiteite van die Natufiaanse kultuur is argeologiese materiaal wat in meer as honderd grafrotte, by onder andere Kebara en Hayonim op Karmel en in die Judese wildernis, gevind is.

Juwele en halsnoere van mossels, bene en dieretande wat gerinkel en geraas het dui op 'n sinkretistiese kultuur wat deel was van die antieke mense se oorlewingsbestaan. 'n Vroulike pelvisbeen, dateer as 1100-900 v.C. wat in 'n groot graftombe, die *Yonim/Cave Mugaret el Hamam* op Karmel in die noordelike deel van Palestina gevind is, was versier met 'n kettinggordel van jakkalstande. Dit word beskou as 'n klassieke voorbeeld van idiofoniese juwele in 'n sinkretistiese verband waar juwele, versierings, werk, kultus en klank dikwels saamgeval en 'n onderlinge verband gevorm het (Braun 2002:50-54).

Op 'n innoverende manier is ook van die natuur gebruik gemaak om musikale klank voort te bring en Braun verwys na 'n 'singende' klip wat by Middel-Bronstydperk Anati in die Negev gevind is wat 'n klokagtige klank weergee as dit geslaan word (2002:99). 'n Soortgelyke klip wat 'n klokhelder klank gee is by Nelspoort, Beaufort-Wes gevind waar 'n versameling San rotsgravure aangetref word (Parkington, Morris & Rusch 2008:103).

6.7.1.1 Klappers *Se b rosim*. Die Septuagint identifiseer klappers as een van die groep van vier slaginstrumente en twee dromme, wat orgiastiese musiek verskaf het vir die prosesie van Dawid tydens die terugneem van die ark na Jerusalem, soos 2 Samuel 6:5 daarna verwys. Burgh is van mening dat onsekerheid bestaan oor die gebruik van klappers in Israel/Palestina maar gee toe dat dit waarskynlik saam met die Egiptiese *sistrum* gebruik was (2006:22).

Die Hebreuse term wat verwys na die materiaal waarvan die klappers gemaak is, dui dit aan as 'alle soorte sipreshout'. Gedurende die twaalfde tot die agste eeu

v.C. was sipreshout volop in Israel en was klappers tydens groot kultiese en para-kultiese feesvierings gebruik. Klappers en *sistra* wat wydverspreid voorgekom het in antieke Kanaän, word veral verbind aan die Kanaänitiese Hathor-kultus gedurende die Laat-Bronstydperk.

Klappers het soms bestaan uit twee gekurfde dele, soos 'n hand en voorarm gevorm, wat teen mekaar geklap word. Beenklappers was reeds in gebruik in die pre-dinastie Egipte en het teen die derde millennium v.C. deel gevorm van die Hathor-kultus. Serābîṭ el-Khâdim in Sinai was die ontmoetingspunt van die Kanaänitiese en Egiptiese kulture. Die vonds van ongeveer tien reliëfs by die temple, beeld gevorderde sistrums van die 19de tot die 20ste dinastie (voor ongeveer 1069 v.C.) uit wat dui op die sterk Egiptiese kulturele invloed in die streek. Die vonds van die, waarskynlik, plaaslik vervaardigde been sistrum-handvatsel by Betel, die gekurfde ivoorklapper van Shiqmona en die brons sistrum van Beth-Shean word verbind aan die sterk Hathor kultus in Kanaän en die laaste deel van die Egipties/Kanaänitiese kulturele tydperk teen 1200 v.C. Kenmerkend van die *sistra* wat aan die Hathor-kultus verbind word, is die handvatsel in die vorm van 'n voorstelling van die godin met lang, vloeiende skouerlengte hare, prominente ore en 'n sistrumvorm kroon (Braun 2002:12,88).



Fig. 19: Ivoorklapper, Tell Shiqmona (Braun 2002:90; Ill. III 10).

6.7.1.2 Ratels *Mena'anayimi/mena'anim*. Die uitdrukking of term word vir die eerste keer in die Hebreeuse Bybel aangetref in 2 Samuel 6:5 en die wortel *nua* dui op 'skud', 'vibreer' of 'bewe' en word deur Burgh (2006:41) vertaal as *rattle*.

2 Samuel 6:5 verwys na die intog in Jerusalem van Koning Dawid en die ark onder begeleiding van musiekinstrumente met onder andere ratels en vreugdedanse. Ratels is in die hele streek van Israel/Palestina gevind en word dateer vanaf Laat-Middel-Bronstydperk (tweede millennium v.C.) tot die Ystertydperk (1200-586 v.C.). Bewyse van ratels in Israel-verwante ikonografiese uitbeeldings is egter nog nie in gepubliseerde verslae bevestig nie.

Die verwysing in 2 Samuel 6:5 na die verskillende musiekinstrumente wat deel was van Koning Dawid se prosesie wat die ark na Jerusalem begelei het, verskil van die weergawe in 1 Kronieke 13:8. Ratels word ingesluit in 2 Samuel 6:5 se lys van musiekinstrumente maar nie trompette nie terwyl die latere kroniekeskrywer liere, harpe, tamboeryne, simbale en trompette lys. Die weglating van die ratel in die beskrywing deur die Deuteronomistiese skrywers kan gesien word as die gevolg van 'n waarskynlik negatiewe konnotasie van die ratel met die Kanaänitiese kultuskultuur (Braun 2002:19).

Die vroegste voorbeeld van die ratel is waarskynlik die ontdekking van die vroulike bekkenbeen met die kettinggordel van jakkalstande en soos aangedui, was die dra van hierdie idiofoniese juwele waarskynlik deel van die sinkretistiese Natufiaanse kultuur in die noordelike deel van Palestina (12 000-8000 v.C.) (Braun 2002:51).

Die *mena'anayimi* kan veral verbind word aan die vondste van verskeie terracotta ratels (dateer as 1000 v.C.) met 'n gemiddelde hoogte van 10 sentimeter soos die wat by Tell Beit Mirsim naby Hebron gevind is. Die verskyning van hierdie ratels aan die begin van die Laat-Kanaänitiese periode word assosieer met tempelkultusse. Ratels is as grafoffers gevind in graftombes en het ook later in huis-kontekste voorgekom as waarskynlike speelgoed. Ratels van klei wat met die hand geskud is, was vinnig en maklik om te maak, vrylik beskikbaar en geskik vir groot groepbyeenkomste (Burgh 2006:40,41,42). By Debir is hol, uurglasvormige terra-cotta houers met klippies in opgegrawe en die klank daarvan word vergelyk met die van die Latyns-Amerikaanse ratel (Heaton 1961:199).

Die klei ratels van Ystertydperk antieke Israel/Palestina vertoon geometriese vorms, houervormig, handgemaak of op die pottebakkerswiel gedraai met die tolvorm as oorheersend. Ratels het wydverspreid voorgekom teen die einde van die Ystertydperk. Die vonds van terra-cotta ratels wat onbeskadig behoue gebly het, gee 'n idee van die klank wat voortgebring was. Een of meer balletjies in die klappers het met die skudbeweging 'n kenmerkende klank voortgebring.

Die datering van sewentig onbeskadigde ratels van betroubare oorsprong oorspan 'n tydskuur vanaf die vroeg derde millennium v.C. tot die eerste eeu, 'n periode van ongeveer vyftienhonderd jaar. Die klei ratels van antieke Israel/Palestina verteenwoordig 'n kunstige inheemse musiek-apparaat, verskillend van enige ander bekende ratels buite die gebiedsgrense (Braun 2002:100, 101, 106).




Fig. 20: Terra-cotta ratels (Braun 2002:101. III. 18, Hasor. III. 19, Geser).

Die argeologies-skaars klokvorm ratel is die belangrikste vorm in die kategorie. Die vonds van 'n klokvorm ratel in die Ystertydperk II stratum by Hasor dui op die voortsetting van die klokvorm in die oorgangstadium van kleiratels na idiofone van metaal. Die groot getal onbeskadigde ratels wat gevind is in kultiese plekke en grafterreine en die redelik eweredige verspreiding in die Israel/Palestina streek, toon die bewarings eienskap van klei en die gewildheid van die ratelaars as artistiese en kultiese voorwerpe by die massas (Braun 2002:100,106).

'n Sterk kultiese verband word gevind by die uitsonderlike sewende-eeu v.C. terra-cotta godsbeeldjie wat gevind is by die Edomitiese kultiese terrein by Qitmit. Die

godsbeeldjie het 'n houer soos die kenmerkende tolvormratel van antieke Palestina op die kop. Die kop is hol en vertoon drie horings, sterk beklemtoonde oë en neus, krulhare en met 'n handgreep aan die nek wat veral kenmerkend was van die Bronstydperk ratels. Dit vergelyk simbolies met die *sistra* en die Hathorfigure met die geraasmaker op die kop. Gedurende die negende eeu v.C. het metaalklokke die terracotta ratels geleidelik begin vervang en teen die Babilonies/Persiese tydperk, sewende/sesde eeu v.C. was metaalklokke ten volle in gebruik (Braun 2002:100,105,117; Paul & Dever 1973:247; Sachs 1940: 121).




Fig. 21: Terra-cotta godsbeeldjie van Qitmit, kultiese sentrum in die Negev, (7de eeu v.C.) wat dui op 'n voortgaande suiwer kultiese gebruik van die ratel (Braun 2002:105. III.26).

'n Gegronde afleiding word gemaak dat die ratels gedurende die Brons- en die Ystertydperk 'n sinkretistiese of pluralistiese kultiese verskynsel was en na aanleiding van die groot getalle wat gevind is, ook gewilde kuns en kultiese voorwerpe, en 'n belangrike plek beklee het in die kultus van Israel en Juda. Na verdere navorsing is Braun van mening dat die kleiratel se etniese affiliasie verander het van 'n poli-etniese klank na 'n definitiewe Judese klank, in die Ryk van Juda gedurende Ystertydperk II (Braun 2002:106).

6.7.1.3 Klokkies *paaman*. Die verwysing na goue klokkies aan die priesterlike kleed in Eksodus 28:33,34;39:25,26 toon duidelik 'n kultiese verband terwyl buite-

bybelse bronne ook meld van klokkies as deel van priesterlike drag. Klokkies word ook uitgebeeld aan die kled van 'n vyftiende eeu v.C. ikonografiese uitbeelding van 'n Assiriese afgevaardigde. Die oudste argeologiese voorbeelde van terracotta klokke/klokkies in Israel/Palestina dateer uit die negende en agste eeu v.C. waarna dit 'n integrale deel van klanktoerusting gevorm het. Die funksie van die klokke as musiekinstrumente is egter onseker. Gedurende die Hellenisties-Romeinse periode is die eerste argeologiese bewyse gevind van die Ou-Testamentiese gebruik van 'n gevestigde Nabye Oosterse gebruik om klein klokkies te heg aan die soom van die priesterlike kled. Die klem was veral op die simboliese betekenis van lewe en 'n blink toekoms en, volgens Philo van Alexandrië, ook simbolies van kosmiese harmonie.

'n Kultiese verband word in Israel/Palestina aangedui vir die vroegste voorbeelde van die klokke soos die negende eeu v.C. klok van Megiddo asook die agste-ewende eeu v.C. voorbeelde van Aksib en Siklag. Idiofone soos ratels, simbale en ook klokke het deur die loop van verskeie millenia voorgekom maar het tenspyte van variasies of ontwikkeling, tradisionele elemente en basiese vorms behou (Braun 2002:24,25,196,197).

6.7.1.4 Simbale *tseltselim/tziltzilim*. Die wortel van die woord wat die instrument aandui beteken om te 'klink' of te 'tintel' (Burgh 2006:42). Volgens skrifverwysings soos 2 Samuel 6:5, wat die vroegste bybelse verwysing na simbale is, het slaginstrumente soos ratels, simbale en dromme by godsdienstige feesgeleenthede die meerderheid in die ensembles gevorm. Musiekleiers soos Asaf, hoof van die tempelmusiek en musikante, het musiekensembles gevorm met simbale, harpe, liere en ander instrumente terwyl die verskeidenheid van musiekinstrumente in tempelmusiek wat ook die Levitiese sang begelei het, simbale, trompette en snaarinstrumente soos die lier en harp ingesluit het. 1 Kronieke 15:16,19 ; 25:1,6 verwys na die simbaal in verband met solosang, die gebruik van die kopersimbale deur tempelmusikante en ook tempelpersoneel wat onder simbaalgeklank profeteer het. 1 Kronieke 15:28 verwys na die klank van simbaalslae saam met die ramshoring- en trompetgeskal en musiek van harp en lier wat die triomfantlike binnebring van die verbondsark beskryf.

Dit is duidelik dat hierdeur maksimum klankvolume bereik is om die feesvreugde, waartoe die simbale 'n belangrike bydrae gelewer het te beklemtoon. Volgens die

beskrywings in die tekstuele verwysings is dit duidelik dat die musiekuitvoerings in die Tempelkonteks georganiseerd plaasgevind het in die gebruik van die verskillende instrumente om 'n verlangde effek te kry soos dit in 1 Kronieke 15:28 beskryf word.

Braun wys daarop dat volgens Caubet (1987) se studie gevind is dat in dieselfde periode wat die Kanaänitiese simbale verskyn het, die vroegste bewys van die woord *msltm* in 'n para-mitologiese Ugaritiese teks van die veertiende eeu v.C. gevind is.

Alle verwysings na simbale in die Ou-Testament is in 'n kultiese verband. Die woord *msltm* in Esra 3:10 en ander latere verwysings dui op die gebruik van simbale gedurende die mees verhewe kultiese geleenthede en word die simbaal gesien as die mees belangrikste instrument in die kultus. Soos aangedui deur die Bybelse teksverwysings was dit die instrument van die Levitiese sangers, die Asafiete en die musikante van Dawid. Die simbale was net deur mans en nooit deur vroue bespeel nie.

Volgens Braun beskryf 'n Ugaritiese lied, soortgelyk aan Psalm 150, die sang en spel van Rapihu, Koning van die Ewigheid en word simbale saam met die *kinnôr*, tamboeryn en ander instrumente genoem (2002:107-110).

Na aanleiding van al die perkussie instrumente wat genoem word in kultiese en sekulêre verband het ritme dus 'n belangrike deel van die Hebreeuse musiek gevorm. Volgens tekstuele verwysings was membranofone en idiofone ook verbind met sang en danse, in kultiese feesvierings of alledaagse vermaak waar almal betrokke was.

Saam met klei ratels was bronsimbale nie net 'n oorbruggingsinstrument in die oorgang tussen die Kanaänitiese en Israelitiese kultuur nie maar is ook die mees algemene musiekinstrument wat by terreine van Israel/Palestina gevind is, ongeveer ag en twintig enkel of pare simbale by veertien verskillende terreine. Volgens Braun word die vyf paar simbale wat met die Ystertydperk verbind word as van die twaalfde tot die elfde eeu v.C. dateer en is in areas gevind wat op 'n later stadium deel geword het van die ryk van Israel.

In teenstelling met die maklike beskikbaarheid van die terra-cotta ratels vir die breë bevolking, beperk die vervaardigingsproses en koste van die bronsimbale die gebruik deur die gewone man. Volgens *Tamid* 6:3 was daar slegs een simbaal in die Tweede tempel wat as seinapparaat gebruik was. Braun is van mening dat die kennis om 'n simbaal te maak of te herstel, ontbreek het by die Israeliete op daardie stadium (Braun 2002:107,109).

Volgens argeologiese data het perkussie-instrumente wydverspreid in Egipte, die Levant en Assirië voorgekom en uitbeeldings van simbale is gevind wat dateer so vroeg as die einde van die derde millennium v.C. Bronssimbale wat dateer as veertiende eeu v.C. is by 'n Kanaänitiese heiligdom in die laer stad van Hasor gevind (King & Stager 2001:297). Min Israel/Palestina verwante voorbeelde van ikonografiese uitbeeldings van simbale het tot dusver verskyn. Die argeologiese konteks waarin simbale gevind is, gee nie aanduiding van die instrumente se godsdiens/kultiese verband nie, maar soos dit blyk uit verskillende tekstuele verwysings, was die gebruik daarvan goed bekend aan die skrywers van tekste. Die gebruik van simbale het voortgeduur tot die Hellenistiese periode, maar met 'n onverklaarbare totale argeologiese afwesigheid in die Babilonies/Persiese tydperk (Burgh 2006:40).



Fig. 22: Megiddo. Groot brons simbale (12-11de eeu v.C.) Vroeë Ystertydperk (Braun 2002:109. III.27).

Die beskikbaarheid van vermoedelik skaars en kosbare simbale word duidelik illustreer deur die argeologiese data. Slegs enkele simbale van Kanaänitiese oorsprong wat dateer uit dieselfde of later tydperk as die vondste in Palestina, is by Ugarit gevind. Vanuit die vroeëre tydperk is bewyse van groter en waarskynlik andersoortige simbale in 'n paar Mesopotamiese ikonografiese uitbeeldings aangedui. Volgens Braun verteenwoordig die bewaarde inheemse voorbeelde van

die Laat-Bronstydperk-simbale die vroegste dateerde plaatsimbale in die Nabye Ooste wat in Mesopotamië teen die negende tot agste eeu v.C. en in Egipte in die agste eeu v.C. verskyn het (2002:107-110).

Argeologiese vondste het meer duidelikheid gebring oor simbale. Twee verskillende grootte ronde simbale uit die Bronstydperk wat gevind is, het 'n holte/duik in die middel van die skyf met 'n opening waarin 'n pennetjie deurgesteek is waaraan 'n handvat van materiaal of leer of fyn draad geheg kon word in die geval van die vingersimbaal. Die twee groot simbale wat by Megiddo gevind is het 'n deursnee van 8-12 sentimeter. Die kleiner paar van 3-6 sentimeters, wat by Akko gevind was, was waarskynlik vinger-simbale en beide pare gee 'n helder duidelike weerklinkende klank. Verlangde klank en ritme word bepaal deur die manier waarop die hoofsaaklik ronde simbale teen mekaar geskuif of geklap word wat 'n metaalslag-klank gee. Die koper- of brons simbale wat met 'n horisontale klap van die dele gespeel is, het 'n meer melodieuze suiwer klank gegee. Waarskynlik sou groot simbale met 'n skuifklap of teenmekaarslag 'n harde klank gee (Braun 2002:109).

6.7.2 *Membranofone*. Instrumente wat bestaan uit 'n raamwerk wat met 'n membraan of vel oor die opening getrek is en waarop met die hand geslaan word soos die tamboeryn en handdrom/handtrommel, *tōp*. Volgens Braun verwys *tōp* – *tuppîm* na alle soorte tamboeryne en handtrommel/raamdrome (2002:29).

6.7.2.1 Tamboeryn *timbrel*, *tabret*. Die instrument word agt keer genoem in die Ou Testament en word verbind aan vrolikheid, vreugde en blydschap en was as begeleiding gebruik by feeste soos Jesaja 5:12 daarna verwys. Danseresse het met jubeling en die speel van tamboeryne en driesnarige musiekinstrumente Dawid, die Israelitiese held, se triomfantelike oorwinningsintog begroet (1Samuel 18:6). Dit is nie duidelik of die tamboeryn ook as 'n *tōp* handtrommel/drom uitgebeeld was in die ikonografie van terracotta beeldjies met ronde voorwerpe nie aangesien daar waarskynlik klinkende voorwerpies aan die tamboeryn was. 'n Kleivorm vir die vervaardiging van terra-cotta beeldjies van die 'vrou met die tamboeryn' was in 'n tiende eeuse v.C. kultiese struktuur by Ta'anach gevind. Die figuur hou 'n ronde voorwerp (tamboeryn) voor die linkerbors en word gesien as óf

‘n godin óf ‘n vroulike musikant van ‘n tempel of heiligdom. Volgens Sendrey is die tamboeryn eers teen die dertiende eeu v.C. bevestig. (King & Stager 2001:298; Sendrey 1969:373).

6.7.2.2 Raam/handtrommel *tōp*. Die gewilde raam/handtrommel *tōp* het wydverspreid in Israel/Palestina en die grootste deel van die antieke Nabye Ooste voorgekom. Die Ugaritiese wortel *tp* (drom) word reeds in die veertiende eeu v.C. aangetref en het wydverspreid voorgekom in Sumeries, Akkadies, Aramees, Arabies, Fenisies en Egipties as aanduidend van *drom – dromspeler - om drom te bespeel*. Die sestien verwysings in die Ou-Testament, soos onder andere die verwysing deur Laban na die musiekinstrumente in Genesis 31:27, is konsekwent in die verwysing na *tōp* as ‘n handtrommel en die vertalings in die Septuagint en die Vulgaat is konstant *týmpanon* en *tympanum*. (Braun 2002:29). Die Afrikaanse Bybel (1983 vertaling) gebruik deurgaans *tamboeryn* as na ‘n membranofoon verwys word.

Die *tōp* word beskryf as ‘n klein vlak raamwerk van waarskynlik hout waaroor ‘n dierlike membraan (vel) styf getrek is, wat in die een hand gehou en met die ander hand geslaan is. Dit is moeilik om in ikonografie die vorm van die *tōp* presies te bepaal maar die vorm word algemeen as rond beskryf. By die meeste ikonografiese uitbeeldings van die onversierde *tōp* by die klokvormige beeldjies is die een kant van die *tōp* ingedui wat die idee versterk dat die *tōp* met een membraan oorgetrek was. Meyers vestig die aandag daarop dat die hand van die musikant plat teen die ronde trommel uitgebeeld is wat daarop dui dat die *tōp* met die palm van die hand of die vingers geslaan word (Braun 2002:126; Burgh 2006:40; King & Stager 2001:297; Meyers 1991:18).

a) Argeologiese data. Bewyse en verwysings na die voorkoms van die *tōp* in antieke Israel/Palestina word algemeen bevestig en die *tōp* was waarskynlik so vroeg as die Kanaänitiese periode die enigste membranofoon in die streek. Volgens Braun is identifikasie van argeologiese data van die *tōp* vanuit vroeëre tydperke egter problematies weens die gebrek aan juiste datering van rotstekeninge en gravure, die geskiedenis en status daarvan. Vanuit die

Ystertydperk is daar ook geen argeologiese bewyse van die *tōp* nie (Braun 2002:30).

Gedurende die Ystertydperk maak terra-cotta beeldjies en reliëfs van vroulike figure wat 'n ronde skyf in die hande hou, eerste hul verskyning in antieke Israel/Palestina gedurende die 11de-10de eeu v.C. Die vondste lei tot meningsverskille onder geleerdes of die beeldjies 'n godin of 'n mens uitbeeld en wat die voorwerp wat vasgehou word voorstel. Die ronde skyf word onderskeidelik as 'n brood, koek, 'n plaat, sonskyf of as 'n *tōp* gesien. Carol Meyers het na intensiewe studie van die soms rooierige gesigte en handtrommel van die ronde terra-cotta figuurtjies (8-10cm hoog) die figuurtjies as gewone vroulike musikante aangedui wat op die gewilde *tōp* speel en nie as godinne nie. Die mening is baseer op die meesal eenvoudige, onversierde rompedeelte en die lang of skouerlengte hare wat of los of gevleg is en die afwesigheid van versierings (King & Stager 2001:350; Meyers 1991:19). Die benaming of term *godsbeeldjie* sal deurgaans gebruik word in die beskrywing van 'n ikonografiese uitbeelding waar 'n kultiese verband aangedui kan word vir 'n figuur met 'n bepaalde instrument.



Fig. 23: Terracotta beeldjie van 'n staande vroulike musikant met duidelike gelaatstrekke en haarvlegsels wat op die handtrommel (tōp) speel, dateer as Ystertydperk II (King & Stager 2001:350. III. 220). Die romp en drom is kenmerkend onversier met die drom in 'n spelende posisie gehou.

Die eerste van die beeldjies wat by Nebo-berg gevind is, dateer van die elfde tot tiende eeu v.C. terwyl die verskyning van die Fenisiese voorbeelde van die agste tot die sewende eeu v.C. dateer word. Hoewel die presiese kulturele oorsprong en betekenis van die verskyning van die ikonografiese voorstellings nie so duidelik is nie, het studies van die klokvormige terra-cotta vroulike *tōp* musikante aangedui dat die *tōp* 'n definitiewe plaaslike verskynsel is en verteenwoordigend is van die musiekkultuur van antieke Israel gedurende die Ystertydperk. Nie een van die beeldjies beeld die koek/brood tema uit wat verbind word met die 'Koningin van die Hemel' kultus waarna Jeremia 7:18 verwys nie. Die uitsonderlike en voortgaande verskyning van die uitbeelding van hierdie vroulike musikante het die buitengewone belangrikheid van die gebruik van die *tōp* in die musiekkultuur van die streek aangedui. Hiermee is 'n nuwe funksie vir die *tōp* erken asook toekenning van 'n nuwe simboliese betekenis en status daarvan in die gemeenskap (Braun 2002:29,30,31,118,125).

b) *Tōp* ikonografie. Die ongeveer sestig uitbeeldings van vroulike *tōp* musikante wat dateer uit die Ystertydperk word deur Braun verdeel in twee groepe; die klokvormige hol-romp beeldjies en die reliëf terra-cottas. Onder die eerste groep resorteer veertien klokvormige staande beeldjies met 'n lang kleed sonder enige vroulike versierings en 'n onversierde *tōp* wat vertikaal teen die bors gehou word. Die grootste meerderheid van Judese terra-cotta godsbeeldjies wat veral gedurende die ses-sewende eeu v.C. gevind is, beeld 'n naak vrouefiguur uit wat die borste met die hande ondersteun en die beeldjies word veral verbind aan die *dea nutrix*, die Moeder-godin Astarte en 'n huishoudelike kultus. Die hol godsbeeldjies was hoofsaaklik in die kusstreke gevind en die voorkoms van vondste van beeldjies in die Trans-Jordaniese streek word toegeskryf aan óf handelsverkeer óf 'n natuurlike ontwikkeling. Dieselfde verspreiding-verskynsel word ook gevind by die voorbeelde van die vroulike *tōp* musikante.

Volgens die interpretasies van die navorsers was verskillende betekenis gegee aan die ronde voorwerpe wat deur die plaketfigure vasgehou word; brood, koek, plaat of sonskyf en handtrommel. Braun het met die tipologiese ontleding van die voorkoms en posisie waarin die dromme uitgebeeld is, 'n oplossing probeer vind vir die meningsverskille. Die analise toon 'n kleiner skyf van ongeveer 15-20 sentimeter wat altyd simmetries vasgehou is met beide hande Die groter *tōp* , 25-

40 sentimeter breed wat versier was, word altyd met die linkerhand aan die onderkant vasgehou terwyl die *tōp* in die middel bespeel word met die regterhand. Volgens Braun laat die posisie waarin dit vasgehou word geen twyfel dat die groter tromme wel as *tōp* identifiseer kan word (Braun 2002:128).

i) Klokvorm terra-cotta *tōp* musikante. 'n Fenisiese kulturele raamwerk en opset in antieke Israel/Palestina word aangedui vir die vyf betroubare voorbeelde van gedateerde klokvormige *tōp* musikante wat gevind is by Aksib, Shiqmona (8ste eeu v.C.) en 'n voorbeeld van onbekende oorsprong. Die drie klokvormige vroulike *tōp*-musikante (11de eeu v.C.) van Nebo en Samaria verskil van die klassieke Aksib-Shiqmona voorbeelde. Die naak borsgedeelte van die vroegste beeldjies van Nebo is soortgelyk aan die talle klokvormige Judese godsbeeldjies van die sesde-sewende eeu v.C. Die grimeerde gesig van die musikant van Samaria (Braun 2002:123; IV.4b) en die versiering op die voorkop, waarskynlik 'n talisman of gebedsriem, word met gewyde prostitusie in verband gebring. 'n Waarskynlike verband word gesien met die Astarte-kultus en die gewilde 'vrou by die venster' uitbeelding wat assosieer word met die Astarte kultus (Braun 2002:125).

* Die Nebo-beeldjies dien as voorbeeld van die plaaslike Fenisies-Moabities-Judese proses van akkulturasie waar 'n plaaslike onafhanklike ontwikkeling in die uitbeelding waargeneem word (Braun 2001:118,119).




Fig. 24: Nebo: Klokvorm beeldjie van 'n musikant (11de eeu v.C.) (Braun 2002:123. Fig IV.4(a).

* Die Shiqmona godsbeeldjie, (agste eeu v.C.). 'n Klokvormige terra-cotta beeldjie van 'n musikant met 'n *tōp* is in 'n Ystertydperkterrein aan die Israelse kus, suid van Haifa gevind.

Die staande vrouefiguur hou die *tōp* in 'n regop spelende posisie vas met die linkerhand op die rand van die drom en die regterhand aan die binnekant van die instrument en is uitgebeeld in 'n poseerde 'lewendige' houding wat verteenwoordigend is van die agste eeu v.C. kunsstyle in die streek. Die musikant se duidelike gesigbesonderhede en haarvlegsels asook die onversierde rompgedeelte en *tōp* is ook 'n voorbeeld van 'n artistiese styl in gebruik gedurende agste eeu v.C. in die streek. Die argeologiese konteks waarin die godsbeeldjie saam met terracotta perderuiterfigure gevind is, dui aan dat dit moontlik 'n offergawe kon wees (Burgh 2006:37,38).



Fig. 25: Tel Shiqmona: klokvormige terra-cotta vroulike musikant met 'n tōp (8ste eeu v.C.) (Braun 2002:121. Fig IV.2).



Fig. 26: Aksib ensemble van Fenisiese godsbeeldjie-musikante met halil en tōp (740 v.C.).
http://www.bible-history.com/past/phoenician_goddess_figurines_740_BC.html

ii) Terra-cotta reliëfplakette van vroulike tōp musikante. Volgens Burgh toon die eerste voorbeelde van membranofoon-reliëfs dat die klei in vorms gedruk is óf die plaket is met 'n roltegniek opgebou óf vervaardig met 'n kombinasie van beide tegnieke (2006:31). Die veertig voorbeelde wat gevind is, dateer van die twaalfde tot die sesde eeu v.C. en vertoon naak of halfnaak, ryklik versierde vrouefigure met 'n hooftoisel of pruik wat 'n versierde tōp plat teen die bors vashou. Die plakette was gewild en het ook soos die klokvormige tōp-musikante gedurende die twaalfde tot die sesde eeu v.C. wydverspreid in Israel/Palestina voorgekom. Daar kan gelet word dat plakette, anders as die klokvorm dromspelers, nie in die Fenisiese/Filistynse kustreke gevind is nie. Die grootste konsentrasie vondste asook die oudste voorbeelde is gevind in areas waar die Egiptiese invloed die langste geheers het soos Megiddo, Beth-Shean en Transjordanë. Dit het aanleiding gegee tot die mening dat die idee van die naak dromspeler moontlik 'n Egiptiese oorsprong het (Braun 2002:127,133).

* 'n Goed bewaarde elfde-eeu v.C. reliëfplaket van Beth-Shean beeld 'n musikant uit met 'n *tōp*. Die rooierige terra-cotta figuur (7.5cm x 4.5cm) met 'n hoofbedekking en 'n kledingstuk om die lyf, hou 'n *tōp* aan die regterkant voor die bors vas. Burgh is van mening dat hoewel die artistiese styl dieselfde is, het die plaketfigure en die ronde vroulike *tōp* musikante elk hul unieke gelaatstrekke en voorkoms en kan moontlik die afbeeldings wees van bekende musikante van die omgewing. Volgens argeologiese en tekstuele data van die Naby Ooste en veral Israel/Palestina was musiek deel van talle daaglikse bedrywighede en sommige musikante was geërde persone in die godsdienstige en sekulêre lewe (Burgh 2006:32,34,35,39). In 'n fotoafdruk van 'n soortgelyke of identiese reliëfplaket, wat aangedui word as van Megiddo IO A18705, hou die musikant die *tōp* aan die linkerkant voor die bors vas (Braun 2002:129;IV.9.). Die verskil in die tegniek, links of regs voor die bors, soos dit op die fotoafdrukke getoon word van twee oënskynlike identiese voorbeelde, is onduidelik aangesien die ander uitbeeldings almal die *tōp* aan die linkerkant uitbeeld.



Fig. 27: Beth-Shean. Reliëfplaket (11de eeu v.C.) van 'n vroulike musikant met 'n tōp (Burgh 2006:32. Fig 2.7).

Die Ta'anach reliëfplaket 13cm x 8cm (10de tot 7de eeu v.c.), wat in 'n kultiese opset gevind is, toon 'n waarskynlik naak figuur met 'n hoofbedekking of versiering

en 'n band om die middel en onderbene. Die ronde voorwerp, waarskynlik 'n *tōp* versier met klein gaatjies, word byna in die middel van die figuur met beide hande vasgehou.

Burgh sien die skyf as 'n versierde *tōp* maar dui daarop dat meningsverskille bestaan oor die voorwerp en verwys na Dever en Braun wat die voorwerp nie as 'n *tōp* identifiseer nie op grond van die kruisversierings en effens geronde vorm. Indien dit 'n koek of brood is kan die Ta'anach reliëfplaket waarskynlik met die 'Koningin van die Hemel' kultus verbind word. (Braun 2002:128; Burgh 2006:35



Fig. 28: Ta'anach. Terra-cotta reliëfplaket van vroulike musikant met 'n tōp (10-7de eeu v.C.) (13cm x 8cm) (Braun 2002:128. Fig IV. 7).

Arabiese en Ou Babiloniese invloed word identifiseer in van die reliëfplakette. 'n plaketfiguur van Megiddo is uitgebeeld met moontlik 'n gekurfd dromstok in die regterhand wat dui op 'n speeltegniek wat nog steeds deur die Bedouïen stamme van die Arabiese skiereiland beoefen word (Burgh 2006:35; Braun 2002:127-129).

Die versierings van die groter handtrommels toon versierings soortgelyk van dié van die Egiptiese negentiende dinastie. Die hoofbedekking of pruik van die naak vrouefigure toon 'n waarskynlike verband met en invloed van die Egiptiese Osiris-

kultus. Navorsing het getoon dat daar nog nie terra-cotta reliëfs van naak dromspelers in Egipte aangetref is nie terwyl daar wel gevind is dat Mesopotamiese naak dromspelers uit die Ou-Babiloniese tydperk dateer, 'n moontlike bewys van 'n proses van akkulturasie wat waarskynlik deur die kunstenaars illustreer was (Braun 2002:131).



Fig. 29: Tell el Farah N: Terra-cotta reliëfplaket (9-8ste eeu v.C.) van 'n vroulike musikant met 'n tōp, in 'n kultiese konteks gevind. Die rompgedeelte en tōp is ryklik versier met geometriese patrone en bane (Burgh 2006:37. Fig 2:12).

iii) Die *tōp* in konteks. Tekstuele verwysings in die Hebreeuse Bybel na die gewilde *tōp*/handtrommel verbind dit met feesviering en vrolikheid. Eksodus 15:20 is die eerste verwysing na die *tōp* in die Ou Testament en beskryf die lofprijsing vir Yahweh en vreugde van Miriam, die profetes en die vroue oor die verlossing uit Egiptiese slawerny. Sang en koordanse met die begeleiding van slegs die *tōp* vorm hier die basis van godsdienstige feesviering. Burgh wys daarop dat die tekstuele beskrywings van vroue wat die *tōp* bespeel asook die argeologiese bewyse in die ikonografie daarop dui dat vroue-ensembles vroeg reeds gevestigde groepe was in die musiekkultuur van Israel/Palestina en die antieke Nabye Ooste.

Rigters 11:34 beskryf die verwelkoming van Jefta se dogter na sy oorwinning op die slagveld en plaas die gebruik van die *tōp* in die meer persoonlike konteks van vader en kind verhouding. Die beskrywing gee moontlik 'n aanduiding oor die antieke uitvoeringstradisies van slaginstrumente. Daar word in die teksvers na die *tōp* in die meervoud verwys wat daarop kan dui dat vaardigheid vereis was in die hantering van meer as een *tōp* terwyl gedans word. Die beskrywing van beide

geleenthede dui op geordende uitvoering van 'n ensemble van *tympanum* asook 'n solo uitvoering met die instrument.

Volgens 1 Samuel 10:5 word die geordende godsdienstige prosessie van die profetegroep begelei met 'n ensemble van musiekinstrumente soos harpe, tamboeryne, *tōp*, fluite en liere terwyl hulle profeteer. Vroue word veral verbind aan verwelkomings optredes na suksesvolle veldslae soos 1 Samuel 18:6 dit beskryf waar sang en danse met *tōp* en driesnarige instrumente begelei word. Burgh is van mening dat 'n sekere mate van vaardigheid vereis was in die speel van die *tōp* by 'n geleentheid waar 'n speler waarskynlik meer as een *tōp* gebruik het (2006:40,41,95). Die sing van oorwinningsliedere en danse met *tōp*-begeleiding deur vrouemusikante word gesien as 'n kenmerkende genre binne die Hebreeuse musiektradisie (Braun 2002:126).

Soos in ander kulture word die *tōp* veral met vroue verbind en word die *tōp* in die Ou-Testament ook met 'n seksuele simboliese betekenis uitgebeeld. (Braun 2002,125). In hierdie verband verwys Rigters 11:34 na die dogter van Jefta wat met die speel van die *tōp* haar maagdelikheid betreur. Die Ystertydperk se naak en versierde plaketbeeldjies en godsbeeldjies, het die element van vrugbaarheid en erotika duidelik beklemtoon. Die reliëf-plaket of ronde terra-cotta figuurtjies word kenmerkend assosieer met vrugbaarheid en seksualiteit wat verder versterk word deur die kombinasie met die *tōp*. Die *tōp* word ook gewoonlik verbind met sang en dans en tekstuele data toon dat sang en dans met drombegeleiding 'n algemene verskynsel in die Naby Ooste en veral in Israel/Palestina was. Die bevinding van Meyers (1991:22) dat die onversierde *tōp*-musikante gewone vroue was, onderskryf die mening. Die terra-cotta musikante kon waarskynlik ook deel gevorm het van 'n voortdurende eerbetoon aan 'n godheid. Volgens die skrifverwysings in die Ou-Testament en buitebybelse gegewens is dit duidelik dat die *tōp* nie deel gevorm het van die musiekinstrumente wat in amptelike tempelgodsdienste gebruik was nie maar het wel deel gevorm van kultiese feesvierings soos Psalm 68:26 daarna verwys en in gewone alledaagse sekulêre gebruik. Rigters 21:19-21 verwys na die jongmeisies wat waarskynlik met *tōp* begeleiding sou dans by die fees in Silo (Burgh 2006:36).

Braun verwys na C Meyers (1987) se mening dat die beeldjies nie godinne is nie maar huishoudelike ikone of voorwerpe met 'n moontlike heilig/wêreldse, waarskynlik estetiese betekenis wat die Israeliete se begrip en persepsie van die vroulike minnesangeres reflekteer '...the human rather than divine identity of the woman.'

Volgens Braun kan gelet word op die ineenskakeling en samesmelting van die heilig/gewyde en onheilig/wêreldse elemente wat kenmerkend van die tydperk was en wat tot 'n eiesoortige simboliese kombinasie in die uitbeelding van die reliëfs kulmineer het. Die naakfigure is simbolies van vrugbaarheid en seksualiteit en die versierings wys op prostitusie terwyl die pruik dien as 'n kenmerkende eienskap van die Osiris kultus. Die *tōp* onderskryf verder die samesmelting met die simboliese betekenis van seksualiteit wat daaraan gekoppel was. Met die ikonografiese uitbeelding van die naak vroulike *tōp*-musikant met grimering en versierings, is die sintese van Midde-Oosterse simboliek saamgevat. Hierin is die sosiale posisie van die prostituut in kultiese tempeldiens vasgelê. Die verband van tempelprostitusie met die 'heilige huwelik' in die kultus, en die beklemtoning van die seksuele, het gelei tot botsing met die amptelike godsdiens van Juda en die Israeliete is dikwels gestriem met verwysing na hul betrokkenheid by ander gode (2002:126,131,132).

6.7.3 *Chordofone*. Snaarinstrumente waar snare van verskillende materiaal oor 'n oop oppervlak getrek is en met die hand of vingers gespeel word of waar 'n plektrum oor die snare getrek word soos by die harp, luit, lier en siter. As die snare aangeraak word vibreer dit om klank te produseer wat versterk word deur 'n klankkas.

6.7.3.1 Die luit. Daar word slegs een keer na 'n spesifieke instrument in die Ou-Testament verwys sonder dat enige naam daaraan gekoppel is. 1 Samuel 18:6 beskryf die verwelkoming van Dawid na sy triomfantlike veldtog teen die Filistyne as 'n vrolike geleentheid met sang van vroue en die begeleidende musiek van tamboeryne en driesnarige instrumente van die danseresse. Die drie-snarige instrument word dus met vroue en vrolikheid verbind. Onsekerheid bestaan egter oor wat die luit in Kanaän genoem was.

Die oorsprong van die luit is tans onbekend en Braun verwys na Rashid (1984) se mening dat dit verbind kan word aan 'n moontlike Akkadiese kultuur. Die nuutste Akkadies/Sumeriese navorsing oor die interpretasie van *šālīšîm* toon dat die Sumeriese etimologiese oorsprong van die woord as beslissend beskou kan word en dus kan *šālīšîm* in 1 Samuel 18:6 aanvaar word as die beste aanduiding van die naam van die driesnarige instrument as 'n luit. In 'n lied gewy aan die Sumeriese Koning Suligu (2094-2047 v.C.) word verwys na 'n onbekende, driesnarige houtinstrument met 'n klankkas. Volgens kronologiese en organologiese ontleding word dit as 'n luit identifiseer (Braun 2002:42,84).

Die luit was reeds vir aghonderd jaar as 'n standaard musiekinstrument deel van die musiekkultuur van die Babiloniese Ryk voordat dit in Israel/Palestina gedurende die eerste helfte van die sestende eeu v.C. verskyn het. Die luit word egter eers twee eeue later in Egiptiese ikonografie bevestig. Die verskyning en gebruik van die luit in Egipte word verbind aan die invloed van die Wes-Semitiese Hyksoskultuur van Kanaän (1650-1550 v.C.) in Egipte. Die ronde terra-cotta beeldjie van Tell el-'Ajjûl, antieke Sharuh (ongeveer 12 kilometer van Gasa) dateer as die eerste helfte van die sestende eeu v.C. en word aan die Hyksos verbind.

Die tydperk vanaf vroeg 16de tot 13de eeu v.C. word gesien as die goue era van die luit wat reeds goed gevestig was in Kanaän teen die Laat-Bronstydperk. Die luit het na die periode van gewildheid verdwyn uit die ikonografie van Palestina en tans is daar slegs drie ikonografiese voorbeelde van lierspelers wat behoue gebly het en wat dateer uit die Bronstydperk.

Gedurende die Ystertydperk het die luit en die harp 'verdwyn' uit die musieklewe van antieke Israel en weer op die voorgrond verskyn teen die laat Hellenistiese periode. Geen bykomende bewyse is gevind van die luit voor daardie periode nie (Braun 2002:42,80,85,117,187). Hoewel die luit, volgens Braun se navorsing 'verdwyn' het uit die musieklewe van Israel/Palestina gedurende die Ystertydperk, word die luit op grond van die verwysing in 1 Samuel 18:6 ingesluit in die bespreking van musiekinstrumente in hierdie studiestuk.

'n Kenmerkende eienskap van die antieke Naby-Oosterse ikonografie is die ensemble van die luit en die drom soos in 1 Samuel 18:6 beskryf is. Die luit was oorspronklik deur mans gespeel en 'n verband met gode en die kultus word

aangedui. Die luit is later deur vroue-musikante gebruik en word veral in 'n seksuele en sekulêre verband interpreteer. Die Kanaänitiese voorbeelde dui aan dat die luit met verloop van tyd 'n transformasie proses ondergaan het in voorkoms en gebruik (Braun 2002:85).



Fig. 30: Terra-cotta ronde beeldjie van 'n luitspeler, 9.5cm hoog van Tell el-'Ajjûl, dateer eerste helfte van 16de eeu v.C. (Hyksos tydperk in Egipte) (Braun 2002:81. III.4.)

Die luitspeler van Tell el-'Ajjûl toon 'n sterk ooreenkoms met 'n voorbeeld van 'n luitspeler uit die Ou-Babiloniese periode wat in die Museum van Irak is. Beide voorbeelde vertoon 'n luitagtige blok en word gesien as 'n aanduiding dat die kunstenaar nie vertrouwd was met die soort instrument nie. Die ooreenkoms tussen die twee uitbeeldings word verder versterk deur die eenderse hoofbedekking van die spelers. Die luit van Tell el-'Ajjûl (12 km suid van Gasa) word horisontaal vasgehou wat dui op 'n verandering wat plaasgevind het gedurende die migrasie van die instrument vanaf Mesopotamië na antieke Israel/Palestina, soos waarna Braun verwys (2002:83,85).

Die staande bronsfiguur van 'n luitspeler wat by Beth-Shean gevind is, word dateer in die tydperk tussen die Laat-Bronstydperk en die Hellenistiese tydperk. Die naak figuur van 15.6 sentimeter hoog word uitgebeeld met 'n hoofbedekking en juwele

om die nek, arms en voete en hou die lier in 'n spelende houding vas. Die eerste fotoafdruk in Braun (2002:84) toon die heel figuur en daarop word twee snare onderskei op die nek van die lier. By die tweede fotoafdruk word die beskadigde lier gewys waar die nek van die lier ontbreek. Die lang nek van die lier, 60-70 sentimeters, het deur die leerbedekking van die klankboks gesteeke wat waarskynlik 'n skilpaddop kon wees. 'n Sterk Egiptiese invloed word gesien in die ooreenkoms met die Egiptiese lier van die agtiende dinastie. In Egiptiese graf-muurskilderye van die 15-14de eeu v.C. word luitspeles naak uitgebeeld.

Braun verwys na Barnett (1982) se mening dat daar 'n ooreenkoms is met die ivoorbeeldjie van Megiddo en gee 'n datering van 13-12de eeu v.C. daaraan. Die bronsbeeldjie is waarskynlik 'n voorstelling van 'n gewyde prostituut in die kultus en die afleiding is dat Kanaänitiese tempelprostitute die lier waarskynlik toegeëin het as musiekinstrument in teenstelling met die Babiloniese kulturele gebruik waar mans met die lier verbind was (Braun 2002:83,84).

Die vyftiende eeu v.C. Laat-Bronstydperk terra-cotta reliëf wat by Dan (Ou-Testamentiese Lesem) gevind is, word gesien as een van die merkwaardigste voorbeelde en uitbeelding van luitspelers. Volgens Braun kan die reliëf, wat gevind is op 'n plaveiselklip in 'n binnehof, moontlik dui op die plek waar uitvoerings gehou was en die reliëf-plaket kan waarskynlik 'n verteenwoordigende simbool wees of 'n identifikasie van 'n spesifieke kunstenaarsgilde (2002:83).

Navorsers het verskillende eienskappe identifiseer ten opsigte van die voorkoms van die speler en instrument in die plaket. Moontlike Kassitiese invloed word aangedui in die lang nek van die instrument, byna reghoekige klankkas en regop speelposisie van die lier terwyl die klere (die kort jurk) Hetitiese maar ook Shosu nomadiese invloed uit die suidelike streke van Transjordanië toon. Die onderskeie elemente is aanduidings van 'n musikant met 'n waarskynlike gildeverband uit die Kanaänitiese periode van Israel/Palestina. Die identifikasie van die uitbeelding as die van 'n volksmusikant word baseer op die hooggeligte arm, die klankkas wat onder die arm vasgehou word en die pluk van die snare in die middel van die instrument. Die kunstenaar het in die uitbeelding die vrolike lierspeler met sy hooggeligte been, asof in 'n danspassie, vasgevang. Die uitdrukkinglose gesigsuitdrukking word as 'n masker gesien wat klaarblyklik gedurende uitvoerings gedra is. Die plaket is die enigste argeologiese bewys van 'n persoon wat 'n

masker dra hoewel maskers in Israel/Palestina reeds voorgekom het in die sewende millennium v.C. en die Bronstydperk.

Volgens Braun dui Biran (1986) daarop dat nie een van bogenoemde eienskappe wat uitgebeeld is, gevind word gedurende dieselfde tydperk in die antieke Naby Ooste nie. Die afleiding word gemaak dat die kombinasie van instrument, dans en teater dui op 'n ontwikkeling van 'n groep hoogs professionele kunstenaars en musikante wie se optredes buite kultiese verband plaasgevind het.

Die historiese agtergrond van Dan kan lig werp op die besondere stuk ikonografie. Die stad aan die voet van Berg Hermon was reeds vanaf die vyfde millennium v.C. bewoon en gedurende die Middel-Bronstydperk en Laat-Bronstydperk betrokke by aktiewe handel met veral Mari in Sirië. 'n Moontlike invloed en verband kan hier aangedui word (2002:82,83).

* Terra-cotta plaket van die 'Danser van Dan'. Die plaket toon duidelik die kunstenaar se indruk van 'n lierspeler: 'n vrolike danser wat homself begelei of moonlik ander dansers, soos waarna 1 Samuel 18:6 verwys.



Fig. 31: Die 'Danser van Dan': 'n terra-cotta plaket by Tel Dan gevind, dateer as Laat-Bronstydperk. 'n Manlike figuur wat 'n snaarinstrument al dansende bespeel (King & Stager 2001:299. III. 168).

6.7.3.2 Die *nebēl*. Probleme word veral ondervind in die identifisering van die harp/*nebēl* en lier/ *kinnôr* in die Bybelse teks en lei tot meningsverskille. Hoewel die *nebēl* en *kinnôr* beide chordofone is van hout, is daar duidelike verskille tussen die instrumente. Die twee vertikale arms van die harp is hoekig en kom bymekaar

op 'n punt en is oop aan die teenoorgestelde kant. Die snare wat verskil in lengte is aan die arms vas en word korter soos dit die bymekaarkom punt bereik (Burgh 2006:11). Min inligting is beskikbaar oor die *nebēl* waarna verwys word in bybelse skrifverwysings. Daar word ag-en-twintig keer na die *nebēl* in die Ou-Testament verwys waarvan twee-en-twintig verwysings ook met die *kinnôr* verbind word. Volgens 1 Kronieke 15:16 was die *nebēl* en die *kinnôr* in 'n kultiese verband verbonde aan die Levitiese sangergilde van die tempel. 1 Samuel 10:5 is die vroegste verwysing na die *nebēl* en volgens 1 Samuel 10:5 en Jesaja 5:12 word beide die *kinnôr* en *nebēl* ingesluit in ensembles van musiekinstrumente by feesgeleenthede.

Nebēl dui op 'n Hebreeuse wortel waarvan die betekenis verwys na 'n vel watersak/skin-bottle of kruik. Die snaarinstrument *nebēl* word dus so genoem na aanleiding van die vorm van die klankkas. Hoewel die presiese etimologie dubbelsinnig is, word 'n Semitiese en waarskynlik Fenisies/Sidoniese oorsprong bevestig en het die instrument en/of die naam *nebēl* waarskynlik in die plaaslike gebied van Israel/Palestina ontwikkel. Josephus onderskei tussen die *kinnôr* en die *nebēl* deur aan te dui dat die twaalf snare van ongelyke lengtes van die *nebēl* met die vingers gepluk was terwyl die *kinnôr* se snare met die plektrum gespeel word (Braun 2002:22,23; King & Stager 2001:292). Sommige psalms, soos Psalm 33:2 in *The Holy Bible. English Standard Version (2005)* verwys na die 'harp met tien snare' wat dui op die onsekerheid oor die korrekte vertaling en naam van die instrument in oorspronklike Hebreeus.

Die verskillende verklarings van *nebēl* sluit in lier, luit, doedelsak, snaarinstrumente en die mees algemene benaming van harp. Braun dui daarop dat geen argeologiese bewyse van harpe, wat dateer uit pre-Hellenistiese periodes in die Kanaänities-antieke Israelgebied, gevind is nie.

Daar is wel ikonografiese bewyse, gravure van onder andere nege figure, waaronder 'n vroulike persoon met 'n drie-hoekige harp met 'n piramiedvormige resonator en twee syarms, waarvan een gekurf is, by Megiddo, (Laat-Chalkolitiese periode 3300-3000 v.C.) gevind. Die gravure is op klipplaveisel in 'n kultiese konteks in die nabyheid van 'n heiligdom gevind en is tans die vroegste ikonografiese bewys van tekenkuns in antieke Israel/Palestina. Dit bevestig dat die

harp (*nēbel*) wel deel was van die Vroeg-Bronstydperk musiekkultuur van Israel/Palestina. Geen verdere vorm van uitbeelding is nog gevind nie (2002:60). Braun verwys na die hipotese van Bayer (1968b) dat die *nebēl* 'n soort lier was van Naby Oosterse oorsprong wat min Hellenistiese invloed getoon het. Die dikker en groter aantal snare van die *nebēl* het gelei tot 'n harder klankkwaliteit as dié van die *kinnôr*. Die *nebēl* sou waarskynlik dus dien as tenoor- of basinstrument in die orkes van die tweede Tempel (6de eeu v.C.) (2002:23).

6.7.3.3 Die *kinnôr*. Volgens tekstuele verwysings en argeologiese data het die *kinnôr* en *kinnôr*-musiek 'n belangrike rol vervul in die kulturele en musieklewe van die antieke Nabye Ooste en Israel/Palestina.

Die term *kinnôr*, as verwysing na 'n musiekinstrument, was reeds so vroeg as die derde millennium v.C. bekend in die antieke Nabye Ooste en die teenwoordigheid daarvan is argeologies goed bevestig. Volgens histories-filologiese studies is gevind dat in 'n brief uit die agtiende eeu v.C. van liere melding gemaak word as *kinnarātim*. Die wortel van die woord kom ook voor in die name van gode van Kanaän, Fenisië en Ciprus sowel as in die Akkadiese en Ugaritiese term, *knr*. Die term kan ook teruggespoor word tot die agtiende en negentiende Egiptiese dinastië (Nuwe Ryk periode, 1552-1069 v.C.) waar *knwrrw*, as 'n Semitiese leenwoord, verwys na die *kinnôr* (Braun 2002:17). Die *kinnôr* was nie inheems aan Egipte nie en die Egiptenare het waarskynlik die instrument en die naam oorgeneem na die inname van Palestina en Sirië in die sestiende eeu v.C. Die Egiptiese *knwrr* is soortgelyk aan die Hebreeuse *kinnôr* (Bayer 1982 13; Braun 2002:22; King & Stager 2001:292).

Hoewel die verskillende vertalings soos die Griekse Septuagint (3de-1ste eeu v.C.) en die Latynse Vulgaat van St Jerome (400) nie ooreenstem in die vertaling van die Hebreeuse term *kinnôr* nie en name soos *kithāra*, *lyra* en *psalterium* daarvoor aandui, is hedendaagse geleerdes eenstemmig in die erkenning van *kinnôr* as 'n lier. Volgens Braun dui *kinnôr* op '*...a cultural term of unknown origin that transcends geographic and linguistic boundaries* (2002:16,17; Sendrey 1969:107).

Die *kinnôr* was een van die mees bekendste snaarinstrumente in die musiekkultuur van Israel/Palestina vanaf die Laat-Bronstydperk (1500-1200 v.C.) tot die Hellenistiese tydperk (vierde eeu v.C.). Teen die tweede millennium v.C. was die *kinnôr* egter reeds goed gevestig in Israel/Palestina en het 'n hoogtepunt in gewildheid in die streek bereik tydens die Israel/Judese monargie. Dawid, as sanger en musikant, word veral met die lier verbind. Die onderskeie bronne en veral die ikonografie bevestig die uitsonderlike status en belangrikheid van die *kinnôr* en die musikante binne die kultus. Dit onderskryf ook die aansien en mag van die ontwikkelde kultuur en musiekkultuur van antieke Israel (Braun 2002:10,18,145,146).

a) Tekstuele verwysings. Die *kinnôr* word die meeste van al die musiekinstrumente, (twee en veertig keer) in die Ou Testament genoem in 'n wye spektrum van kulturele, kultiese en alledaagse kontekste in die lewe van die antieke Israeliete. Die *kinnôr* is ook waarskynlik deur die meerderheid van die bevolkingsgroepe in Israel/Palestina gebruik en in antieke Israel was sang gewoonlik deur musiekinstrumente begelei waarvan die *kinnôr* 'n belangrike instrument was. Die talle tekstuele verwysings in die Hebreeuse Bybel is 'n aanduiding daarvan (King & Stager 2001:293).

Bybelse tekstuele verwysings gee ook 'n idee van die veelsydigheid van die *kinnôr*. Genesis 31:27 verbind die vertrek van 'n persoon aan feesviering met sang en die spel van handtrommels, tamboeryne en die *kinnôr*. Die digter van Psalm 108 jubel sy lewensvreugde saam met die spel van *kinnôr* en *nēbel* terwyl die musiek van die *kinnôr* bydra tot die feesvreugde met die vervoer van die ark in 2.Samuel 6:5. Job 30: 31 verwys na Job wat in sy ellende wil rouklaag met 'n treurlied op die *kinnôr* en 'n lied van trane op die fluit. Die woorde van Psalm 137:1-4 beskryf die gemoedstoestand van die bannelinge in die vreemde baie gepas met die verwysing na die *kinnôr* en die lied. Tydens die Babiloniese ballingskap het die bannelinge geweier om op die *kinnôr* 'n vrolike lied te speel en Ps 137 verwoord die rou en smart van die weggevoerde Jode. Vir die bewoners van die land van die Verbond was die *kinnôr* 'n simbool van vreugde, blydskap en lof aan God. Sendrey som die situasie treffend op met die waarneming dat die *kinnôr* stil word as die vreugde verdwyn (1969:276).

1Samuel 16:16 vestig die aandag op geloof in die genesende uitwerking van *kinnôr*-spel tydens Saul se geestestoestand en 1 Samuel 16:23 verwys na die strelende, kalmerende uitwerking van Dawid se spel op die *kinnôr* om Saul te kalmeer. Die *kinnôr* word in 1 Samuel 10:5 verbind met profetiese ekstase. Jesaja 23:16 gebruik egter die *kinnôr* in 'n konteks van prostitusie in sy kritiek teen die leiers van die afvallige volk Israel. Jesaja 5:11,12 veroordeel die fuifpartye waar op die *kinnôr*, *nebēl*, tamboeryne en fluite gespeel word, instrumente wat normaalweg ook met godsdiens en die kultus verbind word.

Talryke ekonomiese en kulturele hervormings het gedurende die regering van Koning Hiskia (727-698 v.C.) plaasgevind. Die verwysings in 2 Kronieke 29:25; 2 Konings 18:4-5 en 2 Kronieke 30:21 gee duidelike weergawes van die hervormings en organisering van die rituelegebruike wat ingebring is in die godsdienspraktyk. Musiekinstrumente, veral snaarinstrumente is bygebring in die kultiese sang. Die nuwe musiekstyl was suksesvol en het bekend geword tot in die naburige lande (Braun 2002:149).

Volgens enkele bybelse gegewens was die *kinnôr* van hout vervaardig, waarskynlik die gewone sipreshout, wat nog volop was gedurende die tydperk van die monargie of van die meer kosbaarder houtsoorte (Sachs 1968:107). Tekstuele verwysings soos 2 Kronieke 2:7,8,9,13 en 14 verwys na Salomo se versoek aan Koning Hiram van Tirus vir 'n vakman wat kosbare metale kan bewerk en rig 'n verdere versoek vir seder-, sipres- en jeneverhout. Koning Hiram voldoen aan die versoek en stuur Hiram, 'n vaardige kunstenaar, bewerker van metale, graveerder en meestervakman. 1 Konings 10:12 (Die Bybel 1983) verwys na die vervaardiging van die *nebēl* en *kinnôr* uit jeneverhout. Dieselfde teksverwysing in die 1933 vertaling van die Bybel verwys na sandelhout, waarskynlik die kosbare, geurige, donker-rooi hout van die *Pterocarpus santalinus* spesie uit Suid-Oos Asië/Indië. Die skrifverwysing kan moontlik verbind word met die versoek van Salomo vir kosbare houtsoorte en die vervaardiging van musiekinstrumente. Flavius Josephus, die Joodse geskiedskrywer, verwys na *elektrum*, waarskynlik 'n silwer en goud allooï, as 'n materiaal in die vervaardiging of versiering van musiekinstrumente (Braun 2002:17).

'n Buitebybelse bron, die tablette van die Assiriese koning, Sanherib, wys op die belasting wat Hiskia moes betaal na die inname van Jerusalem (701 v.C.) en die verowering van die Judese stede. Behalwe die gebruiklike monitêre bydraes, goud, silwer en luukse goedere, het manlike en vroulike musikante deel gevorm van die belasting, 'n duidelike bewys van die status en belangrikheid van musikante.

Argeologiese data bevestig die gewildheid van die *kinnôr* deur die talle uitbeeldings van liere wat gevind is. Tans is ongeveer dertig voorbeelde van uitbeeldings van die *kinnôr* beskikbaar vir studies. Die *kinnôr* is ook die enigste snaarinstrument wat argeologiese bevestig is in die geografiese area van die vroeë Kanaän en antieke Israel van die Ystertydperk (Burgh 2006:10; Braun 2002:16).

Dele van nege liere wat dateer uit die Vroeë-dinastie tydperk (ongeveer 2 500 v.C.) is in die Sumeriese koninklike begraafplaas by Ur gevind. 'n Houtinstrument oorgetrek met silwer met 'n hout klankkas en elf snare, twee regop arms en 'n dwarsbalk is gevind en restoureer.



Fig. 32: 'n Rekonstrueerde koninklike lier van Ur; Vroeg-Dinastie III, 25ste eeu v.C. 'n Tipiese silwer 'bul-lier' van die derde millennium waarvan die klankkas in 'n bulkop met 'n baard eindig. Die elf snare is vertikaal vas aan die dwarsbalk en die klankkas (King & Stager 2001:291. III.162).



Fig. 33: 'n Mesopotamiese lier met 'n goue bulkop met versiering en inlegwerk aan die voorkant. Dateer ongeveer 2250 v.C. <http://www-newes.uchicago.edu/releases/>

b) Beskrywing van die *kinnôr*lier. Die lier, *kinnôr* kan beskryf word as 'n U-vormige voorwerp van hout met twee parallelle asimmetriese arms, met 'n skuinshoekige dwarsbalk wat die boonste gedeelte van die twee arms verbind waaraan die snare vas is. Die snare word vertikaal gespan en word dikwels vasgemaak aan die resonator of klankkas vir beter klankproduksie. In artefak- en ikonografiese voorstellings van die *kinnôr* is die basis (klankkas) gewoonlik plat of rond. Volgens deeglike navorsing van B Lawergen oor liere in die antieke Naby Ooste word onderskei tussen 'n 'dun' platbasis-lier van oosterse oorsprong met vier tot agt snare wat met die plektrum gespeel word en die 'dik' lier van westerse oorsprong met die geronde klankkas, met tien tot dertien snare wat met die vingers gepluk word. Die 'dun' lier verwys na die *kinnôr* en die *nēbel* word verbind met die 'dik' lier waarvan geen voorbeelde in Palestina gevind is nie (Burgh 2006:11; King & Stager 2001:291).

Burgh wys daarop dat die *kinnôr* in die ikonografiese uitbeeldings of saam met ronde beeldjies nie almal identies is nie maar daar word wel ooreenkomste getoon in die vorm en basiese ontwerp wat daarop wys dat die *kinnôr* nie in massas gemaak was soos die terra-cotta ratels nie (Burgh 2006:11,12).

Volgens Braun was die simmetriese *kinnôr* met die reghoekige klankkas en min paralelle snare gewild in antieke Israel teen die einde van die tweede en aan die begin van die eerste millennium v.C. 'n vorm wat later in Assirië gevestig is. Dit blyk dat die simmetriese *kinnôr* teen die agste eeu v.C. vervang is met die asimmetriese *kinnôr* met die reghoekige klankkas en meer paralelle snare (2002:159).

Die *kinnôr* se Semitiese vorm was asimmetries teenoor die Fenisiese en Assiriese vorm wat meestal driehoekig was. 'n Nuwe tipe *kinnôr* met 'n simmetriese bowerk, was deur die Filistyne en die verwante Seevolke ontwikkel (Bayer 1982:9).

Daar is geen bevestiging van die presiese aantal snare van die *kinnôr* nie aangesien die voorstellings op die artefakte nie realistiese weergawes van die *kinnôr* is nie maar stilerde en vereenvoudigde artistieke uitbeeldings. Die *kinnôr* op die terracotta kruik van Megiddo toon byvoorbeeld vier snare (Bayer 1982:13).

Die snare van die Egiptiese en Assiriese *kinnôr* en *nebēl* varieer van drie tot een-en-twintig. Onsekerheid bestaan of die term *sheminith* agt en *asor* tien snare aandui (Idelsohn 1948:8). Burgh beskryf *sheminith* egter as 'n moontlike musikale aanduiding van 'n laer register vir die lied maar gee erkenning aan moontlike betekenisverskille van terme met streekverskille in musiekinstrumente asook verskillende musiekstyle in sekere areas of by sekere gemeenskappe (2006:25).

Eers teen die na-bybelse periode is meer duideliker inligting oor die aantal snare gekry. Volgens Flavius Josephus (*Antiquities vii*12.3) was daar tien snare terwyl Jerome met ses volstaan. Bronne stem ooreen dat aan die *kinnôr* minder snare was as aan die *nebel*. Die *kinnôr* was gewoonlik met 'n plektrum gespeel of met die hand vir 'n strelender klankproduksie (Braun 2002:18). Volgens Sendrey was die snare, *minnîm* van die *kinnôr* van dun skaapderms (1969:107).

Bathja Bayer is van mening dat die datering van die Megiddo ivoorfragment, (twaalfde eeu v.C.) en die Megiddo kruik, (1150-1000 v.C.) waarop die *kinnôr* verskyn, so redelik naby aan die tydperk en plek van Koning Dawid se regeringstyd (ongeveer 1000 v.C.) was, dat 'n idee gevorm kan word hoe die *kinnôr* kon gelyk het waarop Dawid gespeel het (1982:13).

Ikonografiese voorstellings, tekeninge en fresko's toon dat die *kinnôr* se vorm in die Ystertydperk veranderings ondergaan het. Die vroeëre swaar instrumente met die baie snare en groot vorm was waarskynlik moeilik om te hanteer en net geskik vir sekere soort musiek en musiekuitvoerings. Die meer hanteerbare, eenvoudiger vorm het 'n vermindering van die aantal snare getoon en het waarskynlik 'n nuwe musiekstyl ingelui. *Kinnôr*-musikante, wat óf mans óf vroue was in die antieke Nabye Ooste, word gewoonlik staande of sittend uitgebeeld, 'n algemene speelposisie in ikonografiese uitbeeldings van die Nabye Ooste (Burgh 2006:14,89; Braun 2002:117,150)

c) Argeo-ikonografiese data. Ikonografiese bronne is, soos die Ou Testamentiese tekste, 'n ryk bron van inligting van die histories-sosiale gebruike van die *kinnôr* en die afbeeldings maak dit moontlik om te sien in watter konteks die spesifieke soort *kinnôr* gespeel is. Die verskeidenheid ikonografiese materiaal van die *kinnôr* toon die geëerde posisie van die *kinnôr* en die *kinnôr*-musikante in die sosio-kulturele opset van die antieke gemeenskappe in Israel /Palestina gedurende die Laat-Bronstydperk en die Ystertydperk.

Die liere wat uitgebeeld is op ongeveer dertig argeo-ikonografiese voorbeelde word deur Braun onderverdeel in vier hoof tipes na aanleiding van die grootte en die vorm van die resonator (klankkas) en die raamwerk. Die indeling is as volg: Groot asimmetriese *kinnôr* met oneweredige arms en geronde of reghoekige resonators, kleiner simmetriese *kinnôr* met geronde of reghoekige resonator, asimmetriese *kinnôr* met paralelle syarms en reghoekige resonator, simmetriese *kinnôr* met gekurfde horingvorm syarms en geronde resonator (Braun 2002:18,145).

Twee bewyse van liere van Semitiese oorsprong is identifiseer in die negentiende eeu v.C. Egiptiese fresko in die graftombe by Beni-hasan, asook in die vroeg-sewende eeu v.C. Assiriese paleisreliëf in Nineve wat Sanherib se verowerings oor stede in Israel uitbeeld. Onder musiek-artefakte wat dateer uit die Ystertydperk, word twaalf voorstellings gevind van die lier. (Braun 2002:18,146). Vervolgens sal aandag gegee word aan van die voorbeelde waar die *kinnôr* uitgebeeld word in solo of ensemble verskynings in fresko's, reliëf-uitbeeldings, tekeninge, seëls en driedimensionele terra-cotta voorbeelde. In tonele wat uitgebeeld word op

voorwerpe word 'n verskeidenheid van figure aangetref soos diere en voorwerpe maar die aandag word veral gerig op die instrument en die musikant vir die doeleindes van die studiestuk.

i) Die Megiddo ivoorplaket. 'n Kunstig grafeerde ivoorplaket, ongeveer sewe en twintig sentimeter lank, verteenwoordigend van 'n inheemse, tipies Kanaänitiese styl, is by Megiddo (Tell el-Mutesellim) gevind en word dateer as ongeveer (1350-1180 v.C.) of gedurende die tydperk van Rameses se regering (1290-1165 v.C.). Dit beeld 'n waarskynlik tipiese Kanaänitiese seremoniële gebeure uit waar 'n Kanaänitiese koning of prins buit ontvang na 'n oorwinning in 'n veldslag. Die besonderhede van die toneel beeld 'n gebeure uit wat algemeen voorgekom het en deel was van die kulture van die Naby Ooste en dus ook van Israel/Palestina. Megiddo, 'n belangrike politieke en handelssentrum van die Ystertydperk op die westelike kant van die Jisreëlvlakte, was weens die strategiese ligging die toneel van talle konflik situasies, volgens 2 Konings 9:27. Argeologiese opgrawings van die paleisarea het waardevolle voorwerpe blootgelê waaronder ook die ivoorplaket. Die Megiddo ivoorplaket wat dateer uit die Laat-Bronstydperk-Vroeg-Ystertydperk (ongeveer 9de eeu v.C.) reflekteer die luukse leefstyl ten tye van die bewoning (Burgh 2006:13).

Verskillende interpretasies word aan die toneel gekoppel. Die figuur word aangedui as die heerser van Megiddo wat geskenke ontvang (King & Stager 2001:264). Braun beskryf die toneel wat uitgebeeld word op die plaket as 'n geleentheid waar 'n vergoddelikte prins regs op die plaket onder die teken van die son-skyf, naakte gevangenes begelei terwyl aan die linkerkant dieselfde heerser op 'n troon sit met 'n bak, 'n bybelse simbool van mag, in die hande. Voor die troon staan 'n vrou geklee in 'n enkellengte Siriese kleed en hooftoisel en bied 'n lotusblom aan die heerser. 'n Waarskynlik vroulike *kinnôr*-musikant staan agter die figuur en word vanaf die linkerkant gesien, dus is net die agterkant van die *kinnôr* sigbaar. Die voorkant, waar die snare oor die klankkas gaan, is nie sigbaar nie. Die plektrum waarmee normaalweg met die regterhand gespeel word, is ook nie sigbaar nie. Die asimmetriese *kinnôr* met nege snare en 'n plat basis (van oosterse oorsprong) het 'n unieke ontwerp, en word onder die linkerarm gehou. Die *kinnôr* is die enigste musiekinstrument in die toneel, en hoewel daar onsekerheid is oor die presiese

datering van die ivoorplaket, het hierdie tipe *kinnôr* voorgekom gedurende die Laat-Bronstydperk en Ystertydperk in Israel/Palestina en die naburige streke. Die *kinnôr* of musikant kan ook waarskynlik as 'n geskenk gesien word wat dan dui op die besondere status van die *kinnôr* musikant en instrument. Die musikant kon ook net gewoonweg musiek gemaak het by die geleentheid (2002:97,98; Burgh 2006:11,12,190).

Braun wys op belangrike verskynsels wat uniek in hierdie tydperk was, wat in die plaket na vore kom. Volgens Stauder (1961a) is die uitbeelding van die *kinnôr* soortgelyk aan uitbeeldings in graf muurfresko's van Tebes, maar die posisie waarmee die lier onder die linkerarm vasgehou word toon 'n nuwe metode van hantering, 'n tegniek wat onbekend in Egipte was maar wat moontlik van Kanaänitiese oorsprong is. 'n Metode van hantering en speeltegniek wat volgens Rashid (1984) eers vier of vyfhonderd jaar later in Mesopotamië teen die einde van die Nuwe Assiriese Ryk of die Nuwe Babiloniese tydperk verskyn het. Die vroegste bewys van die 'nuwe' speelposisie is die albas reliëfs van Sanherib in Nineve waarop drie Semitiese *kinnôr*-spelers, waarskynlik gevangenes, uitgebeeld word. Die uitbeelding van die spesifieke speelposisie lei tot die afleiding dat 'n moontlike migrasie en oordrag van die speelposisie en tegniek noordwaarts vanuit Israel/Palestina plaasgevind het en dit nie 'n ontwikkeling vanuit Mesopotamië was nie. 'n Eiesoortige Kanaänitiese kenmerk van die plaket word verbind aan die priesteres-sangeres wat die *kinnôr* gebruik as 'n solo instrument of om haarself te begelei. In Egipte, en later in Assirië, was die lier gewoonlik slegs in die konteks van 'n instrument-ensemble gespeel.

Afgesien van die mate van eenvormigheid van vorm en basiese ontwerp was nie een van die liere in ikonografiese en beeldende voorstellings gedurende die periode van die plaket se datering, skynbaar dieselfde nie. Hierdie waarneming versterk 'n mening dat liere nie in massaproduksie vervaardig is nie en hoofsaaklik tot die beskikking van koninklikes, hoëlui en professionele musikante was (Burgh 2006:12; Bayer 1982:9)



Fig. 34(a): Fotoafdruk van die sneewerk op die ivoor plaket van Megiddo wat 'n seremonie uitbeeld waar 'n musikant met 'n kinnôr in die prosesie loop (King & Stager 2001:264. Ill. 136).



Fig. 34(b): Afbeelding van 'n pentekening van die Megiddo ivoor-plaket (1350-1180 v.C.) wat die besonderhede duideliker uitlig (Burgh 2006:12).

Hoewel verskillende interpretasies en simboliese betekenise aan die verskillende elemente in die uitbeelding gekoppel word, word die toneel gesien as duidelike bewys van die belangrikheid van musiek in die kulturele lewe van die Kanaänitiese hoëlui by Megiddo en omstreke gedurende die tydperk van Egiptiese beheer en invloed in Kanaän (Burgh 2006:13,89; Braun 2002:98).

ii) Die Beni-hasan fresko. Die Beni-hasan graf-fresko op 'n fragment van die noordelike muur van die graftombe van Khnum-hotep II by Beni-hasan in Middel-Egipte, dateer as ongeveer 1900 v.C. (12de dinastie), word beskou as 'n uitsonderlike geval waar 'n ikonografiese bewys van buite Israel/Palestina gesien word as 'n belangrike inligtingsbron oor die musiek van Kanaan. 'n Semitiese

oorsprong word verbind aan die lierspeler op die fresko in die Egiptiese graftombe (Braun 2002:77).

Die graf-fresko word gesien as 'n aanduiding van die kulturele- en musiekaktiwiteite van die nomadiese stamme in die Sinai woestyn en omstreke. Die fresko toon 'n groep van sewe en dertig gewapende mans, vroue en kinders by 'n grens handelspos en volgens die opskrif, onder die leierskap van *Abî-shar*, 'leier van 'n vreemde land'. Die Semitiese groep was waarskynlik Amorities/Kanaänitiese nomade afkomstig van Sinai of die Negev of Trans-Jordanië. Die prosesie sluit bokke en donkies/asses in, asook 'n musikant met 'n *kinnôr*. Die groep word voorgestel aan die *Meester van die graf*, die *Opsigter van jagters*, Khnumhotep II (Braun 2002:77; Finkelstein & Silberman 2001:54).



Fig, 35: Fresko in die graftombe van Khnum-hotep wat 'n prosesie uitbeeld van 'n groep Semitiese nomade met 'n kinnôr-speler in die groep (Illustrated Bible Dictionary 1980. Vol. 1:421).

Volgens Bayer is die draagbare lier in die fresko klaarblyklik 'n kombinasie van feit en fiksie aangesien geen inheemse liere in die negentiende eeu v.C. al in Egipte teenwoordig was nie, maar slegs die harp. Die buitelyne van die instrument en die manier waarop die lier vasgehou en gespeel word, is redelik korrek uitgebeeld maar die tekening van die snare is verwarrend, die brug ontbreek met geen aanduiding hoe die snare vasgemaak word aan die dwarsbalk (1982:9). Agt snare van die *kinnôr* word identifiseer wat deur die speler met 'n plektrum gepluk word (King & Stager (2001:292). Braun sien die lier in die fresko as 'n nuwe tipe instrument: dit is draagbaar en byna simetries in ontwerp en word horisontaal gehou vir 'n gemaklike speelposisie en is 'n vroeë voorbeeld van die horisontale lier. Dit is kleiner as die swaar, lomp lier wat vertikaal gedra was, (Bayer 1982:9; Braun 2002:78).

iii) Assiriese reliëf-uitbeelding van lierspelers. 'n Semitiese verband word aangedui vir die lierspelers wat uitgebeeld is op die vroeg sewende eeu v.C. Assiriese albaster-reliëf teen 'n muur van die suidwestelike paleis in Ninevè. Die reliëf beeld Sanherib (704-681 v.C.) se segetog in Israel uit. Die ikonografiese uitbeelding van die gebeure in 'n gestileerde styl hou verband met Assiriese tablette van Sanherib wat verwys na die inname van Jerusalem deur Assirië (701 v.C.) en beskryf onder andere die besonderhede van Koning Hiskia se belasting. Behalwe goud, silwer en luukse goedere, Hiskia se dogters en sy byvroue, het die belasting ook manlike en vroulike musikante ingesluit waarskynlik vir die koninklike hofhouding. Die asimmetriese *kinnôr* van die drie Israelitiese musikante op die reliëf, het syarms wat effens na buite buig, wat dit verskillend maak van soortgelyke liere wat uitgebeeld word op die Nebo-silinderseël en stempelseël van Tel Aviv. Die vyf parallele snare word met 'n plektrum gepluk. Die *kinnôr* is van 'n baie eenvoudiger ontwerp as die *kinnôr* van die Megiddo plaket en latere voorbeelde van Nineve. Die *kinnôr* van die drie musikante is waarskynlik 'n soort tradisionele volksinstrument in teenstelling met die meer gesofistikeerde professionele *kinnôr* (Braun 2002:18,78,149,150).



Fig. 36: Assiriese reliëfuitbeelding van drie Israelitiese kinnôr-musikante op die albaster-reliëf in die Suid-westelike paleis van Ninevè (Braun 2002:150. III. 1V.22).

iv) Die Megiddo kruik (1150-1000 v.C.) Tekenkuns op terra-cotta. Braun sien in al die bewyse van die status en belangrikheid van die *kinnôr* in Israel/Palestina 'n bevestiging van die algemene neiging om eiesoortige kenmerke van die streek deel te maak van uitstekende kulturele produkte soos byvoorbeeld die Megiddo-kruik. Die tekeninge op die kruik vertoon sekere stilistiese en tematiese ooreenkomste met 'n latere paleisreliëf in Nineve wat 'n *kinnôr*-speler saam met 'n leeu in konteks met 'n boom uitbeeld (2002:151).

Voor die verwoesting in ongeveer 1000-950 v.C. was die Kanaänitiese stad, Megiddo 'n welvarende Filistynse handel- en kulturele sentrum. Die kruik wat in stratum IV van Megiddo gevind is, is meer versier met kunsontwerpe as ander Filistynse voorwerpe wat gevind is. Die vorm van die kruik het die voorkoms van 'n Filistynse bierhouer waaraan 'n tuit was en die kruik is versier met 'n geometriese patroon. Die stilistiese tekeninge op die rykversierde Megiddo-kruik toon 'n musikant met 'n baard wat 'n instrument speel met vier snare, waarskynlik 'n oosterse *kinnôr*. Die musikant stap voor 'n prosesie van diere wat na 'n stilerde palmboom beweeg. Die prosesie sluit 'n leeu, gaselle, 'n hond, 'n perd, sowel as watervoëls, visse, krappe en skerpioene in. Die figure op die kruik is in swart en

rooi op wit slib gedoen, kenmerkende Filistynse bichromie kuns. Die samestelling van die ontwerp is oorspronklik en uitsonderlik en toon die kunstenaar se vermoë om die Filistynse tradisie met die Egeïese en plaaslike Kanaänitiese elemente te kombineer.

Braun wys op Rashid, (1984) se mening dat die kort, hoekige regop arm van die asimmetriese *kinnôr* gesien kan word as geometriese stilering van 'n deel van die instrument wat langer is aan die een kant en kan waarskynlik die eerste verskyning wees van 'n sekere soort *kinnôr* wat twee tot drie eeue later in Nineve gevind is.

Soos reeds genoem is, het die Assiriese *kinnôr* 'n lang ontwikkelingsfase ondergaan vanaf die Kanaänities-Fenisiëse instrumente en die kenmerkende eienskappe van die *kinnôr* vertoon spesifieke eienskappe van die genre. Soortgelyke uitbeeldings van vier-snarige liere is op agste eeu v.C. koperplate van Ciprus gevind en latere Egeïese, Cipriotiese en Assiriese instrumente het ook viersnare vertoon. Verskeie menings word gegee oor die betekenis van die tekening. Braun verwys na Schoer, (1987) se mening dat die toneel wat uitgebeeld is, op 'n algemene Filistynse kultiese element van verering van die heilige boom dui. Volgens Braun vind B Mazar, (1976) 'n tematiese verband met 1 Konings 15:12-13 en interpreteer die toneel as 'n Filistynse sanger wat homself begelei in sy lied oor diere, voëls en visse. 'n Motief wat blykbaar 'n inheemse musiekontwikkeling in die gebied was. Die kombinasie van die menslike figuur en die diere blyk ook 'n inheemse kunsontwikkeling in die area van Megiddo te wees. In die Egiptiese en Mesopotamiese bronne is diere as musikante of dierevorms as dele van die instrumente uitgebeeld soos op die Mesopotamiese harpe. Daar is egter bykans nooit diere saam met menslike musikante voorgestel nie. Die gebruik van die kunstenaars in antieke Israel/Palestina om menslike musikante saam met diere uit te beeld, is reeds vroeg gevestig en snaarinstrumente is spesifiek in die voorstellings gebruik (Braun 2002:147; Bayer 1982:9; King & Stager 2001:293).



Fig. 37(a): Die Megiddokruik (stratum IV A 1150-1000 v.C.) tydens Kanaänitiese bewoning. 'n Geskilderde prosesie van diere en 'n kinnôr-musikant (King & Stager 2001:293. Ill. 163). Die Megiddo-kruik is die vroegste voorbeeld bekend van tekeninge op erdeware (Braun 2002:147).




Fig. 37(b): Skets van die besonderhede op kruik (Sendrey 1969:148).

v) Die Kuntillet A'jrud pithoi tekeninge. 'n Opspraakwekkende ontdekking is in 1975 gemaak van negende/agste eeu v.C. potskerwe van 'n stoorpot uit die tydperk van die Judese monargie by Horvat Teman in die noord-oostelike Sinai woestyn. Die tekeninge en inskripsie op die Kuntillet 'Ajrud potskerwe het aanleiding gegee tot ernstige debatte oor die betekenis en implikasie van die tekeninge asook debatte oor die amptelike godsdiens en volksgodsdiens van die antieke Israeliete, soos dit duidelik blyk uit onder andere die publikasies van W Dever (2005), J Hadley (2000), Z Zevit (2001). Die inskripsie op die skerwe het as volg gelui: *I bless you by Yahweh of Samaria and his Asherah*. Dit is bevind dat onder die voorwerpe wat dateer uit die negende eeu v.C. in Israel/Palestina, die tekeninge op die kruik die enigste is waarby inskripsies voorkom. Hierdie uitsondering word beskou as 'n baie waardevolle inligtingsbron vir interpretasie doeleindes in verband met die verhouding tussen teks en tekening.

Die skematiese informele voorstelling, 'n *dipinto* of *diponti*, wat 'gekrabbel in ink' beteken, wat op die kruik gedoen is, toon beeste, staande figure en 'n sittende vroulike *kinnôr*- musikant. Die uitbeelding van die *kinnôr* is uniek maar die vorm stem ooreen met die Megiddo *kinnôr* van die ivoorplaket met ook die horisontale, plat-basis wat die ontwerp as van oosterse geografiese oorsprong aandui. Die aantal snare is moeilik om te identifiseer. Die klein eenvoudige simmetriese *kinnôr* word in twee verskillende speelposisies geteken, die sittende musikant met die *kinnôr* teen 'n hoek met die speler se lyf, wat waarskynlik volgens Bayer die korrekte manier is, en die onvoltooide een wat horisontaal in die lug gehou word (1982:9).

Beide die liere op die tekening toon baie duidelike ikonografiese ooreenstemming met die agste en sewende eeu v.C. Fenisiese en Assiriese monumente waar lierspelers uitgebeeld word in staande en sittende speelposisies. 'n Uitsonderlike kenmerk van die Kuntillet 'Ajrud liere, is die dwarsbalk wat verby die arms van die *kinnôr* steek, soortgelyk aan die *kinnôr* op die basalt-reliëf van Harash. Hierdie tipe *kinnôr* word ook deur geleerdes in verband gebring met kulturele materiële produkte van die Anatoliese bergbewoners. 'n Verband tussen die *kinnôr* van Kuntillet 'Ajrud met die Nippur seël is duidelik waar soveel besonderhede van die toneel ooreenkomste toon, soos die troon en die instrument. Die klein *kinnôr* van

Kuntillet'Ajrud verskyn weer in 'n latere periode in Ptolemeense Egipte waar dit bespeel word deur 'n Bes figuur, die god wat in Egipte assosieer word met musiek. Beck (1982) het 'n noukeurige studie van die tekening van die diere, die Bes figure, die prosesie, *kinnôr*-musikante en die boom gedoen. Die bevinding was dat die styl waarin die tekeninge gedoen is, 'n kombinasie van Fenisiese, Midianitiese, Assiriese, Egiptiese en Arabiese elemente vertoon (Braun 2002:151,152). Diere in voorstellings het algemeen voorgekom in verskeie tipes van motiewe in Nabye Oosterse ontwerpe in die streek (Burgh 2006:15).

Verskeie geleerdes het noukeurige studies oor die betekenis van die tekeninge en die liere gedoen en tot verskillende bevindings gekom: Kuntillet 'Ajrud as 'n kultiese sentrum waar plaaslike godsdiens-sienings in geskrewe en ikonografiese uitbeeldings verewig is (Meschel 1978) ; dat die sittende *kinnor*-musikant slegs 'n onafhanklike uitbeelding is van 'n sekulêre musikant (Hadley 1987). Volgens Braun wys Y Meshorer (Meshorer/Qedar,1999:3) daarop dat al die ikonografiese motiewe op die *pithoi*, die Bes-figuur, die koei wat die kalf soog, die boom van die lewe, die figuur met 'n blom en die *kinnor*-musikant op vierde eeu v.C. Samaritaanse munte verskyn. Tenspyte van die tydsverskil tussen die twee tipes ikonografiese uitbeeldings blyk dit dus dat godsdiens-simboliek en godsdiens-semantiek deurlopend was. Beide die twee voorbeelde van tekstuele en ikonografiese voorstellings, die Kuntillet A'jrud inskripsie, *Yahweh of Samaria* en die Samaria voorstellings op die munte getuig hiervan. Volgens Braun kan 'n moontlike, baie vroeë verband gevind word met die latere Samaritaanse monoteïsme, wat soos Judaïsme, die *kinnôr* en *kinnôr*-musiek as belangrik beskou het. Braun is van mening dat die Kuntillet'Ajrud tekening 'n sinkretistiese kulturele stuk is en verskillende kulturele invloede word in die tekening, wat basies 'n Fenisies/Israelitiese styl toon, identifiseer (2002:153,154).

Na aanleiding van interpretasies deur van die geleerdes wat die toneel met die Egiptiese dwerg-god, Bes verbind en die sittende musikant, na aanleiding van die Khirbet el-Qom inskripsie, as Asjera identifiseer, wys Burgh op 'n ander moontlike implikasie. Indien die sittende persoon gesien word as die vroulike gesellin van YHWH is dit 'n uitbeelding van 'n godin wat 'n snaarinstrument vashou of speel. 'n Interpretasie wat, as dit die geval was gedurende die tydperk, baie sou bydra tot 'n

verhoogde status van die *kinnôr* in Israel/Palestina en die siening dat dit by voorkeur die instrument van 'n godin sou wees (2006:15). Zevit onderskryf 'n soorgelyke mening dat die sittende figuur 'n godin kan wees en dui daarop dat die motief van die koei en soogende kalf wydverspreid in Egipte, Sirië en Mesopotamië verbind was aan verskillende stories en mites. Volgens Zevit verteenwoordig die *kinnôr*-musikant die idee van musiek tussen al die simbole van die natuur. Binne kultiese konteks het die lofprysing van 'n godheid 'n baie belangrike rol gespeel (2001:386,387). Hier kan ook net verwys word na die lirieke van die psalms in die Boek van Psalms in die Ou Testament.



Fig. 38: Tekeninge op die stoorpot A van Kuntillet A'jrud met die sittende *kinnôr*-musikant, die Bes-figuur en die diere. (<http://stehlici.us/andrew/displayimage.php?album=13&pos=6>)

Dit is reeds genoem dat deur die bestudering van artefakte wat by Filistynse terreine gevind is, 'n moontlike verband gevind is met die musiekkultuur van Israel

en Filistea. Twee musiekartefakte van Asdod word uitgesonder; 'n terra-cotta kultiese wierookstaander en die *kinnôr*-musikant van Asdod.

vi) Die *kinnôr*-musikant van Asdod. 'n Handgemaakte terra-cotta beeldjie van 'n musikant (8ste eeu v.C.) waarop aanduidings van klere met swart verf aangebring is, is in 'n tempel by Asdod gevind en kan moonlik verbind word aan kultiese musiek. Van belang is die klein, simmetriese *kinnôr* (ongeveer 40-50cm hoog) met 'n geronde klankkas en vier snare, wat regop hoog teen die bors vasgehou word met die linkerhand en met die regterarm gelig om die snare met 'n plektrum te pluk. Die regterhand gedeelte is egter afgebreek. Die figuurtjie word gesien as moontlik die eerste uitbeelding van die liertipe waarvan die dwarsarm bo-op die syarms rus (Braun 2002:175)




Fig. 39: Asdod. Terra-cotta uitbeelding van 'n musikant met 'n klein simmetriese *kinnôr*. Dateer as 8ste eeu v.C. (Braun 2002;173. III 1V.33).

vii) Kultiese terra-cotta wierookstaander van Asdod. Die wierookstaander (11-10de eeu v.C.), word gesien as 'n aanduiding dat die Filistynse musiekkultuur van dié periode vier of vyf instrumente ingesluit het wat algemeen gebruik was en prominent was in die musiekkultuur van Israel (Burgh 2006:19). Braun dui daarop dat die Filistyns-Kanaänitiese prototipe wierookstaander, sover bekend, die enigste voorwerp van die pre-Hellenistiese tydperk is wat 'n musiek-ensemble uitbeeld.

Soortgelyke ensembles is ook nog nie bevestig vir Egipte of Assirië nie hoewel dit algemeen bekend was binne die Filistynse gebied (2002:166).

Die silindervormige terra-cotta staander het 'n nouerwordende skouer-nek gedeelte waarop die wierookhouer pas. In die openinge aan die sykant van die staander pas die borsgedeelte van vier musikante met die gesigte na buite, met verskillende instrumente in die hande. Die instrumente wat in die ensemble identifiseer is, is die *tôp*, kort dubbel-fluit *halil*, klein simmetriese *kinnôr* met 'n ronde basis en klein simbale met handvatsels. Die vollengte figuur van die vyfde musikant, wat die oorblyfsels van 'n *halil* dubbelfluit met beide hande vashou en die mondstuk teen die lippe hou, staan in silhoeët in 'n groter opening met die lig van agter. Die figuur kan moontlik as die leier van die ensemble identifiseer word. Opvallend is die groteske, min gedefinieërde gelaatstrekke, oorbeklemtoonde oë en buitengewone ore, die *patera* voorkoms, wat met die kultus van Cybele verbind word. Op die vlak bokant die figure is skematiese tekeninge van diere (Braun 2002:165,166,174).



Fig. 40: Terra-cotta wierookstaander van Asdod (11-10 de eeu v.C.) met 'n groep van vyf musikante waarvan slegs drie gesien kan word (King & Stager 2001:290. Ill. 161).

Braun vestig die aandag op sekere besonderhede in die uitbeelding van die ensemble wat verbind kan word met moontlike nuwe ontwikkelings in die tegniek

en hantering van die instrumente. Die meer vertikale speelposisie van die kort dubbelfluit *halil*, dui op 'n nuwe tegniek en toon 'n verband met die Cikladiese kulturele sfeer en die latere Griekse speeltegnieke. Die klein simmetriese lier waarvan die syarms verby die dwarsbalk steek, is reeds bekend uit die Kassitiese tydperk en word baie realisties uitgebeeld in die nuwe skouerhoogte speelposisie. Hierdie prototipe speeltegniek het teen die negende eeu v.C. in Ciprus verskyn. Die onveranderde voorkoms van die klein simmetriese *kinnôr* word steeds twee of drie eeue later in die Kuntillet 'Ajrud tekeninge en by die agste eeu v.C. Asdod lierspelertjie gevind. Die klein simbale, soortgelyk aan dié van die Fenisies/Cipriotiese sfeer word verbind aan die verskyning daarvan in die latere Griekse kultus van Cybele (2002:166).

Te oordeel aan die groot verskeidenheid in vorm en grootte van die talle kultiese staanders wat voorgekom het in die antieke Naby Ooste vanaf die Chalkolitiese tydperk tot die Ystertydperk, het dit 'n integrale deel gevorm van die antieke kultus. Die hoogtepunt van dié verskynsel is in Israel/Palestina bereik teen die Laat-Bronstydperk en Ystertydperk. 'n Tweërlei funksie word verbind aan die klein draagbare staanders in antieke Israelse aanbidding. Offergawes en wierook kon op die altare geplaas word en die simbole en motiewe wat op die staanders aangebring was, moes die aanbidder herinner aan YHWH se voortdurende teenwoordigheid. Opvallend van die Asdod staander is die gebrek aan die motiewe wat normaalweg verbind word aan kultiese ikonografie in antieke Israel/Palestina en geen ander kultiese ikonografie is ook in die nabyheid van die Asdod staander gevind nie. Braun verwys na verskillende menings wat gegee word oor die betekenis van die ensemble van die staander. Dothan (1970) is van mening dat die ensemble moontlik 'n ooreenkoms toon met die orgiastiese musiek van 1 Samuel 10:5 en die musikante wat uitgebeeld is, deel was van 'n Filistynse kultus met 'n soortgelyke funksie soos dié van die Levitiese tempelsangers. A Mazar (1980) en Devries (1987) sien die staander as 'n moontlike voorwerp in 'n huiskonteks of as 'n groep hofmusikante vir 'n koninklike persoon. 'n Waarsynlike Filistynse verbintenis met die kultus van Cybele word ook aangedui. Die veelsydige gebruik van die *kinnôr* word ook hier bevestig deur die insluiting in die ensemble. Idiofone en membranofone soos die *tôp* het normaalweg die *halil* dubbelfluit, wat die melodie speel, ondersteun (2002:174,175).

d) Gebruike. Geskrewe bronne bevestig die belangrikheid van die *kinnôr* as instrument met die meeste kultureel-intektueel en sosiale gebruike, veral onder die welgesteldes van 'n gemeenskap. (Braun 2002:146). Volgens die beskikbare argeologiese data was die *kinnôr* in 'n groot verskeidenheid van kontekste gebruik; beswerings, kultiese danse en kultiese seremonies waarby bome of diere betrokke was. *Kinnôr* musiek was ingesluit in die seremonies van die Filistynse kultus van Cybelle asook deel van die kultusse van die Nabatiese en die Joodse sekte-groeperings. Bybelse teksgedeeltes dui op die gebruik van die *kinnôr* as na snaarinstrumente verwys word waar snaarinstrumente deel gevorm het van die viering van oorwinningsfeeste en as 'n simbool gesien was van onafhanklikheid en verlossing. Bybelse en talle Nabye Oosterse tekstuele verwysings het die gewildheid en belangrikheid van die lier in die antieke Nabye Oosterse musiekkultuur, veral in Israel/Palestina, bevestig. Volgens die tekstuele bronne en die argeologiese data was die lier die belangrikste en oorheersende instrument in die kultus; in godsdienstige konteks, algemene feesvierings en in 'n sekulêre persoonlike konteks. In 'n sekulêre konteks was dit ook deel van die leefwêreld van die gewone mens en simbool van die middelklas. Die lier was ook later as kenmerkend aan die Hellenistiese Dionysus kultus verbind (Braun 2002:18,19; Burgh 2006:20).

Snaarinstrumente, veral die *kinnôr* en harp het 'n belangrike rol gespeel in die godsdienstige en sekulêre wêreld van antieke Israel/Palestina en veral waar dit as hoofinstrumente gebruik is by godsdienstige geleenthede. 1 Kronieke 25:1,2 asook 2 Kronieke 20:27-28 verwys spesifiek na die harp en *kinnôr*.

e) Simboliek. Die gewildheid en gebruik van die *kinnôr* in soveel veelsydige kontekste, het tot gevolg gehad dat 'n besondere simboliek aan die *kinnôr* verbind was. Genesis 4:21 dui op 'n mitiese verbinding van die *kinnôr* aan Jubal as '...die stamvader van dié wat op die *kinnôr* en die fluit speel.' Philo van Aleksandrië was van mening dat *celestial* hemelse harmonie deur die speel van die sewesnarige *kinnôr* weerspieël word en die siel as 'n ingestemde *kinnôr* gesien word. Ook die Christelike siening van die *cithara* as simbool van die siel en liggaam van die mens, onderskryf die belangrikheid van die simboliek (Braun 2002:xxxii, xxxiii,18,19).

Die profete het, in hul vermanings aan die afvallige volk, die profetiese uitspraak gemaak dat vreugdeklanke, wat ook assosieer word met instrumentale musiek, stil sal word as hulle volhard met sonde doen. Jeremia 16:9 verwys daarna terwyl Amos 6;3-6 die liedjies van die harp (*kinnôr*) koppel aan die selfsugtige en gemaksugtige leefwyse van die rykes in Samaria.

6.7.4 *Aerofone/blaasinstrumente.*

Binne die raamwerk van die Nabye-Oosterse organologie kon nog nie duidelikheid verkry word oor aerofone; die presiese voorkoms, vorm en gebruik van die blaasinstrumente gedurende die monargiese periode nie. Talle skrifverwysings in die Hebreeuse Bybel dui op die gebruik van aerofone in kultiese en sekulêre konteks maar beskrywende inligting van die instrumente ontbreek. Argeologiese vondste in Israel/Palestina is egter ook beperk tot die Megiddo fluite en die *triton* trompetskulpe en geen ander onbeskadigde blaasinstrumente is tot die hede gevind nie. Daar is ook geen voorbeeld van enige ander blaasinstrument van been uit enige vroeëre argeologiese tydperk nie (Braun 2002:111,133).

Die besonderhede van die onderskeie blaasinstrumente soos dit duidelik word uit tekstuele en argeologiese data kan moontlik duidelikheid gee oor die funksie binne die musiekkultuur van Israel/Palestina.

6.7.4.1 Fluite. 'n Fluit wat op die vloer van 'n struktuur in die derde-millennium v.C. stratum van Megiddo gevind is, verteenwoordig een van die argeologiesbevestigde vroegste onbeskadigde blaasinstrumente. Die tipe onversierde, poleerde hol fluite, gewoonlik van voël- of bokbeen, was ongeveer 7-12 cm lank en .8-1.5 cm in deursnit met 'n opening ongeveer in die middel van die fluit. As dit aan die end, met die opening onbedek, geblaas word, is 'n d'" klank produseer en met die opening toegedruk kon 'n tweede toonhoogte, a'" verkry word en selfs 'n vinnige vierde triller. As dit as 'n dwarsfluit geblaas is, is ook 'n d'" klank gehoor. Die fluit met die skril een of twee note was moontlik vir kommunikasie of seine gebruik, ook as 'n herdersfluit, 'n speelding en gelukbringer. Daar is bevestig dat die fluite vir meer as tweeduisend jaar wydverspreid in antieke Israel/Palestina voorgekom het (Braun 2002 :111,112).

Elf soortgelyke fluite uit die Kanaänitiese tradisie is in die gebied gevind en die mees onlangse vonds is die En-Gedi fluit, dateer as sewende-sesde eeu v.C. ongeveer teen die einde van die Judese monargie. Die En-Gedi fluit is in die konteks van 'n parfuumwerkplek gevind waar veral vroue gewerk het en die fluit is ook versier met die *Opal Balsem* merk wat kenmerkend was van die fluite uit daardie tydperk. Die spesifieke versiering het eers teen die Ystertydperk op die fluite verskyn en nooit verander nie. Braun dui daarop dat linêre organologiese tradisie in antieke Israel/Palestina deur die verskillende historiese periodes voortgaande elemente vertoon het wat die gevolg was van van 'n duidelike inheemse kulturele stukrag. Die Megiddo fluitsoort word as 'n bewys daarvan beskou (Braun 2002:112).




Fig. 41(a): Enkelfluit. Megido fluit met twee toonhoogtes (derde millennium v.C.) (Braun 2002:111. III.29).

Fig. 41(b): En-Gedi. Megiddo-tipe fluit met versierings, (Braun 2002:111. III.30).

6.7.4.2 Ramshoring *sjofar* en trompet *chatsotsrah*. Die instrumente word, weens die besondere verband wat dit het met die kultus, as *instrumente van die priesters* genoem. Braun is van mening dat ramshorings en trompette, wat ingesluit word in die aerofone van die Ou-Testament, streng gesproke nie as musiekinstrumente beskou kan word nie weens die beperkte toonhoogte van die klank en funksie van

die twee instrumente. Daar word sewentig keer in die Ou-Testament verwys na die ramshoring, wat reeds dateer vanuit 'n vroeë fase van kulturele ontwikkeling (Braun 2002:180,181). Slegs een keer word na die ramshoring verwys as 'n musiekinstrument, waar Psalm 150 as doksologie die Boek van Psalms afsluit met die groot musiekuitvoering tot eer van God

a) Shofarot/sjofar. Die Hebreeuse term vir *shofarot/sjofar* dui op die horing van 'n ram en is veral bekend in 'n mitiese verband in Josua 6:5 en die val van die mure van Jerigo. Hoewel die oorsprong van die Hebreeuse term onduidelik is, word die *sjofar* die meeste genoem in die Ou-Testament en is die enigste instrument wat onveranderd binne die Joodse liturgie voortbestaan het. Volgens Talmudiese traktate en Qumran geskrifte is twee tipes *sjofars* onderskei, 'n reguit horing waarvan die mondstuk met goud oorgetrek is en wat met Nuwejaarfeeste geblaas is en die gekrulde horing. Ikonografiese uitbeeldings van die ramshoring uit die antieke Nabye Ooste sluit voorbeelde in van Mari uit die agtiende eeu v.C. en Karkemis uit die agste eeu v.C. Argeologiese bewyse van die *sjofar* in 'n Israel/Judese konteks word slegs gevind in waarskynlik simboliese ikonografiese uitbeeldings wat dateer uit die Romeinse tydperk waar dit saam met simbole soos die '*menorah*' die sewe-armige kandelaar en 'n wierookbak uitgebeeld word. Die betroubaarheid van die uitbeeldings van die instrumente word egter bevraagteken. (Braun 2002:25-27,180).

Die belangrike rol van die *sjofar* in die Ou-Testamentiese kultiese en sekulêre leëwêreld word beklemtoon deur die 69 uit die 74 verwysings in die Hebreeuse Bybel na die instrument as 'n soloinstrument. In 'n sosio-akoestiese rol het die twee of drie toonhoogtes van die *sjofar* se klank in verskillende situasies 'n besondere betekenis oorgedra wat duidelik word uit die talle skrifverwysings met kultiese of sekulêre verband. In kultiese verband is die ramshoring in Eksodus 19:13,16, Psalm 47:6 en Levitikus 25:9 verbind aan 'n goddelike teenwoordigheid en voorskriftelike opdragte. II Samuel 6:15 sluit die ramshoring in by die optog met die vervoer van die ark. Rigters 3:27, Josua 6:4-20 en II Samuel 2:28 verbind dit egter aan gevegsomstandighede en I Samuel 13:3 en II Samuel 15:10 dui die geluid van die ramshoring aan as 'n sein vir mobilisasie van gevegsmagte en 'n oproep tot 'n staatsgreep.

Die *sjofar* het as sein-instrument in Israel/Juda funksioneer tot die ballingskap waarna dit 'n kultiese funksie verrig het en nog steeds 'n rol vervul in die Joodse kultus en met die *Rosh Hashanah*, Joodse Nuwejaar. Die talle skrifverwysings in die Ou-Testament getuig dat die gebruik van die ramshoring diep gewortel was in die Israelitiese kultiese en sekulêre leefwêreld, deel was van die magiese en mistieke verskynsel van die teofanie en van besondere nasionale en etniese simboliese betekenis vir die Israeliete en Joodse volk (Braun 2002:16,25-28). Hierdie besondere verband met die volk Israel kan moontlik daaraan toegeskryf word dat van al die instrumente slegs die *shofar* van suiwer Semitiese oorsprong is (Sendrey 1969:478)

b) *Chatsotsrah*/trompet. Die trompet was reeds in Egipte, en in 'n eenvoudiger vorm in Mesopotamië bekend teen die middel van die derde millennium v.C. Dit is gebruik as kommunikasie klankinstrument vir kultiese-, militêre-, werk- en seremoniële doeleindes. Twee duidelike note is ritmies afgewissel om seine te stuur.

Die *chatsotsrah*/trompet is die enigste instrument waarvoor die Ou Testament vervaardiging-instruksies aandui. Numerie 10:2,7 verwys na trompette *chatsotsrah* wat volgens goddelike instruksies van silwer gemaak en as seinapparte vir die byeenkoms van die volk gebruik moes word. Slegs drie keer word na die *chatsotsrah* in 'n militêr/oorlog-konteks verwys en wel in die voor-eksiliese tekste van 2 Konings 11:14 en Hosea 5:8, waar die instrument deur trompetblasers, waarskynlik manskappe geblaas is. Die trompet was nie net deel van die volle orkes gedurende godsdienstige feeste, soos die feesvierings met die inbring van die ark in die Tempel nie, maar het ook, volgens die Kroniekeskrywers 'n belangrike kultiese rol vervul in die tempel. Twee trompette was uitgesonder om onophoudelik voor die Verbondsark geblaas te word soos 1 Kronieke 16:6 daarna verwys. Volgens Braun bied veral die apokaliptiese geskrif, die *War Scroll* van Qumran verdere inligting oor die gebruik van die *chatsotsrah* en die betekenis van die verskillende seine. Die *chatsotsrah* was dus by uitstek 'n kultiese instrument en simbool van die georganiseerde, gewyde/wêreldlike en outokratiese mag van die tweede tempel (2002:16).

Die vroegste argeologiese bewyse in ikonografiese vorm van die gebruik van die instrument in Israel, dateer uit die derde eeu v.C. en die Bar Kochba opstand (166-135) (Burgh 2006:30; Braun 2002:93). Slegs een voor-Hellenistiese argeologiese bewys van 'n trompet is tans bekend. Die potskerf, met 'n tekening van 'n figuur met 'n trompet in die hande, was deur A Mazar tydens opgrawings gevind by Beth-Shean in die strata wat dateer en verbind word met die veertiende eeu v.C. se agtiende-dinastie Egiptiese beheer. Ten tye van hierdie bewoningperiode was Beth-Shean 'n Egiptiese hoofkwartier, regeringssentrum en woonkwartiere van 'n garnisoen soldate. Daar word gereken dat die buis van die trompet op die tekening ongeveer 60cm lank is en uitloop op 'n klokvorm met 'n deursnit van ongeveer 7cm. Hierdie tekening stem ooreen met die silwertrompet wat gevind is in die graftombe van Tutankhamen (tweede helfte van die veertiende eeu v.C.). Die vonds van 'n beskadigde mondstuk van 'n trompet, ongeveer 5.2cm lank wat by Beth-Shean gevind is deur Alan Rowe (1940), dateer as teen die einde van vyftiende eeu v.C. en dui op die gebruik van die trompet reeds gedurende daardie tydperk. Voorbeelde van trompet-uitbeeldings word ook gevind op die Karkemis reliëf, die brons figure van Anatolië asook die alabaster-reliëf van Nineve (Braun 2002:92,180).



III.42: Beth-Shean potskerf (14de eeu v.C.) toon 'n geverfde tekening van 'n trompetspeler (Braun 2002:92. III.13).

c) Skulptrompet. Die skulp van die *Charonia tritonis nodifera* is argeologies die enigste en meeste bevestigde trompet-instrument in antieke Israel/Palestina. Die trompetskulp was reeds vroeg, vanaf ongeveer die derde millennium v.C. as blaasinstrument/trompet in gebruik en is later wydverspreid aangetref. Dit word nog steeds as 'n seinapparaat deur die vissermanne van Jemen gebruik en as begeleiding by volksdansen en kultiese danse in Spanje. Die datering van die skulptrompet wat in Israel/Palestina gevind is, sluit verskeie argeologiese tydperke in, vanaf die oudste uit die Laat-Bronstydperk (Tel Nami), twaalfde-elfde eeu v.C. (Tel Qasile) en negende eeu v.C. (Hasor), tot die mees onlangse uit die Hellenistiese tydperk van Shiqmona. Al die vondste van die skulptrompet in Israel/Palestina word verbind aan die Filistynse en Fenisiese kulturele sfeer waar dit in kultiese kontekste gevind is. Die kultiese konteks waar die Tel Qasile en Tel Nami vondste gevind was, dui op 'n waarskynlike gebruik in die plaaslike kultus terwyl die vonds van 'n skulptrompet by 'n ineengestorte muur by Hasor dui op 'n moontlike gebruik as waarkuwings-instrument. Nehemia 4:18,20 verwys na die gebruik as waarskuwing teen die koms van die vyand.

Volgens die afgesnyde punt van die ongeveer twaalf skulptrompette van Palestina word die aanname gemaak dat dit hoofsaaklik vir klank/seindoeleindes gebruik is. 'n Seldsame verskynsel is by die 9-10de eeu v.C. skulptrompet van Hasor gevind. 'n Opening van ongeveer 3mm. is gevind naby die opening waarop geblaas word. Deur 'n vinger op die opening te plaas kan die toonhoogte van die klank verander word en kan duidelik onderskei word tussen *e* en *e-mol*. Andersins kon slegs die note/toonhoogtes van een oktaaf geblaas word (Braun 2002:180-183).

Volgens Braun was dit moontlik dat *sjofar* gedurende 'n vroeë stadium, soos ook ander terme vir klankapparate, na verskeie instrumente kon verwys het en was die skulptrompet waarskynlik ook daarby ingesluit. Psalm 81:4 verwys na die blaas van die ramshoring op die fees met nuwemaan (2002:183). Volgens Sachs word die trompetskulp onder andere aan die maankultus verbind. Daar kan dus 'n moontlike verwysing in Psalm 81:4 wees na die skulptrompet en nie na die ramshoring nie (1940:50).

Bogenoemde voorbeelde dui op die gebruik van skulptrompette in kultiese en sekulêre kontekste in Israel/Palestina oor 'n tydperk van meer as 'n millenium.

6.7.4.3 *Halil double-pipe/double-reedpipe*. Volgens musikoloë is die *halil* (dubbelfluit/dubbelriet-fluit) die mees algemene blaasinstrument van die antieke Nabye Ooste en dit is ook die enigste aerofoon wat argeologies bevestig is vir Israel van die Ystertydperk. Die eerste betroubare datering van Egiptiese voorbeelde van dubbel-hobos word as die agtiende dinastie aangedui maar die dubbel-riet blaasinstrument het egter eers na ongeveer een tot twee eeue later 'n verskyning in Israel/Palestina gemaak. Die eerste instrumente in Israel/Palestina het 'n baie duidelike Egiptiese/Kanaänitiese styl getoon en het gedurende 'n periode verskyn waartydens musiekinstrumente in die gebied betekenisvolle veranderings ondergaan het wat verbind word aan verskillende gebiede. Veranderinge het ook plaasgevind in die geslagsrolle van die vroulike en manlike *halil* musikante asook hul sosiale status (Braun 2002:13,145).

Om 'n noukeurige beskrywing van die *halil* en die gebruik daarvan te kry, is klaarblyklik 'n probleem vir argeo-musikoloë. Die Semitiese wortel van die term wat na die instrument verwys is, *om 'n opening te maak*. Meningsverskille bestaan oor die betekenis van die Hebreeuse term en die aard van die instrument terwyl vertalings van die Septuagint (*aulós*) en die Vulgaat (*tibia*) verskil. Name soos *aulos*, hobo, klarinet of dubbelriet-fluit word ook vir die blaasinstrument aangedui. Volgens Talmudiese tekste was die *halil* gemaak van brons, koper, riet of been, 'n faktor wat veral belangrik was vir die klankkwaliteit wat verlang is. Fluite van metaal sou 'n harder klank voortbring terwyl been- en rietfluite 'n meer melodieuse, sagter klank sou gee. Volgens die Talmud het bronsbedekte been- of rietfluite 'n minder soetklinkende toon gegee. Hierdie bevinding is argeologiese bevestig (Braun 2002:13; Sachs 1940:118,119).

Artistieke uitbeelding van instrumente in die ikonografie lê hoofsaaklik klem op die aktiwiteit en nie soseer op die besonderhede van die instrument nie en onduidelikheid oor veral die boonste gedeelte van die aerofoon bemoeilik identifisering van die instrument as óf 'n hobo óf 'n dubbelriet fluit of 'n klarinet. Dit is belangrik om die regte instrument te identifiseer in die ikonografiese uitbeeldings aangesien daar by die verskillende blaasinstrumente 'n groot verskil in klank, tegniek en uitvoering was. Korrekte identifikasie kan bydra tot 'n beter begrip van die verband of konteks waarin die instrument gespeel is, hoe die uitvoering

plaasgevind het en dit moontlik met tekstuele verwysings in verband bring. Identifikasie kan veral bydra tot 'n beter begrip van die kultuur-historiese omstandighede van die gemeenskap, Die gender identifisering van die *halil* musikant bied verder insig in die sosio-kulturele rol en status van die onderskeie geslagte en die instrument (Braun 2002:134).

Tekstuele verwysings en 'n verskeidenheid van argeologies/ikonografiese uitbeeldings bevestig die veelsydige gebruik en simboliek van die *halil* gedurende die tydperk onder bespreking.

a) *Tekstuele verwysings.* Tekstuele verwysings in die Ou Testament verbind die spel van die *halil* met feesvreugde soos na die salwing van Koning Salomo (I Konings1:40); insluiting in godsdienstige prosesies (Jesaja 30:29). In Jesaja se veroordeling van die volk se fuifpartye in Jesaja 5:11 noem die profeet die *halil* as deel van die musiekinstrumente. Jeremia 48:36 vergelyk die gemoedstoestand van die profeet met die klaagsang van die fluit. Die *halil* word genoem in verband met orgiastiese of ekstasiese aktiwiteite soos in die profete-optog van I Samuel 10:6. Die verband is argeologies bevestig deur latere Dionisiese mosaïek-uitbeeldings in Palestina (Sachs 1940:119). Dit is opvallend dat Bybelse tekste nie na *halil* musiek in 'n liturgiese konteks of in tempelmusiek verwys nie. Volgens Braun dui Talmudiese bronne aan dat die *halil* slegs twaalf dae in 'n jaarsiklus voor die altaar gespeel word en die tempelorkes moes minstens twee en nie meer as twaalf van die instrumente insluit. Sachs is van mening dat hierdie gegewens egter betrekking het op die tweede tempel konteks. (2002:14). Die teenstellende simboliek van sekulêre vermaak teenoor kultiese verering in die gebruik van die *halil* is opvallend.

b) *Argeologiese data.* Die datering van die elf argeologiese voorbeelde van die *halil* dui daarop dat die *halil* gedurende die volle monargiese periode teenwoordig was in die Israelse geografiese gebied. In die studie van die artefakte het Braun bevind dat veranderinge in die speeltegnieke, vervaardiging en sosiale status en estetiese voorkoms van die instrument duidelik onderskei kan word in die argeologiese bewyse wat dateer vanaf die Vroeë Ystertydperk tot die Babilonies/Persiese tydperk en wat gevind is by terreine wat strek vanaf die noordweste tot die suid-ooste van die gebied. Die elemente word duidelik illustreer deur die drie groeperings waarin Braun die *halil*-artefakte plaas (2002:134).

c) Ikonografiese uitbeelding van die drie halil-artefak-groepe.

i) Egipties-Kanaänitiese kultustradisie. Die tradisie in die beeldende kuns word duidelik illustreer in die twee beeldjies wat by Megiddo en Tell el-Far'a-Noord, in die sentrale deel van die land gevind is; die brons *halil* musikant van Megiddo en die faïence figuur van Tell el-Far'a-Noord. Die periode, 12de-10de eeu v.C. was gekenmerk deur sterk handel en kulturele verhoudinge tussen Egipte en Israel/Palestina (Braun 2002:134). Soos reeds genoem en argeologies bevestig is, was Egiptiese invloed nog lank teenwoordig veral in Megiddo en beide figure dui op 'n duidelike Egipties-Kanaänitiese kultusverband en waarvan die *halil* ook 'n belangrike deel gevorm het (Braun 2002:134).

* Die bronsbeeld van Megiddo van 'n vroulike musikant met 'n *halil*, toon 'n naak staande figuur met duidelik onderskeibare gelaatstrekke en is uitgebeeld met 'n hoë kroon op die kop en 'n *halil* in die hande. Die brons driepoot waarop die figuur monteer is, word as 'n tipies inheemse produk van die 12de-10de eeu v.C. aangedui en plaas dus ook die datering van die Megiddo godsbeeldjie binne daardie tydperk. Die brons musikant kon waarskynlik 'n gewyde tempel-priesteres gewees het. 'n Negatiewe konnotasie wat ook aan die *halil* gekoppel word, kan die godsbeeldjie ook verbind aan gewyde tempelprostitusie wat bekend was gedurende die monargie en afgekeur en veroordeel is in die voorskrifte van Deuternomium 23:17,18. Braun sien ook 'n verband tussen die kunswerk en die Beth-Shean luitspeler (2002:134).




Fig. 43: Bronsfiguur van 'n vroulike musikant met 'n *halil* op 'n staander, Megiddo (12de-10de eeu v.C. (Braun 2002:135. III. IV. 13).

Die eerste foto-afdruk in die illustrasie wys die oorspronklike toestand van die artefak terwyl die tweede afdruk die huidige beskadigde toestand van die *halil* wys.

* Die Tell el-Far'a-Noord faïence figuur, (5.4 sentimeter hoog), beeld 'n sittende manlike mantelbobbejaan *hamadryad* uit wat op 'n *halil* speel. Die uitbeelding verwys na die Egiptiese soortindeling, *topos* van heilige ape wat intelligensie, geleerdheid en seksuele aktiwiteit simboliseer. Die uitbeelding is die vroegste argeo-ikonografiese voorbeeld van 'n dubbel-fluit/*halil* in antieke Israel/Palestina en toon die twee wyerlopende buise van ongelyke lengte wat in 'n vaste simmetriese posisie gehou word. Hierdie element was kenmerkend van die instrumente wat in die sentrale deel van die land voorgekom het (Braun 2002:134,135,144).



Fig. 44: Faïence beeldjie van 'n sittende hamadryad met 'n halil. Tell el-Far'a-Noord, 12de-10de eeu v.C. (Braun 2002:136. III. IV.15).

ii) Terra-cotta klokvorm *halil* musikante. Die tweede groep sluit die terra-cotta vroulike *halil* musikante van Aksib, Shiqmona en Acco in. Dit vorm saam met die *tōp* vroulike musikante, deel van die groep klokvormige terra-cotta musikantbeeldjies met hul oorsprong in die noord-westelike deel van die Israel/Palestina gebied, gedurende die kulturele hoogbloeï van die 10de-7de eeu v.C. Die opbloeï was veral in die stedelike gebiede as gevolg van die ontwikkeling op ekonomiese, politieke en diplomatieke vlakke.

Die groot aantal musikant-beeldjies, wat as minnesangers aangedui word, dui moontlik op 'n sterk plaaslike Fenisiese tradisie en Braun noem dit die Aksib/Shiqmona skool-van-musiek terra-cottas. Kenmerkend is die hoë kwaliteit van die terra-cotta kuns en artistiese vakmanskap en waarskynlik dan ook 'n hoë vlak van instrumentale musiek in hierdie tydperk. Die ontwikkeling van die V-vormige *halil* in die noord-westelike gebied word aangedui deur twee ewelank buise wat met 'n kleiner verdeling aanmekaar vas is, met een of twee mondstukke, elk met 'n enkel riet en word stewig vasgehou. Die een buis funksioneer as 'n dreunbas *drone* en die ander speel die note van die melodie. Die haarstyl en duidelike gelaatstrekke dui op vroulike musikante. Braun wys op die Aksib musikant se kort haarstyl wat tradisioneel verbind word aan 'n onfatsoenlike vrou en wat ook die status bevestig van die *halil* as een van die instrumente wat met prostitusie verbind word (Braun 2002:140,144; Burgh 2006:26).



Fig. 45: Aksib: Terra-cotta klokvormige vroulike musikant met kort hare, die arms hooggelig met die halil in 'n spelende posisie (10de-7de eeu v.C.) (Braun 2002:136; Ill. IV.14).



Fig. 46: Fragment van die Shiqmona terra-cotta figuur met duidelike gelaatstrekke en 'n kapsel of pruik met die halil in 'n spelende posisie (10-7de eeu v.C) (Braun 2002:138; Ill. IV.16).

iii) Terra-cotta *halil*-musikante; groep 3. Die groep sluit vier voorbeelde in van die oostelike en suidoostelike randgebied van die koninkryk van Juda, die koninkryke van Amon en Edom. Die *halil*/dubbelfluite uit die oostelike en suid-oostelike gebied was gekenmerk deur twee paralelle buise in 'n vaste posisie.

* Tussen al die reliëf-plaket terra-cotta voorbeelde van vroulike *tôp*-musikante wat in hierdie gebied gevind is, is die Beth-Shean plaket die enigste voorbeeld van 'n uitbeelding van 'n vroulike musikant wat 'n dubbel-rietfluit blaas. Die half-naak vroulike musikant word uitgebeeld met 'n pruik op die kop. Hoewel die plaket beskadig is, kan die kenmerkende besonderhede duidelik onderskei word.



Fig. 47: Beth-Shean. Enigste bekende reliëfplaket van 'n musikant met 'n halil (10-7de eeu v.C.) (Braun 2002:141. Ill. IV.18).

* Die terra-cotta plaket van Qitmit is die enigste bekende voorbeeld van 'n afbeelding van 'n *halil*-musikant uit die Edomities/Judese grondgebied. Die *halil* het waarskynlik geëindig in 'n horing klok-vorm met buise wat keëlvormig vertoon. Die onderste deel van die instrument is beskadig. Die bolwang gesig van die musikant dui daarop dat op 'n blaasinstrument gespeel word, dus 'n dubbel-riet fluit. Beide die styl en soort instrument dui op 'n plaaslike etniese volkstradisie (Braun 2002:140).




Fig. 48: Terra-cotta plaket van Qitmit. 'n *Halil* musikant uit die Edomities/Judese gebied, (10-7de eeu v.C.) (Braun 2002:142. III. IV.19).

* Die Tel-Malhata musikant wat op 'n *halil* met keëlvormige buise blaas, verteenwoordig, volgens Braun, een van die belangrikste en indrukwekkendste ikonografiese uitbeeldings van 'n musikant in die hele gebied van antieke Israel/Palestina. Die ontdekking van die borsbeeld van die *halil* musikant by Tel-Malhata, die Edomitese vesting in die Negev, is van besonder belang in die studie

van die plaaslike etniese volkstradisie. 'n Direkte verband met die Edomitiese kuns van Qitmit word aangedui deur die materiaal, styl en vakmanskap van die borsbeeld en asook 'n verband met die Qitmit plaketfiguur en die Qitmit ratelkop (2002:144).

Weens die besondere belang van die vonds word sekere eienskappe van die uitbeelding ter verduideliking uitgelig.

Die fluitspeler dra 'n tipe hoofbedekking wat waarskynlik 'n verband toon met 'n amptelike posisie in 'n kultiese of militêre konteks. Die oë, neus en gesigsdele is duidelik gevorm en die arms en hande is gelig asof in 'n speelposisie met die monstuk van die dubbelfluit teen die lippe. Die keëlvormige, byna paralelle buise van die instrument dui op 'n blaasinstrument van die *zamr/zurna* soort wat nie algemeen gevind was gedurende die periode nie en, volgens Braun, word die uitbeelding gesien as die eerste betroubare voorbeeld van hierdie soort instrument. Die aandag word gevestig op die horisontale strepe of lyne aan die onderpunt van die buise wat moontlik interpreteer kan word as versierings of horingstukkies wat later aan die *halil*/dubbelfluite geheg is. Vanaf die Hellenistiese tydperk het die instrument as 'n enkel-buis instrument in artefakte verskyn en was later die gewildste instrument in die hele Nabye Ooste. Verdere vondste van terra-cotta uitbeeldings van musikante met keëlvormige dubbelfluite dui op 'n wydverspreide gebruik van die soort dubbelfluit in die Edomitiese gebied (Braun 2002:144).



Fig. 49: Terra-cotta musikant van Tel-Malhata, 10 cm hoog met 'n zamr/zurna, (ongeveer 600 v.C.) (King & Stager 2001:296. III.165). Indien in beide pype openinge is, kan 'n melodie of harmonie geblaas word, andersins vorm die een buis, sonder openinge, die dreunbas (Burgh 2006:28).

Die vonds van 'n terra-cotta figuurtjie van 'n manlike *halil* musikant met 'n kopbedekking in Petra in die suid-

oostelike deel van die Israel/Palestina gebied, toon 'n verband met die Hellenisties/Nabatiese kultuur. Dit bevestig verder die gender-rol verandering van die *halil* musikant. Die *halil* wat aanvanklik hoofsaaklik verbind was aan die vrou in 'n konteks van sekulêre vemaak, word klaarblyklik die instrument van die man in 'n kultiese en militêre konteks (Braun 2002:144).

d) Opsomming. Soos blyk uit die ikonografiese uitbeeldings uit die verskillende streke van Israel/Palestina word verskille aangedui in die ergologiese eienskappe en speeltegnieke van die *halil* en het die veranderinge in verskillende areas in die gebied plaasgevind. Die *halil* afkomstig uit die sentrale deel het twee wyerlopende buise van ongelyke lengte in simmetriese posisies getoon. Die ontwikkeling in die noord-westelike gebied word aangedui deur die twee ewelank buise wat met 'n kleiner verdeling aanmekaar vas is, terwyl die *halil* uit die oostelike en suid-oostelike gebied gekenmerk was deur twee paralelle buise in 'n vaste posisie. Kunstenaars het hierdie plaaslike Fenisiese en Palestynse vorms aangepas by die oorspronklike Egiptiese voorbeeld van die dubbel-hobo en sodoende 'n verskeidenheid van *aulos*, blaasinstrumente ontwikkel wat kenmerkend was van die latere Hellenistiese kultuur. Van belang is ook die verandering wat plaasgevind het in die gender-rol van die musikante in die uitvoerings en hul sosiale status in die gemeenskappe. Musiekdata van regdeur die Nabye Ooste het uitbeeldings getoon van vroulike dubbelfluit-musikante wat veral in Egiptiese kontekste aangetref word. Die latere ontwikkelings, veral in die Edomitiese gebied toon die toenemende ruiling van gender-rolle van musikante en was die instrumente toenemend deur mans bespeel (Braun 2002:144,145; Burgh 2006:81).

Soos blyk uit die voorafgaande bespreking van die verskillende aerofone, was dit deel van 'n verskeidenheid van daaglikse gebeure en spesiale feesvierings. Die fluit en dubbelrietfluit/*halil* is deur musikante en gewone persone gespeel terwyl die trompet en *sjofar* 'n besondere rol en funksie verrig het in die gevegs- en kontak-konteks. Burgh wys op die besonder plek en funksie van die trompet in die godsdienstmusiek-hierargie van Israel/Palestina, soos dit uitgewys word deur die tekstuele verwysings; die uitverkore instrument en stem van *YHWH* (Burgh 2006:31).

6.8 *Seëls as musiek-ikonografie.*

Die gebruik van seëls en seëlafdrucke op voorwerpe en dokumente as aanduiders van eienaarskap, bekragting van wetsooreenkomste, simbole van identifikasie en ook as amulette en versierings, dateer reeds vanaf die vyfde millennium v.C. in Mesopotamië in die antieke Nabye Ooste. Die silinderseël is op nat klei gerol of met ink gesmeer en op papyrus of ander materiaal gerol en so 'n identifiserende merk van die eenaar of gebruiker agtergelaat. Die plat seël is op dieselfde wyse gebruik. Seëls het wydverspreid in die antieke Nabye Ooste en Egipte voorgekom en 'n besondere sosio-historiese status word daaraan verbind. Dit word veral verbind aan die heersersklas en hoëlui, hoewel daar gewoonlik nie inskripsies of aanduidings van eienaarskap op die seëls aangebring is nie. Vir die kulturele historici is die talle seëls wat in Israel/Palestina gevind is, 'n belangrike bron van inligting. Argeo-musikoloë vind die musiek-verwante seëls, wat dateer uit die Ystertydperk, as 'n belangrike bron van inligting oor musiek-aktiwiteite en organologiese ontwikkeling van musiekinstrumente in die streek. Die kunstenaars se skematiese uitbeelding van musiekinstrumente en die lineêre styl bied, volgens Burgh, egter min inligting vir die studie van gender en musiekuitvoering. Burgh vestig die aandag daarop dat musiek as sulks 'n gespesialiseerde kuns is en dat die kunstenaar moontlik 'n musikant sowel as instrumentmaker kon wees en 'n seël as identifiseringsmerk besit (2006:17,134).

Die stilistiese en organologiese verskeidenheid van instrumente en groot aantal musiektemas wat uitgebeeld word op seëls wat aan antieke Israel/Palestina verbind word, verteenwoordig die wye invloedssfeer van die verskillende omringende kulture wat met Israel/Palestina verbind word. Soos genoem, was Ystertydperk I 'n tydperk van groot veranderinge op politieke en sosio-ekonomiese gebied met die konsolidasie van etniese groepe en herlewing van die stedelike kultuur. Ontwikkeling op nasionale en individuele vlakke het ook gelei tot toenemende artistieke en gestruktureerde musikale aktiwiteite en onder andere die produksie van musiekverwante seëls. Musiek-verwante seëls, wat dateer uit die eerste helfte van die eerste millennium v.C. het in die kort periode die besondere sosio-historiese status van instrument en musikant vasgelê. Die seëls was hoofsaaklik in die vorm van *pictographs*, uitbeeldings wat gewild was tot selfs die agste en sewende eeu v.C. toe steengraving-inskripsies in gebruik gekom het (Braun 2002:154,155,163; Burgh 2006:134).

Die ongeveer tien musiekverwante Israel/Palestina seëls, waarvan vier in gedokumenteerde omstandighede gevind is en ses van onbekende oorsprong is, dateer uit die eerste helfte van die eerste millennium v.C. In vergelyking is in totaal slegs drie musiekverwante seëls in Egipte gevind, elk wat 'n trompetspeler voor 'n troon in 'n kultiese konteks uitbeeld. Slegs vyftig musiekverwante seëls, wat dateer oor 'n tydperk van drie millennia, word met die Babiloniese sfeer verbind

6.8.1 *Musiekinstrument uitbeeldings op seëls*. Hoewel die gemengde styl van die meeste seëls van Israel/Palestina dit verbind aan die Filistyns/Fenisiëse kusgedeelte, word die uitbeeldings met 'n sterk inheemse kunstenaarselement tog gesien as kenmerkend van die hele gebied. Geografies en kronologies is bevestig dat die rykste en mees eenvormige versameling van musiekverwante argeologiese bewyse binne die Filistynse kulturele sfeer gevind is. Dit sluit die ongeveer vyftien musiekinstrumente en tien musiekverwante artefakte in (Braun 2002:154,155). Burgh is van mening dat die studie van die artefakte insig gee in die waarskynlik ontwikkelde musiekkultuur van die Filistyne wat weer moontlike verband het met die musiekkultuur van Israel/Palestina. Hy sonder veral die Asdod musiekstaander en die Asdod figuur met die lier uit as voorbeelde (Burgh 2006:19).

Braun (2002) en Burgh (2006) het verskillende groepe seëls geïdentifiseer op grond van die instrument-soort wat uitgebeeld word en die konteks waarin die instrument gespeel word. Die skematiese uitbeeldings op die besondere seëls toon die musikante wat 'n spesifieke instrument of instrumente bespeel. Van die seëls toon, behalwe die musikant en instrument, ook bykomende tekens wat spesifieke simboliese betekenis oorgedra het. In die beskrywing sal aandag daaraan gegee word.

Drie verskillende *kinnôr*-tipes word onderskei in die uitbeeldings: die U-vormige simmetriese soort met min paralelle snare; die simmetriese soort met 'n reghoekige klankkas en min paralelle snare waarvan beide tipes dateer uit ongeveer 12-8ste eeu v.C.; die asimmetriese soort met 'n reghoekige klankkas en meer snare wat dateer uit die 10-7de eeu v.C. Kulturele invloede word ook aangedui in die onderskeie uitbeeldings.

6.8.2 *Kulturele invloede.* * Tel-Batash seël. Die skematiese uitbeelding van 'n *kinnôr*-speler op die Tel-Batash seël (12-10de eeu v.C.) is een van die twee voorbeelde van seëls wat Filistynse kulturele invloed weerspieël, en is waarskynlik die oudste bekende uitbeelding van die suiwer reghoekige simmetriese *kinnôr* met twee parallelle snare. 'n Aanvanklike aanname deur argeo-musikoloë het Assirië aangedui as plek van oorsprong van die spesifieke *kinnôr*-soort, maar verdere navorsing het 'n moontlike, meer suidelike oorsprong aangedui. Volgens Braun het die *kinnôr*-soort die noord-westelike dele van Fenisië en noordelike Assirië bereik eers nadat Tiglat-Pileser III beide Israel en Filistea verower het (Braun 2002:154,156).




Fig. 50(a) *Tel Batash seël (12de-10de eeu v.C.). 'n Sittende musikant met 'n reghoekige simmetriese kinnôr met twee parallelle snare (Braun 2002:155. Ill. IV.24).*

Fig. 50(b) *Asdod. Fragment van 'n leiklip seël (25 x 18mm). 'n Sittende musikant met 'n U-vormige simmetriese kinnôr (Braun 2002:155. Ill. IV.25).*

Asdod seël. Argeologiese data van veral strata XII en XI bevestig die belangrikheid van die Laat-Bronstydperk/Ystertydperk antieke stad, Asdod, wat floreer het onder Filistynse beheer. Waar musiek 'n belangrike rol gespeel het in die gemeenskap, kan die Asdod-seël moontlik dui op die status en rol van die musikant as kunstenaar en instrumentmaker (Burgh 2006:19). Die gedeelte van die ongeveer 10-8ste eeu v.C. reghoekige, grys leiklip seël wat behoue gebly het toon 'n sittende, waarskynlik naakte musikant wat op 'n U-vormige simmetriese, tweesnarige (westerse) *kinnôr* speel. Braun verwys na Porada (1956) se mening

dat, hoewel daar 'n verband is met die agste eeu v.C. seëls van Ciprus, die *kinnôr* op die Asdod-seël organologiese verskille toon en die uitbeelding artisties swak is. Braun dui ook op meningsverskille wat bestaan oor die betekenis van die afgebreekte gedeelte van die seël. Porada is van mening dat dit waarskynlik die uitbeelding van 'n danser met 'n *tōp* is terwyl dit ook gesien kan word as die uitbeelding van 'n kultiese staander voor die musikant (Burgh 2006:18; 2002:154.155,156).

Volgens Burgh is die Asdod-seël 'n voorbeeld van 'n verskynsel wat by verskeie musiekartefakte aangetref is, dat die spesifieke argeologiese oorsprong nie aangedui kan word nie, maar dat die artefak vir vergelykende studies gebruik kan word. Die *kinnôr* op die Asdod-seël se kenmerkende eienskappe, toon 'n sterk verband met die ander liere in ikonografiese uitbeeldings (2006:20).

* Die *Haifa seël* is 'n uitbeelding van musikante met 'n *kinnôr* en *tōp* op 'n tipiese 10-8ste eeu v.C. ovaalvormige, brons seël/*scaraboid*/gelukbringer van noord Palestina/Siriese oorsprong. Die *kinnôr* is soortgelyk aan die Tel-Batash reghoekige simmetriese *kinnôr*. 'n Sittende lierspeler begelei waarskynlik 'n danseres wat 'n *tōp* speel. Gebaseer op die chordofoon-membranofoon kombinasie (*kinnôr* en *tōp*) wat alreeds in die gebied in gebruik en gevestig was, word die seël en *kinnôr* verbind aan Filistynse invloed en vorm dit deel van die Filistynse musiek-artefakte (Braun 2002:157).



Fig. 51: Ovaalvormige brons scaraboid van Haifa (10-8ste eeu v.C.). Sittende musikant met 'n kinnôr wat 'n vroulike danseres met 'n tōp begelei (Braun 2002:157. III. IV.26.).

6.8.3 Seëls met musiekinstrumente en simbole.

* Die silinder-seël van Nebo en die stempel-seël van Tel Aviv word, op grond van verskeie ooreenkomste in die stilistiese uitbeelding van elemente dateer uit

ongeveer dieselfde tydperk, en kom waarskynlik ook uit dieselfde werkwinkel. Beide seëls vertoon die uitbeelding van 'n simmetriese *kinnôr* met dwarsarms, soortgelyk aan die oosterse plat-basis *kinnôr* met paralelle snare, waarvan die Nebo *kinnôr* drie vertoon en die Tel Aviv seël ses. 'n *Halil* word ook op beide uitgebeeld. Die musikante op die onderskeie seëls, 'n manlike *kinnôr*-speler en vroulike dubbelriet-fluitspeler se kleredrag stem ook ooreen. Beide seëls toon die embleem van die mitiese Ou Babiloniese Maangod Sin van Haran (die sekelmaan), 'n altaar in die vorm van die *ankh*-simbool, asook die heilige boom. Die *ankh* is die Egiptiese hieroglief wat die stilerde mitiese *sandal strap for life* voorstel. Die sekelmaan, 'n bekende simbool in die Mesopotamiese ikonografie tot die Neo-Babiloniese tydperk, het reeds in prehistoriese tye as motief verskyn in die Mesopotamiese kuns. Dit word met of sonder versierings saam met gode of godinne gebruik. Die sekelmaanmotief word as simbool van die Maan-god, Sin, in Ou-Babiloniese inskripsies gebruik en word veronderstel om magiese beskermende krag te besit (Burgh 2006:16). Braun verwys na Givon (1978) en Beck (1986) se mening dat die vroulike musikant 'n dubbel-hobo of 'n dubbel-klarinet speel en nie 'n dubbel-rietfluit soos aanvanklik identifiseer is nie (2002:158). Die beperking van die grootte van die seël en die stilistiese uitbeelding deur die kunstenaar kan 'n verklaring bied vir die meningsverskille oor die tipe aerofoon.

Volgens die uitbeelding toon beide seëls verwantskap met die Maan-kultus, wat daarop dui dat die Maan-kultus in Israel gedurende die Ystertydperk stewig gevestig kon wees en waarin die snaar-en blaasinstrument kombinasie ook 'n moontlike rol in die kultus kon vervul (Burgh 2006:15-17; Braun 2002:158) In hierdie verband kan Job se verwysing in Job 31:26-28 moontlik daarby aansluit: '*...die son sien skyn, die maan in sy prag sien beweeg, en my laat verlei om hulle te vereer....*'

Burgh wys daarop dat, hoewel die Nebo-seël twee tradisionele godsdienssimbole bevat, kan die identifisering en funksie daarvan nie net beperk word tot die godsdiens nie. Deur net die religieuse verband uit te sonder, word 'n verdeling geskep van sekulêr teenoor religie wat moontlik nie noodwendig bestaan het gedurende die tydperk nie (2006:17).

* Silinderseël van Nebo



Fig. 52: Kalksteen silinder-seël van Nebo (47 x 70mm) met die afdruk van musikante met 'n halil en kinnôr asook simboliese tekens. Gevind in 'n Ystertydperk fort op die tell (Braun 2002:158. III. IV.27)

* Stempelseël van Tel Aviv



Fig. 53: Stempel-seël van Tel Aviv (beide kante). Uitbeelding van staande musikante met 'n halil en kinnôr onderskeidelik met simboliese tekens voor die figure (Braun 2002:159. III IV.28).

* Tell Keisan seël. 'n Staande musikant, met 'n stileerde uitbeelding van 'n asimmetriese reghoekige *kinnôr* met waarskynlik twee tot ses snare, word op 'n ovaalvormige seël (9-7de eeu v.C.)

uitgebeeld. Simboliese tekens, die Mesopotamiese sekelmaan en die Egiptiese *ankh* of versierings is aan weerskante van die speler aangebring. 'n Soortgelyke uitbeelding word op 'n ander tweede seël gevind, en Braun dui op die besondere ikonografiese ooreenstemming tussen die twee seëls in die tekening van die musikante, die kleredrag en die instrumente, wat moontlik daarop kan dui dat dit van een werkwinkel afkomstig is. Soos met die silinder-seël van Nebo die geval is, bestaan daar ook meningsverskille oor die interpretasie van die simboliese versierings op die seël. Dit sluit verskeie verklarings in; die sekelmaan as simbool van die astrale kultus of die *ankh*, die Egiptiese simbool van die lewe (Braun 2002:161)

Die vermenging van simboliese versierings word ook duidelik weerspieël op 'n seël van Jerusalem waar soortgelyke versierings as die Keisan-seël aangebring is, asook die simbole vir die maan en astraal/son kultus.

Volgens die uitbeeldings op die seëls word die afleiding gemaak dat die vermenging van simbole geredelik aanvaarbaar was in antieke musiekkulture. Die vermenging van simboliese tekens op seëls was waarskynlik 'n plaaslike tradisie in antieke Israel gedurende die tydperk onder bespreking, en dui ook op die status van die *kinnôr* as 'n gevestigde instrument in die verskillende kultusse in Israel/Palestina. Braun is van mening dat bogenoemde seëls verteenwoordigend was van professionele seëls wat die eiendom was van priesters, wat ook professionele *kinnôr* musikante en lede van 'n gilde was (2002:161).



Fig. 54: Tell Keisan: Seël van staande musikant met 'n kinnôr en simboliese tekens weerskante van die figuur (9-7de eeu v.C.) (Braun 2002:160. III IV.29).

* Scaraboid seël van die Israel Museum. Meningsverskille bestaan oor die interpretasie

en betroubaarheid van die uitbeelding van die onderskeie elemente op die veel gepubliseerde ovaalvormige (7de eeu v.C.) seël van onbekende oorsprong, met die inskripsie: *Belonging to Ma'adanah, Daughter of the King*. Braun verwys na Avigad (1978) wat die uitbeelding sien as 'n eerste ware Hebreeuse voorstelling van 'n *kinnôr* soortgelyk aan die *kinnôr* van Koning Dawid en die Tempel-orke. Die asimmetriese lier het effense uitwaartse s-vormige syarms en 'n geronde klankkas met 'n roset in die middel, wat waarskynlik 'n klankopening of 'n versiering kan wees.

In die ontleding van die seël word sekere organologiese besonderhede uitgelig wat die betroubaarheid van die uitbeelding van die *kinnôr* lier bevestig: die geronde klankkas wat ongewoon is by asimmetriese liere; geen tekstuele verwysings na Nabye Oosterse tiensnarige liere van die Ystertydperk nie, uitgesonderd Josephus se verwysing van ses eeue later; geen bewys van liere met rosette nie, so ook die teenstrydige besonderhede van die snare en veral die uitswaaiende syarms. Geen bewyse is nog gevind van 'n enkel musiekinstrument as simbool op 'n artefak, voor die Hellenistiese tydperk nie (Braun 2002:162). Burgh is van mening dat die simbole op van die seëls nie noodwendig die gebruik van die seël beperk tot 'n kultiese verband nie maar ook 'n identifiserende merk vir 'n kunstenaar of vervaardiger van instrumente kan wees (Burgh 2006:17).

6.8.4 *Opsomming*. Volgens die uitbeeldings op seëls, wat simbolies verbind word aan sosiale status en ekonomiese voorspoed, kan dit belangrike aanduiders wees van die kulturele, sosiale en kultiese gebruike van die Ystertydperk in Israel/Palestina. Die stilistiese uitbeeldings toon nie net die gebruik van die instrument in verskillende kontekste nie maar bied inligting oor die rol van die musikant en die speeltegnieke. Die uitbeelding van die kombinasie van die instrumente saam met simbole, sluit aan by die kulturele en kultiese gebruike van die periode en toon 'n verband met bybelse tekstuele verwysings.

6.9 *Musiekinstrumente: solo-instrumente, duo's en ensembles*

Dit is duidelik uit die argeo-ikonografiese rekord dat vele veranderinge in die musiekkultuur van Israel/Palestina plaasgevind het gedurende die vestiging van die Israelse monargie en ander nasionale state. Braun wys daarop dat sommige

instrumente argeologies verdwyn het terwyl ander steeds voortbestaan het met veranderings in speeltegniek en vorms van instrumente. Nuwe instrumente het ook 'n verskyning gemaak (2002:183).

Die gereelde verskyning van die lier in Nabye Oosterse tekste dui op die belangrikheid en gewildheid van die instrument vir antieke Nabye Oosterse musiekkulture, veral in Israel/Palestina. Burgh dui daarop dat chordofone, aerofone, membranofone en idiofone in verskillende kombinasies saamgestel en gebruik is by verskillende geleenthede en plekke in antieke tye, en die meeste is waarskynlik deur musikante in solo optredes gebruik, soos deur die ikonografiese voorbeelde en tekstuele verwysings illustreer is. Die kombinasie van drom, lier en blaasinstrument was baie bekend in antieke Nabye Ooste. Die terrein waar die Nebo-seël gevind is, 'n Ystertydperk fort, kan moontlik dui op die veelsydige gebruik van musiekinstrumente in die konteks van gevegsvoorbereidings, godsdienstige feesvierings maar ook oorwinningsvreugde en vermaak. Die ikonografiese uitbeeldings van musiekinstrumente op seëls versterk die bevinding van argeo-musikoloë dat die *kinnôr* sekerlik die belangrikste snaarinstrument was, nie net in solo optredes maar ook in ensemble kombinasies met membranofone en aerofone in antieke Israel/Palestina gedurende die Ystertydperk. Volgens die groepering van die onderskeie instrumente, is die waarskynlike aanduiding dat liere en harpe die melodielyn vir sang gespeel het (2006:9,17). In die opskrifte by van die psalms word na vermoedelik bekende melodië verwys waarop die lied begelei en gesing moet word, soos Psalm 80 se aanduiding;...op die wysie van "Lelies".

Volgens die uitbeeldings wat bespreek is, word die chordofoon/membranofoon duo aan 'n vroeëre musiektradisie verbind, soos wat dit ook in Genesis 31:27 duidelik is. Die duo kombinasie van snaar- en blaasinstrumente soos Genesis 4:21 daarna verwys, sou later verder ontwikkel. Volgens Braun was een van die belangrikste veranderinge in die gebruik van instrumentalemusiek die verskyning van die chordo-aero-membranofoon trio ensemble, wat as die *Fenisiëse orkes* bekend staan en duidelik illustreer word deur die 8-6de eeu v.C. Asdod musiek wierookstaander. Onlangse studies wys egter op die moontlikheid dat die ensemble waarskynlik 'n vroeë vorm was wat met die Cybele kultus verband hou, en dus

ontstaan het uit 'n Kanaänities-Filistynse/Israelitiese/Siriese tradisie. 'n Tradisie wat reeds vroeg in die suide van die vroeë antieke Israel/Palestina sfeer ontwikkel het en later uiters suksesvol was. Braun is van mening dat hierdie ontwikkelings en die geografiese beweging en kronologiese voortgang van die *kinnôr* met die simmetriese reghoekige klankkas, toon dat die plaaslike musiekkultuur 'n duidelike bydrae gelewer het tot die algemene ontwikkeling van die Midde-Oosterse musiekkultuur (2002:164,183).

Volgens Burgh was die snaar-blaasinstrument, *kinnôr/halil* kombinasie bekend in antieke Nabye-Oosterse tekste en soms uitgebeeld in ikonografie. Tenspyte van die skraal ikonografiese vondste, was die kombinasie gewild in antieke tye met 'n voortsetting tot in die Hellenistiese Tydperk. Die kombinasie van chordofone en aerofone word steeds in alle moderne kulture gevind, soos byvoorbeeld die fluit en kitaar, harp en fluit, fluit en viool ((2006:17). Na aanleiding van die uitbeeldings op die seëls is gevind dat, binne die antieke oosterse ikonografie, die *halil* en die *kinnôr* dikwels afsonderlik uitgebeeld word. In antieke Midde-Oosterse ikonografie word weinig voorbeelde gevind van chordofoon/aerofoon kombinasies, soos die *kinnôr* en die *halil*. Die kombinasie het eers teen die vierde en derde eeu v.C. verskyn (Braun 2002:159).

Opvallend is ook die enigste bybelse verwysing na die duo kombinasie van *kinnôr* en *halil* in Job 30:31 in die konteks van 'n treurlied en trane. Braun wys op Job se verwysing in Job 31:26-28 na die aanbidding van die son en maan en wil daarin 'n verband sien met Job 30:31 waar verwys word na die *halil*. Die *halil* was tradisioneel ook verbind aan die Maankultus soos illustreer deur die simbole op die silinderseël van Nebo (10-8ste eeu v.C.). Bybelse tekstuele verwysings na chordofoon/membranofoon kombinasies, die *kinnôr* en *tōp* (lier en handdrommel) word reeds vroeg in die verhaal van Laban en Jakob in Genesis 31:27 gevind. Dieselfde instrument-samestelling in Jesaja 24:8 dui op sekulêre vreugde en plesier terwyl Psalm 149:3 die *kinnôr* en *tōp* duo verbind met lofprysing in die kultus. Die *kinnôr/tōp* tema van die Haifa seël stem ooreen met die tradisionele 'lier musikantegroep' en Braun verwys na Rashid (1984) se mening dat dit ongetwyfeld afkomstig was van die duo van manlike en vroulike musikante met die *kinnôr* en *tōp* van die orgiastiese kultusse van Vroeë Babilon (2002:157).

Profesië is uitgespreek onder begeleiding van ensemble-musiek; harpe, dromme, fluite en liere. (1 Samuel 10:5). In die organisasie van tempelmusiek was die doel van die harpe, liere en simbale om klankvolume te verskaf vir feesvreugde, volgens 1 Kronieke 15:16. Soloinstrument of ensemble; musiekinsrumente van die Ystertydperk Israel/Palestina was onlosmaaklik deel van die leefwyse en kultuur van die Israelse volk.



Ill. 55: Graveerde Siriëse Ivoor kissie (6.7cm) 9de eeu v.C. met 'n ensemble van vrouemusikante met halil, tûp en reghoekige snaarinstrument. Van Nimrud; Sirië (King & Stager 2001:51. Ill. 21).

6.10 Opsomming

In die voorafgaande hoofstuk word verwys na die klemverskuiwing in die studie van musiekinstrumente, vanaf die spirituele, simboliese betekenis van die instrument tot die gebruik van argeologiese data en ikonografiese materiaal om 'n begrip te vorm van die antieke musiekinstrumente, soos waarna verwys word in bybelse teksverwysings. Die klassifikasie en indeling van musiek-artefakte en musiek-ikonografie, orden die argeologiese data tot 'n duidelike beeld van die belangrikheid van musiekinstrumente in die Ystertydperk-Israel/Palestina. Die

besprekings van die voorbeelde en musiekinstrumente het sekere kulturele beïnvloeding in die elemente uitgelig, maar ook gewys op die ontwikkeling van die onderskeie instrumente en die gebruik daarvan in die kultus en sekulêre lewe. Die uitbeeldings het die verskillende kulturele en kultiese kontekste aangetoon, maar ook inligting verskaf oor die kulturele vlak van ontwikkeling en die politeïstiese godsdiens van die periode. Inligting kon verkry word van die musikant, die gebruik van die musiekinstrument, die simboliek wat daaraan verbind was en die status van beide in die gemeenskappe.

HOOFSTUK 7

Gevolgtrekking en slot

Die vertrekpunt van hierdie studiestuk was die rol van musiek in die lewe van die mens en die gebruik van musiekinstrumente. Die vraag is gestel of 'n interdisiplinêre argeologiese navorsing kan lei tot meer kennis, insig en begrip van die musiekkultuur en musiekinstrumente van antieke Israel/Palestina en bepaal kan word in watter mate die gebruik van musiekinstrumente deur kontak met ander kulture beïnvloed is. Die bespreking van die historiese gebeure in die Mediterreense gebied (Laat-Bronstydperk tot die Ystertydperk), en die historiese agtergrond van Egipte, Kanaän, Filistea en Fenisië, het die historiese en kulturele agtergrond geskets waarteen Israel as volk in Palestina sou ontwikkel. Elke groep sou met 'n eiesoortige herkoms, materiële kultuur en ryk geskakeerde kultuurgoedere, wat ook die kultus en musiekkultuur ingesluit het, 'n unieke bydrae maak tot die kulturele somtotaal van antieke Israel/Palestina. Binne die konteks van die Ystertydperk kulturele-bloeitydperk, veral die 7de eeu v.C. in Israel/Palestina, het musiek en musiekinstrumente 'n besondere sosio-historiese status geniet

Argeologiese en tekstuele data het aangetoon dat die strategiese ligging van Palestina, handels-, ekonomiese en sosio-politieke voordele behels het wat gelei het tot wedersydse kulturele kontak en die oordra van kultuurgoedere, gebruike en beïnvloeding. Die wisselende magsbeheer van Israel/Palestina deur groot moondhede sou ook ingrypende uitwerkings tot gevolg hê: gebeure wat ook die musiekkultuur en in die besonder die gebruik van musiekinstrumente sou raak.

Die verwysings in die bybelse verhalende gedeeltes en die psalms na die gebruike van musiekinstrumente in die leefwêreld van die Israeliete, kry nuwe betekenis deur die musiekverwante ikonografiese voorstellings uit veral die Ystertydperk. Daar is probeer om 'n verband binne die argeologiese periode te vind tussen historiese gebeure, leefwyse en ontwikkelingsvlak van kulture. Die organologiese verskille en ontwikkeling van musiekinstrumente, soos die *kinnôr* en *halil*, word aan die polities-sosiale ontwikkeling van die bewoners van die land verbind. Dit is gevind dat die musiekkultuur van antieke Israel/Palestina duidelik beïnvloed was

deur etniese en godsdienstige faktore. Die elemente het duidelik geword uit die bespreking van die tipes musiek-ikonografie.

Argeologiese en tekstuele data het aangetoon dat kulturele wisselwerking plaasgevind het met geselekteerde oorname, toepassing en toeëiening deur Israel van sekere kulturelegebruike asook elemente uit die kultus, musiekkultuur en literatuur. 'n Oorsig oor die Boek van Psalms, het aanduiding gegee van kulturele beïnvloeding en aanpassing van literêre elemente uit Egiptiese en Mesopotamiese kulture. Die boek van psalms is uniek in samestelling en karakter, en het die wese van die godsdienst van Israel en hul verhouding met *JHWH* in die volle belewenis van hul aanbidding uitgedruk, en musiekinstrument en stem sou in lofprijsing hierdie verhouding bevestig.

Die beskikbare ikonografiese data uit die verskillende streke van Israel/Palestina het 'n aanduiding gegee van kulturele gebruike en gewildheid van die onderskeie musiekinstrumente, asook die ontwikkelingsproses van instrument en musikant gedurende die tydperk. Die bespreking van die uitbeeldings, grafiese tekeninge, versierings van erdeware en voorwerpe in die ikonografie, het verskillende elemente in die kulturele en kultiese opset van Israel/Palestina uitgelig, wat lei tot 'n beter begrip van die vlak van ontwikkeling en gebruike van die musiekinstrumente.

Die ikonografiese uitbeeldings kon met gebeure of ideologië in tyd en ruimte verbind word en 'n verband kan gelê word tussen die Israelse kultuur en die ander volksgroepe. Meer duidelikheid is verkry oor sake; die vermoedelik politeïstiese elemente in die volksgodsdienst van die Israeliete teenoor die amptelike monoteïsme van die priesters en profete; die ideologië en kultusgebruike van die Ystertydperk soos dit veral in die uitbeeldings van die seëls na vore kom; die waarde van die kunstenaar in die vaslegging van politieke-motiverende uitbeeldings asook die teenwoordigheid van sinkretistiese kulturele stukke soos die Kutillet A'jrud tekeninge wat 'n Fenisiese-Israelse styl toon. Dit word dus duidelik dat 'n wye spektrum van die leefwêreld van die Ystertydperk Israel/Palestina deur die verskillende uitbeeldings in die musiek-ikonografie verteenwoordig word.

Hierdie studie het die gebruik van musiekinstrumente uitgelig, soos dit duidelik geword het uit die musiekverwante argeologiese en tekstuele data, en veral die musiek-ikonografie. Heelwat aspekte van die musiekkultuur van Israel/Palestina is nie aangeraak nie. Argeo-musikologie kan die geleentheid bied tot navorsing oor geslagsrolle in die musiekkultuur en musiekverwante kultusaangeleenthede in vergelykende studies met Egiptiese en Mesopotamiese kulture. Moontlik kan moderne wetenskaplike navorsing metodes en tegnologie gebruik word in die reprodusering of rekonstruering van antieke musiekinstrumente. Die impak van sosio-politieke beïnvloeding van kunstenaars se kuns en kunstyle en interpretasies in die ikonografiese uitbeelding van musiekverwante tonele of instrumente in die onderskeie argeologiese periodes in die antieke Nabye Oosterse kulture, is 'n moontlike onderwerp vir navorsing. Verdere musiekverwante argeologiese vondste kan moontlik lei tot meer kennis van die antieke musiekkultuur.

Uit die studiestuk en die bostaande uiteensetting kan die gevolgtrekking bereik word dat 'n inter-dissiplinêre argeologiese navorsing meer kennis en insig kan bied in die gebruik van die musiekinstrument in antieke Israel/Palestina. Dit is ook duidelik dat die gebruik van die musiekinstrumente, waarmee die Israëliete vertrouwd sou wees, aanvanklik deur kontak met die naburige volke beïnvloed was. 'n Eiesoortige Israelse musiekkultuur in die kultus, en alledaagse leefwyse met kenmerkende elemente en rituele, het geleidelik ontwikkel en is deur latere geslagte voortgedra. Dit het deel gevorm van die musiekkultuur wat die universele gemene deler van alle volke se kulturele erfgoed is.

Transkulturele leengoed het eiesoortige erfgoed geword en dra na 3000 jaar nog steeds 'n besondere boodskap vir die nageslagte.

BIBLIOGRAFIE

Bayer, B 1982. "Ancient Musical Instruments: The finds that could not be."

Biblical Archaeology Review, 8(1):internet.

<http://www.basarchive.org/bswbBrowse.asp?PubID=BSBA&Volume=8&Issue=1&ArticleD=2&UserID=2391> (4/24/2008).

Braun, J 2002. Music in Ancient Israel/Palestine. Archaeological, Written, and Comparitive sources.

Grand Rapids Michigan: Wiliam B Eerdmans Publishing Company.

Burgh, T W 2006. Listening to the artifacts. Music culture in Ancient Palestine.

New York: T&T Clark International.

Clayton, M, Herbert, T & Middleton, R (ed) 2003. The cultural study of music – a critical introduction.

New York & London: Routledge.

Cross, I 2001. "Music, Mind and Evolution".

Psychology of music, 29(4):95-102):internet. <http://pom.sagepub.com/content/>

Society for Research in Psychology of Music and Music Education.

Currid, J D 1999. Doing archaeology in the land of the Bible: a basic guide.

Grand Rapids: Baker Books.

deClaisse–Walford, N L 1997. Reading from the Beginning. The Shaping of the Hebrew Psalter.

Macon, Georgia: Mercer University Press.

Dever, W G 2001. What did the Biblical writers know and when did they know it?

Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

Dever, W G 2003. Who were the Israelites and where did they come from?
Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

Dever, W G 2005. Did God have a wife?
Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

De Vaugh, R 1973. Ancient Israel. Its life and institutions.
London: Darton, Longman & Todd.

Dothan, T 1982. The Philistines and their material culture.
Jerusalem: Israel Exploration Society.

Finkelstein, I 1988. The archaeology of the Israelite settlement.
Jerusalem: Israel Exploration Society.

Finkelstein, I & Na'aman, N 1994. From Nomadism to Monarchy. Archaeological and
Historical Aspects of Early Israel.
Jerusalem: Jerusalem Exploration Society.

Finkelstein, I & Silberman, N 2001. The Bible Unearthed. Archaeology's New Vision of
Ancient Israel and the origin of its sacred texts.
New York: The Free Press.

Finkelstein, I & Silberman, N 2007. David and Solomon. In search of the Bible's sacred
kings and the roots of the Western Tradition.
New York: The Free Press.

Freedman, David N 1985. But did King David invent musical instruments?

Bible Review, 1(2):internet.

<http://www.basarchive.org/bswbBrowse.asp?PubID=BSBR&Volume=1&Issue=2&ArticleID=10&UserId=2391> (4/24/2008).

Gitin, S, Wright, J E & Dessel, J P (ed) 2006. *Confronting the past: Archaeological and Historical Essays on Ancient Israel in honor of William G Dever*.
Indiana, Winona Lake: Eisenbrauns.

Gittlen, Barry M (ed) 2002. *Sacred Time, Sacred Place. Archaeology and the Religion of Israel*. Winona Lake Indiana: Eisenbrauns.

Hadley, J M 2000. *The cult of Ashera in Ancient Israel and Judah. Evidence for a Hebrew Goddess*. Cambridge: Press Syndicate of the University of Cambridge.

Heaton, E W 1961. *Everyday life in Old Testament Times*.
London: B T Batsford LTD.

Hoerth, A, Mattingly, G & Yamauchi, E (ed) 1984. *Peoples of the Old Testament World*.
Grand Rapids: Baker Books.

Illustrated Bible Dictionary Vol 1 & 3 1980.
Sydney: Tyndale House Publishers.

Juslin, P N & Laukka, P 2003. *Communication of Emotions in Vocal Expression and Music Performance: Different Channels, Same Code?*.
Psychological Bulletin, 129 (5):770-814.
Uppsala University.

Killebrew, A 2005. *Biblical people and ethnicity. An archaeological study of the Egyptians, Canaanites, Philistines and Early Israel (1300-1000 BCE)*.
Atlanta: Society of Biblical Literature.

King, P & Stager, L E 2001. *Life in Biblical Israel*.
London: Westminster John Knox Press.

Levy, T E (ed) 1995. The archaeology of society in the Holy Land
New York: Facts on File.

Lipinsky, E 2006. On the skirts of Canaan in the Iron Age.
Leuven: Uitgeverij Peeters en Departement Oosterse studies.

Maier, A 2010. Find a dig. *Biblical Archaeological Review* Jan/Feb 2011: internet.
[http://digs.bib-arch.org/digs/tell es-safi-gath.asp](http://digs.bib-arch.org/digs/tell_es-safi-gath.asp) (25/01/2011).

Markoe, G 2000. Phoenicians. Peoples of the Past.
London: The British Museum Press.

Mazar, B 1992. Biblical Israel. State and People. (ed) Shmuel Ahituv.
Jerusalem: Magnus Press, The Hebrew University. Israel Exploration Society.

Miell, D, MacDonald, R & Hargreaves, J (ed) 2005. Musical communication.
Oxford: Oxford Press.

Meyers, C L 1991. Of drums and damsels: women's performance in ancient Israel.
Biblical Archaeologist, 54 (1) 16-27.

Miller II, Robert D SFO 2005. Chieftains of the Highland clans. A History of Israel in the
Twelfth and Eleventh centuries B.C. The Bible in its world.
Grand Rapids: William B Eerdmans.

Moorey, P R S 2003. Idols of the People. Miniature images of clay in the Ancient Near
East.
Oxford: Oxford British Academy.

Moran, W L. 1992. The Amarna Letters.
Baltimore: John Hopkins University Press.

Parkington, J, Morris, D & Rusch, N 2008. Karoo rock engravings.
Cape Town: Creda Communications.

Paul, S M & Dever. W G 1973. Biblical Archaeology.
Jerusalem: Keter Publishing House.

Perego, G 1998. Interdisciplinary Atlas Of The Bible.
London: St Pauls Publishing.

Rainey, A 2008. Inside Outside. Where did the Israelites come from?
Biblical Archaeological Review. 34 (6):45-49

Rogerson, J & Davies. P 1989. The Old Testament World
Englewood Cliffs: Prentice Hall.

Redford, D B 1992. Egypt, Canaan, and Israel in Ancient Times.
Princeton: Princeton University Press.

Sabourin, L S J 1974. The Psalms. Their origin and meaning.
New York: Alba House.

Sachs, Curt 1940. The History of Musical Instruments.
London: J M Dent & Sons LTD.

Scarre, C & Lawson, G (ed) 2006. Archaeocoustics.
Cambridge: McDonald Institute for Archaeological Research Oakville CT.

Scheepers, CLvW & Scheffler, E H. 2000. From Dan to Beersheba. An archaeological
tour through ancient Israel.
Pretoria: Biblia Publishers.

Schloen, J D (ed) 2009. Exploring the Longue Durée. Essays in honor of Lawrence E Stager.

Winona Lake: Eisenbrauns.

Schmidt, B B (ed) 2007. The Quest for the Historical Israel. Debating Archaeology and the history of early Israel.

Atlanta: Society of Biblical Literature. Archaeology and Biblical studies.

Smick, E B 1989. The Old Testament Cross-Culturalism: Paradigmatic or Enigmatic. *Journal of the Evangelical Theological Society* (32):3-16.

Sendrey, A 1969. Music in Ancient Israel.

New York: Philosophical Library.

Stager, L E 1991. When Canaanites and Philistines ruled Ashkelon.

Biblical Archaeological Review 17 (2): 24-42.

Stager, L E 2009. Israel: An Archaeological Journey. The Fury of Babilon Ashkelon and the Archaeology of destruction.

Biblical Archaeological Review (e-book) 8-21:internet.

Stager, L E 2010. When Canaanites and Philistines ruled Ashkelon.

Biblical Archaeological Review (e-book):1-22:internet.

<http://www.bibarch.org/e-features/canaanites-and-philistines.asp>.

Stern, E 2000. Dor Ruler Of The Seas.

Jerusalem: Israel Exploration Society.

Van Dyk, P J 1991. *Old Testament Essays 4: 373-380*.

Pretoria: UNISA.

Vos, C J A 2005. Theopoetry of the Psalms.

Pretoria: Protea Book House.

Vosloo, W & van Rensburg, F J 1993. Die Bybel in Praktyk.

Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Williamson, H G M (ed) 2007. Understanding the History of Ancient Israel.

New York: Oxford University Press.

Zevit, Z 2001. The Religions of Ancient Israel. A Synthesis of Parralactic Approaches

London: Continuum.

Die Bybel. 1983. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Die Bybel. 1933. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

The Holy Bible. English Standard Version. 2005. Wheaton: Good News Publishers.